# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**




Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 64 | Volume 64
Nommer 3 | Number 3

SEPTEMBER 2024

VIR WETENSKAP EN KUNS

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751
Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra
The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

VIR WETENSKAP EN KUNS

**3**

Uitgewer/Publisher
**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**
**The South African Academy for Science and Arts**
Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574
Privaat sak/Private bag X11
Sunnyside 0132
Suid-Afrika/South Africa
September 2024

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities



**HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienswetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)
EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)
G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)
JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)
DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)
HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
JP (Cillers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)
GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)
LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL** (*vervolg*)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/ Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdiensfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/ (University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: L (Linda) Brink – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer (waarnemend/acting)

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.
*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2024 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**
**Subscription fees for 2024 in South Africa (VAT and postage included):**
*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume
*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.
Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.
Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.
Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to**:
Die Publikasiebeampte/The Publications Officer
Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa
E-pos: publikasies@akademie.co.za
Webwerf: http://www.tgwsak.co.za
Tel: 0861 333 786

Gedruk deur V&R Drukkery (Edms) Bpk, Pretoria. Tel.: (012) 333-2462

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**
**Journal of Humanities**

*Jaargang 64 Nommer 3, September 2024 / Volume 64 Number 3, September 2024*

# Inhoudsopgawe

## Navorsings- en Oorsigartikels / Research and Review Articles

**Hercules Boshoff**
Selfbewussyn as dialektiek tussen subjek en objek in Hegel se *Phänomenologie des Geistes* / *Self-consciousness as dialectic between subject and object in Hegel's* Phenomenology of Spirit ..... 379

**JS (Kobus) Wessels**
'n Sosiale ontologie van sorg: Orania as 'n nietipiese Suid-Afrikaanse geval van plaaslike regering / *A social ontology of care: Orania as a non-typical South African case of local government* ..... 394

**JS (Kobus) Wessels**
Antesedente en gevolge van plaaslike regering: Orania as 'n nietipiese Suid-Afrikaanse geval / *Antecedents and consequences of local government: Orania as a non-typical South African case* ..... 416

**Cobus Vermeulen**
Die rol van die produksiegaping in Suid-Afrikaanse monetêre beleid / *The role of the output gap in South African monetary policy* ..... 434

**Christo Bisschoff**
'n Besigheidskool-gevallestudie: Die akademiese prestasie van MBA-Bemarkingsbestuur-studente tydens volledige kontak-, virtuele en gemengde klasse / *A business school case study: The academic performance of MBA Marketing management students' academic performance during full contact, full online and hybrid classes* ..... 454

**Marisa Keuris**
*Blackface* op die Afrikaanse verhoog: 'n Teater-historiese oorsig / Blackface *on the Afrikaans stage: A theatre historical overview* ..... 470

**André Duvenhage**
Pakhanate-state – 'n konseptualisering, kontekstualisering en Suid-Afrikaanse toepassing / *Pakhanate states – a conceptualisation, contextualisation and South African application* ..... 487

## Aktueel

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
Redakteursnota ..... 518

**Sakkie Spangenberg**
Repliek op die artikel van Henk Stoker, die reaksie van Johan Dreyer en Kobus van der Walt en die mening van Charl-Pierre Naudé ..... 519

## Taalrubriek

**Tom McLachlan**
Oor werkwoorde en taalgesag ........ 523

## Gedigte

**Pieter Verster** ........ 526

## Uitnodiging

**Eben Coetzee en Theo Neethling**
"Oorloë en gerugte van oorloë": Vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu ........ 528

**Voorskrifte / Guidelines** ........ 530

# Selfbewussyn as dialektiek tussen subjek en objek in Hegel se *Phänomenologie des Geistes*

***Self-consciousness as dialectic between subject and object in Hegel's* Phenomenology of Spirit**

**Hercules Boshoff**
Buitengewone navorser, Skool vir Filosofie
Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit, Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: boshoff.hercules1@gmail.com



Hercules Boshoff

**Hercules Boshoff** is buitengewone navorser in die Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit. Hy het filosofie en etiek by verskeie instellings doseer, insluitende Akademia en Noordwes-Universiteit, en is nog by Unisa in besigheidsetiek betrokke. Hy was tot 2021 'n postdoktorale navorser by die Noordwes-Universiteit. Hy het sy PhD getiteld "Ekonomie en subjektiwiteit" (2019) aan die Universiteit van die Vrystaat voltooi, en sy MA (2015) aan die Universiteit van Pretoria. Tydens albei hierdie studies het hy gestudeer onder vooraanstaande Nederlandse filosowe. Sy publikasies dek die filosofie van ekonomie, tegniek, taal, Duitse Idealisme, en die geskiedenis van filosofie.

**Hercules Boshoff** is an extraordinary researcher in the School of Philosophy, North West University. He has taught philosophy and ethics at various universities, including Akademia and North West University and he is still involved with business ethics at Unisa. Until 2021 he was a postdoctoral researcher at North West University. He completed his PHD entitled "Economics and Subjectivity" (2019) at the University of the Free State, and his MA (2015) at the University of Pretoria. During both these projects he studied under the guidance of philosophers of note in the Netherlands. His publications cover philosophy of technics, language, German Idealism, and the history of philosophy.

**ABSTRACT**

***Self-consciousness as dialectic between subject and object in Hegel's* Phenomenology of Spirit**

*This article will explore in what sense subject and object are considered reciprocally in Hegel's first three chapters in the* Phenomenology of Spirit. *The third chapter, although notoriously difficult to read, is one of the most important epistemological documents in modern philosophy. Hegel's approach will be traced within the debate stemming from Kant's transcendental philosophy mainly through Fichte and Schelling. It will be shown that Hegel incorporated elements from all these figures to arrive at his unique position. Kant's transcendental philosophy established the idea that the thinking consciousness contributes fundamentally to knowledge*

**Datums:**
Ontvang: 2023-11-15 Goedgekeur: 2024-05-04 Gepubliseer: September 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

*to the extent that knowledge is fully produced by the subject, and the true nature of the object is unattainable to consciousness. The widely held conclusion was that Kant's thought amounted to a too strong divide between subject and object. Fichte and Schelling managed, thanks to the notion of the absolute, to mediate between subject and object, thereby opening the door to Hegel's dialectics as a philosophy of mediation. Both Fichte and Schelling, as was the case, broadly speaking, with German Idealism taken as a whole, still considered thinking as an activity of being that contributes to the fulfilment of being, linking objects to consciousness. Fichte's "absolute I", a consciousness that precedes the consciousness of the self, standing over the self and the object, was deemed to resemble the Kantian subject too closely. Schelling's natural philosophy, on the other hand, situates the absolute within nature and consciousness as developing from within nature towards the deployment of the self. This approach was considered potentially falling back into a dogmatic mode of thinking.*

*Even if these positions remain caught in problems they seek to overcome, they did make notable progress in addressing the question of the relation of the subject to the object in a modern context. Hegel develops his initial answer to this question in the* Phenomenology of Spirit *first as an inheritor of the Enlightenment, notably empiricism, but stands critical of its basic suppositions. He does not accept that complete knowledge is immediately accessible, and resorts to the notion of the Absolute to indicate that mediated knowledge leads to truth. Unlike Fichte, Reinhold and Schelling, he does not immediately introduce the absolute as a mediator of knowledge but arrives at it through counterarguments for the positions put forward by the assumption of immediate objective knowledge. This dialectic approach leads to the unfolding of consciousness, self-consciousness and Spirit. Our subjective contribution to knowledge production is also not assumed beforehand, like in Kant, but is the result of the confrontation with the assumptions made by experiential knowledge. Without subjectivity, knowledge of the unity of reality is impossible, as is knowledge of the difference between objects. Knowing objects according to their nature requires subjectivity from which order is established, but the subject experiences itself as standing in relation to objects. Consciousness is confronted by an outside world that must be made sense of.*

*Not only is the establishment of the relation between subject and object important but according to Hegel, the subject's relation to the object is reflected in his self-understanding and self-consciousness. The notion of self-consciousness is revealed precisely by the relation between subject and object, but not before this relation.*

*Hegel therefore starts his journey to the absolute through natural consciousness, a consciousness that takes immediate knowledge of objects around us as authoritative. One can call this immediate knowledge objective in the sense that it takes no queues from subjectivity. Hegel proceeds to critique objective knowledge, claiming that immediate knowledge doesn't reckon with the factor of time, and therefore cannot be the ultimate source of truth. This critique is ambivalent, as it does recognise the world of objects as a source for knowledge, however, this must be supplemented by our own consciousness in order to arrive at a deeper understanding of this knowledge. Consciousness becomes an essential ingredient necessary for understanding.*

*The second chapter introduces perception as the measure of reality. Perception brings a multitude of things under a general principle, thereby creating an understanding between things and their general substance. This second approach to truth cannot explain how generality and particularity exist in the first place.*

*Hegel moves to the notoriously difficult third chapter in which he describes the dynamic relation between force and understanding. Force is identified as the underlying dimension of*


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

*external reality, but it has in turn to be postulated, making necessary the involvement of the understanding as hypothesising activity. At first, force is merely described in terms of its expressions, but acknowledgement of its fundamental trait as underlying the whole of physical reality without being a tangible thing, leads to the realisation of the role of the understanding. This realisation is self-consciousness. Self-consciousness becomes aware of its participative role in its determination of the underlying structures of reality, structures that are postulated, and not apparent.*

*In the last section, it is pointed out that self-consciousness is not to be understood as standing alone concerning objects – self-consciousness also stands in relation to other-selves. Self-consciousness is not an object and cannot be fully determined as is the case with things. This does not form the primary concern of the article and will merely be described to point to the position of self-consciousness within the larger scheme of Hegel's thinking. This does not take away the importance that the topic under discussion here has for the development of Hegel's system, which is the reason for the focus given here.*

**KEYWORDS:** absolute, force, immediacy, law, object, perception, sublimination, self-consciousness, sensual certainty, subject

**TREFWOORDE:** absolute, subjek, objek, krag, natuurwet, onmiddellikheid, opgehefde onderskeid, sekerheid, selfbewussyn, verstand, waarneming

**OPSOMMING**

In hierdie bydrae sal aangetoon word op welke wyse Hegel in die *Phänomenologie des Geistes* (1988; hierma *FvdG* (2013)) betoog dat subjek en objek nie afsonderlik van mekaar bedink kan word nie. Die antwoord op hierdie vraagstuk lê in 'n bepaalde toeëiening van die begrip van die absolute wat as dialektiese bemiddeling tussen subjek en objek dien, waaruit die begrip van selfbewussyn na vore tree. Selfbewussyn is nie alleen 'n hoër vorm van subjektiwiteit nie, maar vorm deel van die groter werklikheid van subjek en objek. Enersyds is die belangrikheid van hierdie vraagstuk van so 'n aard dat dit verdien om geïsoleerd binne Hegel se *Phänomenologie* bespreek te word, en andersyds moet die vraagstuk gekontekstualiseer word sodat die wyer debatte waarbinne Hegel se antwoord op hierdie aangeleentheid neerslag vind, ook die nodige aandag kry. Ten slotte moet daar ook gewys word op die posisie wat hierdie onderwerp binne Hegel se eie sisteem beklee, naamlik as oorgang tot die begrip van *Anerkennung*, bloot om die problematiek van denke oor die selfbewussyn as geïsoleerde onderwerp uit te wys.

Die debat rondom die verhouding tussen subjek en objek sal vanaf Kant gerekonstrueer word, met die twee sleutelfigure van Fichte en Schelling as verteenwoordigers van uiteenlopende strominge waaruit Hegel geput het. Beide staan egter 'n bemiddelende, spekulatiewe toevoeging tot die subjek-objek-verhouding, die absolute, voor. By Fichte staan die absolute nader aan die subjek en by Schelling die objek, oftewel die natuur. Hegel neem elemente by beide oor maar behou die absolute as bemiddeling. In die eerste drie hoofstukke van Hegel se *Fenomenologie van die Gees* (FvdG) word die objektiewe aanspraak wat die wetenskap op die waarheid maak ondersoek en word dit as ontoereikend aangebied aan die hand van die inherent weersprekende begrippe (dat 'n ding tegelyk uit 'n eenheid en veelheid van kragte kan bestaan) waarvan dit noodwendig gebruik maak om wetenskap te kan wees. Hiermee wil Hegel nie die wetenskaplike metode as sodanig irrelevant verklaar nie, maar poog om die groter beweging wat die begrip van objektiewe eksterne werklikheid moontlik maak, te identifiseer en uiteindelik te inkorporeer by 'n meer omvangryke begrip van waarheid. Sodanige

omvangryke begrip sal noodwendig rekening moet hou met die subjektiewe; die verstandsaktiwiteit waaruit begrippe gevorm word. Anders as by sy voorgangers (Descartes en Kant) beweer Hegel egter nie dat die subjektiwiteit die werklikheid omvat nie, vandaar sy gebruik van die begrip van die fenomenologie, wat op die gebeurtenis van die verskynsels fokus. Die ware is nie ’n afgesonderde noumenale sfeer wat nooit deur die subjek geken kan word nie, maar ontvou as dít wat ten dele deur die subjektiewe, die interpreterende selfbewussyn, oopgemaak word. Ten slotte dra die besef van die wederkerigheid van subjek en objek by tot die totstandkoming van die selfbewussyn, ’n begrip wat wys op die verweefdheid van bestaan (syn) en self.

Drie fases van die objektiewe opvatting van die werklikheid word in die proses van die totstandkoming van selfbewussyn uitgedaag: die aansprake van die sintuiglike sekerheid, die waarneming (gegrond op Hume se sogenaamde “secondary impressions”) en ten laaste die begrip van krag as dit wat onderliggend aan alle liggame is. Hegel wys daarop dat die selfbewussyn nie die resultaat, of passiewe waarnemer is van die werklikheid soos dit in die wetenskap voorgestel word nie, maar dat dit ’n noodsaaklike bydrae lewer om die werklikheid van die wetenskap te postuleer sonder om die gewaarwording tot subjektiwiteit te reduseer. Die objektiewe en die subjektiewe is nie twee geskeide domeine van die werklikheid nie, maar gee gelyktydig aan mekaar oorsprong. Laastens sal daarop gewys word dat selfbewussyn nie eenduidig is nie, maar in verhouding staan tot ander selfbewussyne.

**Inleidende opmerkings oor self en werklikheid**

Die vraag rakende die selfbewussyn is sekerlik geen nuwe vraagstuk in die filosofie nie. Tog geniet dit in die moderniteit besondere aandag. Die mens se posisie in die geheel verander ingrypend: Enersyds voel die mens minder aangewese op bonatuurlike kragte om sy weg aan te dui, en andersyds voel die mens ook toenemend vry van die natuur. Hobbes en Descartes beskou die self as ’n afgesonderde individu wat deur sy eie gewaarwordinge en belange gedryf word (Hobbes se sogenaamde natuurtoestand), en Rousseau sien dit as die ontstaan van ’n nuwe vorm van politieke broederskap. Die idee vir ’n refleksiewe selfbewussyn wat sigself as vertrekpunt gebruik, spruit aanvanklik uit Descartes se begrip van die subjek. Inwood verduidelik: “The use of ‘subject’ and Subjekt in senses began in the late seventeenth century, under the impact of Descartes. Hobbes uses subiectum sensionis for ‘the subject of sensation’” (Inwood, 1982:281). Ná Hobbes word die begrip ingetrek in die Duitse denke, waar dit tot die hedendaagse verstaan ontwikkel het:

> In his Metaphysica (1739) and Aesthetica (1750-58), Baumgarten sometimes uses subiectum as a synonym of obiectum, e.g. for the subject, i.e. object, of one’s business, sometimes for the acting and sensory subject. But he is probably responsible for the modern sense of subjectivus (‘subjective’), which is well established in Kant (who based his lectures on Baumgarten’s Metaphysica). (Inwood, 1992:281)

Sedert Kant se onderskeid tussen die self en die Ding an-sich, het die kwessie rondom die verhouding tussen die subjek en die objek heftige debat ontketen. Die Duitse Idealisme in die aanloop tot Hegel se filosofie het by Kant in bepaalde opsigte aangesluit, maar in ander skerp verskil. In ieder geval is die invloed van Kant op die Idealisme sterk.

Kant se uitgangspunt, veral in die eerste Kritiek, was eerstens om die redes te ondersoek vir die tradisionele metafisika se onvermoë om die aard van die heelal te verduidelik soos dit uiteindelik by Kopernikus en sy navolgers uitdrukking gevind het. Kopernikus het met sy


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

teorie van uniforme beweging ’n beginsel daargestel wat die bewegings van die planete bepaal. Hierdie beginsel was uiteraard gesetel in die eksterne werklikheid, en Kant se epistemologie is geskoei op die vraag hoe dit moontlik was dat die tradisionele metafisika nie oopgestaan het vir die insigte wat Kopernikus opgelewer het nie. Sy antwoord was dat daar nie krities na die mens se vermoë om die werklikheid te ondersoek, gekyk is nie. Tweedens, gegewe die ondersoek van die menslike vermoë en Kant se voorstelle vir die wyse waarop hierdie vermoë akkurate waarnemings oor die werklikheid kan daarstel, moet die omvattende verduidelikings van die mens ook so verduidelik kan word dat die mens nie self tot ’n kousale wese verskraal word nie. Sy antwoord was dat hierdie omvattende verduidelikings vanuit die wetenskap deur die mens self daargestel word, en hoewel dit grootliks akkuraat mag wees, dit ook nie alles van die dinge sê nie. Enersyds is die bekende Ding an-sich in sy aard onkenbaar, maar die mens as onbepaalde wese ook gerig tot ’n ander doel, naamlik die verwesenliking van vryheid (die dinge word verder onderskei as bepaald, oftewel Bedingt, terwyl die self Unbedingt, onbepaald is). Gevolglik moet die mens ook in sigself inkyk om ’n doelmatigheid aan die natuur te kan oordra.

Die reaksie op Kant vanuit die Romantiek was enersyds bedag daarop om nie terug te keer tot ’n posisie waardeur die werklikheid kritiekloos bloot op sigwaarde betrag is (tradisionele metafisika), of andersyds om die self as maatstaf vir die werklikheid te ag nie (Kant). ’n Tussenganger tussen die self en die werklikheid sou nodig wees, wat stelselmatig as die absolute bekend sou staan. Anders gestel: wat stel die kategorieë in staat om akkurate beskrywings van die werklikheid daar te stel? Reinhold noem hierdie tussenganger, oftewel grondbeginsel die voorstellingsvermoë (Förster, 2018:164). Die feit dat mens kategorieë het, veronderstel dat daar ’n vermoë moet bestaan om die werklikheid weer te gee, en hierdie vermoë is die voorstelling.

Fichte se kritiek op Reinhold was dat die voorstellingsvermoë reeds iets buite die self veronderstel wat die self in staat stel om oor sigself na te dink: “any attribution of some determination A to a subject implies that there is some self-referential activity through which the subject is A ‘for itself’” (Klotz, 2016: 70). Anders gestel, ’n objek, B word gegee. Die verduideliking vir B korrespondeer met die objek. Verduideliking, as ’n blote stelling, verskil in sy aard van die objek, daarom kan ons sê verduideliking A = objek B. Maar omdat die stelling A oor die objek B akkuraat moet wees, kan ons aflei dat A as verduideliking gelyk moet wees aan A (die objek), dit wil sê A=A (die eerste A is die verduideliking, die tweede die objek). ’n Derde beginsel buite die self en die objek word dan benodig, wat Fichte die Ek noem: “In the I, I oppose a divisible not-I to the divisible I” (Dews, 2023: 26). Die nie-ek en die ek is opponeerbaar binne die refleksiwiteit van die Ek, waarin onderskeid tussen subjek en objek bedink kan word as onderskeid en tegelykertyd deelagtig aan dieselfde geheel. Die eerste A veronderstel dan iemand wat die objek beskryf. Hierdie self word as primêre daarstelling, of grondbeginsel van subjek en objek, weergegee.

Fichte se uiteensetting word dikwels as volg aangegee. Indien A as self opgeneem word dan sal B die nie-self wees.

1. Die self postuleer sigself.
2. Die nie-self word in opposisie tot die self gepostuleer.
3. Vanuit die Self (absolute bewussyn) word die verhouding tussen self en objek begryp.

Fichte se uitdaging van Kant se transendentale onderskeid is dan opsommend gegrond in ’n


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

> ... active ground existing prior to the active Self (lch), a ground which explains the equiprimordial unity of the factors in the Self (the self as subject and as object), but is not itself present in the Self. The term 'Self' refers not to this ground, but only to its result. For Self means to be for oneself. However, the Self does not focus explicitly on what makes its unity possible, even though this latter is its source" (Henrich, aangehaal in Frank, xxiv).

Die selfbewussyn kan egter slegs met behulp van 'n buitekant, 'n nie-ek, in Fichteaanse taal, tot selfbewussyn kom. Hierdie buitekant staan egter in verhouding tot die self, wat beteken dat begrip nie eerstens deur die self bepaal en op die voorwerp afgedwing word nie, maar dat begrip die resultaat is van die wisselwerking tussen subjek en objek. In Hegel se latere werk, *Die Wissenschaft der Logik*, kritiseer hy eweneens die idee van die "Stoff des Erkennens, als eine fertige Welt ausserhalb dem Denken", asook dat "das Denken fur sich leer sein" (Hegel, 2018: 28).

Schelling se posisie ten opsigte van die subjek-objek-problematiek is van belang enersyds as kritiek wat dit op Kant en Fichte se posisies bied, en andersyds vir die ontwikkeling van Hegel se denke, wat op sy beurt weer van Schelling se posisie sou afwyk. Schelling se posisie kom op die volgende neer: "the I is not originally subject, but becomes subject through the object. The I is grasped as primordial activity (as in Fichte) but is explicitly elaborated (unlike Fichte) on a formatting ground that is both historical and natural" (Limnatis, 2008:144). Die wording van die subjek gee erkenning aan die verskynsel van subjektiwiteit, maar karteer subjektiwiteit binne 'n groter geheel, wat mettertyd sou bekend staan as sy natuurfilosofie. Hierdie sisteem poog, soos Gabriel dit beskryf, om die "gaping" tussen dogmatisme en kritiek te sluit (Gabriel, 2018: 48). Uit die staanspoor moet nadenke oor subjek en objek as twee geskeide entiteite, soos in beide tradisies voorgehou word, uitgedaag word:

> Whoever wants to think according to the (misunderstood) basic principle of contradiction, may be clever enough, like the sophists, to dispute for and against everything; but to find the truth, which does not lie in excessive extremes, he is totally unskilled. (Aangehaal in Limnatis, 2008:163)

Afgesien van Schelling se duidelike klem op die behoud van beide begrippe van subjek en objek, is hy nogtans daarop ingestel om die subjek deur die objek te verstaan. Dit vermag hy nie deur terug te keer na 'n voorkritiese posisie waarbinne die subjek, wat na Kant in terme van onbepaaldheid van die objek onderskei word, tot 'n afskynsel van die objek te reduseer nie. In aansluiting by Reinhold en Fichte, doen Schelling beroep op iets tussenin om bemiddeling tussen subjek en objek te bewerkstellig, wat Schelling ook as die Absolute beskryf. Sy posisionering van die Absolute val egter sterker aan die objek-kant as aan die kant van die subjek: "This point, which they have not been able to get past so far, is – to state it as concisely as possible – the unconditional requirement that the Absolute be kept outside oneself" (Schelling, 2000:367). Die buitekant van die self is vir Schelling natuur, 'n buitekant waarin die self opgeneem is:

> ... the Philosophy of Nature is philosophy whole and undivided; and in so far as nature is objective knowledge, and the expression of the indifference-point is truth, so far as it lies in nature (just as it is beauty so far it lies in the ideal [ideell] world) to this extent, the whole of philosophy viewed from the theoretical side can be called Philosophy of Nature. (Schelling, 2000:367)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

Die vraag bly egter hoe dit gebeur dat ’n begrip van die self ontstaan en of hierdie begrip nie bloot in ’n meganiese beskrywing van die natuur opgeneem moet word nie. Die antwoord hierop is nee, maar Schelling beroep hom eweneens op ’n begrip van die produktiwiteit in die natuur waarin die self na vore gebring word as noodsaaklike uitdrukking van ’n belangrike element, naamlik die teleologie van die natuur, vryheid, soos alleen deur die menslike self, onder alle wesens, uitgedruk word. Opsommend verwoord Gabriel Schelling se denke as volg: “Er begreift Philosophie als eine systematische Hervorbringung von Begriffen, welche eingeführt werden, um unsere Art der Erkenntnis, wie die Dinge wirklich sind, zu erklären” (Gabriel, 2018:48). Die “Hervorbringung” van kennis van die verhouding van die self teenoor die werklikheid geskied in drie epogge: die self ervaar sigself eerstens as ’n begrensde wese, tweedens is die refleksiewe oomblik waarbinne die self nadink oor hoe hy tot die insig van sy begrensing gekom het, en derdens die oorskakeling na ’n praktiese filosofie, waarbinne die self se gerigtheid tot vryheid gekoppel is aan die verwesenliking van vryheid as natuurteleologie (Förster, 2018: 234). Derhalwe kan Schelling se natuurfilosofie as ’n dinamiese sisteem opgevat word: “Nagels metaphor of a ‘universe gradually waking up and becoming aware of itself’ is nothing more than the grounding of Schellings philosophy of nature” (Gabriel, 2018:51, my vertaling). Per slot van sake verdwyn die onderskeide wat aanvanklik getref is: “there is no first and no last, since everything mutually implies everything else, nothing being the ‘other’ and yet no being without the other” (aangehaal in Limnatis, 2008:162).

Die perfekte saamvloei van intuïsie en begrip, ingevolge waarvan intuïsie die begrip oorstyg en die absolute weer ontmoet, soos by Schelling die geval was, word stelselmatig deur Hegel verwerp. Hegel sluit hom hier aan by die skeptikus GE Schulze, wie se kritiek op Schelling as volg deur Giovanni opgesom word: “since in intuition there is no distinction between subject and object, and yet consciousness requires this distinction, the aim of the philosopher is to achieve a kind of semi-consciousness, a dreamy state, so to speak, in which all distinctions are overcome and all doubts disappear” (inleiding tot Hegel, 2010: xxiv). Volgens Jaescke konseptualiseer Hegel reeds in sy Differenzschrift ’n vorm van oorgang na sy latere uitbreiding van die begrip van die absolute: “’n sisteem van filosofie is so te begryp, dat die absolute as die in sigself gedifferensieerde geheel of die intern-gestruktureerde samestelling (Gesamtzusammenhang) van die werklikheid in die denke vervat word” (my vertaling; Jaeschke, 2016:103).

Die tersaaklikheid van Hegel se begrip van selfbewussyn berus daarin dat hy enersyds nie in ’n solipsistiese abstrahering vasgevang raak nie, en andersyds ook nie in ’n gedetermineerde empirisme of misplaasde mistieke panteïsme verval nie. Henrich skryf hierdie insig toe aan die invloed van Hölderlin, Hegel se studentevriend. Hölderlin was die eerste om ’n bemiddeling tussen dié twee ekstreme benaderings (in sy eie taal tussen vryheid en liefde, waar laasgenoemde na ’n soort vereniging verwys) te bedink (Henrich, 2003:294). Die selfbewussyn word nie binne die self gesetel soos by Kant nie. Die selfbewussyn kan slegs met behulp van ’n buitekant, ’n nie-ek, in Fichteaanse taal, tot selfbewussyn kom. Hierdie buitekant staan egter in verhouding tot die self, wat beteken dat begrip nie eerstens deur die self bepaal en op die voorwerp afgedwing word nie, maar dat begrip die resultaat is van die wisselwerking tussen subjek en objek. Hoewel die Fenomenologie nog die Gees se gang eerder as die eksterne werklikheid bestudeer, word hier (en dit is die unieke bydrae) reeds in die vroeë werk in sy bekende woorde daarop gewys dat die ware die geheel is; dit beteken subjektiewe en objektiewe onderskei, maar nie geskei nie, en altyd in verhouding. Die proses waartydens die self tot bewussyn kom, is dan bemiddel deur objekte, en eweneens ander selwe, wat die self (aanvanklik) as middele ter bevrediging van sy persoonlike behoeftes beskou.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

Hegel se selfbewussyn kom neer op ’n refleksiewe selfontplooiing of proses, waartydens dit wat stelselmatig as Gees bekend sal staan, binne sigself onderskei word en die ontplooiing stelselmatig toegeëien word as sy eie. Die self vind homself dus noodwendig in sy ander; die besondere in die algemene en andersom. Die proses waartydens bewussyn tot selfbewussyn en selfbewussyn tot Gees oorskakel is terselfdertyd die proses waartydens die onderskeid tussen subjek en objek opgehef word en die natuur as ’t ware ’n deelnemer in die selfbewussyn word. Hierdie deelname is nie een waarin die natuur ’n soort deterministiese rol speel nie; nog is dit een waarin die natuur slegs ’n versinsel van die verstand is. Die mens, as draer van Gees, word vry; nie van die natuur nie, maar as tegelyk self ook natuur wat gedifferensieerd (opgehefde onderskeid) is in sigself.

## 1. Die opkoms van selfbewussyn

### *1.1 Sintuiglike sekerheid*

Die weg van die twyfel, Hegel se benadering in die Fenomenologie, begin nie, soos met Descartes die geval is, met die ontkenning van sintuiglike ervaring nie. Dit neem ’n aanvang by die geldige weerlegging van sekerhede wat as waar voorgehou word. Hegel bied ’n geleentheid aan die sintuiglike ervaring, wat hy as “sekerheid” beskryf – vanweë die onmiddellike toegang wat dit tot objekte het – om ’n verduideliking te bied vir die aanspraak wat dit op die waarheid van sy ervaring maak. Die inhoud van die sintuiglike sekerheid word volgens Hegel voorgehou as die “rykste kennis”, as die “*meest waarachtige*” (Hegel, 2013: 69). Kennis word voorgestel as *Meinen*: “the selection of the word is intentional on two accounts. First, ‘Meinen’ means doxa, and in this sense knowledge is not but an opinion. Second, Hegel plays with the possessive meaning of the word in German, in which ‘mein’ means ‘mine,’ that is, ‘belonging to me,’ to the subject” (Limnatis, 2008:195). Die “onvoorwaardelike” aard van die aansprake van hierdie gewaarwordinge is dan wat gaandeweg oorweeg gaan word om te bepaal of dit wel onvoorwaardelik as waarheid gereken kan word. Volgens Westphal kan ’n mens die doel van die sintuiglike sekerheidsgedeelte van die *FvdG* as bewysvoering saamvat vir die regverdiging van Hegel se standpunt in die inleiding, naamlik dat ’n begriplose “knowledge by aquaintance” nie menslik moontlik is nie (Westphal, 2009:6).

Drie fases ontvou in die sintuiglike sekerheid se aanspraak op waarheid:

1) Die hier en nou (*Itzt*): Die sintuiglike sekerheid herken sy onmiddellike gewaarwording as *dit*: “since it takes its object to be given in space and time, it thinks of it as this, here or this, now” (Houlgate, 2013:32). Die voorbeeld word gebruik van die geskrewe sin: *Dit is nou nag*. Die stelling mag miskien waar wees ten tyde van die neerskryf daarvan, maar kan slegs aanspraak maak op ’n durende waarheid indien die uitspraak sy onmiddellikheid prysgee en dus nie direk ervaar word nie, maar deur middel van ’n uitspraak daaroor wat ná die feit aanvaar word. Die bewussyn en die leser word uitgedaag deurdat die voorwerp anders kan bestaan as in direkte en onmiddellike kontak daarmee.

2) Steeds probeer die sintuiglike sekerheid sy kennismaking met die spesifieke voorwerp as die waarheid inkleur; hierdie keer nie vanaf die objek se kant af nie, maar vanuit sy eie perspektief, dit wil sê vanuit sy posisie as die *ek* wat waarneem: Ek staan hier en ek sien die boom. Maar die *ek* kan insgelyks ook deur ’n ander persoon opgeëis word wat sê: Ek staan hier en ek sien ’n huis. Die probleem met die *ek*-posisie blyk


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

dan een van relatiwiteit te wees wat sig voordoen as universeel. Die universele lê dan nie in die uitspraak nie, maar in die posisie waaruit dit gemaak word, wat sodoende die waarheid van die uitspraak self in twyfel trek: "it takes itself to be a specific individual – one I among many – but it does not differentiate itself explicitly from other I's" (Houlgate, 2013:38). Vir sover dit die betekenis van die subjektiwiteit aangaan, word die *ek* reeds geïmpliseer as dit wat teenwoordig is as die ek wat die uitspraak oor die voorwerp maak. Die rol van die ek word egter steeds nie uitgelig of self ondersoek nie.

3) Laastens beroep die sintuiglike sekerheid sig op die beskrywing wat dit bied. Die sintuiglike sekerheid maak daarop aanspraak dat dit die *Dieses-da* nie alleen ken nie, maar uit sy ervaring ooreenkomstig kan beskryf (Pöggeler, 1973: 241). Soos Houlgate dit stel:

> ... to stare at something and think not I see a tree but simply I see this, here, now what seems to put me in direct contact with the thing itself, but in fact brings nothing to determine it to mind. Indeed, we are used to be conscious of nothing but the empty universal form of being this, here, now that fails utterly to distinguish one thing from anything else." (Houlgate, 2005:58)

Die probleem is dat die woord waarmee die enkele *dit* beskryf word, tegelyk algemeen is: "through the simple passage of time, however, sense-certainty learns that it has nothing specific in view after all, but something quite indeterminate and universal: the being-this-now-before-me that can belong to anything" (Houlgate, 2013:34). Oor die *zeichen*/teken sê Siep: "pointing cannot capture anything enduring, anything that persists independently of the act of knowing" (Siep, 2014: 76). Die *daad* van kennisname moet dan sterker oorweeg word.

### *1.2 Waarneming*

Die sintuiglike sekerheid maak onwillekeurig aanspraak op algemeenheid, en uit die algemene ontstaan die prinsiep as maatstaf vir kennis. Met die onstaan van die prinsiep "voor ons of op zich, is het algemene als principe het wezen van de waarneming, en ten opzichte van deze abstractie vormen de beide onderscheiden zaken, namelijk het waarnemende en het waargenomene, het niet-wezenlijke" (Hegel, 2013:79). 'n Prinsiep dui op 'n soort opvatting van onmiddellike objektiwiteit van begrippe. Die voorwerp word deur die prinsiep tot 'n "ding met vele eienskappe" gemaak.

Die eienskappe word herken, nie deur die sintuie nie, maar deur die waarneming. Westphal bring waarneming in verband met Hume se *secondary impressions* wat uit refleksie ontstaan. Vir Hegel reageer die waarneming hoofsaaklik negerend op die aanspraak van die sintuiglike sekerheid dat sy uitsprake oor die werklikheid op die kennis voorhande gebaseer is, terwyl dit nie die geval blyk te wees nie. Die invloed van negering word algaande duidelik: "het opheffen toont zijn waarachtige dubbele betekenis die we in het negatieve hebben gezien: het is tegelijkertijd een ontkennen en een bewaren" (Hegel, 2013:80). Die algemeenheid verskaf dus 'n katalogus van eienskappe van begrippe waarmee ons voorwerpe herken. Maar eienskappe self is onafhanklik (onvoorwaardelik) van mekaar, soos die algemeenheid self ook onafhanklik en vry staan van die onderwerpe wat dit beskryf, en dien as 'n medium daarvan.

Die abstraktheid van die algemeenheid gee aanleiding tot die kennisname van voorwerpe in terme van *dingheid*. Dit wil sê 'n voorwerp is eerstens 'n *ding*, wat dan met eienskappe toebedeel word en daardeur identiteit verkry. Die eienskappe bevestig en negeer tegelyk die


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

besondersheid van die enkele ding, in dié sin dat die eienskappe algemeen is, dit wil sê op ander dinge ook van toepassing is, maar steeds in kombinasie sekere dinge van ander onderskei.

Die hier en nou van die voorwerp van sout word as voorbeeld gebruik om aan te dui dat een enkele ding ook veelvuldigheid inhou: Die sout is tegelyk wit en skerp en kubies in vorm, ensovoorts. Al die eienskappe is tegelyk hier in die sout; geen een het ’n ander *hier* as die ander nie; die wit en die kubiese is tegelyk oral teenwoordig sonder om mekaar te verdring. In die algemene word derhalwe die *ook* van eienskappe wat vir sigself is en tegelyk met ander kan wees betrek: “het ding is het *ook*, of het *algemene medium* waarin de vele eigenschappen buiten elkaar bestaan, zonder elkaar te beroeren en op te heffen” (Hegel, 2013:85). Die ding word dan gedefinieer as die *“bestendige bestaan van de vele verschillende* en onafhankelijke eigenschappen” (Hegel, 2013:85).

Die probleem is dan die “dubbele wyse” waarop die ding by die bewussyn aandoen, tegelyk as een en veel. Die prinsipe vervang die sintuiglike sekerheid as dit wat die waarheid van die voorwerp blootlê, maar het die voorwerp nou volledig binne die algemeenheid van die prinsiep vasgelê. Limnatis wys daarop dat die verstand hier na vore tree in die fenomenologiese arena, maar steeds nie *bei sich* aan sigself aanwesig is nie (Limnatis, 2008:200). Die algemeenheid as onvoorwaardelike algemene, as dit wat nie gebonde is aan ’n bepaalde oomblik in tyd of ruimte nie, moet beantwoord hoe hierdie algemeenheid self tot stand kom, en kan die rol wat die verstand speel, as selfstandige domein waaruit die begrippe gepostuleer word, nie verder ontken nie.

### *1.3 Krag en verstand*

Kopernikus se wetenskaplike rewolusie is sonder die gebruik van teleskope voltrek, en is vanuit die beginsel van uniforme beweging bewerkstellig deur die minste moontlike aannames vir die beweging van die planete vanuit die verstand te postuleer. Enersyds is dit merkwaardig hoe so ’n hipotese so ’n vername impak kon hê, maar andersyds was verdere waarneming en nuwe begrip nodig om die idees verder te ontwikkel. Newton se bekende uitdrukking *hypotheses non fingo* (ek postuleer nie hipoteses nie) het beklemtoon hoe sterk hy op waarneming staatgemaak het om sy idees te begrond. Die uniforme vae begrip van beweging is deur gravitasie vervang, wat wys op ’n krag wat op voorwerpe inspeel, hoewel dit self nie maklik is om te peil nie. Sedert die 17de eeu is die woord “krag” prominent in die wetenskap en ook in die filosofie (by laasgenoemde was Leinbiz, ’n tydgenoot van Newton, ’n belangrike figuur). Wat krag presies behels, soos Siep uitwys, is egter steeds onduidelik: “Forces, dispositions, etc. are, in fact, quite difficult to distinguish clearly from their expressions” (Siep, 2014:130). Hegel se gebruik van die begrip toon enersyds sy grondige verstaan van die gebruik daarvan deur die moderne wetenskap, maar hy gebruik dit andersyds hoofsaaklik in *FvdG* om aan te sluit by sy breër argument, naamlik om die beweging van die verskyning (fenomenologie) van die Gees aan te toon. Tot dusver is bepaal dat die beperking van waarneming is dat dit *dinge* insien, maar nie die essensie daaragter erken nie (Houlgate, 2013: 63). Daarbenewens is die rol van die verstand in die skepping van begrip ook onderbeklemtoon. Daar word dus alleen in terme van die *voorwerplike* gedink. Indien die verskyning van die voorwerp nie die wese van die voorwerp voorstel nie, en die rol van die toeskouer misken word, wat is die pad vorentoe?

Hegel toon aan dat twee momente na vore tree in die verskyning van die voorwerp: enersyds die gewaarwording van die verskillende materies waaruit ’n voorwerp bestaan, en andersyds die eenheid van die voorwerp (Hegel, 2013:92). Die eenheid en die veelheid bestaan dus tegelykertyd en is ook twee momente, daarom ’n absolute teenspraak wat blywend, dog


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

opgehef is. Die tegelyke bestaan van hierdie twee pole wat "porieus" in mekaar inbeweeg, is wat Hegel krag noem: "die kracht als uitbreiding van de zelfstandige materies in hun Zijn, is haar *uiting*; die kracht evenwel als het verdwenen-zijn ervan is de uit haar uiting in zichzelf *teruggedrongen* kracht, of de *kracht in eigenlijke zin*" (Hegel, 2013:93). Die teenspraak van die tegelyke veelheid en eenheid van die voorwerp wat deur krag uitgedruk word, is een wat volgens Hegel slegs in die verstand kan voorkom en derhalwe "behoort" die begrip van krag tot die verstand. Harris beskryf die konsepsie van krag as gesetel in die verstand en die eksterne werklikheid as volg: "Hegel's concept of Force is the identity of the physical source of this variety of appearance with its concept in the intellect" (Harris,1997:268). Krag is dus "*het begrip* dat de onderscheiden momenten als onderscheiden draagt, want in de kracht zelf mogen ze niet onderscheiden zijn; het onderscheiden bestaat dus alleen in gedachte" (Hegel, 2013:93). Anders as wat by Kant die geval is, is daar by Hegel nie 'n skema van kategorieë van die verstand wat op die werklikheid afgedruk word nie, maar Hegel gee te kenne dat die uitdrukking van die aard van die voorwerp nie vanuit die voorwerp alleen na vore tree nie, aangesien die onderskeid slegs in die verstand bestaan.

Vir Cobben is die verstand by Hegel die "*zuiver vorm van het opgeheven onderscheid*, dat onderscheiden is van de zintuiglijk gegeven natuur" (Cobben, 1999:39). Hiermee word bedoel dat die onderskeid tussen veel en een deur die verstand getref word, maar dat die onderskeid ook nodig is om die voorwerp as voorwerp in terme van krag uit te druk. Daar bestaan dus 'n wederkerigheid tussen krag en verstand. Nie alleen word krag uit verstand gepostuleer nie, maar die self besef ook dat hierdie postulering sy eie aktiwiteit is en nie tot die voorwerp as sodanig kan behoort nie. Daarom vind in die erkenning van krag 'n beweging van *verselfstandiging* plaas van sowel die *waarnemende* en die *waargenome* (Hegel, 2013:94).

Drie fases word geïdentifiseer in die uiteensetting van die verhouding tussen krag en verstand:

1) Onderskeid word getref tussen die interne aard van die krag op sigself en die krag se uiterlike vergestalting. Die erkenning van kragte word gekoppel aan die substansies waaruit die kragte na vore tree. 'n Veelheid van kragte word gepostuleer om die onderskeid tussen selfstandige substansies te behou, wat beskryf word as die *spel van kragte*. Ofskoon die bewustheid van die waaragtige wese van dinge as innerlike krag na vore tree, bly dit moeilik om tussen die kragte en die uitdrukkings daarvan te onderskei. Die begrip van krag onderhou eenheid en verskil as funksies van wedersydse prikkeling (solisitering), terwyl die "wahrhafte Wesen der Dinge" uit die prikkelings na vore tree: "Force is torn into two: itself as such, and itself as externalized, actualized and unified with its object. The play of forces is the means through which things are grasped, as unity of inner ideality and outer expression" (Limnatis, 2008:206).

2) In die tweede stap word meer gedoen om krag selfstandig te beskryf. Die kragte is onderhewig aan 'n eie aard; krag het nou sy wese in eenduidigheid wat onverskillig staan teenoor die uitdrukking daarvan. By die tweede fase word die innerlike dinamiek van die krag in terme van wette beskryf. Vir die wette om tot uitdrukking te kom en bewysbaar te wees, moet hoeveelhede ter sprake kom in die uitdrukking: "in so doing, it combines the conceptual, which is supposed to be simple, eternal, and immutable, with what is mutable and changeable in the world of appearances" (Siep, 2014:82). Hierdie wette herroep dan 'n Platoniese idee van vorme in die gewaad van moderne wetenskapswette: "for the first time a supersensible world maintains itself over against


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

the world of sense, the world of appearance" (Gadamer, 1975:405). Anders as by Plato gaan dit nie hier oor spesifieke vorme wat elke liggaam onderlê nie, maar 'n wet wat alle fisiese verskynsels beskryf. Vir Hegel is die gravitasiewet van Galilei die wet waarin alle wette saamgevat word. Die noodwendigheid van hierdie wet is eerstens bloot logies en berus nie noodwendig op ander wette nie. Die abstrahering en eenduidigheid, meer nougeset gestel as die "quest for *undifferentiated unity*" raak nou egter weer problematies, ook omdat krag in die vorm van wet 'n statiese en nie meer dinamiese begrip van die werklikheid voorstel nie; 'n toedrag van sake wat Hegel in die volgende gedeelte wil oorkom.

3) Die bewussyn probeer die probleem van die abstrahering wat van die werklikheid verwyderd is te oorkom, nie deur die geldigheid van sy metode of die noodsaaklikheid van sy aannames te bevraagteken nie, maar deur die verhouding tussen die skyn en die wet as een van inversie, oftewel omkering voor te stel. Indien hy dit kan regkry kan hy ook die dinamika herstel wat as wesenlike kenmerk erken is. Die basiese argument is dat 'n verskil ontstaan wat eintlik geen verskil is nie: Dinge beweeg oor in hulle teenoorgesteldes in.

Inversie kom neer op die verskil wat geen verskil blyk te wees nie: die aansien van die wet in die verskynsel en die verskynsel in die wet. Die blote abstrahering van die werklikheid om bloot eenduidig wet te wees, is onhoudbaar, en gee aanleiding tot 'n benadering waarin teenoorgesteldes mekaar veronderstel: "the true world is not that supersensible world of motionless law, but rather its inversion" (Flay, 1970:665). Waarop kom die inversie van die bosintuiglike wêreld neer? Hierdie insig word as volg verduidelik: "an opposite that has an inner difference (like the positive pole of a magnet "hiding" a negative pole within itself) is not only the opposite of an other opposite (viz. the negative pole of the magnet) but is also the opposite of itself because it carries its opposite within itself" (Brinkman, 2010:127). Die opponerende kragte is van toepassing in die voorwerpe (interne opposisie), maar ook buite die voorwerp, in die sin dat die veelvoud opgehef word in die eenheid van die wet: "Each thus possesses both an internal and an external opposite. It "repels" its internal opposite in the sense that in its manifestation it can be only negative or positive but not both, and it "attracts" its external opposite" (Brinkman, 2010:124).

Hierdie gerigtheid word nie ekstern gegee deur 'n soort onbeweegbare beweger nie; die beweging is sy eie oorsaak, maar tog nooit buite die self en die konkrete werklikheid van sy eie bestaan nie. Hierdie dinge bestaan nie los van mekaar nie. Opsommend kan dan gesê word: "Hegel attempts to demonstrate the untenability of the distinction between concepts and material entities. The experience of consciousness leads to the insight that even what we declare to constitute the very being of things itself possesses the structure of subjectivity" (Siep, 2014:14).

Dit gee dan daartoe aanleiding dat die selfbewussyn meer deeglik oorweeg word as iets wat nie slegs 'n passiewe rol speel in die werklikheid nie, maar as wesenskenmerk van die werklikheid self. So beskryf Flay dan die oorgang tot die hoofstuk oor die selfbewussyn: "we are moved from an 'epistemological' and 'intellectualistic' consideration of consciousness as a 'somewhat' which is different in kind from that which is its object to an examination of consciousness as a living, internal involvement in the world such that the 'knower' cannot be treated as a mere spectator" (Flay, 1970:670). Dit is dus nodig om die selfbewussyn as sodanig verder te ondersoek om te bepaal watter verdere dimensies daarin oopgaan, ook met betrekking tot die wyse waarop objekte verstaan word deur die selfbewussyn.

## 2. Selfbewussyn as selfstandige aspek van die werklikheid

Vir die bewussyn, soos Hegel in die eerste sin van die nuwe afdeling wat volg op die krag en verstand uitwys, word hy vir homself ’n vraagstuk, en word die aandag nie alleen op die wyse waarop hy objekte ken, ingestel nie. Nog meer, met die vraagstuk van die self as nie afgesonder van die objekte nie, het ons nou die *einheimische Reich* of die *inheemse ryk* van die waarheid betree (Hegel, 2013:116). Die voorwerp van betragting is vir-sig (nie die *ansich* soos by Kant nie), dit wat die bewussyn uit sy grondige kennis van die grondbeginsels van dinge kan manipuleer ter vervulling van sy begeertes. Die onderskeid tussen die voorwerp wat tot die bewussyn gerig is en die bewussyn hou dan tegelyk ’n eenheid in; ’n eenheid wat tot dusver alleen binne die verkenning van die voorwerp as die voorwerp se essensie na vore getree het. Die manipulering van die voorwerp bring die voorwerp volledig onder beheer van die selfbewussyn, dermate dat die selfbewussyn die oorkoepelende begrip vir die werklikheid word, dit waartoe alle voorwerpe gerig word.

Die eenheid word nie bedink as die konstellasie of wetmatigheid van die natuur nie, maar in terme van die selfbewussyn. By die selfbewussyn kom die refleksie ter sprake: “in feite echter is het zelfbewustzijn de reflectie uit het Zijn van de zintuiglijke en waargenomen wereld en vormt het wezenlijk de terugkeer uit het *anders zijn* (Hegel, 2013:116). Hierdie verduideliking is belangrik aangesien dit wys op die besef van die self wat enersyds afgesonder is van die waargenome dinge, maar sigself slegs deur die andersheid ten opsigte van die dinge kan realiseer. Die terugkeer uit die andersheid impliseer egter ook ’n blootstelling aan andersheid as sodanig, andersheid waaruit identiteit na vore tree, refleksiewe identiteit as selfbewussyn. Selfbewussyn verteenwoordig sodoende ’n koppeling tussen self en werklikheid. Hoewel die self die objek met wetmatigheid toebedeel, is die konfrontasie met die werklikheid nodig vir die self om as selfbewussyn in die werklikheid na vore te tree, om sigself te laat geld. Andersheid vind egter eerstens uitdrukking in die identifisering van die ding as dit wat teenoor die ek opgestel word. Tweedens is daar ’n ander “ek” wat enersyds met my identifiseer vir sover dit ’n ek is, dit wil sê ’n *wie* is; ’n gelyke is vir sover ons almal enersyds dinge as dinge en selfbewussyn as afgesonder van die dinge ervaar, en andersyds dat die selwe mekaar as *ander* aanvaar, maar ander wat met my, anders as die anorganiese dinge, in verhouding kan tree. Dit is wat die basis van die *Anerkennung* vorm. Volgens Hegel is dit egter nie die einde nie, aangesien bogenoemde van toepassing kan wees op die enkele selfbewussyn, maar aangesien daar meer selfbewussyne bestaan moet daar ’n wyer begrip van selfbewussyn ontwikkel waarin selfbewussyn opgeneem word.

## 3. Slot

Hoewel die Fenomenologie nog die Gees se gang eerder as die eksterne werklikheid bestudeer, word hier (en dit is die unieke bydrae) reeds in die vroeë werk in sy bekende woorde daarop gewys dat die ware die geheel is; dit beteken subjektiewe en objektiewe onderskei, maar nie geskei nie, en altyd in verhouding, dit wil sê “als Subjekt-Objekt gesetzt werden” (Förster, 2018: 282). Die proses waartydens die self tot bewussyn kom, is dan bemiddel deur objekte, en eweneens ander selwe, wat die self (aanvanklik) as middele ter bevrediging van sy persoonlike behoeftes beskou.

Hegel se denke kan as *reaksie* op, sowel as *voortsetting* van, die moderne denke oor die subjek gelees word. Dit is ’n reaksie vir sover dit die skeiding tussen subjek en objek verdag maak, sonder om in ’n vereenvoudigde dogmatisme terug te val. Dit kan as voortsetting gelees


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

word in die sin dat dit die subjek en die selfbewussyn se rol in die verhouding tussen krag en verstand verreken. Die verstand is nie bloot ’n passiewe ontvanger van data wat in begrippe verwerk word soos by Locke nie, maar bied ’n raamwerk van begrippe eie aan die verstand self waarsonder die verstaan van die werklikheid nie moontlik is nie. Vir Hegel dan, is die eksterne en interne aspekte van die mens se kennismaking met die werklikheid nie geskei nie, maar bydraende faktore tot die geheel van die waarheid.

Hegel se selfbewussyn kom neer op ’n refleksiewe selfontplooiing of proses, waartydens dit wat stelselmatig as Gees bekend sal staan, binne sigself onderskei word en die ontplooiing stelselmatig toegeëien word as sy eie. Die self vind homself dus noodwendig in sy ander; die besondere in die algemene en andersom. Die proses waartydens bewussyn tot selfbewussyn en selfbewussyn tot Gees oorskakel is terselfdertyd die proses waartydens die onderskeid tussen subjek en objek opgehef word en die natuur as ’t ware ’n deelnemer in die selfbewussyn word. Hierdie deelname is nie een waarin die natuur ’n soort deterministiese rol speel nie; nóg is dit een waarin die natuur slegs ’n versinsel van die verstand is. Die mens, as draer van Gees, word vry; nie van die natuur nie, maar as tegelyk self ook natuur wat gedifferensieerd (opgehefde onderskeid) is in sigself.

## BIBLIOGRAFIE


Brinkman, K. 2010. The dialectic of the inverted world and the meaning of Aufhebung. *In* Limnatis, NG. *The dimensions of Hegel’s dialectic*. Londen: Continuum.

Cobben, PG. 1999. De ‘Phänomenologie des Geistes’ als inleiding tot het ware kennen. *In* W Desmond, L Heyde, & EO Onnasch (eds). *Reflectie en fundering: Over filosofie als wetenschap*. (Studies van het Centrum voor Duits Idealisme; No. 1). Nijmegen University Press, pp. 35-47 https://pure.uvt.nl/ws/files/317204/PHANOMEN.PDF Toegang verkry op 03-10-2023.

Dews, P. 2023. *Schelling’s late philosophy in confrontation with Hegel*. Oxford: Oxford University Press.

Dürr, S. 2018. Fichtes Theorie der Subjektivität. *In* Forster, M; Korngiebel, J; Vieweg, K (eds). 2018. *Idealismus und Romantik in Jena*. Leiden: Wilhelm Fink Verlag.

Flay, JC. Hegel’s “Inverted World”. *The Review of Metaphysics*, Vol. 23, No. 4 (June, 1970):662-678. https://www.jstor.org/stable/20125668?typeAccessWorkflow=login Toegang verkry op 11-05-2020.

Förster, E. 2018 *Die 25 Jahre der Philosophie*. Frankfurt am Main: Vittorio Klostermann.

Frank, M. 2001. *The Philosophical Foundations of Early German Romanticism*. New York: State University of New York Press.

Gabriel, M. 2018. Schelling als Nachkantianer oder: Wie unser Denken die Realität zu erfassen in der Lage ist. *In* Forster, M; Korngiebel, J; Vieweg, K (eds). *Idealismus und Romantik in Jena*. Leiden: Wilhelm Fink Verlag.

Gadamer, H. The Inverted World. *The Review of Metaphysics*, Vol. 28, No. 3 (March, 1975):401-422 https://www.jstor.org/stable/20126661?typeAccessWorkflow=login Toegang verkry op 14-12-2019.

Jaeschke, W. 2016. *Hegel-Handbuch*. Stuttgart: JB Metzger Verlag.

Harris, HS. 1993. Hegel’s intellectual development to 1807. *In* Beiser, F. (ed). 1993. *The Cambridge companion to Hegel*. Cambridge: Cambridge University Press.

Harris, HS. 1997. *Hegel’s Ladder: the pilgrimage of reason*. Indianapolis: Hackett Publishing Company.

Hegel, GWF. 1988. *Phänomenologie des Geistes*. Hamburg: Felix Meiner Verlag.

Hegel, GWF. 2010. *Science of logic*. Cambridge: Cambridge University Press.

Hegel, GWF. 2013. *Fenomenologie van de Geest*. Vertaal deur Willem Visser. Amsterdam: Boom Uitgevers.

Hegel, GWF. 2018. *Hauptwerke, Band 3. Wissenschaft der Logik*. Hamburg: Felix Meiner Verlag.

Henrich, D. 2003. *Between Kant and Hegel: Lectures on German Idealism*. Cambridge: Harvard University Press.

Houlgate, S. 2005. *An Introduction to Hegel: Freedom, Truth and History*. Oxford: Blackwell Publishing Ltd.



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

Houlgate, S. 2013. *Hegel's Phenomenology of Spirit*. London: Bloomsbury.
Inwood, M. 1992. *A Hegel Dictionary.* Oxford: Blackwell Publishing Ltd.
Klotz, C. 2016. Fichte's explanation of the dynamic structure of consciousness in the 1794–95 Wissenschaftslehre. *In* James, D & Zöller, G (eds). *The Cambridge Companion to Fichte*. Cambridge: Cambridge University Press.
Limnatis, NG. 2008. *German Idealism and the problem of knowledge*. New York: Springer.
Pöggeler, O. 1973. *Hegels Idee einer Phänomenologie des Geistes.* Freiburg: Karl Alber GmbH.
Schelling, FWJ. 2000. On the relationship of the philosophy of nature to philosophy in general. *In* in Di Giovanni, G & Harris, HS (eds). *Between Kant and Hegel*. Indianapolis: Hackett Publishing Company.
Siep, L. 2014. *Hegel's Phenomenology of Spirit*. Cambridge: Cambridge University Press.
Westphal, KR. 2009. Hegel's Phenomenological Method and Analysis of Consciousness. *In* Westphal, KR (ed.). *The Blackwell Guide to Hegel's Phenomenology of Spirit.* Chichester: John Wiley & Sons, Ltd.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a1

# ’n Sosiale ontologie van sorg: Orania as ’n nie-tipiese Suid-Afrikaanse geval van plaaslike regering

***A social ontology of care: Orania as a non-typical South African case of local government***

**J S Wessels**
Departement Publieke Administrasie en Bestuur
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: wessejs@icloud.com
Orchid ID: http://orcid.org/0000-0002-5472-7921



Kobus Wessels

**JS (Kobus) Wessels** is ’n professor in Publieke Administrasie aan Unisa en ’n NRF-gegradeerde navorser. Sy navorsing fokus op betekenisvolle kennis oor publieke administrasie. Hy is mede-redakteur van en bydraer tot verskeie vakkundige boeke, outeur en mede-outeur van ongeveer 60 portuurbeoordeelde publikasies, asook verskeie ander bydraes en verslae.

**JS (Kobus) Wessels** is a professor of Public Administration at Unisa and a NRF rated researcher. His research focuses on meaningful knowledge about public administration. He is co-editor of and contributor to several scholarly books, and has authored and co-authored about 60 peer-reviewed publications as well as several other contributions and reports.

**ABSTRACT**

***A social ontology of care: Orania as a non-typical South African case of local government***

*Much research has been conducted to grasp aspects of good and bad local governance. A central question that remains unanswered is: What constitutes “local government” and how can the reality to which this concept refers be understood and recognised? Recently, a conceptual framework was developed by identifying recognisable characteristics of this concept’s reference. The assumption is that local governments in South Africa and other countries will be recognised based on these characteristics. Alongside this, a social ontology of care for “local government” was established. However, within the South African context, a potentially atypical example of local government is found, namely Orania, an existing town situated within the geographical area of the Thembelihle Local Municipality in the Northern Cape province. Orania is not a municipality in terms of the South African constitution and legal framework. The question thus arises whether Orania can indeed be considered a “local government”. In response to this query, this article provides a description of Orania using the chosen conceptual framework and social ontology of care as part of a case study design.*

**Datums:**
Ontvang: 2024-04-04 Goedgekeur: 2024-08-15 Gepubliseer: September 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

*The analysis and ontological description of Orania, by means of the conceptual framework, reveal that the phenomenon of Orania does indeed possess a territorial jurisdictional sphere (the Orania Overlay Zone), a democratically elected representative council (the OVR), and a Town Council and its administration that performs a range of local functions and responsibilities. While the territory of a municipality is generally determined by authorising measures or decisions by other jurisdictions (such as province, state, and national government), the territorial area known as the Orania Overlay Zone results from the purchase and cultivation of land by members of a homogeneous cultural community. Therefore, the territory is not only a demarcation of jurisdiction, but the place to which this community is connected. The institutional aspect of local government is likely a universal feature. The nature and scope of the institutional structure of local governments are often also the result of standardised external authorising measures or decisions by other jurisdictions. Consequently, the structures may not necessarily resonate with the needs and resources of the sometimes diverse society that constitutes the inhabitants of such an area. In the case of Orania, the institutional structure of local government (the OVR and the Town Council) is directly determined by the community, as represented by various land entities, based on the community's specific needs and available resources. The performance of a limited range of local functions can also be considered a universal feature of local government. In this particular case, the functions of the relevant local government are determined by its decision-making bodies, such as the Town Council, in consultation with the community as represented by the various land entities. Consequently, typical local government functions are performed according to the community's needs and available resources. Non-typical local government functions, such as residence rights, are performed within the general scope of the 1996 Constitution of the Republic of South Africa and other national legislation. The analysis confirmed that Orania meets the characteristics consistent with the concept of "local government" as outlined in the conceptual framework. Additionally, viewing Orania through the theoretical lens of social ontology of care highlights that it is a human construct, making objective observation and description challenging. Orania is a network of interconnected individuals and social institutions situated within overlapping human, spiritual, natural, territorial, and political worlds. The authenticity of this existence lies in its concern for the affairs of the world in which it is situated and the conscientiousness with which it carries out its functions in conjunction with others. The case study shows that an authentic local government is one that forms an integral part of its local community and surrounding worlds, continually experiencing discomfort (anxiety) with the present, and responding to that anxiety with care, concern, and nurturing for society and its things.*

**KEYWORDS:** Orania; social ontology; care; local government; municipality; concept analysis

**TREFWOORDE:** Orania; sosiale ontologie; sorg; plaaslike regering; munisipaliteit; begripsontleding

**OPSOMMING**

Heelwat navorsing is al gedoen in 'n poging om 'n greep op aspekte van goeie en slegte plaaslike regering te kry. 'n Kernvraag wat steeds onbeantwoord bly is die volgende: Wat is "plaaslike regering", en hoe kan die werklikheid waarna die begrip verwys, verstaan en herken word? 'n Begripsraamwerk van "plaaslike regering" is onlangs ontwikkel bestaande uit die herkenbare eienskappe van die begrip om dit te identifiseer. Gepaardgaande daarmee is 'n sosiale ontologie van sorg vir "plaaslike regering" ontwikkel. Die veronderstelling is dat

plaaslike regerings in Suid-Afrika en ander lande aan die hand van daardie eienskappe herken sal word. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar egter ’n moontlike nietipiese voorbeeld van plaaslike regering, naamlik Orania, ’n bestaande dorp binne die geografiese gebied van die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit in die Noord-Kaapprovinsie. Orania is nie ’n munisipaliteit ingevolge die Suid-Afrikaanse grondwet en wetlike raamwerk nie. Die vraag is gevolglik of Orania wel as ’n “plaaslike regering” beskou kan word. In antwoord op die vraag gee hierdie artikel ’n ontiese[1] beskrywing van Orania aan die hand van die gekose begripsraamwerk en sosiale ontologie van sorg. Dit blyk uit die beskrywing en ontleding daarvan dat Orania wel aan die institusionele, funksionele en territoriale eienskappe van die begrip “plaaslike regering” voldoen en op ’n outentieke wyse as plaaslike regering funksioneer. Die gevallestudie wys dat ’n outentieke plaaslike regering een is wat ’n integrerende deel uitmaak van sy plaaslike gemeenskap en omsluitende wêrelde, wat voortdurende ongemak met die hede beleef en met sorg, besorgdheid en sorgsaamheid daarop reageer.

## 1. Inleiding

Die daaglikse lewensgehalte van mense word wêreldwyd in wisselende mate deur plaaslike regerings bepaal. Die rede daarvoor is dat dit die regeringsvlak die naaste aan plaaslike gemeenskappe is en gevolglik hul funksies ooreenkomstig die spesifieke behoeftes van daardie gemeenskap kan uitvoer. Dit is egter geen geheim dat plaaslike regerings dikwels nie daarin slaag om in die spesifieke behoeftes van hul inwoners te voorsien nie. Vakkundiges in die vakgebied Publieke Administrasie het met verloop van tyd ’n greep probeer kry op die kenmerke van goeie en slegte plaaslike regering. Verskeie navorsingspublikasies oor, onder meer, besluite, strategieë en intervensies om goeie plaaslike regering te bevorder, het gevolglik die lig gesien (Biljohn & Lues, 2020; Khambule, 2021; Tempelhoff, 2011).

Ten spyte van die betekenisvolheid van hierdie nuwe kennis en insigte, bly ’n kernvraag steeds onbeantwoord, naamlik: Wat is “plaaslike regering”, en hoe kan die werklikheid waarna die begrip verwys, verstaan en herken word? Die antwoorde op hierdie vrae is nie so voor die hand liggend as wat dit mag klink nie, soos verskillende studies oor die wese van plaaslike regering bevestig.

In ’n onlangse studie is die begrip “plaaslike regering” ontleed, ’n begripsraamwerk met herkenbare eienskappe daarvan opgestel, en ’n sosiale ontologie van sorg vir die begrip en sy verskynsels ontwikkel (Wessels, 2023). Die veronderstelling is dat hierdie herkenbare eienskappe dit moontlik maak om die verskynsel waarna “plaaslike regering” verwys, binne verskillende kontekste, te herken en te beskryf. So kan verwag word dat die Plaaslike Munisipaliteit van Polokwane in die Limpopo provinsie, die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit in die Gauteng provinsie, en die Stad Guelph in die Ontario provinsie van Kanada, almal aan die hand van dieselfde eienskappe as plaaslike regerings herken sal word.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is daar egter ’n moontlike nietipiese voorbeeld van plaaslike regering, naamlik Orania. Orania is ’n bestaande dorp binne die geografiese gebied van die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit, wat op sy beurt deel uitmaak van die Pixley ka

[1] Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal beskryf die begrip soos volg: “**onties** b.nw., ontiese. (*filosofie*) van, m.b.t. of wat te make het met die aard v.d. bestaan, of wat betrekking het op werklike bestaan of wat werklike bestaan het.” Binne hierdie teks verwys “ontologies” na ’n bemoeienis met ’n verskynsel (soos plaaslike regering) terwyl “onties” na die entiteite en feite daarvan verwys (Heidegger, 1962:31-32)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

Seme Distrik in die Noord-Kaapprovinsie. Hoewel Orania nie as ’n plaaslike of distriksmunisipaliteit erken word nie, voldoen die dorp oënskynlik aan die herkenbare eienskappe van “plaaslike regering”. Die vraag is gevolglik of Orania wel as ’n “plaaslike regering” beskou kan word.

Om hierdie vraag te beantwoord, is dit nodig om Orania se eienskappe met die eienskappe van die begrip “plaaslike regering” te vergelyk. Dié vergelyking word gedoen deur die lens van ’n sosiale ontologie van sorg. Die navorsingsvraag word gevolglik beantwoord met ’n ontiese (soos gedefinieer in Voetnoot 1 hier bo) beskrywing van Orania aan die hand van die gekose begripsraamwerk en sosiale ontologie van sorg. Ek begin met ’n ontleding van die begrip “plaaslike regering” en sy sosiale ontologie van sorg, gevolg deur ’n verduideliking van waarom ’n gevallestudie ’n toepaslike navorsingsontwerp vir die beantwoording van die navorsingsvraag is. Daarna word die kenmerkende eienskappe van plaaslike regering van Orania aan die hand van die gevallestudie beskryf.

## 2. Die begrip “plaaslike regering” en sy sosiale ontologie van sorg

Om die navorsingsvraag te beantwoord oor of Orania wel as ’n plaaslike regering beskou kan word, is dit sekerlik nodig om eers klarigheid te kry oor die begrip “plaaslike regering” en die verskynsel in die werklikheid waarna dit verwys. Ek het dié begrip aan die hand van Walker en Avant (2014) se metode van begripsontleding ontleed en daaroor verslag gedoen in die artikel “Local government: a social ontology of care” (Wessels, 2023). Omdat die begripsraamwerk die grondslag vorm van die empiriese gedeelte van hierdie studie, word die proses en resultaat van die begripsontleding asook die sosiale ontologie van sorg hier opgesom.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die maklikste manier om klarigheid oor die begrip te verkry sekerlik om ’n ontleding van die Grondwet en verbandhoudende wette te doen. Indien hierdie pad gevolg word, kan ’n akkurate en geldige definisie vir die Suid-Afrikaanse konteks gekry word. So ’n definisie sal heel waarskynlik nie geldig wees vir ander kontekste, soos Kanada, Groot Brittanje en die Verenigde State van Amerika nie. Die doel van hierdie oefening is dus om ’n teoretiese definisie vir die begrip “plaaslike regering” te vind wat moontlik in meer as een konteks geldig kan wees.

Die begrip “plaaslike regering”[2] (*local government*) en die verskynsels waarna dit verwys, is geensins nuut nie. Spore hiervan kan gevind word so ver terug as in die Romeinse Ryk (AD 110-112) met spesifieke klem op die “plaaslike” dimensie van die ekonomie, realiteite, probleme en gemeenskappe (kyk na Bispham, Harrison & Sparkes, 2006). In die meer onlangse Britse geskiedenis verwys Kolonel Robert Torrens in die Britse Laerhuis na plaaslike regering as “the perfection of all government” met bevoegdhede “as little infringed upon as possible” (House of Commons, 1834:1340). Die begrip “plaaslike regering” word algemeen in die literatuur gebruik om te verwys na daardie openbare instellings die naaste aan inwoners met die bevoegdheid om bepaalde wetgewende en uitvoerende owerheidsfunksies uit te voer in ’n afgebakende gebied binne groter en selfs soewereine jurisdiksiesfere (Acharya & Scott, 2022:64; Scruton, 2007:402; Villa, 2004:1261).

---

2 Die Engelse literatuur gebruik oorwegend die frase “local government”. In Afrikaans is daar naas “plaaslike regering” die frase “plaaslike owerheid”. Hoewel ek laasgenoemde verkies, het ek besluit om “plaaslike regering” te gebruik in navolging van die Afrikaanse weergawe van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996. Vir die doel van hierdie artikel word “plaaslike regering” en “munisipaliteit” as sinonieme gebruik.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

“Plaaslike regering” verwys dus na ’n verteenwoordigende en administratiewe owerheidsinstelling, gemagtig om ’n beperkte reeks plaaslike wetgewende en uitvoerende staatsfunksies in ’n plaaslike gebied binne ’n groter jurisdiksie uit te voer. Uit die ontleding van die begrip het drie sleuteleienskappe van “plaaslike regering” na vore gekom, te wete institusioneel, handelend en territoriaal (Figuur 1). Wat egter belangrik is om in ag te neem, is dat die mens, die individu, die wese van plaaslike regering uitmaak. Dit kom duidelik na vore uit die samestelling van die verteenwoordigende raad en professionele administrasie as institusionele kenmerk van plaaslike regering. Beide kategorieë instellings bestaan uit mense. Hierdie mense is, gedagtig aan Heidegger (1962:225-229) se werk *Sein und Zeit* (*Being and Time*), nie net gesitueerd in die wêreld van plaaslike regering nie, maar ook deel van ’n uitgebreide netwerk van verhoudinge met ander mense. Vandaar sy begrip *Dasein*:[3] om daar te wees, in die wêreld en tussen ander. Die Suid-Afrikaanse filosoof CS (Fanie) de Beer wys treffend daarop dat hoewel die vermoë van individue om op hul eie veranderinge te bewerkstellig redelik beperk is, kan hulle binne institusionele konteks ’n deurslaggewende rol speel in die “beraming van planne, die formulering van doelwitte en missies ... en die bevordering van belange” (De Beer, 1991:76-77). Hy wys voorts daarop dat instellings binne die samelewing nie slegs onvermydelik is nie, maar ’n belangrike rol speel om “orde, harmonie en rigting te bring” (De Beer, 1991:77). Die implikasie van hierdie stelling is dus dat instellings – en vir die doel van hierdie studie, ook plaaslike regering – bestaansredes het. Die raamwerk in Figuur 1 maak hiervoor voorsiening in die sorgsame aard van die handelinge asook die gevolge van plaaslike regering. Waarskynlik die mees voor die hand liggende institusionele kenmerk van plaaslike regering is sy verteenwoordigende raad.

’n Verteenwoordigende raad van ’n plaaslike regering bestaan uit individue wat deur die inwoners van die betrokke gebied verkies word om hul belange op die hart te dra. Gevolglik kan van so ’n raad verwag word om gemeenskapsbelange binne hul beperkte verantwoordelikheidsfeer te artikuleer en te bevorder. Plaaslike regering as synde verteenwoordigende regering die naaste aan die inwoners van ’n plaaslike gebied, is geanker in ’n ontwikkelingsgeskiedenis wat oor eeue strek (Acharya & Scott, 2022:64; Scruton, 2007:402; Villa, 2004:1261). Gedagtig aan Heidegger (1962) se Dasein-begrip is só ’n verteenwoordigende instelling ’n integrerende deel van die plaaslike gemeenskap en deel van die wêreld waarin die plaaslike gemeenskap hul bevind. Gevolglik kan daar van só ’n instelling en sy samestellende lede verwag word om kollektief “eintlik” te wees, dit wil sê, om as raad beangs (ongemak met die hede) en besorg te wees oor sy leefwêreld en die mense wat deel daarvan uitmaak (De Beer, 1975:185-245).

Dieselfde verwagting geld vir die administratiewe instelling wat bestaan uit professionele amptenare wat deur die verteenwoordigende raad aangestel is om uitvoering te gee aan die raad se besluite. Die vermoë van ’n plaaslike regering om sy bestaansredes gestand te doen, hang dus af van die mate waarin die individue binne die administratiewe uitvoerende instellings omgee – kyk in dié verband na Heidegger (1962) se onderskeid tussen outentieke/eintlike (diegene wat omgee) en nie-outentieke/nie-eintlike (diegene wat nie omgee nie). Stiegler (2013:133) verwys na hierdie twee kategorieë as geaffekteerde en dis-geaffekteerde individue. Dit spreek byna vanself dat die mate van geaffekteerdheid van administratiewe instellings en hul samestellende lede, deurslaggewend is vir die verwesenliking van die bestaansredes (kyk

3 “Dasein” is ’n synsbegrip van Heidegger wat die mens as “synde tussen ander syndes” karakteriseer. Die letterlike betekenis van Dasein is “om daar te wees" (De Beer, 1975: 185)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

in hierdie verband na die kolom “gevolge” in Figuur 1) van ’n plaaslike regering, naamlik omgee en sorg vir die dinge en mense.

Die tweede sleuteleienskap van plaaslike regering is sy handelinge, naamlik die uitoefening van sy wetgewende en uitvoerende bevoegdhede rakende ’n beperkte reeks plaaslike owerheidsfunksies (kyk na Figuur 1). Die handelinge van ’n plaaslike regering geskied beide kollektief – in die vorm van gesamentlike besluite – en individueel. Sowel die kollektiewe as individuele handelinge kan binne Heidegger se filosofie van die *Dasein* vertolk word as dade van omgee vir die wêreld en die andere waarbinne individue en kollektiewes hulself bevind (kyk na Heidegger, 1962:227). Die gespesifiseerde aard van hul handelinge dien verder ter onderskeiding van die rol van ’n plaaslike regering teenoor dié van provinsiale en nasionale regerings. ’n Mens kan aanvaar dat die grondliggende kriterium vir die aard van hierdie funksies bepaal word deur die subsidiariteitsbeginsel, naamlik dat daar geen geldige rede is vir ’n hoër instelling om ’n funksie te lewer wat bevredigend deur kleiner of laer instellings gelewer kan word nie (Loxton, 1994:80).


Die derde sleuteleienskap van plaaslike regering is sy territoriale dimensie (kyk na Figuur 1), naamlik ’n plaaslik afgebakende geografiese gebied of plek binne groter en/of soewereine gebiede soos ’n staat of provinsie (Wessels, 2023:48). Hierdie territoriale eienskap van plaaslike regering het uiteenlopende vergestaltings en name, soos stad, dorp, streek, distrik, beboude gebied, landelike gebied en munisipaliteit.[4] Die grootte van so ’n gebied het ook die ander eienskappe van “plaaslike regering” soos die getal raadslede en amptenare asook die funksies wat verrig word (Wessels, 2023:49). Gevolglik verander die geografiese grense van só ’n gebied dikwels na gelang van spesifieke omstandighede.

Hierdie eienskap het spesifieke implikasies vir verteenwoordigende raadslede en amptenare omdat dit die *plek* van sorgsaamheid en besorgdheid van hul in-die-wêreld-heid en in-samesyn-met-ander-heid (kyk na Heidegger, 1962) geografies afbaken. Waarna verwys die woord “plek”? Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) onderskei ten minste sewe verskillende gebruike van hierdie woord. Vir die doel van hierdie artikel volstaan ek met die volgende: ’n spesifieke deel van die ruimte waarin iemand of iets is; ’n spesifieke geografiese lokaliteit soos ’n stad, dorp of streek; ’n ruimte wat beskikbaar of nodig is vir iets of waarin iets ’n bestaansreg, rol of funksie het (WAT, n.d.: plek). Voorts wys grondwetkenner Koos Malan op die rykheid van betekenis van die begrip “plek” asook op die relatief statiese en langdurige aard van die verskynsel waarna die begrip verwys (Malan, 2022:63). Danie Goosen onderskei in sy boek *Oor gemeenskap en plek: Anderkant die onbehae* tussen die verbandhoudende begrippe “plek” en “ruimte” verwysende na enersyds ’n plek vir selfstandige handelinge van gemeenskappe en andersyds universele ruimtes van standaardisering. Vir hom gebeur egte woning eerder “in hierdie of daardie begrensde plek of plekke” en “in die besonder in die tuiskoms daarbinne” (Goosen, 2015:413).

Dit blyk uit die voorgaande bespreking dat ’n plaaslike regering van ander regeringsvlakke onderskei kan word op grond van gelyktydige teenwoordigheid van ten minste drie eienskappe, naamlik sy institusionele eienskap, die plaaslike aard van sy owerheidsfunksies, en die territoriale afbakening van sy jurisdiksiesfeer. Die vraag wat hierdie artikel probeer beantwoord is of Orania aan hierdie eienskappe voldoen. ’n Spesifieke navorsingsontwerp is hiervoor nodig en word vervolgens bespreek.

[4] Kyk gerus na die gebruik van “munisipaliteit” in die 1996 Grondwet van die Republiek van Suid Afrika.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2




***Figuur 1:*** ***Die begrip "plaaslike regering": Kenmerkende eienskappe, antesedente en gevolge*** (Wessels, 2023:56)

## 3. Navorsingsontwerp

Die geldigheid van ’n begrip kan getoets word deur vas te stel of werklike gevalle waarna die begrip verwys, wel die kenmerkende eienskappe van die begrip het. Soos reeds aangetoon, kan verwag word dat hierdie kenmerkende eienskappe dit moontlik kan maak om die verskynsel waarna “plaaslike regering” verwys, te herken en te beskryf. Dit blyk egter dat dit nie altyd so maklik is nie aangesien die verskynsels waarna “plaaslike owerheid” binne verskillende kontekste verwys, moontlik in mindere of meerdere mate van mekaar verskil met die gevolg dat daar soms tipiese en nietipiese gevalle kan voorkom. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is Orania ’n voorbeeld van so ’n nietipiese geval. Orania is ’n bestaande dorp binne die geografiese gebied van die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit, wat op sy beurt deel uitmaak van die Pixley ka Seme Distrik in die Noord-Kaapprovinsie. Hoewel Orania nie as ’n plaaslike of distriksmunisipaliteit deur die wetlike raamwerk erken word nie, voldoen die dorp oënskynlik aan die herkenbare eienskappe van “plaaslike regering”. Die vraag is gevolglik of Orania werklik as ’n “plaaslike regering” beskou kan word.

Die navorsingsontwerp vir hierdie studie word vervolgens uiteengesit aan die hand van die navorsingsdoelstelling, die strategie om die toepaslike geval te kies, die spesifieke ontwerp van die studie, en die keuse van die toepaslikste metodes om data (inligting) te bekom en te ontleed.

### *3.1 Navorsingsdoelstelling*

Die doel van hierdie studie was eerstens om ’n sosio-ontologiese beskrywing van Orania as ’n nietipiese geval van plaaslike regering te gee sodat vasgestel kan word of Orania voldoen aan die eienskappe van ’n plaaslike regering soos uiteengesit in Figuur 1 hier bo. ’n Tweede oogmerk is om te besin oor wat uit hierdie geval geleer kan word oor die funksionering van plaaslike regering binne die Suid-Afrikaanse konteks. Afgelei uit hierdie navorsingsdoelstelling, blyk die aangewese navorsingsontwerp dié van ’n gevallestudie te wees.

Gevallestudies word algemeen in Publieke Administrasie en ander geesteswetenskappe gebruik (Ebneyamini & Moghadam, 2018; Wessels, Potgieter & Naidoo, 2021; Yin, 2018; Zongozzi & Wessels, 2017). Die doel van ’n gevallestudie is gewoonlik om ’n spesifieke verskynsel (in hierdie geval “plaaslike regering”) grondig te verstaan deur ’n individuele geval daarvan deeglik te bestudeer en te beskryf, sonder om die bevindinge te veralgemeen na die populasie of universum van die verskynsel (Yin, 2018). Die veralgemening is eerder teoreties van aard. Hierdie studie sal opgevolg word met soortgelyke gevallestudies van plaaslike regerings in Suid-Afrika en in die buiteland om nie slegs die begripsraamwerk (Figuur 1) empiries te valideer nie, maar om ook die sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) uit te bou as ’n moontlike instrument om die betrokke verskynsel en sy patologieë, soos dit in uiteenlopende kontekste voorkom, grondig te verstaan.

### *3.2 Orania as ’n nietipiese geval van ’n Suid-Afrikaanse plaaslike regering*

Dit blyk uit die literatuur oor die navorsingsontwerp van gevallestudies dat verskeie strategieë gevolg kan word om ’n geval of gevalle van ’n verskynsel vir die doel van die studie te kies. So identifiseer Seawright en Gerring (2008:297) onder meer tipiese, diverse, ekstreme, afwykende, en invloedryke seleksiestrategieë. Die algemeenste seleksiestrategie is na alle waarskynlikheid die tipiese of verteenwoordigende strategie omdat dit die geval kies wat

**TABEL 1:** 'n Sosiale ontologie vir plaaslike regering van sorg

| **Ontologiese vrae** | **Ontologiese beskrywing** |
|---|---|
| **Wat is die aard van 'n plaaslike regering?** | • 'n Menslike konstruk.<br>• Weens sy menslike aard moeilik bepaalbaar.<br>• Sosiale (kollektiewe) instellings saamgestel uit individue, onderling verbind deur hul gemeenskaplike ongemak met die hede en hul gemeenskaplike sorgsame handelinge.<br>• Gesitueerd binne oorvleuelende menslike, spirituele, natuurlike, territoriale en staatkundige wêreld.<br>• 'n Institusionele, handelende en territoriale eenheid binne 'n diverse, veelvlakkige en onderling verbonde wêreld |
| **Wat is die onderliggende aannames oor plaaslike regering wat bevraagteken kan word?** | *Aanname 1*<br>• Die verteenwoordigende instellings van plaaslike regering is saamgestel uit verkose individue om, ooreenkomstig die waardes en belange van die inwoners, rigting te gee aan die administratiewe instellings in die uitvoering van hul toegewese funksies. Gedagtig aan die Dasein, in-die-wêreld en in-samesyn-met-ander, is 'n sleutelvraag die volgende: Watter wesenlike eienskappe benodig individuele lede van die verteenwoordigende instellings en die instellings as kollektief om sorgsaam rigting te gee aan die verrigting van plaaslike regeringsfunksies? |
| | *Aanname 2*<br>• Die administratiewe instellings van plaaslike regering bestaan uit amptenare wat bevoeg is om hul toegewese funksies uit te voer. 'n Sleutelvraag is die volgende: Watter eienskappe benodig individuele amptenare en hul administratiewe instellings om plaaslike regeringsfunksies met sorg te verrig? |
| | *Aanname 3*<br>• Die funksies van plaaslike regering, soos toegewys deur grondwetlike en statutêre maatreëls en uitgevoer deur die verteenwoordigende en administratiewe instellings binne 'n bepaalde gebied, voorsien in die behoeftes en voldoen aan die verwagtinge van die inwoners van daardie gebied. 'n Sleutelvraag is die volgende: Wat is nodig vir plaaslike regeringsfunksies om sorgsaam om te sien na "die objekte en subjekte van individuele en kollektiewe begeertes" (Stiegler, 2013:132) binne 'n gemeenskap? |
| | *Aanname 4*<br>• Die territoriale eienskap van plaaslike regering impliseer 'n geografiese afbakening vir die gemeenskap en sy handelende instellings terwyl hulle in-die-wêreld en in-samesyn-met-ander beangs (ongemak met die hede), besorg en sorgsaam is. 'n Sleutelvraag is die volgende: Wat is nodig vir inwoners van 'n afgebakende gebied om 'n samesyn van tuiswees en sorg te ervaar? |


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

ooglopend aan al die kenmerke van die verskynsel voldoen (Zongozzi & Wessels, 2017:266) en gevolglik as verteenwoordigend van die verskynsel beskou kan word (Seawright & Gerring, 2008:299). Ek het egter nie hierdie strategie gevolg nie, maar wel die ekstreme of afwykende seleksiestrategie deur ’n geval te kies wat nie volledig aan die kenmerke van die verskynsel voldoen nie.

Die rede vir die nietipiese tipering is dat Orania nie aan die konteks-spesifieke tegniese eienskappe van ’n plaaslike regering, soos bepaal deur die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Republiek van Suid-Afrika, 1996) en ander onderliggende wette, voldoen nie. Die vermoede is egter dat dit wel oor al die eienskappe van die begrip “plaaslike regering” beskik soos geïdentifiseer deur die begripsontleding (Figuur 1 hier bo). Die ekstreme of afwykende seleksiestrategie word doelbewus gekies om ’n moontlike teoretiese of begripsanomalie te ondersoek (Seawright & Gerring, 2008:302).

### *3.3 Die toepaslikheid van ’n enkel-gevallestudieontwerp*

Die literatuur oor gevallestudies (Rule & John, 2015:4-9; Yin, 2018:51-54; Zongozzi & Wessels, 2017:266-267) maak voorsiening vir hoofsaaklik twee tipes gevallestudies, naamlik ’n enkel-gevallestudie en ’n veelvuldige gevallestudie. Gedagtig aan die keuse van Orania as ’n afwykende geval, is die toepaslike navorsingsontwerp vir hierdie studie dié van ’n enkel-gevallestudie. Dié ontwerp maak dit moontlik om die kenmerke van die geval te begrond, met behulp van die begripsraamwerk (Figuur 1) te ontleed, en aan die hand van die sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) te beoordeel. So ’n beskrywing en ontleding kan slegs geskied aan die hand van toepaslike data oor die geval.

### *3.4 Die toepaslike data en die ontleding daarvan*

Die toetssteen vir toepaslike data is sekerlik of dit voldoende is om die navorsingsdoelstelling te bereik, naamlik om die ontledingseenheid (Orania) aan die hand van die gekose begripsraamwerk (Figuur 1) en die sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) te beskryf. Gegewe dat ’n plaaslike regering ’n sosiale of menslike konstruk is, het dit sin dat betroubare empiriese databronne oor die territoriale jurisdiksiesfeer, die spektrum van staatsfunksies asook die verteenwoordigende en administratiewe instellings van ’n tekstuele aard is. Met betrekking tot Orania is sommige bronne in die openbare domein beskikbaar terwyl ander deur die Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad aan my verskaf is.

Hierdie en ander bronne is ontleed met behulp van hoofsaaklik die reproduktiewe – ’n soeke na betekenisvolle kennis met ’n klem op eenduidige en kontroleerbare betekenis van ’n teks – en die hermeneutiese leeshandelinge (De Beer, 2014:208-210; Pauw, 2015:618; Wessels, 2023:980-983). Die lees van tekste vorm die ruggraat vir my beskrywing van die territoriale, handelende en institusionele plaaslike regeringskenmerke van Orania.

## 4. ’n Ontiese beskrywing van Orania as plaaslike regering aan die hand van die gekose begripsraamwerk en ’n sosiale ontologie van sorg

Die ontstaansgeskiedenis asook ander aspekte van Orania is reeds omvattend gedokumenteer deur, onder meer, Senekal (2021; 2019), Rossouw (2023), en Joubert en andere (2022), en word nie in hierdie artikel herhaal nie. Wat wel vir die doel van hierdie studie belangrik is, is dat die dorp Orania in 1991 deur sy stigters met ’n bepaalde doel gekoop is, naamlik om te

dien as vestigingspunt vir Afrikanerselfbeskikking en te dien as Afrikanerbemagtigingsprojek. Hierdie doel vind gevolglik neerslag in “eie arbeid, eie instellings en eie grond” (Orania Dorpsraad, 2022d:A). Orania het sedertdien ontwikkel vanuit ’n dorp met ’n oorgangsraad in ’n *de facto* plaaslike regering (kyk hier na afdeling 4.2.1 hier onder). Dit is hierdie de facto plaaslike regering wat as geval vir hierdie studie dien en wat vervolgens ontleed, beskryf en beoordeel word.

Die begripsraamwerk (Figuur 1) en sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) dien as gelyklopende teoretiese lense vir die ontiese beskrywing en ontologiese beoordeling van Orania as ’n plaaslike regering. Die beskrywing fokus op die drie tipiese kenmerke van ’n plaaslike regering soos waargeneem in Orania, naamlik die territoriale gebied (die Orania Oorlegsone), die verteenwoordigende (die Orania Verteenwoordigende Raad) en administratiewe (die Orania Dorpsraad) owerheidsinstellings van Orania, en die beperkte reeks wetgewende en uitvoerende staatsfunksies wat die betrokke instellings verrig.

### *4.1 Territoriale jurisdiksiesfeer*

Ingevolge die vierde aanname van die voorgestelde sosiale ontologie van sorg, impliseer die territoriale eienskap van plaaslike regering ’n geografiese afbakening vir inwoners en hulle instellings terwyl hulle in-die-wêreld en in-samesyn-met-ander is. Ons het dus hier te doen met die territoriale begrensing van die jurisdiksie van Orania se verteenwoordigende en administratiewe instellings om owerheidsfunksies uit te voer. Meer nog, is dit ook die *plek* waar die Orania-gemeenskap ’n samesyn van tuiswees en sorgsaamheid ervaar (sien Orania Dorpsraad, 2022c:7-26). Die doel van hierdie afdeling is meer as ’n blote beskrywing van die grense en oppervlakte van die territoriale gebied wat as Orania bekendstaan, maar eerder ’n omvattende optekening van die kenmerkende hoedanighede van die begrensde plek Orania as ruimte “waarin iets ’n bestaansreg of ’n behoorlike rol of funksie het” (WAT, n.d.: plek) waarbinne inwoners tuis kan wees.

Orania is geleë aan die oewer van die Oranjerivier, binne die grense van die Noord-Kaapprovinsie, die Pixley Ka Seme Distrik Munisipaliteit en die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit. Die grondgebied van Orania maak deel uit van die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit[5] se grondgebruikskema wat op 29 Junie 2022 deur die Thembelihle munisipale raad goedgekeur is en op 25 Julie 2022 in die Provinsiale Koerant gepubliseer is (Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit, 2022). Die grondgebied word in die grondgebruikskema benoem as die “Orania Overlay Zone” (Tembelihle Local Municipality, 2022:81-82) wat vertaal kan word as die Orania Oorlegsone (kyk na Kaart 1). Dié gebied van nagenoeg 8,95 vierkante kilometer (De Beer, 2006:108; Statistics South Africa, n.d.) bestaande uit 96 afsonderlike geregistreerde titelaktes, word beskryf in vier aanhangsels tot die grondgebruikskema (Thembelihle Local Municipality, 2022:81) asook in ’n brief deur die Munisipale Bestuurder van die Tembelihle Plaaslike Munisipaliteit (Thembelihle Municipal Manager, 2022a).

Hierdie gebied bestaan uit die Orania Dorpsgebied en landbougrond (Orania Dorpsraad, 2022a:13). Volgens ’n opname wat in 2021 gedoen is en in 2022 gepubliseer is, bly sowat 84% van Orania se ongeveer 649 huishoudings in die Dorpsgebied terwyl die res op die landbougrond woon (Orania Dorpsraad, 2022c:3-5). Op sy beurt bestaan die Orania Dorpsgebied weer uit ses sub-gebiede, naamlik Orania-Oos, Orania-Wes, Orania Plato, Kleingeluk, Nywerheidsgebied en die dorpshoewes (Orania Dorpsraad, 2022a:2 & 13). Die jurisdiksie

[5] ’n Gebied van 8 023 vierkante kilometer (Municipalities South Africa, n.d.)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

van die Dorpsraad wat hierna bespreek word, is beperk tot die Orania Dorpsgebied (Snyman, 2024) terwyl die jurisdiksie van die OVR die hele Orania Oorlegsone insluit.

Binne die Orania Oorlegsone is daar verskeie geleenthede vir onderrig wat insluit ’n dagsorgsentrum vir voorskoolse kinders, die Volkskool Orania, die Orania CVO Skool en die Bo-Karoo Opleiding, ’n tegniese opleidingskollege (Orania Beweging, 2024c). Benewens die opleidingsgeleenthede is daar vir inwoners geleentheid vir deelname aan verskeie sportsoorte, soos rugby, netbal, pluimbal, jukskei, krieket, skaak, ballet en visvang (Orania Beweging, 2024c). Voorts is daar aanbiddingsgeleenthede vir inwoners van verskeie denominasies.

Die Orania Oorlegsone is dus veel meer as net ’n afgebakende grondgebied. Dit is die plek waar die lede van ongeveer 649 huishoudings ’n geleentheid gebied word om binne ’n gemeenskap ’n samesyn van tuiswees en sorg te ervaar. Hierdie samesyn en sorg omvat ook die ekonomiese aktiwiteite van die inwoners, in onder meer die volgende sektore: dienslewering (34,5%), handel (21,7%), konstruksie (14,2%) en gasvryheid (10,9%), vervaardiging (10,1%), opleiding (6,7%), gesondheid (0,4%), kuns en media (0,7%) en sport en fiksheid (0,7%) (Orania Dorpsraad, 2022a:3). Hoewel Orania ’n begrensde geografiese gebied is, is daar voldoende getuienis dat die grense nie die gemeenskap van die buitewêreld afsny nie. Sowat 49% van die kliënte van die ondernemings kom van buite die territoriale gebied van Orania.


Binne die grense van die Orania Oorlegsone, soos aangedui deur die donker lyn op Kaart 1, is die Orania Verteenwoordigende Raad verantwoordelik vir sy eie fiskale basis, grondbestuurskema en munisipale dienslewering (Thembelihle Municipal Manager, 2022b). Dit blyk uit voorgaande dat Orania wel aan die territoriale kenmerke van ’n tipiese plaaslike regering voldoen. Die territoriale gebied begrens die jurisdiksie van verteenwoordigende en administratiewe instellings wat vervolgens beskryf word.

### *4.2 Institusionele eienskappe*

Benewens sy territoriale kenmerk, word ’n tipiese plaaslike regering ook herken aan sy verteenwoordigende en administratiewe instellings. Ingevolge die begripsraamwerk (Figuur 1) verwys die institusionele eienskap van ’n plaaslike regering na die verteenwoordigende en administratiewe instellings daarvan. Voorts impliseer die sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) dat die verteenwoordigende instelling ooreenkomstig die waardes en belange van die gemeenskap sorgsaam rigting aan die administratiewe instellings gee (Aanname 2 in Tabel 1; Boshoff, 2024), terwyl die administratiewe instellings kollektief bevoeg is om plaaslike regeringsfunksies dienooreenkomstig met sorg uit te voer (Aanname 3 in Tabel 1). Hierdie onderskeid tussen die twee tipes instellings dui op die onderskeibare rolle van die onderskeie instellings en die betrokke individue. Malan (2022:63) wys daarop dat ’n rol goed of sleg vertolk kan word, na gelang van “natuurlike talent oftewel gawes, ywer en wysheid”. Deur ’n spesifieke rol kan ’n instelling of individu uitdrukking gee aan sy of haar plek of plekke in die samelewing by wyse van sorgsame besorgdheid vir die gemeenskap en die dinge van die gemeenskap. Die implikasie is dus “eintlike *Daseins”* wat omgee vir die dinge en die mense van hul instellings en gemeenskappe (Kyk na Heidegger, 1962).

#### *4.2.1 Verteenwoordigende Raad*

Orania as plaaslike regering het ’n eiesoortige institusionele struktuur bestaande uit die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) en die Direksie van die Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. Die voorganger van die OVR, die Orania Verteenwoordigende Oorgangsraad, was die




**Kaart 1: Die Orania Oorlegsone** (Thembelihle Municipal Manager, 2022a)

eerste applikant in die saak wat gelei het tot die 2000-lasgewing in die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Noord-Kaapse Afdeling) (Waarnemende Regter-President Buys, 2000). Die oorgangsraad het die belange van die plaaslike gemeenskap wat binne die afgebakende grondgebied gewoon het, verteenwoordig. Gevolglik het Orania van meet af aan ’n plaaslike karakter gehad. Hoewel die wetgewing ingevolge waarvan die oorgangsraad tot stand gekom het nie meer bestaan nie, het die “oorgangs-”etiket mettertyd verval terwyl die raad (dus die OVR) voortbestaan as “die verkose raad wat as sambreelorganisasie al die Orania verwante leierskap- en grondeienaarsinstellings verteenwoordig” (Orania Beweging, 2024b; Van Zyl, 2024). Die OVR geniet spesifieke amptelike erkenning in die Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit se goedgekeurde grondgebruikskema (Thembelihle Local Municipality, 2022) om grondgebruiksbestuursfunksies ingevolge die Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik Bestuurswet van 2013 uit te voer (Republiek van Suid-Afrika, 2013).

Die OVR word elke vyf jaar op dieselfde tyd as die landswye munisipale verkiesing verkies (Orania Beweging, 2024d). Alle inwoners van Orania, 18 jaar en ouer en wat reeds ten tyde van die verkiesing vir ’n tydperk van drie maande oor verblyfreg beskik, het stemreg (Orania Beweging, 2024d; Van Zyl, 2024). Die OVR bestaan uit 12 lede, met ’n voorsitter, ondervoorsitter en ’n dagbestuur van vier persone. In ’n ontleding van Orania se instellings-


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

netwerk wys Senekal (2019:15) daarop dat die OVR "in die kern van die Orania instellings-netwerk funksioneer en die beste geposisioneer is om inligting vanuit die hele netwerk te ontvang en te versprei". Die OVR funksioneer as die Orania Oorlegsone se munisipale raad, in wese 'n praathuis wat breë rigting gee, met 'n beperkte vermoë om besluite af te dwing (Boshoff, 2024). Die Direksie van die Orania Aandeleblok (RF) (Edms.) Bpk. (hierna: OAB) is as Dorpsraad vir die dag-tot-dag uitvoerende munisipale handelinge en besluite in die Orania Dorpsgebied verantwoordelik (Orania Beweging, 2024b; Orania Beweging, 2024d). Die Direksie word demokraties deur die aandeelhouers van die OAB verkies en dien ook as die *de facto* Dorpsraad van Orania (Orania Beweging, 2024b).

### *4.2.2 Dorpsadministrasie*

Die uitvoerende hoof van die Dorpsraad en sy administratiewe bestuur word deur die Direksie van die OAB (wat handel as Dorpsraad van Orania) aangestel (Snyman, 2024). Soos vroeër aangedui, is die jurisdiksie van die Dorpsraad beperk tot die Orania Dorpsgebied hoewel die Dorpsraad wel ingevolge spesifieke diensooreenkomste met ander grondentiteite binne die Orania Oorlegsone, dienste aan hulle lewer (Snyman, 2024). Die uitvoerende hoof word bygestaan deur 'n span afdelingshoofde verantwoordelik vir die uitvoering van die funksies wat deur die Dorpsraad aan hulle toegewys is (Orania Dorpsraad, 2022b). Die administratiewe struktuur van die Orania Dorpsraad bestaan uit tien afdelings (kyk na Tabel 2), elk verantwoordelik vir 'n spesifieke owerheidsfunksie. Hierdie afdelings omvat die kern van permanente amptenare wat in wisselende mate deur vrywillige inwoners bygestaan word. In ooreenstemming met die sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) kan aanvaar word[6] dat die administrasie en sy amptenare bevoeg is om hul toegewese funksies sorgsaam uit te voer.

### *4.3 Die spektrum van funksies wat verrig word*

Ingevolge die sosiale ontologie van sorg (Tabel 1) kan verwag word dat die plaaslike regeringsfunksies wat die Dorpsraad van Orania uitvoer aan die verwagtinge van die inwoners van die betrokke gebied voldoen. Wat Orania betref, is hierdie funksies nie toegewys deur grondwetlike en statutêre maatreëls nie, maar is dit die resultaat van inkrementele individuele en kollektiewe begeertes van die betrokke gemeenskap (kyk na Stiegler, 2013:132) en kan die uitvoering daarvan beskou word as die verantwoordelikheid van besorgde en sorgsame individue en instellings. So verwys Malan (2022:63) na "verantwoordelikhede" waardeur mense (individueel en kollektief) "ware uitdrukking aan sy/haar plek/ke in die samelewing gee".

Dit blyk dat die Dorpsraad twee kategorieë funksies verrig, naamlik enersyds die instaatstellings- en fasiliteringsfunksies, en andersyds daardie funksies wat die beskerming en bevordering van die gemeenskap ten doel het. Binne die sosiale ontologie van sorg kan geargumenteer word dat hierdie funksies gemik is op 'n samesyn van tuiswees en sorg vir die Orania gemeenskap.

### *4.3.1 Instaatstellings- en fasiliteringsfunksies*

Die instaatstellings- en fasiliteringsfunksies verwys na die in-huis administratiewe, bestuurs- en ondersteunende funksies wat nodig is vir 'n instelling om sy lynfunksies soos beskerming

[6] Hierdie studie het dit egter nie empiries bevestig nie.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

en bevordering te kan uitvoer (Loxton, 1994:102). Wat die Orania dorpsadministrasie betref, sluit dit breedweg die funksies van die uitvoerende hoof, maatskappysekretaris, korporatiewe dienste en bedryfstelsels en automatisering in en is dit daarop gemik om die doeltreffendheid van die dorpsadministrasie te bevorder.

Die funksies van die Uitvoerende Hoof word nie soos dié van die Munisipale Bestuurder van ’n plaaslike munisipaliteit deur die Munisipale Stelselswet (Republiek van Suid-Afrika, 2000) bepaal nie, maar deur die Direksie van die OAB. Soos in die geval van ’n munisipale bestuurder, is die Uitvoerende Hoof oorhoofs verantwoordelik vir die funksionering van die dorpsadministrasie en vir hoëvlakskakeling met die OVR. Die verantwoordelikhede sluit in die strategiese beplanning en bestuur van die dorpsadministrasie, beleidsformulering en statutêre ontwikkeling, die oorhoofse bestuur van personeel en hul prestasie, asook openbare skakeling en kliëntediens.

Die Maatskappysekretaris se verantwoordelikhede word hoofsaaklik deur die Maatskappy-wet 71 van 2008 (Republiek van Suid-Afrika, 2008) bepaal. Buiten die wetlike voldoenings-verantwoordelikheid, is die Maatskappysekretaris ook verantwoordelik vir die sekretariaat van die maatskappy, aandeelhouersvergaderings en aandeleregister van die OAB. Voorts dien die persoon ook as sekretaris van die Dorpsraad, verskaf administratiewe ondersteuning aan die Uitvoerende Hoof, en is verantwoordelik vir koopooreenkomste en regsdienste (Orania Dorpsraad, 2022b).

Die afdeling vir korporatiewe dienste is verantwoordelik vir die finansiële bestuur, begrotingsbeheer, inligting en stelselbeheer, die voorraadpakhuis, korporatiewe ondersteunings-dienste en projekbestuur. Laastens is die afdeling vir bedryfstelsels en outomatisering verantwoordelik vir inligtingstegnologie, slimtegnologie, kantoorbedryfstelsels, gedesentrali-seerde databasisse, interdepartementele stelsels, kameranetwerkbeplanning en veselnetwerk-beplanning. Die instaatstellings- en fasiliteringsfunksies is dus gesamentlik daarop gemik om die Orania Dorpsraad en administrasie in staat te stel om die Orania-gemeenskap te beskerm en te bevorder.

### *4.3.2 Beskermingsfunksies*

Die beskermingsfunksies verwys na ’n owerheid se plig om ’n veilige, vredige en ordelike omgewing te skep waarbinne sy mense (individue, gemeenskap en samelewing) hul behoeftes en strewes kan verwesenlik (Loxton, 1994:97). Binne die verband van Orania behels dit die volgende: bevel en beheer; brandweer- en nooddienste; padreëls; openbare orde; veiligheid; en ondersoeke (Orania Dorpsraad, 2022b). Die beskermingsdienste word gelewer deur Orania Veiligheidsdienste (Edms.) Bpk. ’n wettige, professionele en kommersiële veiligheidsmaat-skappy en filiaal van die OAB, bygestaan deur vrywillige inwoners as lede van die Orania Weerbaarheidsvereniging (Orania Beweging, 2024a; Snyman, 2024). Hierdie funksies is dus gemik op ’n volhoubare, veilige tuiste vir die gemeenskap.

### *4.3.3 Bevorderingsfunksies*

Die bevorderingsfunksies van ’n owerheid is daarop gemik om die mees gunstige omgewing te skep waarbinne ’n gemeenskap geluk en vervulling kan beleef (Loxton, 1994:98). Binne Orania omvat dit die funksies van beplanning en grondgebruik, regspleging en administrasie van die verblyfregproses, gemeenskapsdienste, ingenieursdienste asook inligting en skakeling. Die beplannings- en grondgebruiksfunksie sluit onder meer die volgende in: geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning; grondgebruik- en uitbreidingsbeplanning; die instandhouding van

die grondgebruiksbestuurskema; die instandhouding van die geïntegreerde inligtingstelsel (GIS); en die uitvoering van bouinspeksies.

Hoewel die regspleging- en verblyfregsfunksies gesamentlik gekategoriseer is, is dit ooglopend twee afsonderlike funksies en word gevolglik so bespreek. Die verblyfregfunksie is nie ’n tipiese plaaslike owerheidsfunksie nie, maar kan vergelyk word met die sentrale staatsfunksies wat deur die Departement van Binnelandse Sake uitgevoer word. Binne Orania behels hierdie funksies die formulering en toepassing van verblyfregsbeleid, die ontvangs en oorweging van verblyfregsaansoeke, die voer van verblyfregonderhoude en die oriëntering van nuwe inwoners. Waar regspleging nie ’n tipiese plaaslike owerheidsfunksie is nie, val dit gewoonlik buite die wetgewende en uitvoerende gesag van die staat as deel van die regsprekende gesag. Die regsplegingsfunksies van Orania kan egter vergelyk word met tipiese administratiefregfunksies wat binne die uitvoerende gesag van ’n staat voorkom. In hierdie geval sluit dit in: mediasies, arbitrasies, dissiplinêre verhore, en reëlformulering.

Die afdeling vir gemeenskapsdienste is verantwoordelik vir tipiese diensleweringsfunksies soos gesondheidsdienste, maatskaplike dienste, biblioteek- en museumdienste, parke en ontspanning, skoonmaakdienste, instandhouding van openbare geboue, arbeidsontwikkeling en -opleiding, estetika van dorp en voorkoms en dierebeskerming. Die funksies van die afdeling ingenieursdienste sluit onder meer die volgende in: elektrisiteit- en watervoorsiening, sanitasie, paaie, stormwater, instandhouding van geboue, instandhouding van voertuie en toerusting, en afvalbestuur en herwinning. Die inligting- en skakelingsfunksie van Orania behels onder meer algemene kommunikasie, radioprogramme, elektroniese kennisgewings, inligtingsvergaderings, en openbare deelnameprosesse.

Die voorgaande bevorderingsfunksies wat deur die Orania Dorpsraad verrig word, skep dus ’n omgewing vir private inisiatief om in kapitaal-intensiewe ontwikkelingsprojekte te belê. So het die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM), ’n maatskappy sonder winsbejag, die ontwikkeling van Bo-Karoo Opleiding geïnisieer terwyl Orania Groeikrag op volhoubare en doeltreffende eiendomsontwikkeling fokus (Orania Beweging, 2024a). ORASOL (Edms.) Bpk., met Orania Infrastruktuur (Edms.) Bpk., ’n filiaal van OAB, en die Vluytjeskraal 272 Eienaarsvereniging (’n vereniging van voltitellandbouhoewes) as aandeelhouers, voorsien saam met privaat inwoners in naastenby 30% van Orania se energiebehoeftes (Orania Beweging, 2024e). Voorts is Orania Infrastruktuur (Edms.) Bpk. onder meer verantwoordelik vir die installering en vestiging van infrastruktuur vir munisipale dienslewering (Orania Beweging, 2024a).

### *4.4 Orania as ’n plaaslike regering: ’n Samevattende beskouing*

Dit blyk uit die voorgaande beskrywing dat Orania wel aan die drie kenmerke van “plaaslike regering” voldoen. Eerstens het Orania ’n territoriale jurisdiksiesfeer: ’n begrensde plek waarbinne die inwoners of gemeenskap ’n bestaansreg of funksie het en tuis kan wees. Dit is ook ’n plek met ’n owerheid (instellings) bestaande uit ’n verteenwoordigende raad en administrasie wat ten doel het om ’n tuiste vir die plaaslike gemeenskap te skep. Die owerheid skep daardie tuiste deur die uitvoering van bepaalde owerheidsfunksies wat gemik is op ’n veilige omgewing en ’n volhoubare gemeenskap.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

**TABEL 2:** Die struktuur, funksies en verantwoordelikhede van die Orania Dorpsadministrasie

| **Funksies** | **Verantwoordelikhede** |
|---|---|
| **Instaatstellings- en fasiliteringsfunksies** | |
| Uitvoerende hoof | • Skakel met Raad en Raadsvergaderings<br>• Strategiese beplanning en bestuur<br>• Beleidsformulering en statutêre ontwikkeling<br>• Menslike hulpbronne en prestasiebestuur<br>• Publieke verhoudinge/skakeling en kliëntediens |
| Maatskappysekretaris | • Sekretariaat<br>• Wetlike voldoening<br>• Koopooreenkomste<br>• Aandeleregister<br>• Sekretaris van die Raad<br>• Administratiewe ondersteuning aan die Uitvoerende Hoof<br>• Aandeelhouersvergaderings<br>Regsdienste |
| Korporatiewe dienste | • Finansiële bestuur<br>• Begrotingsbeheer<br>• Inligting en stelselbeheer<br>• Voorraadstoor<br>• Korporatiewe ondersteuningsdienste en projekbestuur |
| Bedryfstelsels en outomatisering | • Inligtingstegnologie<br>• Slimtegnologie<br>• Kantoorbedryfstelsels<br>• Gedesentraliseerde databasisse<br>• Interdepartementele stelsels<br>• Kameranetwerkbeplanning<br>• Veselnetwerkbeplanning |
| **Beskermingsfunksies** | |
| Veiligheid (gelewer deur Orania Veiligheidsdienste, 'n filiaal van die OAB) | • Bevel en beheer<br>• Brandweer- en nooddienste<br>• Padreëls<br>• Openbare orde<br>• Veiligheid<br>• Ondersoeke |


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

**TABEL 2:** Die struktuur, funksies en verantwoordelikhede van die Orania Dorpsadministrasie *(vervolg)*

| **Funksies** | **Verantwoordelikhede** |
|---|---|
| **Bevorderingsfunksies** | |
| Beplanning en grondgebruik | • Geïntegreerde ontwikkelingsplan<br>• Grondgebruik en uitbreidingsbeplanning<br>• Instandhouding van grondgebruikbestuurskema<br>• Instandhouding van GIS<br>• Bouinspeksies |
| Regspleging en verblyf-regsadministrasie | • Mediasies<br>• Arbitrasies<br>• Dissiplinêre verhore<br>• Reëlformulering<br>• Administrasie van die verblyfregsbeleid<br>• Verwerking van verblyfregsaansoeke<br>• Administrasie van verblyfregsonderhoude<br>• Oriëntering |
| Gemeenskapsdienste | • Gesondheidsdienste<br>• Maatskaplike dienste<br>• Biblioteek- en museumdienste<br>• Parke en ontspanning<br>• Skoonmaakdienste<br>• Instandhouding van openbare geboue<br>• Arbeidsontwikkeling en -opleiding<br>• Estetika van dorp en voorkoms<br>• Dierebeskerming |
| Ingenieursdienste (gelewer deur Orania Infrastruktuur, ’n filiaal van die OAB) | • Elektrisiteit<br>• Water<br>• Sanitasie<br>• Paaie<br>• Stormwater<br>• Instandhouding: Geboue<br>• Instandhouding: Voertuie en toerusting<br>• Afvalbestuur en herwinning |
| Inligting en skakeling | • Algemene kommunikasie<br>• Radioprogramme<br>• Elektroniese kennisgewings<br>• Inligtingsvergaderings<br>• Openbare deelnameprosesse |

**Bron**: Orania Dorpsraad (2022b)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

## 5. Gevolgtrekking

Hoewel die Orania Dorpsraad tipiese plaaslike regeringsfunksies verrig, is dit nóg ’n plaaslike, ’n distriks- óf ’n metropolitaanse munisipaliteit. Gevolglik bly die vraag wat hierdie studie tot gevolg gehad het: Is Orania ’n plaaslike regering? Om hierdie vraag te beantwoord, moes ons ’n paar treë terug tree om te vra: Wat is “plaaslike regering”, en hoe kan die werklikheid waarna die begrip verwys, verstaan en herken word?

Hierdie artikel vertrek gevolglik van ’n begripsraamwerk (kyk weer na Figuur 1) van “plaaslike regering” waarvolgens dit van ander regeringsvlakke onderskei kan word op grond van sy institusionele eienskappe, die plaaslike aard van sy owerheidsfunksies en die plaaslike territoriale afbakening van sy jurisdiksiesfeer. Aanvullend tot die begripsraamwerk is ’n sosiale ontologie van sorg (kyk weer na Tabel 1) as teoretiese lens gebruik om Orania as ’n geval van plaaslike regering te ontleed, beskryf en verstaan.

Die ontleding en ontiese beskrywing van Orania aan die hand van die begripsraamwerk wys dat die verskynsel Orania wel beskik oor ’n territoriale jurisdiksiesfeer (die Orania Oorlegsone), ’n demokraties verkose verteenwoordigende raad (die OVR) en ’n dorpsadministrasie (die Dorpsraad) wat ’n reeks funksies en verantwoordelikhede van ’n plaaslike aard verrig (kyk weer na Tabel 2). Hoewel Orania nie binne die Suid-Afrikaanse konteks ’n munisipaliteit is nie, voldoen dit wel aan die kenmerke van die begrip “plaaslike regering” soos aangetoon in die begripsraamwerk.

Die bykomende teoretiese lens van die sosiale ontologie van sorg wys vir ons dat Orania as plaaslike regering ’n menslike konstruk is wat dit moeilik maak om objektief waar te neem en te beskryf. Voorts bestaan dit as synde (Dasein) uit onderling verbonde individue en sosiale instellings gesitueerd binne oorvleuelende menslike, spirituele, natuurlike, territoriale en staatkundige wêrelde. Die eintlikheid of outentiekheid van hierdie Dasein is gesetel in sy besorgdheid oor die dinge van die wêreld waarin hy gesitueerd is en die sorgsaamheid waarmee hy in-samesyn-met-ander sy funksies verrig. ’n Plaaslike regering wat nie omgee vir sy wêreld en mense nie is by implikasie oneintlik en in wese nie ’n plaaslike regering nie. ’n Opvolgstudie is nodig om die eienskappe van ’n “eintlike” plaaslike regering te beskryf.

Wat leer hierdie gevallestudie ons oor die verskynsel plaaslike regering? Eerstens bevestig dit dat die begripsraamwerk en sosiale ontologie van sorg wel ’n werkbare manier is om die werklikheid van plaaslike regering te beskryf en te verstaan. Hoewel die territoriale begrensing ’n noodsaaklike afbakening van die jurisdiksie van ’n plaaslike regering is, is die gebied se betekenis as plek vir sy gemeenskap heel waarskynlik nie vir alle gevalle van plaaslike regering dieselfde nie. Die rede hiervoor kan in die antesedente (kyk na Figuur 1) daarvan gevind word. Die afgebakende plek is vry algemeen die resultaat van eksterne magtigende maatreëls of besluite deur ander jurisdiksies (soos provinsie, (deel-)staat en nasionale staat) wat nie noodwendig ’n besondere band tussen gemeenskap en plek moontlik maak nie. Wat hierdie spesifieke geval betref, is die territoriale gebied die resultaat van die aankoop en bewerking van grond deur lede van ’n homogene gemeenskap. Die gebied is dus die plek waartoe hierdie gemeenskap hul verbind.

So is die institusionele aspek van plaaslike regering waarskynlik ook wêreldwyd ’n kenmerk van plaaslike regering. Die aard en omvang van die institusionele struktuur is dikwels ook die resultaat van gestandaardiseerde eksterne magtigende maatreëls of besluite deur ander jurisdiksies. Die moontlikheid bestaan dus dat die strukture nie noodwendig met die behoeftes en hulpbronne van die soms diverse samelewing wat die inwoners van so ’n gebied uitmaak, resoneer nie. In die geval wat hierdie studie bestudeer, blyk die institusionele struktuur van


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a2

die plaaslike regering direk deur die gemeenskap, soos verteenwoordig deur ’n verskeidenheid grondentiteite, bepaal te word aan die hand van die betrokke gemeenskap se behoeftes en beskikbare hulpbronne.

Die verrigting van ’n beperkte reeks plaaslike funksies kan ook as ’n universele kenmerk van plaaslike regering beskou word. Die aard en omvang van daardie funksies mag verskil. In hierdie geval word die funksies van die betrokke plaaslike regering deur sy besluitnemende instellings soos die Dorpsraad in oorleg met die gemeenskap soos verteenwoordig deur die onderskeie grondentiteite bepaal. Gevolglik word tipiese plaaslike regeringsfunksies volgens die behoeftes en beskikbare hulpbronne van die gemeenskap verrig. Nietipiese plaaslike owerheidsfunksies, soos die verblyfregsfunksie, word binne die raamwerk van die 1996 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ander nasionale wetgewing verrig.

’n Eintlike plaaslike regering is dus een wat ’n integrerende deel van sy plaaslike gemeenskap en omsluitende wêrelde is, voortdurende ongemak met die hede beleef en sy rol as plaaslike regering binne sy gemeenskap en oorvleuelende leefwêrelde met sorg, besorgdheid en sorgsaam vervul.

Die daaglikse lewensgehalte van mense word inderdaad wêreldwyd in wisselende mate deur plaaslike regerings bepaal; daardie regeringsvlak die naaste aan plaaslike gemeenskappe. So is dit geen geheim nie dat plaaslike regerings dikwels nie daarin slaag om in die spesifieke behoeftes van hul inwoners te voorsien nie. Ingevolge die sosiale ontologie van sorg is daardie plaaslike regerings moontlik nie-outentieke of on-eintlike plaaslike regerings. ’n Eintlike plaaslike regering is een wat ’n integrerende deel van sy plaaslike gemeenskap en omsluitende wêrelde uitmaak, wat gevolglik voortdurende ongemak met die hede beleef en wat sy rol as plaaslike regering binne sy gemeenskap en oorvleuelende leefwêrelde met sorg, besorgdheid en sorgsaamheid vervul. Wat is dus nodig vir ’n plaaslike regering om outentiek te wees, en hoe weet ons dat ’n plaaslike regering wel outentiek is?

Hierdie vrae het te make met die antesedente en gevolge van die begrip “plaaslike regering”. Die begrip “antesedent” verwys na daardie handelinge, gebeure of oorsake wat in plek moet wees vir ’n begrip en sy verskynsel om te bestaan terwyl die gevolge van ’n begrip verwys na die gebeure of ervarings wat die gevolg is van die bestaan van die begrip en sy verskynsel. Die onbeantwoorde vrae is gevolglik: Wat is die antesedente wat die ontstaan en bestaan van Orania as plaaslike regering moontlik maak, en watter gevolge spruit voort uit die bestaan van Orania as plaaslike regering? Hierdie twee vrae word in ’n volgende artikel beantwoord.

## BIBLIOGRAFIE


Acharya, KK & Scott, J. 2022. A study of the capabilities and limitations of local governments in providing community services in Nepal. *Public Administration and Policy,* 25(1):64-77. doi: 10.1108/PAP-01-2022-0006. Beskikbaar by: https://search.proquest.com/docview/2660952415.

Biljohn, MIM & Lues, L. 2020. Citizen Participation, Social Innovation, and the Governance of Local Government Service Delivery: Findings from South Africa. *International Journal of Public Administration,* 43(3):229-241. https://doi.org/10.1080/01900692.2019.1628052.

Bispham, E, Harrison, T & Sparkes, BA. 2006. *The Edinburgh companion to ancient Greece and Rome.* Edinburgh: Edinburg University Press.

Boshoff, C. 2024. E-pos-kommunikasie (21 April 2024).

De Beer, CS. 1975. Die metafisika van Martin Heidegger. Doktorale studie, Universiteit van Pretoria.

De Beer, CS. 1991. Kan instellinge ooit oor voldoende rede beskik? *SAIPA – Tydskrif Vir Publieke Administrasie,* 26(2):75-93.

De Beer, CS. 2014. Reading: The understanding and invention of meaning. In Wessels, JS, Pauw, JC & Thani, XC. (Eds). *Reflective Public Administration: Context, knowledge and methods.* Pretoria: Unisa Press, pp. 207-223.

De Beer, FC. 2006. Exercise in futility or dawn of Afrikaner self-determination: An exploratory ethno-historical investigation of Orania. *Anthropology Southern Africa*, 29(3-4):105-114. doi: 10.1080/23323256.2006.11499936. Beskikbaar by: https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/23323256.2006.11499936.

Ebneyamini, S & Moghadam, MRS. 2018. Toward developing a Framework for conducting case study research. *International Journal of Qualitative Methods*, 17(1): 160940691881795. doi: 10.1177/1609406918817954. Beskikbaar by: http://journals.sagepub.com/doi/10.1177/1609406918817954.

Goosen, D. 2015. *Oor gemeenskap en plek: Anderkant die onbehae.* Pretoria: FAK.

Heidegger, M. 1962. *Being and Time* (translated by John Macquarrie and Edward Robinson*).* Oxford: Blackwell.

House of Commons. 1834. *Commons Chamber: Debated on Monday 26 May 1834.* 23. London. Beskikbaar by: https://hansard.parliament.uk/Commons/1834-05-26/debates/ed59e361-9518-41ce-8efb-45168e96ed55/CommonsChamber .

Joubert, F, Laäs, A, Laäs, AM, Rossouw, J & Vermeulen, C. 2022. 'n Perspektief op Orania se OSK Koöperatiewe Bank Beperk. *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe,* 62(4):812-829. doi: 10.17159/2224-7912/2022/v62n4a11.

Khambule, I. 2021. The District Development Model: Towards a Capable Local Developmental State in South Africa. *Journal of Public Administration*, 56(3):507-523.

Loxton, A. 1994. Public functions and public institutions: A criteriological approach to the functional structure of central government administration in a liberal democracy, with particular reference to South Africa. *Journal of Public Administration*, 29(2):87-147.

Malan, K. 2022. Wat van plekke, rolle en ampte? Want die reg gaan oor meer as individuele regte. *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe,* 62(1):40-71. doi: 10.17159/2224-7912/2022/v62n1a3.

Municipalities South Africa. n.d. *Thembelihle Local Municipality (NC076).* Beskikbaar by: https://municipalities.co.za/overview/1178/thembelihle-local-municipality [Afgelaai: Januarie 19, 2024].

Orania Beweging. 2024a. *Aktiwiteite.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/filiale-dorpsraad/ [Afgelaai: 15 Maart 2024].

Orania Beweging. 2024b. *Leierskap van Orania Aandeleblok (RF) (EDMS.) BPK.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/leierskap-2/ [Afgelaai: 11 Januarie 2024].

Orania Beweging. 2024c. *Ontdek Orania.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/ [Afgelaai: 19 Januarie 2024].

Orania Beweging. 2024d. *Orania Verteenwoordigende Raad (OVR).* Beskikbaar by: https://orania.co.za/ovr/ [Afgelaai: 11 Januarie 2024].

Orania Beweging. 2024e. *ORASOL: Orania se eie sonplaas en die eerste stap na energie-onafhanklikheid.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/kyk-video-orasol-orania-se-eie-sonplaas-en-die-eerste-stap-na-energie-onafhanklikheid/ [Afgelaai: 27 Maart 2024].

Orania Dorpsraad. 2022a. *Orania besigheidsopname.* Orania: Orania Dorpsraad.

Orania Dorpsraad. 2022b. *Orania Dorpsraad bedryfstruktuur en verantwoordelikhede Januarie 2022.* Orania: Orania Dorpsraad.

Orania Dorpsraad. 2022c. *Orania sosio-ekonomiese opname 2022.* Orania: Orania Dorpsraad.

Orania Dorpsraad. 2022d. *Orania Verblyfregbeleid.* Orania: Dorpsraad.

Pauw, JC. 2015. Oplettende na die letter ... Oftewel: Die vermoë om aan 'n stuk papier gehoorsaam te wees. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(4):618-631. doi: 10.17159/2224-7912/2015/v55n4a8.

Republiek van Suid-Afrika. 2008. Maatskappywet 71 van 2008. *Staatskoerant Nr 32121 (2009-04-09),* Beskikbaar by: https://www.auditpartners.co.za/docs/Maatskappywet%2071%20van%202008.pdf [Afgelaai: 29 Maart 2024].

Republiek van Suid-Afrika. 2013. Ruimtelike Beplanning en Grondgebruik Bestuurswet, Wet 16 van 2013. *Staatskoerant Nr 38828.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 2000. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000. *Staatskoerant No 21776.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig tot en met 2012.* Pretoria: Staatsdrukker.

Rossouw, J. 2023. 'n Beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021 (An estimate of the annual personal income and annual household income of Orania in 2021). *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe,* 63(4):903-320. doi: 10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8.

Rule, P & John, VM. 2015. A necessary dialogue: Theory in case study research. *International Journal of Qualitative Methods,* 14(4) doi: 10.1177/1609406915611575.

Scruton, R. 2007. *The Palgrave Macmillan Dictionary of Political Thought.* 3de uitgawe. London: Palgrave Macmillan.

Seawright, J & Gerring, J. 2008. Case selection techniques in case study research: A menu of qualitative and quantitative options. *Political Research Quarterly,* 61(2):294-308. doi: 10.1177/1065912907313077.

Senekal, BA. 2019. 'n Netwerkontleding van die instellingsnetwerk op Orania. *Litnet Akademies,* 16(3):1-24. Beskikbaar by: https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2019/12/LitNet_Akademies_16-3_Senekal_1-24.pdf.

Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe,* 61(2):526-550. doi: 10.17159/2224-7912/2021/v61n2a8.

Snyman, G. 2024. E-pos-kommunikasie (8 April 2024).

Statistics South Africa. n.d. *Census 2011.* Beskikbaar by: https://census2011.adrianfrith.com/place/374003.

Stiegler, B. 2013. Uncontrollable societies of disaffected individuals. *Nordic Journal of Aesthetics,* 23(44-45):129-134.

Tempelhoff, J. 2011. Local Service Delivery Problems and Trends in South Africa's Water Governance (1994-2010). *Journal for Contemporary History,* 36(3):81-100.

Thembelihle Local Municipality. 2022. *Thembelihle Local Municipality Land Use Scheme 2022.* Thembelihle Local Municipality.

Thembelihle Municipal Manager. 2022a. Orania Overlay Zone: Land portions within the delineated area of Orania Verteenwoordigende Raad.

Thembelihle Municipal Manager. 2022b. The relationship of mutual understanding, acknowledgement and cooperation between Thembelihle Local Municipality and Orania Verteenwoordigende Raad.

Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit. 2022. Voorbereiding van 'n allesomvattende grondbestuurskema vir Thembelihle Plaaslike Munisipaliteit. *Noord-Kaap Provinsiale Koerant,* 29(25-24): -07-25: 11.

Van Zyl, J. 2024. Orania: Verblyfreg: E-pos kommunikasie (24 Maart 2024).

Villa, L. 2004. Public service, private entity: Should the nature of the service or entity be controlling on issues of sovereign immunity? *St. John's Law Review,* 78(4) Beskikbaar by: https://search.proquest.com/docview/216773988.

Waarnemende Regter-President Buys 2000. *In die saak van Orania Verteenwoordigende Oorgangsraad, Orania Inwonersvereniging en die President van die Regering van die RSA in die Hooggeregshof van Suid-Afrika – Noord-Kaapse afdeling (Saak no. 1148/00).*

Walker, LO & Avant, KC. 2014. *Strategies for theory construction in nursing.* Harlow: Pearson.

WAT. n.d. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal.* [Geraadpleeg: 19 Januarie, 2024].

Wessels, JS, Potgieter, T & Naidoo, T. 2021. Researched cases: Authentic scenarios as a way of learning for public administrators. In Wessels, JS, Potgieter, T & Naidoo, T. (Eds). *Public Administration Challenges: Cases from Africa.* Cape Town: Juta, pp. 353-368.

Wessels, JS. 2023a. Local government: A social ontology of care. *Public Governance, Administration and Finances Law Review,* 8(2):41-72. doi: 10.53116/pgaflr.7061.

Wessels, JS. 2023b. Etiek van leeshandelinge: 'n Suid-Afrikaanse geval (The ethics of reading: A South African case). *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe,* 63(4):971-995. doi: 10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12.

Yin, RK. 2018. *Case study research and applications: Design and methods.* 6th edition. Los Angeles: SAGE.

Zongozzi, JN & Wessels, JS. 2017. Case studies in South African Public Administration: A review of master's dissertations from 2005 to 2012. *Journal of Public Administration,* 52(1):260-274.

# Antesedente en gevolge van plaaslike regering: Orania as ’n nietipiese Suid-Afrikaanse geval

***Antecedents and consequences of local government: Orania as a non-typical South African case***

**J S Wessels**
Departement Publieke Administrasie en Bestuur
Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: wessejs@icloud.com
Orchid ID: http://orcid.org/0000-0002-5472-7921



Kobus Wessels

**JS (Kobus) Wessels** is ’n professor in Publieke Administrasie aan Unisa en ’n NRF-gegradeerde navorser. Sy navorsing fokus op betekenisvolle kennis oor publieke administrasie. Hy is mede-redakteur van en bydraer tot verskeie vakkundige boeke, outeur en mede-outeur van ongeveer 60 portuurbeoordeelde publikasies, asook verskeie ander bydraes en verslae.

**JS (Kobus) Wessels** is a professor of Public Administration at Unisa and a NRF rated researcher. His research focuses on meaningful knowledge about public administration. He is co-editor of and contributor to several scholarly books, and has authored and co-authored about 60 peer-reviewed publications as well as several other contributions and reports.

**ABSTRACT**

***Antecedents and consequences of local government: Orania as a non-typical South African case***

*Local government is distinguished from other spheres of government based on its unique institutional characteristics, the local nature of its governmental functions, and the territorial delineation of its local jurisdiction. Despite being localised, local governments often fail to meet the specific needs of their residents. The implication is that they are not authentic local governments. This article examines two aspects that have an impact on the authenticity of a local government: the necessary conditions (antecedents) for and the consequences of an authentic local government. These aspects are considered through a case study of Orania as a non-typical instance of a South African local government. A conceptual framework and a social ontology of care are used as theoretical lenses to analyse and understand the antecedents and consequences of a local government. In the preceding article, it was reported that the case of Orania does indeed align with the characteristics associated with the concept of “local government”. The antecedents of local government have been shown to be authorisation,*

**Datums:**
Ontvang: 2024-04-04 Goedgekeur: 2024-08-15 Gepubliseer: September 2024

*residents, natural and physical location, cooperative governments, and capabilities. It appears that Orania did not originate due to authorising measures such as the Constitution and subsequent legislation. Instead, it came about because of a cultural community's aspirations and the subsequent acquisition of a piece of land while obtaining legal authorisation at a later stage by means of an order of the High Court. The residents of Orania do not seem to be accidental inhabitants; but are residents based on their alignment with Orania's founding principles. The unique physical location of Orania was deliberately chosen and plays a crucial role in the provision of energy, water, and other infrastructure-related services by the Orania Town Council and administration. The Town Council and its administration appear to have sufficient funds, competent and ethical council members and officials to carry out its functions and create a home for its community. Regarding the consequences of local government, the Orania community seems to experience a good quality of life while actively engaging in various community organisations, participating in the democratic election of an accountable Orania Representative Council (OVR) and Town Council, receiving sustainable municipal services, and witnessing social and economic development. Additionally, they enjoy a safe and healthy environment. An authentic local government is thus one that is integrally connected to its local community and the surrounding world. It continually grapples with present challenges and genuinely cares for its community and the world it inhabits. Orania, therefore, appears to embody the characteristics of a local government.*

**KEYWORDS:** Orania; social ontology; care; local government; municipality; concept analysis; antecedent; consequence; quality of life; sustainable services

**TREFWOORDE:** Orania; sosiale ontologie; sorg; plaaslike regering; munisipaliteit; begripsontleding; antesedent; gevolglikheid; lewensgehalte; volhoubare dienslewering

**OPSOMMING**

Hierdie artikel ondersoek twee aspekte wat die outentiekheid van 'n plaaslike regering raak, naamlik die antesedente en die gevolglikheid daarvan. 'n Begripsraamwerk en 'n sosiale ontologie van sorg van "plaaslike regering" is as teoretiese lense vir die ondersoek gebruik. Wat die antesedente van plaaslike regering betref (magtiging, inwoners, natuurlike en fisiese ligging, samewerkende regerings, en vermoëns), het Orania nie as gevolg van magtigende maatreëls soos die Grondwet en voortspruitende wetgewing ontstaan nie, maar as gevolg van 'n kultuurgemeenskap se strewe en gevolglike aankoop van 'n stuk grond. Anders as die inwoners van munisipaliteite in die res van Suid-Afrika het Orania se inwoners verblyfreg verkry op grond van hul onderskrywing van Orania se ontstaansredes. Die eiesoortige fisiese ligging van Orania is doelbewus deur die grondleggers gekies en is bepalend vir die voorsiening van energie, water en ander infrastruktuur-verwante dienste deur Orania Dorpsraad. Die dorpsadministrasie blyk voorts oor voldoende fondse, raadslede en amptenare te beskik om sy funksies uit te voer en sodoende 'n tuiste vir sy gemeenskap te skep. Wat die gevolglikheid van plaaslike regering betref (lewensgehalte, demokratiese en verantwoordelike regering, volhoubare dienslewering, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, en veilige en gesonde omgewing) blyk die Orania inwonersgemeenskap goeie lewensgehalte te ervaar. Hulle blyk deurlopend betrokke te wees by verskeie gemeenskapsorganisasies, 'n demokratiese en verantwoordingspligtige Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) en dorpsadministrasie. Voorts ontvang hulle volhoubare munisipale dienslewering, ervaar maatskaplike en ekonomiese

ontwikkeling en leef in ’n veilige en gesonde omgewing. ’n Outentieke plaaslike regering blyk een te wees wat goed geïntegreer is met sy plaaslike gemeenskap en omsluitende wêrelde, voortdurend ongemaklik is met die hede, en met sorg, besorgdheid en sorgsaamheid daarop reageer. Orania is klaarblyklik só ’n plaaslike regering.

## 1. Inleiding

Plaaslike regering word van ander regeringsvlakke onderskei op grond van sy eiesoortige institusionele eienskappe, die plaaslike aard van sy owerheidsfunksies en die territoriale afbakening van sy plaaslike jurisdiksiesfeer. Ten spyte van die plaaslikheid van hierdie regeringsentiteit, slaag plaaslike regerings dikwels nie daarin om in die spesifieke behoeftes van hul inwoners te voorsien nie. Die vraag is: Waarom nie?

’n Kort antwoord sal wees: ’n Plaaslike regering wat nie in die behoeftes van sy plaaslike samelewing voorsien nie, is on-eintlik of nie outentiek nie – dus nie trou aan sigself nie. Hierdie antwoord gee aanleiding tot ’n volgende vraag: Wat is ’n eintlike plaaslike regering? Die antwoord op hierdie vraag kan gevind word in ’n begripsraamwerk van “plaaslike regering” (kyk na Figuur 1 in Wessels, 2024) en ’n sosiale ontologie van sorg (Wessels, 2023a). Hiervolgens is ’n plaaslike regering ’n institusionele, handelende en territoriale eenheid verbind deur hul gemeenskaplike ongemak met die hede en hul gemeenskaplike sorgsame handelinge, gesitueerd binne ’n diverse, veelvlakkige en onderling verbonde wêreld. ’n Kernbegrip is “sorg”, soos in besorgdheid en sorgsaamheid.

Hoe lyk so ’n plaaslike regering? ’n Gevallestudie van Orania as ’n nietipiese geval van plaaslike regering binne die Suid-Afrikaanse konteks, bevestig dat die begripsraamwerk en sosiale ontologie van sorg wel ’n werkbare manier is om die werklikheid van plaaslike regering te beskryf en te verstaan. Orania voldoen wel aan die eienskappe van ’n plaaslike regering soos opgeneem in die begripsraamwerk. Voorts blyk dit uit die gevallestudie dat ’n outentieke (eintlike) plaaslike regering een is wat ’n integrerende deel van sy plaaslike gemeenskap en omsluitende wêrelde uitmaak, wat gevolglik voortdurende ongemak met die hede beleef en wat sy rol as plaaslike regering binne sy gemeenskap en oorvleuelende leefwêrelde met sorg, besorgdheid en versorging vervul (Wessels, 2024).

Dit bring ons by die volgende twee vrae: Wat is nodig vir ’n plaaslike regering om outentiek te wees? Wat is die gevolge van die teenwoordigheid van ’n outentieke plaaslike regering? Hierdie vrae het te make met wat in die begripsraamwerk aangetoon word as die antesedente en gevolge van die begrip “plaaslike regering”. Die beantwoording van hierdie twee vrae het deel uitgemaak van ’n gevallestudie waaroor in die artikel “Plaaslike regering – ’n sosiale ontologie van sorg: Orania as ’n nietipiese geval” (Wessels, 2024) berig is.

Die doel van die huidige artikel is om ter beantwoording van die voorgaande twee navorsingsvrae verslag te doen oor die antesedente en gevolge van die begrip “plaaslike regering” soos waargeneem in Orania as ’n nietipiese Suid-Afrikaanse geval van plaaslike regering. Die navorsingsontwerp vir hierdie studie is volledig uiteengesit in die voormelde artikel, opgeneem in hierdie uitgawe (Wessels, 2024), en word dus nie in hierdie artikel herhaal nie.

## 2. Antesedente vir plaaslike regering

Wat is nodig vir ’n plaaslike regering om outentiek te wees? Hierdie vraag lei ’n mens na die gedeelte van die begripsraamwerk (kyk na Figuur 1 in Wessels, 2024) wat na antesedente van die begrip verwys. Die begrip “antesedent” verwys na daardie handelinge, gebeure of oorsake wat in plek moet wees vir die bestaan van ’n begrip en die verskynsel waarna dit verwys. Dit is dus iets soos ’n noodsaaklike voorwaarde (Wessels, 2023a:49). Die vraag wat hierdie gedeelte rig, is die volgende: Tot watter mate is die vyf antesedente vir plaaslike regering wat in die 2023-studie geïdentifiseer is (Wessels, 2023), van toepassing op Orania? Ek ontleed die geval van Orania gevolglik aan die hand daarvan.

### *2.1 Grondwetlike en statutêre voorsiening*

Op die begripsvlak kan geargumenteer word dat magtigende maatreëls (grondwetlik, statutêr en beleide) nodig is vir ’n plaaslike regering om te bestaan (Wessels, 2023a: 49-50). Binne die Suid-Afrikaanse konteks maak hoofstuk 7 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Republiek van Suid-Afrika, 1996) voorsiening vir die bestaan van plaaslike regering as ’n derde owerheidsfeer. Aanvullend tot die Grondwet, maak die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, Wet 27 van 1998 (Republiek van Suid-Afrika, 1998a) voorsiening vir die afbakening van munisipale grense, en die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998 (Republiek van Suid-Afrika, 1998b) vir die totstandkoming van munisipaliteite. Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 (Republiek van Suid-Afrika, 2000) bepaal die kernbeginsels, meganismes, prosesse en wetlike aard van ’n munisipaliteit. Verskeie ander wette, regulasies en beleidsdokumente maak ook deel uit van ’n omvangryke lys van magtigende maatreëls wat die bestaan en funksionering van plaaslike regering in Suid-Afrika moontlik maak. Plaaslike regering in Suid-Afrika het in sy huidige formaat tot stand gekom as gevolg van die 1996 Grondwet en die wette wat daaruit voortgespruit het. Hierdie magtigende maatreëls het nie slegs plaaslike regering moontlik gemaak nie, maar was afdwingbaar. Hoe raak hierdie magtigende maatreëls Orania?

Anders as al die ander plaaslike regerings in Suid-Afrika, het Orania as plaaslike regering nie ingevolge enige van die voormelde magtigende maatreëls tot stand gekom nie. Die dorp Orania is in 1991 deur sy stigters gekoop “met die doel om as vestigingspunt vir Afrikanerselfbeskikking te dien en sal ook deur ons en ons nageslag verder uitgebrei en ontwikkel word” (Orania Dorpsraad, 2022c: A). Die ontstaan van Orania is dus nie deur ’n grondwet of wet gemagtig nie, maar is moontlik gemaak deur ’n doel of strewe van ’n groep mense. Hierdie doel of bestaansrede word in die 2021-sosio-ekonomiese opname onder inwoners van Orania bevestig met 59% van die respondente wat “Vryheid vir Afrikaners” as bestaansrede aantoon (Orania Dorpsraad, 2022b:11).

De Beer (1991) beskryf die rol van (bestaans-)redes treffend in sy artikel “Kan instellinge ooit oor voldoende rede beskik?” soos volg:

> In die totstandkoming en funksionering van instellinge speel die ... redes wat aangevoer word ’n allesbepalende rol. Wie ook al nie bereid is om die redes te aanvaar of hulle met die doelwitte te vereenselwig nie, word uitgesluit, of nog meer gepas, sluit hulleself uit... Die aanvoer van redes, die stel van doelwitte en die skepping van orde vorm saam die betekenisgewende aktiwiteit van instellinge. (De Beer, 1991:76)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

Die totstandkoming van 'n instelling soos 'n plaaslike regering het dus meer as net magtigende maatreëls nodig, maar 'n strewe, oftewel 'n rede. De Beer (1991:92) wys egter ook op die gevaar van die "dodelike houvas" wat rede in die vorm van 'n gesaghebbende beginsel op ons kan hê. Hy bepleit gevolglik die agterlaat van reëlbeheerde prosesse en vaste besluitnemingsprosedures ten gunste van "die spel van die rede" en 'n praktyk van universele ontoereikendheid wat "elke instelling spelend kan bevry" (De Beer, 1991:92-93).

In sy spel van die rede en die ontoereikendheid daarvan het Orania met verdrag sy beslag as plaaslike regering gekry. Eers as die Orania Verteenwoordigende Oorgangsraad in 1995, wat by wyse van Provinsiale Proklamasie 65 van 11 September 1995 (Provinsie Noord-Kaap, 1995) ingevolge die Oorgangswet op Plaaslike Regering 209 van 1993 (Republiek van Suid-Afrika, 1994) afgekondig is. Hierdie proklamasie is op 4 Desember 2000 opgevolg met 'n lasgewing van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Noord-Kaapse Afdeling) in 'n saak tussen onder meer die Orania Verteenwoordigende Oorgangsraad (OVO) en die Orania Inwonersvereniging (applikante) en die President van die Republiek van Suid-Afrika en 47 ander respondente. Ingevolge hierdie lasgewing, hangende die beregtiging en finale afhandeling van die betrokke aansoek, behou die OVO sy bestaande regte en bly "voortbestaan as 'n entiteit vir doeleindes van onderhandelinge en litigasie" soos deur Artikel 38 van die 1996 Grondwet voorsien (Waarnemende Regter-President Buys, 2000). Voorts het die hof gelas dat die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998 (Republiek van Suid-Afrika, 1998b), soos gewysig, ten volle uitgevoer en toegepas word.

Die OVO het nie slegs voortbestaan nie, maar word opgeneem in die Thembelihle Grondgebruikskema (Thembelihle Local Municipality, 2022: Section 25) wat die Orania Oorlegsone beskryf as "coherent and self-sufficient" en "an already well-established traditional cultural community within the framework of sustainable development". Die waarnemende Munisipale Bestuurder van die Tembelihle Plaaslike Munisipaliteit bevestig voorts dat Orania nie slegs hul eie fiskale basis het nie, maar ook self hul munisipale dienste lewer en vir hul eie grondgebruiksbestuur verantwoordelik is (Thembelihle Municipal Manager, 2022). Daar kan dus uit die voorgaande afgelei word dat Orania, synde Orania Oorlegsone of Orania Verteenwoordigende Raad, nie ingevolge enige grondwetlike en statutêre voorsiening tot stand gekom het nie, maar wel binne die raamwerk van daardie maatreëls 'n regsentiteit is en regtens gemagtig is om munisipale funksies te verrig.

## *2.2 Inwoners*

'n Tweede voorwaarde vir die bestaan van 'n plaaslike regering is die teenwoordigheid van inwoners en by implikasie 'n plaaslike samelewing en plaaslike gemeenskappe. Hierdie antesedent fokus hoofsaaklik, maar nie uitsluitlik nie, op dít waarna die begrip "inwoners" verwys. Ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels van 2000 (Republiek van Suid-Afrika, 2000: Artikel 1) is 'n inwoner "'n persoon wat gewoonlik in die munisipaliteit woonagtig is". "Plaaslike gemeenskap" het 'n veel omvattender betekenis en sluit in die inwoners en belastingbetalers van die munisipaliteit, enige burgerlike en nieregeringsorganisasies wat by plaaslike sake betrokke is, besoekers wat vir die duur van hul besoek van die munisipaliteit se dienste en fasiliteite gebruik maak, asook "die armes en ander benadeelde sektore van sodanige liggaam van persone" (Republiek van Suid-Afrika, 2000: Artikel 1).

Gedagtig aan die doel waarvoor Orania in 1991 tot stand gekom het, het "inwoners" hier 'n baie spesifieke betekenis. Hoewel dit ook na persone wat gewoonlik daar woonagtig is verwys, is daar 'n bykomende vereiste naamlik dat hulle suksesvol om verblyfreg aansoek


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

gedoen het (Orania Beweging, 2024d; Van Zyl, 2024). Vir dié doel is die Orania Verblyfsregbeleid opgestel om vir 'n deursigtige formele aansoekproses voorsiening te maak (Orania Beweging, 2024d). Hierdie proses kan vergelyk word met erkende immigrasieprosesse wat deur nasionale state gevolg word. Ingevolge hierdie beleid moet voornemende inwoners hulself tot die volgende verbind:

> Orania se aard, grondslag en strewe, wat verseker dat inwoners Orania se Christelike waardes en oortuigings deel, by ons kultuur en gebruike inskakel en 'n bydrae tot die behoud en opbou van ons gemeenskap lewer... (Orania Beweging, 2024d:3)

Persone wat hul tot die voorgaande verbind, word gevolglik geakkommodeer met inagneming van werklike behoeftes, vermoëns en beskikbare hulpbronne, hul inskakeling by Orania se beginsels van "eie arbeid, eie grond en eie instellings" en die nieblootstelling van die Orania-gemeenskap aan "onnodige risiko's" (Orania Beweging, 2024d:4). Die inwoners van Orania is dus deel van 'n vrywillige kultuurgemeenskap.

Ten einde die omvang van die moontlike invloed van hierdie antesedent op Orania as plaaslike regering te kan beoordeel, word die demografiese profiel van die inwoners verder ontleed. Dit blyk uit 'n sosio-ekonomiese opname wat in 2021 deur Urban-Econ Development Economists vir Orania gedoen is dat Orania in 2021 sowat 2 377 inwoners gehad het – 'n gemiddelde jaarlikse groei van 17% van die 1 085 inwonertal van 2014 (Orania Dorpsraad, 2022b:3). Hierdie groeikoers kontrasteer met groei in die getal inwoners van omliggende dorpe soos De Aar (1,1%), Petrusville (1,5%), Vanderkloof (1.5%) en Hopetown (1,1%). Dié betrokke verslag verskaf ook inligting oor die aantal huishoudings (649), gemiddelde ouderdomskategorie (35-39 jaar), kwalifikasies (71% graad 12 en hoër), werkstatus (werkloosheidskoers: 1,7%), ontwikkelingsbehoeftes, kerkverbande, klubs, verenigings en gemeenskapsinstellings, en sakeondernemings (Orania Dorpsraad, 2022b). In 'n studie oor die persoonlike en huishoudelike inkomste van Orania inwoners rapporteer Rossouw (2023:918) dat hul gesamentlike jaarlikse persoonlike inkomste teen 2021 sowat 300 miljoen Ora[1] en die jaarlikse huishoudelike inkomste teen 2021 sowat 200 miljoen Ora bedra het.

Benewens die inwoners van Orania, strek die grense van die Orania-gemeenskap veel wyer as die Orania Oorlegsone. Verskeie organisasies of instellings is werksaam as deel van die Orania-gemeenskap. Voorbeelde hiervan is die Orania Beweging (2024a), die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (2024), die Orania Sakekamer (2024), die Orania Groeifonds (2024), en die Vryheidstigting (2024). Die verskeidenheid gemeenskapsorganisasies blyk almal op die een of ander wyse aktief betrokke te wees in die gemeenskap van Orania as selfstandige dorp.

### *2.3 Natuurlike en fisiese ligging*

Daar word algemeen aanvaar dat die natuurlike en fisiese ligging van 'n plaaslike regering 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van die kenmerkende eienskappe daarvan. Hierdie ruimtelike elemente, soos dit ook bekend staan (Shackleton, Chinyimba, Hebinck, Shackleton & Kaoma, 2014), verwys onder meer na die klimaat, water, son, reënval, grond, natuurlike plantegroei, minerale, en topografiese verskynsels soos berge, riviere, woestyne en natuurlike

[1] Die Ora (ɸ) is Orania se eie ruilhandelmiddel. Dit is nie 'n geldeenheid nie, maar 'n koeponstelsel wat gerugsteun word deur Rande in die bank, die verhouding is dus 1:1. R1 = ɸ1 (Orania Beweging, 2024c; Rossouw, 2023).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

woude. So word die natuurlike en fisiese ligging van ’n plaaslike regering binne die Suid-Afrikaanse konteks in ag geneem by die afbakening of herafbakening van munisipale grense (Republiek van Suid-Afrika, 1998a: Artikel 24), asook by die beoordeling van risiko’s vir vloede en oorstromings van laagliggende areas (Chattaraj, Paul & Sarkar, 2021). ’n Studie van volhoubaarheid en infrastruktuurbeplanning in die stad Kaapstad deur Mark Swilling (2006) bevestig die belangrikheid van hierdie elemente in die beplanning vir ekologiese volhoubaarheid van ’n stad of dorp.

Wat Orania betref, is ’n biofisiese-omgewingsanalise deur MVD Kalahari Stads- en Streeksbeplanners (2020) in 2020 vir die Orania Verteenwoordigende Raad gedoen. Hierdie ontleding onderskei tussen verskeie elemente wat Orania se fisiese en natuurlike ligging kenmerk, naamlik die klimaat, fauna, topografie en landvorm, hidrologie, plantegroei, geologie en grondgesteldheid en fisiografie (MVD Kalahari Stads- en Streeksbeplanners, 2020:57-64). Orania se klimaat word gekenmerk deur uiterste temperatuurwisselings, soms erge wind en lae reënval (Orania Beweging, 2024b). Dit blyk dat die invloed van die Oranjerivier, die grootste rivier in Suid-Afrika, soos ’n goue draad deur al die voormelde elemente loop.[2] ’n Onttrekkingslisensie by die Departement van Waterwese magtig die dorp om water uit die rivier te onttrek (Orania Beweging, 2024e). Orania se eiesoortige natuurlike en fisiese ligging is dus ’n bepalende antesedent vir die aard en omvang van Orania se plaaslike regeringsfunksies.

### *2.4 Samewerkende regerings*

Gedagtig daaraan dat ’n plaaslike regering nie in isolasie bestaan nie, maar gewoonlik geleë is binne een of meer jurisdiksiesfere in ’n staat, word hier geargumenteer dat die ander jurisdiksiesfere ’n noodsaaklike voorwaarde is vir die bestaan van ’n plaaslike regering. ’n Plaaslike regering, synde ’n kollektiewe Dasein, is gesitueerd in-die-wêreld van regerings en in-samesyn-met-ander plaaslike owerhede. Binne die Suid-Afrikaanse konteks artikuleer artikel 154 van die Grondwet (Republiek van Suid-Afrika, 1996) hierdie in-die-wêreldheid van ’n plaaslike regering as munisipaliteite in samewerkende regering.

Wat Orania betref, stel die Orania Beweging[3] homself ten doel om “deurgaans opbouende naasbestaan met alle mede-Afrikaners, mede-Suid-Afrikaners en ander taal- en kultuurgemeenskappe te bevorder” (Orania Beweging, 2019: Artikel 5.5). Hoewel Orania nie ingevolge die Grondwet en verbandhoudende wette ’n *de jure* plaaslike owerheid of munisipaliteit is nie, wil dit voorkom asof dit *de facto* ’n plaaslike owerheid is met gevolglike samewerkende verhoudinge met die Pixley ka Seme Distriksmunisipaliteit, die Tembelihle Plaaslike Munisipaliteit, die Noord-Kaapse Provinsiale Regering, en verskeie nasionale staatsdepartemente in Suid-Afrika. Orania se in-die-wêreldheid en in-samesyn-met-anderheid kry ook amptelike status met die erkenning en insluiting van sy bestaande grondgebruikskema by dié van Thembelihle. Hierdie insluiting is amptelik gegrond op “constitutional provisions, agreements and accords of mutual understanding, cooperation and recognition, either formal

[2] Volgens Senekal (2021:530) is die Oranjeriviergebied reeds in 1963 deur dr HF Verwoerd as ’n vestigingsgebied vir blankes en later weer in die 1980’s deur die Vereniging van Oranjewerkers as ’n vestigingsgebied vir Afrikaners geïdentifiseer.

[3] Die Orania Beweging is ’n openbare vereniging sonder winsoogmerk gestig om “die herstel van die Afrikanergemeenskap se vryheid en die voortsetting daarvan in ’n eie, demokratiese republiek wat gegrond is op Christelike waardes en oortuigings en wat die toepaslike vorm en mate van selfstandigheid, in verhouding tot ander betrokke staatseenhede, nastreef” (Orania Beweging, 2019: Artikels 3 & 4).

or informal between the Orania Verteenwoordigende Raad and various levels and departments of government" (Thembelihle Local Municipality, 2022: Section 25).

### *2.5 Vermoë*

Die antesedent "vermoë" lei ons tot die vraag, wat is nodig vir 'n plaaslike regering as kollektiewe Dasein[4] wat sy funksies sorgsaam uitvoer, sy potensiaal ten volle verwesenlik om "eintlik" te wees? Acharya en Scott (2022:64) verwys in hierdie verband na 'n plaaslike regering se tegniese, administratiewe en fiskale vermoëns. Dit wil voorkom asof hierdie antesedent saamgevat kan word as die omvattende materiële en menslike vermoë wat nodig is vir 'n plaaslike regering om te kan wees. Ons kyk gevolglik na voldoende fondse, bevoegde raadslede en amptenare, en etiese leierskap as onderskeidende elemente van vermoë as antesedent vir plaaslike regering.

#### *2.5.1 Voldoende befondsing*

Die geldigheid van voldoende fondse as antesedent vir die bestaan, onafhanklikheid en voortbestaan van plaaslike regering word bevestig deur die wydlopende vakkundige literatuur oor munisipale finansies, begrotings en besnoeiings. Dit wil voorkom asof 'n plaaslike regering nie kan bestaan sonder die nodige fondse om sy funksies uit te voer nie. So het die wêreldwye nypende tekort aan fondse wat plaaslike regerings ervaar tot die afskaling in munisipale funksies en dienslewering gelei. In die Verenigde State van Amerika (VSA) is plaaslike regerings blootgestel aan begrotingsprobleme op nasionale en (deel-)staatsvlak wat gelei het tot toenemende druk op plaaslike regerings om te bespaar (Davidson, 2020). Dit het ook hul vermoë om dienste aan veral die kwesbare lede van die bevolking volhoubaar te lewer aangetas (Peck, 2013). So het die stad Vallejo in Kalifornië ná die 2008 finansiële krisis in die VSA die eerste plaaslike owerheid geword om vir bankrotskap aansoek te doen (Davidson, 2020). Ook in Brittanje is plaaslike owerhede afhanklik van 'n hoogs gesentraliseerde befondsingstruktuur (Dagdeviren & Karwowski, 2021). Hier het pogings om geld te bespaar gelei tot die "de-municipalisation" van parke met groter betrokkenheid van nasionale nieregeringsorganisasies (Smith, Whitten & Ernwein, 2023). Navorsers het voorts gevind dat die de-munisipaliseringstendens nie slegs parke se vermoë ingeperk het om as geïntegreerde infrastruktuur te dien nie, maar selfs pogings om stede meer volhoubaar en veerkragtig te maak (Smith, *et al*., 2023). Die voorgaande is voorbeelde van plaaslike regerings in die VSA en Brittanje wat veral as gevolg van sentrale owerheidsbesnoeiings finansieel swaar kry met gevolglike druk om van hul tradisionele funksies af te skaal.

Suid-Afrika is waarskynlik nie veel anders nie. Dit is insiggewend dat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Republiek van Suid-Afrika, 1996: Artikel 152(2)) baie spesifiek is oor die finansiële en administratiewe vermoë deur die volgende te bepaal: "'n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesenlik." Die sentrale owerheid speel 'n deurslaggewende rol in die beskikbaarheid van fondse vir plaaslike regering. Die Grondwet van die Republiek van Suid Afrika (Republiek van Suid-Afrika, 1996: Artikel 214) bepaal in hierdie verband dat 'n Parlementswet voorsiening moet maak vir die billike verdeling van inkomste wat op nasionale

---

[4] "Dasein" is 'n synsbegrip van Heidegger wat beteken "om daar te wees" – dus, "bestaan", "lewe", "teenwoordigheid" (De Beer, 1975:185).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

vlak ingevorder word, tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfeer. Ingevolge dié bepaling maak die Wet op Interregerings- Fiskale Betrekkinge, Wet 97 van 1997 (Republiek van Suid-Afrika, 1997) dan ook voorsiening vir die bevordering van "samewerking tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van regering oor fiskale, begrotings en finansiële aangeleenthede".

Wat is die situasie in Orania? Hoewel Orania nie 'n munisipaliteit ingevolge die Grondwet en ander nasionale wetgewing is nie, dra sy inwoners wel by tot die nasionale inkomste deur belasting te betaal. Dit blyk egter dat Orania as 'n afsonderlike entiteit nie by die verdeling van inkomste ingevolge die betrokke Wet ingereken word nie. Voorts bevestig die Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad dat hulle gevolglik geen fondse van die nasionale, provinsiale of plaaslike regerings ontvang nie (Snyman, 2024).

Die Orania Dorpsraad, synde die direksie van die Orania Aandeleblok (OAB), blyk wel oor voldoende fondse te beskik om sy funksies uit te voer. Die OAB se bedryfsbegroting word primêr deur heffings gefinansier en aangevul deur donasies van strategiese vennote. Die Orania Veiligheidsdienste (OVD) faktureer die OAB vir veiligheidsdienste gelewer terwyl Orania Infrastruktuur die koste vir grootmaatdienste direk van die aandeelhouers van ontwikkelings-verwante kapitaalprojekte verhaal (Snyman, 2024). Waar Orania uit verskeie grondentiteite bestaan, is hierdie entiteite self verantwoordelik om koste van entiteit-spesifieke dienste van hul lede of aandeelhouers te verhaal. Ooreenkomste tussen die OAB en grondentiteite vir die finansiering van generiese dienste soos veiligheid, verblyfreg en regspleging word in die vooruitsig gestel (Snyman, 2024).

### *2.5.2 Bevoegde verteenwoordigende raadslede en amptenare*

Met hierdie antesedent word geargumenteer dat 'n plaaslike regering kwalik kan bestaan en funksioneer sonder bevoegde verkose verteenwoordigers en amptenare. Indien dit so is dat die funksies van verteenwoordigende raadslede en amptenare binne Heidegger se filosofie van die *Dasein* vertolk kan word as handelinge van besorgdheid, voorsorg en sorgsaamheid vir Orania en sy mense (kyk na Heidegger, 1962:227), beteken daardie sorg ook 'n omgee vir hul eie optimale vermoë om hul gespesifiseerde en soms gespesialiseerde take te kan verrig. Van verkose verteenwoordigers kan verwag word om hul eie belange ondergeskik te stel aan die belange van die plek (Orania) en sy inwoners. Van amptenare kan verwag word om oor die nodige kundigheid, vermoë en sorgsaamheid te beskik om hul funksies ten beste uit te voer. Dit blyk uit inligting wat van die Uitvoerende Hoof van die Orania Dorpsraad ontvang is dat hierdie vermoëns van die dorpsadministrasie volhoubaar ontwikkel word deur voorsiening te maak vir die aanstel van bekwame personeel, die bevordering van 'n gesonde werkskultuur, gereelde strategiese beplanningsessies, deurlopende skakeling met die vele rolspelers, en toeganklikheid vir die gemeenskap (Snyman, 2024). Die Dorpsraad "leef baie naby aan die inwoners van die dorp" (Snyman, 2024).

### *2.5.3 Etiese leierskap*

In 'n onlangse studie in Michigan in die VSA oor effektiewe leierskap van 'n plaaslike regeringsraad, artikuleer Dzordzormenyoh (2022:229) dat leierskap 'n handeling is wat lede van 'n groep of organisasie óf beïnvloed óf transformeer ten einde 'n spesifieke doel te bereik. Hierdie omskrywing sê eintlik niks oor die aard van die beïnvloeding of transformasie nie. Gevolglik word hierdie antesedent gekwalifiseer met "etiese" – dus etiese leierskap, beïn-


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

vloeding of transformasie. Gedagtig aan die oorspronklike Griekse woord “etos”, verwys die etiese in hierdie verband na die vermoë van die leierskap om ’n gunstige milieu vir etosverwesentliking (tuisteskepping) vir die gemeenskap te skep (kyk na Stiegler, 2013:7-8; Wessels, 2023b:976-977). Binne die Suid-Afrikaanse opset resoneer hierdie gedagte met die sewe beginsels van etiese munisipale leierskap soos opgeneem in die *Code for Ethical Leadership in Local Government.* The Ethics Institute (2023:12-23) het die kode in samewerking met die Departement van Samewerkende Regering, die Suid-Afrikaanse Plaaslike Regeringsvereniging (algemeen bekend as SALGA) en die Moral Generation Movement opgestel. Etiese leierskap is dus gesetel in die onderlinge verbintenis van verteenwoordigers en amptenare om die raad en administrasie waarvan hul deel is sodanig te lei en te beïnvloed om ’n sorgsame tuiste vir hul gemeenskap moontlik te maak.

### *2.6 Antesedente vir die ontstaan en bestaan van Orania as ’n plaaslike regering: ’n samevattende beskouing*

Tot watter mate is die vyf antesedente vir plaaslike regering van toepassing op Orania? Dit blyk dat hoewel Orania regtens gemagtig is om munisipale funksies te verrig, dit nie soos die ander munisipaliteite in Suid-Afrika tot stand gekom het as gevolg van hierdie maatreëls nie, maar ten spyte daarvan. Dit blyk voorts dat Orania nie tot stand sou kon kom sonder die strewe van ’n kultuurgemeenskap wat tot die koop van ’n stuk grond gelei het nie. Sommige van die magtigende maatreëls het dit egter vir Orania moontlik gemaak om op ’n ordelike manier binne die Suid-Afrikaanse grondwetlike bestel te kon ontstaan en voortbestaan. In aansluiting by die voorgaande, is die inwoners van Orania inwoners omdat hulle die ontstaansredes vir Orania onderskryf. Gevolglik is Orania se inwoners deel van ’n vrywillige kultuurgemeenskap en ’n verskeidenheid van gemeenskapsorganisasies met gedeelde strewes, waardes en oortuigings (soos eie arbeid, eie grond en eie instellings), wat wyer strek as dié met verblyfreg binne Orania. Orania se in-die-wêreldheid en in-samesyn-met-anderheid word voorts vergestalt in samewerkende amptelike betrekkinge met ander plaaslike en provinsiale regerings asook nasionale staatsdepartemente, tot wedersydse erkenning en voordele. Die eiesoortige fisiese ligging van Orania blyk ook ’n bepalende antesedent te wees in die Orania Dorpsraad se voorsiening van energie, water en ander infrastruktuur-verwante dienste. Waar ander plaaslike regerings, binne en buite Suid-Afrika, gestrem word deur onvoldoende fondse, blyk die Orania Dorpsraad oor voldoende fondse, bekwame en etiese raadslede en amptenare te beskik om sy funksies uit te voer en so ’n tuiste vir sy gemeenskap te skep.

## 3. Gevolge van Orania as plaaslike regering

Wat is die gevolge van die teenwoordigheid van ’n outentieke plaaslike regering? Die gevolge van ’n begrip verwys na wat Walker en Avant (2014:173) verwoord as “those events or incidents that occur as a result of the occurrence of the concept – in other words, the outcomes of the concept”. In die geval van “plaaslike regering” kan sekerlik aanvaar word dat die uiteindelike gevolg van die begrip, en by implikasie die verskynsel, die belewenis van besorgdheid, sorgsaamheid en tuiswees deur die betrokke samelewing of gemeenskap is.

Die gevolge van plaaslike regering dui sekerlik op die mate waarin aan die bestaansredes vir plaaslike regering voldoen is. Ek vermoed dat dit ook verstaan kan word binne die verband van die “wet van voldoende/onvoldoende rede” (kyk na De Beer, 1991:76). Die aanhef van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Republiek van Suid-Afrika, 1996: Aanhef)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

verwoord die bestaansredes van die Suid-Afrikaanse staat onder meer soos volg: "[Om die] lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te ontsluit." Meer spesifiek gemik op plaaslike regering, identifiseer die Suid-Afrikaanse Grondwet vyf oogmerke of bestaansredes vir plaaslike regering, naamlik 'n demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe,[5] volhoubare dienslewering aan gemeenskappe, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, en 'n veilige en gesonde omgewing (Republiek van Suid-Afrika, 1996: Artikel 152). Hierdie oogmerke of bestaansredes maak deel uit van die sosiale ontologie van sorg wat ek as teoretiese lens gebruik om op plaaslike regering te fokus (Wessels, 2023a:53-56).

Tot watter mate is hierdie gevolglikheid of bestaansredes van "plaaslike regering" op Orania van toepassing? Om hierdie vraag te beantwoord, fokus ek hoofsaaklik op twee opnames wat privaat konsultante vir die Orania Dorpsraad gedoen het. Die resultate van hierdie opnames verskyn in twee afsonderlike verslae, naamlik die Orania Sosio-ekonomiese Opname (Orania Dorpsraad, 2022b) en die Orania Besigheidsopname (Orania Dorpsraad, 2022a).

### *3.1 Lewensgehalte*

Die lewensgehalte van individue en gemeenskappe is die onderwerp van 'n ryke verskeidenheid wetenskaplike ondersoeke in Suid-Afrika en elders (Castán Broto & Dewberry, 2016; Møller & Saris, 2001; Møller, 2007b; Møller & Roberts, 2019; Schlemmer & Møller, 1997). Dit blyk uit hierdie ondersoeke dat lewensgehalte onder meer afhang van gemeenskappe se belewenis van die toereikendheid van dienslewering, indiensneming, behuising, paaie, gesondheidsorg, aftreevoorsiening, misdaadvoorkoming en ontspanningsfasiliteite. Ongeag wat lewensgehalte vir onderskeie individue en gemeenskappe mag beteken, verwys "lewensgehalte" oënskynlik na plaaslike inwoners en gemeenskappe se geluk as 'n belewenis van tuiste en sorg (Wessels, 2023a:54). So blyk dit uit die 2021-sosio-ekonomiese opname (Orania Dorpsraad, 2022b:7-26) dat inwoners van Orania se geluk, wat deur Møller (2007a) as een van die indikatore van lewensgehalte beskou word, onder meer bepaal word deur 'n gemeenskap wat omgee (11%), werksgeleenthede (9%), familie (9%), lewenskwaliteit (14%), veiligheid (23%), kulturele geborgenheid (13%) en vryheid (21%). Hoe die begrip "lewensgehalte" ook al verstaan mag word, blyk dit vir Orania se inwoners 'n primêre gevolglikheid of bestaansrede van plaaslike regering te wees.

### *3.2 Demokratiese en verantwoordingspligtige regering*

'n Tweede gevolg van die begrip "plaaslike regering" is dié van 'n demokrasie en verantwoordingspligtigheid aan die plaaslike gemeenskap (Wessels, 2023a:54). Dit beteken dat 'n plaaslike regering nie slegs teenwoordig is in die leefwêreld van sy gemeenskap nie, maar ook verantwoordingspligtig-in-daardie-wêreld is (De Beer, 2015:633; Wessels, 2023a:55). Beide die OVR (Van Staden, 2024:1-2) en die Direksie van die OAB (Die Orania Dorpsraad) as die twee belangrikste plaaslike regeringsrolspelers in Orania is beide demokraties verkies, enersyds deur al die stemgeregtigde inwoners van Orania en andersyds deur lede van die OAB. Die vereiste aanspreeklikheid en deursigtigheid van die OAB is vervat in Hoofstuk 3 van die Maatskappywet (Republiek van Suid-Afrika, 2008).

---

5 Hierdie gevolglikheid impliseer dan ook gemeenskapsbetrokkenheid by plaaslikeregeringsaangeleenthede.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

Die gevolglikheid van demokrasie en verantwoordingspligtigheid impliseer die aktiewe betrokkenheid van ’n gemeenskap om te verseker dat die regering die naaste aan hulle uitvoering gee aan hul behoeftes en strewes. Binne die Suid-Afrikaanse konteks word daar selfs in wetgewing voorsiening gemaak vir die bevordering van raadpleging en betrokkenheid van gemeenskappe oor plaaslike regeringsake (Republiek van Suid-Afrika, 1998b: Artikel 19). Ten spyte van ’n omvangryke literatuur oor die waarde van gemeenskapsbetrokkenheid by plaaslike sake (Biljohn & Lues, 2020; Farmer *et al*., 2018; Taylor, Draai & Jakoet-Salie, 2020), is Sancton (2021:19) van mening dat daar weinig empiriese steun is vir die beskouing dat gemeenskapsbetrokkenheid deur plaaslike regering bevorder word. Hy voer aan dat gemeenskappe eers betrokke raak wanneer hulle dit nodig ag om hul woongebiede te verdedig of te verbeter – dus, wanneer ’n plaaslike owerheid nie na verwagting presteer nie.

Wat Orania betref, blyk dit uit ’n onafhanklike opname wat vir die Orania Dorpsraad gedoen is dat inwoners aktief betrokke is by sake soos onder meer gemeenskapsveiligheid (12,6%) en maatskaplike projekte (7,7%) (Orania Dorpsraad, 2022b:49). Die Orania gemeenskap, ook as lede van die onderskeie Orania grondentiteite, word deurlopend deur die OVR en Dorpsraad betrek by besluite oor en die uitvoering van plaaslike regeringsfunksies om inwoners só tuis te maak in hul gemeenskap en dorp (kyk na verslag deur MVD Kalahari Stads- en Streeksbeplanners, 2020).

### *3.3 Volhoubare munisipale dienslewering*

Gegewe dat noodsaaklike dienste soos elektrisiteitsverspreiding, vullisverwydering, en water en sanitasie deel uitmaak van tipiese funksies wat deur ’n plaaslike regering verrig word (Wessels, 2023:55), is die volhoubaarheid van hierdie funksies ’n sigbare gevolg van ’n plaaslike regering. Hierdie deug word onder meer beklemtoon deur die Verenigde Nasies se 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling (United Nations, 2015: Doelstellings 6, 7, 11, 12 en 15). Die noue verband tussen volhoubare munisipale dienslewering en lewensgehalte word bevestig deur die aanwysers van lewensgehalte wat hier bo bespreek is.

Hoewel volhoubare munisipale dienslewering ’n belangrike “gevolglikheid” van plaaslike regering is, blyk die inwoners van Orania meesal tevrede te wees met die dienste en geriewe in Orania. Dit blyk egter uit ’n onafhanklike opname wat vir die Orania Dorpsraad gedoen is dat inwoners volhoubare munisipale dienslewering nie noodwendig as die primêre bestaansrede vir Orania beskou nie (Orania Dorpsraad, 2022b:4, 11, 36 & 52).

### *3.4 Maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling*

Maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling as “gevolglikheid” van plaaslike regering gaan oor die skep van ’n bevorderlike klimaat vir verskeie rolspelers om ’n bydrae te maak tot die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die dorp (Wessels, 2023:55). In ’n studie van besluitneming oor die voorsiening van gedienste boubare grond deur Nederlandse Munisipaliteite het Ploegmakers, Van der Krabben en Buitelaar (2013:366) opgemerk dat munisipaliteite “want to be able to steer local economic development” – dus om ontwikkeling in ’n bepaalde rigting te stuur sonder om dit noodwendig self te doen. So wys Kayanan, Drucker en Renski (2022:352) se 2022-studie in die VSA oor innovasie-distrikte en gemeenskapsbou op die verskynsel dat ekonomiese ontwikkeling dikwels verkeerdelik geskei en onderskei word van gemeenskapsontwikkeling. Hulle wys voorts daarop dat die begrip “innovasie-distrik” gewortel is in ’n gemeenskap, met plaaslike finansiële, politieke en kulturele hulpbronne “in


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

support of creating jobs and building live-work-play places" (Kayanan, Drucker & Renski, 2022:352).

In die geval van Orania bevestig die sosio-ekonomiese opname ook die noue verband tussen enersyds infrastruktuurvoorsiening deur die Dorpsraad en andersins ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling (Orania Dorpsraad, 2022b:46). 'n Sleutelrolspeler in Orania se ekonomiese en maatskaplike ontwikkelingsaksies blyk te wees die Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM), 'n maatskappy sonder winsoogmerk (OOM, 2024). OOM koördineer en bestuur verskeie ontwikkelingsprojekte soos die finansiering van ontwikkelingsprojekte, die voorsiening van bekostigbare subekonomiese behuising, die lewering van maatskaplike dienste, die oprigting van residensiële en kommersiële eiendomme, die ontwikkeling van infrastruktuur, en die onderhoud en bestuur van eiendomme (OOM, 2024). Die grootste gedeelte van die inwoners van Orania maak deel uit van sowel die potensieel ekonomiese aktiewe bevolkingskategorie as die plaaslike arbeidsmag. Hulle dra dus by tot die ontwikkeling van sowel die plaaslike ekonomie as die welsyn van die gemeenskap (Orania Dorpsraad, 2022b:11 & 37). Dit blyk dat die Orania plaaslike regering wel 'n bevorderlike klimaat skep vir verskeie rolspelers om die gevolglikheid van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling in Orania moontlik te maak.

### *3.5 Veilige en gesonde omgewing*

'n Veilige en gesonde omgewing as 'n gevolglikheid of bestaansrede van plaaslike regering, is goed gedokumenteer. Møller (2005; 2007a) het in verskeie publikasies die belangrikheid van persoonlike veiligheid, dus om sonder vrees vir misdaad te wees, as mediator vir lewensgehalte uitgelig. Ellis en Schwartz (2016), weer, laat val die lig op die belangrikheid van parke wat nie net as veilig beleef word nie, maar waar kinders in veiligheid kan speel. Murray en Pauw (2022:103) voeg ander aspekte van 'n veilige en gesonde omgewing by, naamlik die belewenis van omgewingsgesondheid, gehalte lug en beligting, die afwesigheid van geraasbesoedeling, skoon water en sanitêre dienste.

Dit blyk dat Orania in hul ruimtelike beplanning voorsiening maak vir ekologies volhoubare residensiële en nieresidensiële grondgebruik, die gesondheid van grond (verbetering van grondvrugbaarheid en die behoud van suiwer grondwater en natuurlike vlak van die watertafel), gesondheidsfasiliteite vir inwoners, openbare veiligheid, bewaringareas, oop ruimtes, asook sport- en ontspanningsfasiliteite (MVD Kalahari Stads- en Streeksbeplanners, 2020). 'n Veilige en gesonde omgewing is dus deel van die toekomsbeplanning van die Orania plaaslike regering.

### *3.6 Gevolge van Orania as 'n plaaslike regering: 'n Samevattende beskouing*

Uit die voorgaande kan afgelei word dat die gevolglikheid van "plaaslike regering" soos uiteengesit in die sosiale ontologie van sorg (Wessels, 2023a:53-56) wel van toepassing is op Orania. Lewensgehalte, 'n primêre gevolglikheid of bestaansrede van plaaslike regering impliseer vir Orania se inwoners 'n belewenis van tuiste en versorging. Die gevolglikheid van demokrasie en verantwoordingspligtigheid word voorts bevestig deur die teenwoordigheid van Orania se plaaslike regering in die leefwêreld van sy gemeenskap, asook sy verantwoordingspligtigheid-in-daardie-wêreld. So word die gevolglikheid van volhoubare munisipale dienslewering ook deur Orania-inwoners beleef. Die betrokkenheid van verskeie belanghebbende rolspelers by ontwikkelingsprojekte in Orania is voorts 'n aanduiding van die sukses van die Orania plaaslike regering om 'n bevorderlike klimaat te skep wat die gevolglikheid van


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a3

maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling moontlik maak. Laastens voldoen Orania ook aan die gevolglikheid van ’n veilige en gesonde omgewing deur dit te integreer met hul toekomsbeplanning.

Hoewel die Orania plaaslike regering oënskynlik voldoen aan die gevolglikheidselemente wat deel uitmaak van die begripsontleding van “plaaslike regering”, word hierdie gevolglikhede van plaaslike regering klaarblyklik nie as voldoende redes vir Orania se bestaan beskou nie. Onderliggend aan hierdie redes lê daar ander redes, naamlik dié van “hoër vlakke van selfstandigheid en selfbesluitneming” deur “eie arbeid, eie instellings en eie grond” binne “die huidige Suid-Afrikaanse grondwetlike landskap” (Orania Dorpsraad, 2022c:A).

## 4. Gevolgtrekking

Hierdie artikel volg op *Plaaslike regering – ’n sosiale ontologie van sorg: Orania as ’n nietipiese Suid-Afrikaanse geval* (Wessels, 2024). Dit het voorts ’n begripsraamwerk van “plaaslike regering” en ’n sosiale ontologie van sorg as teoretiese lens gebruik om die antesedente en gevolge van ’n plaaslike regering te verstaan. In die voorafgaande artikel is aangevoer dat die geval Orania wel voldoen aan kenmerke waarna die begrip “plaaslike regering” verwys. Die teoretiese lens van ’n sosiale ontologie van sorg het voorts onthul dat dit moeilik is om ’n plaaslike regering as sosiale konstruk objektief waar te neem en te beskryf. Nietemin het dit na vore gekom dat ’n plaaslike regering uit onderling verbonde individue en sosiale instellings bestaan wat gesitueerd is binne oorvleuelende menslike, spirituele, natuurlike, territoriale en staatkundige wêrelde. Voorts blyk dit dat die outentiekheid van ’n plaaslike regering gesetel is in sy besorgdheid oor die dinge van die wêreld waarin hy gesitueerd is en in die sorgsaamheid waarmee hy in-samesyn-met-ander sy funksies verrig. Die implikasie hiervan is dat ’n plaaslike regering wat nie omgee vir sy wêreld en mense nie, oneintlik is en in wese nie ’n plaaslike regering is nie. Dit bring my by die vrae oor wat nodig is (die antesedente) om ’n outentieke plaaslike regering te wees en ook wat die gevolge van ’n outentieke plaaslike regering is.

Die toepassing van die antesedente van “plaaslike regering” op Orania, onthul insiggewende eiesoortighede van die Orania-geval. Wat die magtigende maatreëls betref, blyk dit dat die 1996 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die voortspruitende wetgewing nie, soos in die geval van Suid-Afrikaanse munisipaliteite, aan Orania geboorte gegee het nie. Orania se magtiging om plaaslike owerheidsfunksies te verrig spruit voort uit sy *de facto* bestaan as plaaslike regering sedert 1991, die bevestiging daarvan in die 2000-lasgewing van die Hooggeregshof van Suid-Afrika en sy deurlopende konstruktiewe samewerking met verskeie belanghebbende owerhede. Orania as plaaslike regering bestaan dus nie in isolasie met sy bure nie, maar in samewerking met hulle.

Die inwoners van Orania is deel van ’n spesifieke kulturele gemeenskap wat hul inwonerskap op grond van hul verbintenis tot gedeelde strewes en oortuigings bekom het. Voorts blyk dit dat die eiesoortige natuurlike en fisiese ligging van Orania geen toevalligheid is nie, maar doelbewus deur sy stigters geïdentifiseer is (Senekal, 2021:530) as bevorderlik vir die vestiging van ’n volhoubare en selfstandige gemeenskap. Die aankoop van die dorp vanaf die Departement van Waterwese het daarop gevolg. Die spesifieke vermoëns van die Orania-gemeenskap en plaaslike regering met betrekking tot befondsing, etiese leierskap en bevoegde raadslede en personeel, blyk voorts ’n bevorderlike antesedent vir Orania as plaaslike regering te wees.

Laastens blyk die gevolglikheid van plaaslike regering, soos geïdentifiseer in die sosiale ontologie van sorg, ook op Orania van toepassing te wees. So is die Orania-gemeenskap gelukkig met hul lewensgehalte. Hul in-die-wêreld-wees impliseer deurlopende betrokkenheid by verskeie gemeenskapsorganisasies, direkte inspraak by en verantwoordingsplig van die OVR en die dorpsadministrasie. Voorts ervaar die Orania-gemeenskap volhoubare munisipale dienslewering, maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling asook 'n veilige en gesonde omgewing. Hoewel dit binne die Suid-Afrikaanse konteks nie 'n munisipaliteit is nie, voldoen Orania wel aan die eienskappe van die begrip "plaaslike regering" en funksioneer dit op 'n outentieke wyse as plaaslike regering.

Hierdie gevallestudie bevestig dat 'n eintlike plaaslike regering een is wat 'n integrerende deel van sy plaaslike gemeenskap en omsluitende wêrelde is, voortdurende ongemak met die hede beleef en met sorg daarop reageer deur met besorgdheid en versorging vir sy gemeenskap en wêrelde om te gee. Orania is klaarblyklik só 'n plaaslike regering.

## BIBLIOGRAFIE


Acharya, KK & Scott, J. 2022. A study of the capabilities and limitations of local governments in providing community services in Nepal. *Public Administration and Policy,* 25(1):64-77. doi: 10.1108/PAP-01-2022-0006. Beskikbaar by: https://search.proquest.com/docview/2660952415.

Biljohn, MIM & Lues, L. 2020. Citizen participation, social innovation, and the governance of local government service delivery: Findings from South Africa. *International Journal of Public Administration,* 43(3):229-241. doi: 10.1080/01900692.2019.1628052. Beskikbaar by: https://doi.org/10.1080/01900692.2019.1628052.

Castán Broto, V & Dewberry, E. 2016. Economic crisis and social learning for the provision of public services in two Spanish municipalities. *Journal of Cleaner Production,* 112:3018-3027. doi: 10.1007/s11205-004-5584-y. Beskikbaar by: https://doi.org/10.1007/s11205-004-5584-y.

Chattaraj, D, Paul, B & Sarkar, S. 2021. Integrated Multi-parametric Analytic Hierarchy Process (AHP) and Geographic Information System (GIS) based spatial modelling for flood and water logging susceptibility mapping: A case study of English Bazar Municipality of Malda, West Bengal, India. *Natural Hazards and Earth System Sciences,* doi: 10.5194/nhess-2020-399. Beskikbaar by: https://explore.openaire.eu/search/result?id=doi_dedup___::357cc3f80057142ed5145ab07845eef7.

Dagdeviren, H & Karwowski, E. 2021. Impasse or mutation? Austerity and (de)financialisation of local governments in Britain. *Journal of Economic Geography,* 22(3):685-707. doi: 10.1093/jeg/lbab028. Beskikbaar by: http://www.econis.eu/PPNSET?PPN=1806973618.

Davidson, M 2020. Extreme municipal fiscal stress and austerity? A case study of fiscal reform after Chapter 9 bankruptcy. *Environment and Planning C: Politics and Space,* 38(3):522-538. doi: 10.1177/2399654419872218. Beskikbaar by: https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/2399654419872218.

De Beer, CS. 1975. Die metafisika van Martin Heidegger. Doktorale studie, Universiteit van Pretoria.

De Beer, CS. 1991. Kan instellinge ooit oor voldoende rede beskik? *SAIPA - Tydskrif Vir Publieke Administrasie,* 26(2):75-93.

De Beer, CS. 2015. Die invensie/herinvensie van same-lewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 55(4):632-651. doi: 10.17159/2224-7912/2015/v55n4a9.

Dzordzormenyoh, MK. 2022. Effective local government council leadership: reassessing the facilitative model of leadership. *International Journal of Public Leadership,* 18(3):229-241. doi: 10.1108/ijpl-02-2021-0015.

Ellis, D & Schwartz, R. 2016. The roles of an urban parks system. *Frontiers of Architectural Research,* 22(1):85-93. Beskikbaar by: Urban-Parks-System.pdf%0Ahttp://dx.doi.org/10.1016/j.foar.2014.09.001.

Farmer, J, Carlisle, K, Dickson-Swift, V, Teasdale, S, Kenny, A, Taylor, J, Croker, F, Marini, K & Gussy, M. 2018. Applying social innovation theory to examine how community co-designed health services develop: using a case study approach and mixed methods. *BMC Health Services Research,* 18(1):68.

doi: 10.1186/s12913-018-2852-0. Beskikbaar by: https://bmchealthservres.biomedcentral.com/articles/10.1186/s12913-018-2852-0.

Heidegger, M. 1962. *Being and time* (translated by John Macquarrie and Edward Robinson). Oxford: Blackwell.

Kayanan, CM, Drucker, J & Renski, H. 2022. Innovation districts and community building: An effective strategy for community economic development? *Economic Development Quarterly,* 36(4):1-12. doi: 10.1177/08912424221120016. Beskikbaar by: https://us.sagepub.com/en-us/nam/open-access-at-sage.

Møller, V. 2005. Resilient or resigned? Criminal victimisation and quality of life in South Africa. *Social Indicators Research,* 72(3):263-317.

Møller, V. 2007a. Quality of life in South Africa: The first ten years of democracy. *Social Indicators Research,* 81(2):181-201. doi: 10.1007/s11205-006-9003-4.

Møller, V. 2007b. Satisfied and dissatisfied South Africans: Results from the General Household Survey in international comparison. *Social Indicators Research,* 81(2):389-415. doi: 10.1007/s11205-006-9004-3.

Møller, V. & Roberts, BJ. 2019. The best and worst times of life for South Africans: Evidence of universal reference standards in evaluations of personal well-being using Bernheim's ACSA. *Social Indicators Research,* 143(3):1319-1347. doi: 10.1007/s11205-018-2018-9.

Møller, V & Saris, WE. 2001. The relationship between subjective well-being and domain satisfactions in South Africa. *Social Indicators Research,* 55(1):97-114. doi: 10.1023/A:1010851412273.

Murray, M & Pauw, C. 2022. A novel tool for quality-of-life assessment in the household context. *International Journal of Sustainable Development,* 25(1/2):95-113. doi: 10.1504/ijsd.2022.10051426.

MVD Kalahari Stads- en Streeksbeplanners. 2020. *Orania Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.* Orania: Vryheidstigting. Beskikbaar by: https://vryheidstigting.org/orania-verteenwoordigende-raad/ [Afgelaai: 8 Maart 2024].

OOM. 2024. *Orania Ontwikkelingsmaatskappy.* Beskikbaar by: https://oraniaontwikkelingsmaatskappy.co.za [Afgelaai: 25 Maart 2024].

Orania Beweging. 2019. *Die Grondwet van die Orania Beweging.* Orania: Orania Beweging. Beskikbaar by: https://orania.co.za/wp-content/uploads/2024/01/Orania-Beweging-Grondwet.pdf [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Orania Dorpsraad. 2022a. *Orania Besigheidsopname.* Orania: Orania Dorpsraad.

Orania Dorpsraad. 2022b. *Orania Sosio-ekonomiese Opname 2022.* Orania: Orania Dorpsraad.

Orania Dorpsraad 2022c. *Orania Verblyfregbeleid.* Orania.

Orania Beweging. 2024a. *Geskiedenis.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/geskiedenis/ [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Orania Beweging. 2024b. *Klimaat.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/klimaat/ [Afgelaai: 12 Maart 2024].

Orania Beweging. 2024c. *Ora.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/ora-2/ [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Orania Beweging. 2024d. *Orania Verblyfreg.* Beskikbaar by: https://verblyfreg.myorania.co.za [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Orania Beweging. 2024e. *Water.* Beskikbaar by: https://orania.co.za/water/ [Afgelaai: 12 Maart 2024].

Orania Groeifonds. 2024. *Finansiering van Ontwikkelingsprojekte.* Beskikbaar by: https://oraniaontwikkelingsmaatskappy.co.za/finansiering-van-ontwikkelingsprojekte/ [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Orania Ontwikkelingsmaatskappy. 2024. *Orania Ontwikkelingsmaatskappy.* Beskikbaar by: https://oraniaontwikkelingsmaatskappy.co.za/ [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Orania Sakekamer. 2024. *Jou sake, ons besigheid.* Beskikbaar by: https://oraniasakekamer.co.za/ [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Peck, J. 2013. Pushing austerity: state failure, municipal bankruptcy and the crises of fiscal federalism in the USA. *Cambridge Journal of Regions, Economy and Society,* 7(1):17-44. doi: 10.1093/cjres/rst018. Beskikbaar by: https://search.proquest.com/docview/1531423496.

Ploegmakers, H, Van Der Krabben, E & Buitelaar, E. 2013. Understanding industrial land supply: how Dutch municipalities make decisions about supplying serviced building land. *Journal of Property Research,* 30(4):324-344. doi: 10.1080/09599916.2012.753933.

Provinsie Noord-Kaap. 1995. Establishment of district and transitional representative councils (Proclamation 65, 1995). *Provincial Koerant No. 94 van 11 September 1995,* [Afgelaai: 5 Maart 2024].

Republiek van Suid-Afrika. 1993. Oorgangswet op Plaaslike Regering, 209 van 1993. *Staatskoerant Nr. 15467 van 2 Februarie 1994,* [Afgelaai: 5 Maart 2024].

Republiek van Suid-Afrika 1996. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, soos gewysig tot en met 2012.* Pretoria: Staatsdrukker.

Republiek van Suid-Afrika. 1997. Wet op Interregerings- Fiskale Betrekkinge 97 van 1997. *Staatskloerant, Nr. 18512,* [Afgelaai: 14 Maart 2024].

Republiek van Suid-Afrika. 1998a. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Afbakening, Wet 27 van 1998. *Staatskoerant Nr. 19020*.

Republiek van Suid-Afrika. 1998b. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Wet 117 van 1998. *Staatskoerant No. 19614,* [Afgelaai: 4 Maart 2024].

Republiek van Suid-Afrika. 2000. Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000. *Staatskoerant No 21776,* [Afgelaai: 4 Maart 2024].

Republiek van Suid-Afrika. 2008. Maatskappywet 71 van 2008. *Staatskoerant Nr 32121 (2009-04-09),* Beskikbaar by: https://www.auditpartners.co.za/docs/Maatskappywet%2071%20van%202008.pdf [Afgelaai: 29 Maart 2024].

Rossouw, J. 2023. 'n Beraming van die jaarlikse persoonlike inkomste en jaarlikse huishoudelike inkomste van Orania in 2021 (An estimate of the annual personal income and annual household income of Orania in 2021). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(4):903-320. doi: 10.17159/2224-7912/2023/v63n4a8.

Sancton, A. 2021. *Canadian local government: An urban perspective.* 3rd edition. Ontario: Oxford.

Schlemmer, L & Møller, V. 1997. The shape of South African society and its challenges. *Social Indicators Research,* 41(1-3):15-50. doi: 10.1007/978-94-009-1479-7_2.

Senekal, B. 2021. Die eerste 40 jaar van Orania. *Tydskrif Vir Geesteswetenskappe,* 61(2):526-550. doi: 10.17159/2224-7912/2021/v61n2a8.

Shackleton, S, Chinyimba, A, Hebinck, P, Shackleton, C & Kaoma, H. 2014. Multiple benefits and values of trees in urban landscapes in two towns in northern South Africa. *Landscape and Urban Planning,* 136:76-86. doi: 10.1016/j.landurbplan.2014.12.004. Beskikbaar by: https://dx.doi.org/10.1016/j.landurbplan.2014.12.004.

Smith, A, Whitten, M & Ernwein, M. 2023. De-municipalisation? Legacies of austerity for England's urban parks. *The Geographical Journal,* doi: 10.1111/geoj.12518. Beskikbaar by: https://explore.openaire.eu/search/result?id=doi_dedup___::227a24a2b81fa218f98313755fbbe53f.

Snyman, G. 2024. E-pos kommunikasie (28 Maart 2024).

Stiegler, B. 2013. Uncontrollable societies of disaffected individuals. *Nordic Journal of Aesthetics,* 23(44-45):129-134.

Swilling, M. 2006. Sustainability and infrastructure planning in South Africa: a Cape Town case study. *Environment and Urbanization,* 18(1):23-50. doi: 10.1177/0956247806063939. Beskikbaar by: https://journals.sagepub.com/doi/full/10.1177/0956247806063939.

Taylor, JD, Draai, E & Jakoet-Salie, A. 2020. Creating a virtuous cycle for increased trust in local government. *The Journal for Transdisciplinary Research in Southern Africa,* 16(1):1-8. doi: 10.4102/td.v16i1.731. Beskikbaar by: https://td-sa.net/index.php/td/article/view/731.

The Ethics Institute. 2023. *Code for ethical leadership in local government.* Pretoria: The Ethics Institute. Beskikbaar by: https://www.cogta.gov.za/cgta_2016/wp-content/uploads/2024/03/LGELI-Code-for-Ethical-Leadership-in-LG.pdf [Afgelaai: 13 Maart 2024].

Thembelihle Local Municipality. 2022. *Thembelihle Local Municipality Land Use Scheme 2022.* Thembelihle Local Municipality.

Thembelihle Municipal Manager. 2022. The relationship of mutual understanding, acknowledgement and cooperation between Thembelihle Local Municipality and Orania Verteenwoordigende Raad. Thembelihle Local Municipality.

United Nations. 2015. *Transforming our world: the 2030 Agenda for Sustainable Development.* 16301. New York: Beskikbaar by: https://sustainabledevelopment.un.org/content/documents/21252030 Agenda for Sustainable Development web.pdf.

Van Staden, D. 2024. Orania se Verteenwoordigende Raad beklemtoon selfwerksaamheid. *Koerania (Februarie 2024),* 3:1-2. Beskikbaar by: https://koerania.co.za/wp-content/uploads/2024/02/Koerania-Februarie-2024.pdf [Afgelaai: 29 Maart 2024].

Van Zyl, J. 2024. Orania: Verblyfreg: E-pos kommunikasie (24 Maart 2024).

Vryheidstigting. 2024. *Wie is die Vryheidstigting?* Beskikbaar by: https://vryheidstigting.org [Afgelaai: 8 Maart 2024].

Waarnemende Regter-President Buys 2000. *In die saak van Orania Verteenwoordigende Oorgangsraad, Orania Inwonersvereniging en die President van die Regering van die RSA in die Hooggeregshof van Suid-Afrika – Noord-Kaapse afdeling (Saak no. 1148/00)*.

Walker, LO & Avant, KC. 2014. *Strategies for theory construction in nursing.* Pearson New International edition. Harlow: Pearson.

Wessels, JS. 2023a. Local Government: A social ontology of care. *Public Governance, Administration and Finances Law Review,* 8(2):41-72. doi: 10.53116/pgaflr.7061.

Wessels, JS. 2023b. Etiek van leeshandelinge: 'n Suid-Afrikaanse geval (The ethics of reading: A South African case). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 63(4):971-995. doi: 10.17159/2224-7912/2023/v63n4a12.

Wessels, JS. 2024. 'n Sosiale ontologie van sorg: Orania as 'n nietipiese Suid-Afrikaanse geval van plaaslike regering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 64(3):394-415.

# Die rol van die produksiegaping in Suid-Afrikaanse monetêre beleid[1]

***The role of the output gap in South African monetary policy***

**Cobus Vermeulen**
Departement Ekonomie
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: vermejc@unisa.ac.za



Cobus Vermeulen

**Cobus Vermeulen** is ’n senior lektor verbonde aan Unisa se Departement Ekonomie, asook ’n navorsingsgenoot by die SA Reserwebank en die Universiteit van Pretoria. Hy is ’n aktiewe navorser op die breë gebied van die monetêre ekonomie, en het artikels gepubliseer oor onderwerpe soos die eienaarskap en onafhanklikheid van sentrale banke, monetêre beleidsinstrumente, die verwantskap tussen inflasie en werkloosheid, die sakesiklus, en empiriese modellering. Hy het ’n doktorsgraad in die Ekonomie aan die Universiteit van Pretoria verwerf.

**Cobus Vermeulen** is a senior lecturer in the Department of Economics at Unisa, and a research fellow at the SA Reserve Bank and the University of Pretoria. He is an active researcher in the broad field of monetary economics and has published articles on topics such as central bank ownership and independence, monetary policy instruments, the relationship between inflation and unemployment, the business cycle and empirical modelling. He obtained his doctoral degree in Economics from the University of Pretoria.

## ABSTRACT

***The role of the output gap in South African monetary policy***

*The inflation rate and the output gap are two of the main determinants of the monetary policy stance. However, while inflation is relatively well understood by the public, the output gap is not. The output gap is not directly observed and is derived from estimates of potential output. Potential output is also not observable or measurable, and therefore needs to be estimated. Such estimates can, however, be sensitive to different methodological paradigms and the availability of data, while definitions of potential output may be ambiguous, because the term is often used to describe related, but logically distinct, concepts.*

1 Ek is dank aan Rowan Walter, Rudi Steinbach, en twee anonieme keurders verskuldig vir hul waardevolle kommentaar en voorstelle. Data word hergebruik met die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

**Datums:**
Ontvang: 2024-02-19 Goedgekeur: 2024-06-19 Gepubliseer: September 2024

*With the aim of contributing to a better understanding of and greater transparency in domestic monetary policy, this paper describes the role of the output gap in South African monetary policy by broadly examining the following three questions: (i) What exactly is the output gap?; (ii) How is it measured? and (iii) Why is it important?*

*To begin with, the idea underlying the concept of the output gap is explained and a tentative working definition of the output gap in the context of monetary policy is provided. Various methodologies and empirical techniques of estimating potential output and the output gap are then discussed, including univariate statistical techniques, structural models and semi-structural approaches. This is followed by an explanation of how the South African Reserve Bank (SARB) estimates the domestic output gap, and how the estimated output gap feeds into the monetary policy stance. Finally, the SARB's monetary policy stance is viewed in relation to the inflation rate and output gap estimates over the last two decades to illustrate the domestic monetary policy response to notable economic events such as the global financial crisis and the COVID-19 shock, and to highlight the sensitivity of the estimates to data revision.*

*This paper shows that both actual and potential economic growth have declined over the last decade, even without taking into account the COVID-19 shock. This is consistent with the South African empirical literature, and points to a worrying and persistent stagnation in domestic economic activity. After strong economic activity during the early 2000s, the economy started slowing down in 2008. This may be ascribed to a number of factors, including the introduction of load-shedding in 2007, changes in the global economic landscape following the global financial crisis, dwindling infrastructure investment after the 2010 FIFA World Cup tournament, and uncertainty about domestic economic policy.*

*COVID-19 brought about a massive economic shock in 2020. Lockdown regulations saw capital and labour withdrawn from economic use, which caused real GDP and potential output to contract by 6,2% and 2,7%, respectively, for the year. The output gap, which has mainly remained in negative territory since 2009, fell to −7,9% in the second quarter of 2020. In response to the crisis, the SARB drastically lowered the policy rate and applied several other financial market interventions, but even this extensive range of stimuli failed to prevent an economic collapse. Moreover, the output gap has remained negative despite a minor rebound of the economy in 2021 and 2022, which indicated that economic activity remained on its weak pre-COVID-19 trajectory.*

*Inflation has stabilised markedly since 2010. This may be partly due to weak domestic economic activity that does not exert significant domestic inflationary pressures. In fact, many of the notable inflationary episodes of the last 25 years were largely caused by external factors, such as the rand depreciation shock and the global financial crisis. This benign domestic inflationary environment has arguably made it easier for the SARB to achieve its inflation target. Such consistency has contributed to an increase in the SARB's credibility, which, in turn, has led to inflation expectations that are lower and better anchored.*

**KEY TERMS:** output gap, potential output, monetary policy, inflation, multivariate filter

**TREFWOORDE:** produksiegaping, potensiële produksie, monetêre beleid, inflasie, meerveranderlike filter

**OPSOMMING**
Die inflasiekoers en die produksiegaping speel 'n belangrike rol in die monetêrebeleidstandpunt. Alhoewel die publiek inflasie redelik goed verstaan, is die produksiegaping 'n relatief onbekende begrip. Definisies van potensiële produksie kan dubbelsinnig wees, aangesien die term dikwels gebruik word om verwante, maar logies afsonderlike, konsepte te beskryf. Die produksiegaping word ook nie direk waargeneem nie en word afgelei uit beramings van potensiële produksie, wat self nie waarneembaar of meetbaar is nie en dus beraam moet word. Hierdie beramings kan egter sensitief wees vir verskillende metodologiese paradigmas en databeskikbaarheid.

Die doel van hierdie artikel is om by te dra tot 'n beter begrip van en groter deursigtigheid in plaaslike monetêre beleid deur die rol van die produksiegaping in Suid-Afrikaanse monetêre beleid te verduidelik. Eerstens word die idees onderliggend aan die konsep van die produksiegaping bespreek, waarna 'n werksdefinisie van die produksiegaping in die konteks van monetêre beleid voorgestel word. Verskeie metodologieë en empiriese tegnieke waarvolgens potensiële produksie en die produksiegaping beraam kan word, word bespreek, insluitende eenveranderlike statistiese tegnieke, strukturele modelle en semistrukturele benaderings. Die artikel verduidelik voorts hoe die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) die plaaslike produksiegaping beraam en hoe hierdie beraamde produksiegaping op die monetêrebeleidstandpunt inwerk. Ten slotte word die SARB se monetêrebeleidstandpunt beskou met betrekking tot die inflasiekoers en produksiegapingsberamings oor die afgelope twee dekades ten einde die reaksie van die plaaslike monetêre beleid op groot ekonomiese skokke soos die wêreldwye finansiële krisis en COVID-19 te illustreer, en ten einde die beramings se sensitiwiteit vir datahersienings uit te lig.

***

## 1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse monetêrebeleidstandpunt ("monetary policy stance") word in groot mate deur die plaaslike inflasiekoers en die produksiegaping bepaal. Soos die meeste inflasieteikengeoriënteerde sentrale banke maak die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) op die produksiegaping ("output gap", ook genoem uitsetgaping) staat as 'n aanduiding van relatiewe vraagdruk in die ekonomie. Saam met inflasieverwagtinge gee die produksiegaping beleidmakers 'n aanduiding van heersende ekonomiese toestande, en is dit dus rigtinggewend vir rentekoersbesluite omdat laasgenoemde geneem word aan die hand van verwagte inflasie en die sikliese posisie van die ekonomie (Melolinna & Tóth, 2016).

'n Negatiewe produksiegaping kan op 'n onderpresterende ekonomie dui, met produktiewe hulpbronne wat oneffektief aangewend word of ongebruik bly, terwyl 'n positiewe produksiegaping weer op 'n oorverhitte ekonomie kan dui. Die produksiegaping word dus gebruik om aan te dui of daar vraag in 'n ekonomie is wat oormatig of ontoereikend is in vergelyking met die beskikbare hulpbronne wat in produksie gebruik word (Botha, Ruch & Steinbach, 2018:2).

Inflasiedata is geredelik verkrygbaar. Die produksiegaping is egter nie direk waarneembaar nie en is 'n funksie van sowel werklike as potensiële produksie. Potensiële produksie is ook nie waarneembaar nie en moet dus beraam word; die produksiegaping kan dan afgelei word uit hierdie beramings van potensiële produksie. Gewilde paradigmas vir die beraming van potensiële produksie sluit statistiese metodes soos die Hodrick-Prescott(HP)-filter, strukturele modelle soos die produksiefunksie(PF)-benadering, en semistrukturele modelle soos meerveranderlike (MV)-filters in.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

Die beraming van potensiële produksie word egter bemoeilik deur die feit dat definisies van potensiële produksie wissel. Ná Okun (1970:132) sy klassieke definisie – dat potensiële produksie die maksimum produksie sonder inflasiedruk verteenwoordig – geformuleer het, is verskeie verwante en alternatiewe definisies van potensiële produksie voorgestel en in empiriese studies gebruik; sulke definisies kan die vlak van produksie behels wat geassosieer word met óf volle indiensneming óf prysstabiliteit, of kombinasies daarvan. Die verskeidenheid van definisies wat in die empiriese literatuur gebruik word, het daartoe gelei dat die term "potensiële produksie" gebruik word om verwante, maar logies afsonderlike, konsepte te beskryf (Basu & Fernald, 2009:188).

Verder is beramings van potensiële produksie sensitief vir die spesifieke metode wat gebruik word (Kemp, 2015:549). Gegewe die verreikende gevolge van beleidsbesluite wat aan die hand van beramings van potensiële produksie geneem word, is dit van kritieke belang dat sodanige beramings aan die hoogste vlakke van ekonomiese en wetenskaplike integriteit voldoen.

Hierdie artikel beskryf die rol van die produksiegaping in die SARB se monetêrebeleid-standpunt, en is soos volg gestruktureer: Afdeling 2 verskaf 'n oorsig van die teoretiese literatuur oor potensiële produksie en die produksiegaping. Dit beskryf die konsep van die produksiegaping teen die agtergrond van die klassieke literatuur oor die sakesiklus, en verklaar handelinge volgens monetêre beleid aan die hand van die totale vraag teenoor die totale aanbod (TV-TA)-raamwerk. Hierdie afdeling identifiseer ook die verskillende noemenswaardige benaderings tot die beraming van potensiële produksie uit die empiriese literatuur, en lig faktore uit wat onsekerheid in die beramings teweeg kan bring. Afdeling 3 verduidelik hoe die SARB monetêrebeleidsbesluite neem op grond van plaaslike inflasiekoerse en die geraamde produksiegaping. Die ontwikkeling en verfyning van die SARB se produksiegapingberamings word ook bespreek. In Afdeling 4 word die SARB se produksiegapingberamings vir die tydperk 2000 tot 2022 aangebied. Die standpunt oor monetêre beleid word hier geëvalueer aan die hand van plaaslike inflasie en produksiegapingberamings, met die fokus op noemenswaardige ekonomiese gebeure, soos die wêreldwye finansiële krisis en die COVID-19-skok. Die uitwerking van data-onsekerheid en aanpassings in produksiegapingberamings word ook uitgelig. Afdeling 5 bevat die gevolgtrekkings.

## 2. Literatuuroorsig


### *2.1 Teoretiese oorsig*

#### *2.1.1 Die sakesiklus en die produksiegaping*

Burns en Mitchell het in 1946 hul definisie van die sakesiklus geformuleer; dié klassieke definisie word vandag steeds gebruik:

> Business cycles are a type of fluctuation found in the aggregate economic activity of nations that organize their work mainly in business enterprises: a cycle consists of expansions occurring at about the same time in many economic activities, followed by similarly general recessions, contractions, and revivals which merge into the expansion phase of the next cycle; this sequence of changes is recurrent but not periodic. (1946:3)

Hierdie definisie berus op waarnemings van sikliese patrone in ekonomiese aktiwiteit, gewoonlik in 'n stadig bewegende langtermyntendens. Die sakesiklus word in Figuur 1 voorgestel.




***Figuur 1:*** *Die sakesiklus*
Bron: Eie voorstelling

Die blou lyn verteenwoordig die langtermyntendens in ekonomiese produksie en word dikwels as "potensiële" produksie geïnterpreteer. Potensiële produksie is 'n maatstaf van 'n ekonomie se langtermyn produktiewe kapasiteit (Okun, 1962) en word oor die algemeen bepaal deur die klassieke produksiefaktore, soos 'n ekonomie se hulpbronrykdom, mense- en fisiese kapitaal, tegnologie en produktiwiteit. Volgens Smit en Burrows (2002:2) is die vernaamste aandrywers van potensiële produksie die hoeveelheid en kwaliteit van die verskillende produksiefaktore en die produktiwiteit van hierdie faktore. Die rooi lyn verteenwoordig werklike produksie wat rondom hierdie langtermyntendens beweeg, en kan totale bestedingsgedrag deur verbruikers, regerings, beleggers en die buitelandse sektor voorstel. Die produksiegaping word dan bereken as die verskil tussen werklike en potensiële produksie $\hat{Y}_t = Y_t - \bar{Y}_t$, waar $\hat{Y}_t$, $Y_t$, en $\bar{Y}_t$ onderskeidelik die produksiegaping, werklike produksie en potensiële produksie verteenwoordig. Die produksiegaping word gevolglik gebruik om die ekonomie se huidige posisie in die sakesiklus te identifiseer deur die gerealiseerde produksie van 'n ekonomie te vergelyk met sy potensiële vlak van produksie (Botha, Ruch & Steinbach, 2018:2).

### *2.1.2 Vraag, aanbod en die produksiegaping*

Bodnár *et al*. (2020:42) voer aan dat potensiële produksie tipies aanbodstoestande weerspieël, terwyl bewegings rondom potensiële produksie verband hou met vraagfaktore. Die sakesiklus spruit dus hoofsaaklik voort uit bewegings in die totale vraag relatief tot 'n stadig stygende vlak van die totale aanbod (Scacciavillani & Swagel, 1999), en die produksiegaping bied dan 'n maatstaf van die totale vraagdruk relatief tot die potensiële produksie op 'n bepaalde tydstip (Kemp, 2015). Insgelyks voer Lienert en Gillmore (2015:3) aan dat die produksiegaping die mate van oormatige vraag aandui.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

In Figuur 1 toon ’n *positiewe* produksiegaping (A) oormatige vraag, en ’n *negatiewe* produksiegaping (B) ontoereikende vraag, relatief tot produksie. Wanneer die produksiegaping positief is, moet die ekonomie bó sy kapasiteit produseer om aan vraag te voldoen, wat hoër inflasie tot gevolg kan hê. ’n Positiewe produksiegaping word dus as inflasionêr beskou, wat tot monetêre inkrimping lei. Die sentrale bank verhoog sy uitleenkoers (die repokoers in Suid-Afrika) om kredietverlening en geldgroei te vertraag en totale vraag en daardeur inflasie te beteuel. ’n Negatiewe produksiegaping dui daarop dat die ekonomie onder sy potensiaal produseer, met produktiewe hulpbronne wat ongebruik bly; ’n sentrale bank kan hierop reageer deur die uitleenkoers te verlaag om sodoende ekonomiese bedrywigheid (veral bestedings- en investeringsgedrag) aan te moedig en daardeur produksie te probeer stimuleer. Die produksiegaping is dus ’n sleutelaanduider van inflasiedruk (Arsov & Watson, 2019:50), en is gevolglik van belang vir enige sentrale bank met ’n inflasiemandaat.

Die produksiegaping kan dus beskou word as ’n aanduider van die verskil tussen die totale produksie (aanbod) en die totale vraag op ’n gegewe tydstip. Maar is die totale vraag die vernaamste aandrywer van die produksiegaping? Die tipiese interpretasie van ’n negatiewe produksiegaping (met ander woorde werklike produksie onder potensiaal) is dat vraag in die ekonomie “te swak” is (SARB, 2017). Tog kan ’n negatiewe produksiegaping netsowel veroorsaak word deur ’n toename in potensiële produksie: As $Y_t$ tydelik konstant bly, beteken dit dat $\uparrow \bar{Y}_t \Rightarrow \downarrow \widehat{Y}_t$. Omgekeerd kan ’n positiewe produksiegaping die gevolg wees van ’n afname in potensiële produksie, dit wil sê $\downarrow \bar{Y}_t \Rightarrow \uparrow \widehat{Y}_t$. Dit is omdat ’n meer akkurate konsep van potensiële produksie nie net behels wat die ekonomie wel produseer nie, maar eerder wat die ekonomie *sou kon lewer* gegewe die produksiefaktore tot sy beskikking op ’n gegewe oomblik. As produktiewe hulpbronne ongebruik bly, sal die ekonomie noodwendig minder produseer as sy potensiaal. Dit impliseer dat daar ’n wig kan wees tussen werklike en potensiële produksie, ongeag die vlak van die totale vraag, en dat die produksiegaping dus kan verander selfs al verander niks aan die vraagkant nie. Negatiewe aanbodskokke kan ’n ekonomie se produksiesektore beperk sodat dit minder produseer as wat moontlik is, sonder om die totale vraag te beïnvloed. Daarom is makro-ekonomiese skokke nie uitsluitlik beperk tot werklike produksie nie; potensiaal kan ook deur skokke geraak word (Alichi, 2015:4).

Aanbodskokke kan dus die ekonomie se produktiewe potensiaal beïnvloed (Botha *et al.*, 2018:5). Indien byvoorbeeld ’n droogte ’n tydelike afname in potensiële produksie teweegbring, kan die produksiegaping verbreed. As die droogte egter nie as ’n negatiewe aanbodskok erken word nie, sou die enigste ander manier om ’n breër produksiegaping en die gepaardgaande inflasiedruk te verklaar wees om aan te neem dat die ekonomie oorverhit is, met oormatige vraag wat ’n wyer produksiegaping veroorsaak. Hierdie aanname sou egter die ware aard van die heersende vraagdruk in die ekonomie misken. Aanbodskokke kan daarom die identifisering van die produksiegaping verder kompliseer, wat kan lei tot ’n onvanpaste reaksie in monetêre beleid. Omgekeerd kan positiewe vraagskokke ewe maklik verwar word vir bewyse van gesonde potensiële groei (Janse van Rensburg, Fowkes & Visser, 2019:1), terwyl dit in werklikheid net ’n tydelike uitwerking op totale vraag behoort te hê.

Die probleem is dus nie so eenvoudig as om bloot ’n wanverhouding tussen vraag en aanbod aan te neem nie. Die totale vraag kan byvoorbeeld styg as huishoudings se marginale verbruiksgeneigdheid toeneem, selfs al het niks aan die aanbodkant verander nie. Net so kan ’n olieprys- of ander negatiewe aanbodskok totale produksie vertraag of tot hoër insetkoste lei sonder enige onmiddellike verandering aan die vraagkant. Beide hierdie voorbeelde lei tot ’n groter produksiegaping en hoër inflasie, en ’n sentrale bank met ’n inflasiedoelwit sal heel moontlik in beide hierdie gevalle die uitleenkoers verhoog om stygende inflasie te bekamp.

Die omvang van die monetêre beleidsreaksie moet egter beteuel word deur ’n deeglike ondersoek van die faktore wat bewegings in die produksiegaping onderlê.

### *2.1.3 ’n Praktiese definisie van potensiële produksie in ’n monetêre beleidskonteks*

Okun se baanbrekerswerk in 1962 het met verloop van tyd gelei tot ’n aansienlike hoeveelheid literatuur oor die definisie en kwantifisering van “potensiële produksie”. Vroeë definisies van potensiële produksie was geanker in die konteks van “volle” of “maksimum” indiensneming, oftewel dié vlak van produksie waarby die arbeidsaanbod ten volle benut word. Dit is letterlik die maksimum moontlike produksie van ’n ekonomie as alle hulpbronne volledig gebruik sou word (Kemp, 2015:550), sonder om bekommerd te wees oor die uitwerking van hierdie “maksimum produksie” op pryse en inflasie. Na aanleiding van die stagflasie van die 1970’s, toe hoë vlakke van inflasie én werkloosheid tegelykertyd voorgekom het, is potensiële produksie egter toenemend beskou as die vlak van produksie wat nie ’n versnelling of vertraging in inflasie veroorsaak nie en waarby werkloosheid op ’n “natuurlike” vlak[2] was. Hierdie verskuiwing het ook gepaardgegaan met ’n groter rol vir monetêre beleid relatief tot fiskale beleid wat makro-ekonomiese stabiliteit betref, aangesien beleidsoorwegings weggeskuif het van “volle” indiensneming na prysstabiliteit as die primêre beleidsdoel (Congdon, 2008).

Verdere definisies van potensiële produksie kan in algemene ewewigsteorie gevind word. Hulle kan die “doeltreffende”, “natuurlike” en “tendens”-vlakke van produksie insluit (Vetlov *et al*., 2011), en hulle volg almal verskillende interpretasies van optimale monetêre beleid en het implikasies vir die ontwerp daarvan.

In die konteks van ’n sentrale bank met ’n inflasieteiken is ’n werksdefinisie van potensiële produksie egter die vlak van produksie wat onbeperk volgehou kan word sonder dat ’n stygende of dalende inflasietendens geskep word (Beněs *et al*., 2010:5). Hierdie definisie berus op Okun se oortuiging dat potensiële produksie die maksimum produksie sonder inflasionêre druk verteenwoordig (Okun, 1970:132). Om hierdie vlak van produksie te probeer oorskry, sal opwaartse druk op faktorkoste en uiteindelik op inflasie plaas (Bodnár *et al*., 2020). Dit volg dat potensiële groei gelykstaande met die groeikoers in potensiële produksie gedefinieer kan word as die groeikoers wat moontlik is sonder om inflasie te versnel (SARB, 2017:22).

### *2.2 Empiriese literatuur*

Enige ekonomiese tydreeks kan as die som van ’n tendens- en sikliese komponent voorgestel word (Burns & Mitchell, 1946). Dit wil sê $y_t = y_t^T + y_t^C$, waar $y_t^T$ en $y_t^C$ onderskeidelik die tendens en die siklus verteenwoordig. In die konteks van die produksiegaping word die tendens gelykgestel aan potensiële groei, terwyl die siklus die produksiegaping verteenwoordig (gelykstaande met die verskil tussen werklike en potensiële produksie, d.w.s. $y_t^C = y_t - y_t^T$). Benaderings tot die skatting van potensiële produksie behels dus die disaggregasie van die werklike bruto-binnelandse-produk-reeks (BBP-reeks) in sy tendens- en sikliese komponente, waardeur data statisties gefiltreer word om die onwaarneembare onderliggende potensiële produksievlak uit sikliese variasies te onttrek (Alichi, 2015:4).

Drie prominente tegnieke vir die skatting van potensiële produksie kan uit die empiriese literatuur geïdentifiseer word, naamlik die klassieke Hodrick-Prescott (HP)-filter, die produk-

2 Dit is die sogenaamde “nieversnellende inflasiekoers van werkloosheid”, oftewel die NAIRU (“non-accelerating inflation rate of unemployment”).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

siefunksie(PF)-benadering, en die meerveranderlike HP-filter (MVHP-filter). Die HP-filter is ’n suiwer eenveranderlike statistiese tegniek wat slegs die inligting gebruik wat in die enkele BBP-datareeks vervat is. Aan die ander uiterste is strukturele modelle, soos die PF-benadering, geanker in teoretiese ekonomiese verhoudings en aannames oor die struktuur van die ekonomie (Álvarez & Gómez-Loscos, 2018); sulke modelle inkorporeer heelwat meer makro-ekonomiese inligting as eenveranderlike benaderings. Die MVHP-filter is ’n kombinasie van hierdie twee benaderings, en word dus geklassifiseer as ’n semistrukturele model. Eenveranderlike tegnieke is rekenkundig eenvoudig en benodig slegs een datareeks, terwyl die voordeel van strukturele benaderings is dat omvattende makro-ekonomiese inligting in die model opgeneem kan word. Laasgenoemde modellering is egter baie meer omslagtig en sensitief vir die navorsers se aannames. Semistrukturele benaderings probeer ’n praktiese middeweg vind tussen enersyds maklike berekenbaarheid en andersyds ’n meer realistiese beraming wat verkry word deur sekere ekonomiese inligting in te sluit, maar met minder streng beperkings as by ’n volledig strukturele model.

### *2.2.1 HP-filter*

Volgens Hodrick en Prescott (1997) kan reële BBP verdeel word in twee komponente, naamlik ’n langtermyntendens en ’n korttermynsiklus, deur die volgende verliesfunksie te minimeer:

$$L = \sum_{t=1}^{T}(y_t - y_t^T)^2 + \lambda\sum_{t=1}^{T}[(y_t^T - y_{t-1}^T) - (y_{t-1}^T - y_{t-2}^T)]^2 \tag{2.1}$$

waar $y_t$ potensiële produksie verteenwoordig (die tendens) en $y_t - y_t^T$ die produksiegaping (die siklus). Potensiële produksie word beraam deur die tendens- en sikliese komponente op ’n bepaalde frekwensieband uit te filtreer (Borio, Disyatat & Juselius, 2017) aan die hand van die gekose gladstrykingsparameter (“smoothing parameter”) λ.

Die HP-filter is ’n eenvoudige tegniek waarvolgens potensiële produksie en die produksiegaping beraam kan word deur gebruik te maak van basiese statistiekprogrammatuur. Aangesien dit slegs een datareeks benodig, is dit eenvoudig en deursigtig, en kan dit op enige land waarin BBP-data bestaan, toegepas word (Blagrave *et al*., 2015:4). Dit is dus gewild in ontluikende ekonomieë waarin tekorte aan data meer ingewikkelde benaderings verhinder. Die HP-filter het egter twee groot tekortkominge:

1. Dit bevat geen strukturele ekonomiese inligting nie. In die konteks van monetêre beleid soos in hierdie artikel sluit die HP-filter geen inligting oor inflasie in nie; dit is gevolglik onmoontlik om vas te stel of die tendens wat statisties onttrek word, werklik ’n nie-inflasionêre vlak van potensiële produksie verteenwoordig. Verder kan skokke soos ’n droogte wat hier bo as voorbeeld genoem is, meganies verkeerdelik toegewys word aan potensiële produksie in plaas van die siklus, en omgekeerd.

2. Dit is sensitief vir die “eindpunt”-probleem wat algemeen in statistiese filters voorkom. Omdat ’n statistiese filter aanneem dat die gemiddelde afwyking van werklike produksie vanaf sy potensiële vlak nul moet wees (Chen & Górnicka, 2020:6), is die HP-filter geneig om ’n geslote produksiegaping aan die einde van die steekproef aan te dui (Anvari, Ehlers & Steinbach, 2014:8). Omdat BBP-data bowendien dikwels met verloop van tyd hersien word, word produksiegapingskattings ook heroorweeg na gelang meer data beskikbaar word; HP-gefiltreerde beramings van die produksiegaping kan dus slegs as betroubaar beskou word as die data ’n paar jaar oud is.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

### *2.2.2 Die PF-benadering*

Die PF-benadering deel BBP aan die hand van produksiefaktore op (Anvari *et al*., 2014). Beramings van die potensiële vlakke van die individuele produksiefaktore – fisiese kapitaal, mensekapitaal (arbeid) en totale faktorproduktiwiteit (TFP) – word dan bymekaargetel om die totale potensiële produksie te bepaal.

By hierdie benadering moet aannames omtrent "normale" kapasiteitsbenutting, die "natuurlike" werkloosheidskoers en "normale" produktiwiteit gemaak word (Álvarez & Gómez-Loscos, 2018). Die beraming van die "natuurlike" of "normale" vlakke van produksiefaktore is egter sensitief vir die navorser se aannames. 'n Onderskatting van die NAIRU deur 'n te lae natuurlike werkloosheidskoers aan te neem, sal 'n struktureel hoër skatting van potensiële indiensneming, en gevolglik van die potensiële produksie, tot gevolg hê (Arsov & Watson, 2019). Twyfelagtige beramings of uiteenlopende maatstawwe van "normale" kapitaal en "potensiële" indiensneming trek dan die betroubaarheid van die beramings van die potensiële produksie in twyfel. Daar bestaan ook nie eenstemmigheid oor die PF-model se funksionele vorm en aannames van volmaakte mededinging en konstante skaalopbrengste nie, wat tot uiteenlopende resultate kan lei (Steenkamp, 2018). Laastens word die "potensiële" vlakke van produksiefaktore dikwels bepaal deur gebruik te maak van eenveranderlike statistiese filters soos die HP-filter. Hierdie beramings is dan self vatbaar vir die eindpuntprobleem.

### *2.2.3 MVHP-filter*

Semistrukturele modelle kombineer die doeltreffendheid van suiwer statistiese metodes met ekonomiese teorie (Anvari *et al*., 2014; Álvarez & Gómez-Loscos, 2018). Die algemene benadering is om potensiële produksie as 'n niewaargenome stochastiese proses voor te stel, en dan 'n ekonomiese definisie of interpretasie aan die produksieafwykings van hierdie tendens te gee (dit wil sê die produksiegaping). Dit kan gedoen word deur produksie te koppel aan byvoorbeeld werkloosheid of inflasie, gebaseer op teoretiese verhoudings tussen produksie en die gekose veranderlikes, en deur dan werklike waarnemings van hierdie data te gebruik om die produksiegaping af te lei. Hierdie verhoudings kan dus bewegings in die produksiegaping kondisioneer of beperk om 'n meer ekonomiese interpretasie te bied as met 'n eenveranderlike benadering. 'n Verskeidenheid van strukturele beperkings kan dan benut word om die inligting wat in die beraming van die produksiegaping gebruik word, uit te brei (Álvarez & Gómez-Loscos, 2018:840).

Borio *et al*. (2017) se invloedryke artikel stel 'n benadering met 'n eenvoudige meerveranderlike (MV) filter voor, gebaseer op onder andere Laxton en Tetlow (1992) en Beněs *et al*. (2010). Die standaard-HP-filter word met strukturele ekonomiese verhoudings uitgebrei, en die gevolglike stelsel word deur 'n Kalman-filter en Bayesiaanse tegnieke opgelos. Hierdie benadering het die voordeel dat die HP-filter maklik berekenbaar is, terwyl dit toelaat dat strukturele ekonomiese verhoudings tot 'n ekonomies meer akkurate beraming van potensiële produksie bydra.

Borio *et al*. (2017:656) voer verder aan dat finansiële ontwikkelinge inligting bevat oor die sikliese komponent van produksie. Hierdie benadering neem dus aan dat finansiële ontwikkelinge inherent siklies is, en dat versuim om hierdie faktore in ag te neem sal veroorsaak dat die uitwerking van finansiële ontwikkelinge op produksie verkeerdelik aan potensiële produksie toegeskryf word, eerder as aan werklike produksie. Dit sal lei tot 'n oorskatting van

potensiaal en ’n onderskatting van die gaping. Deur die uitwerking van finansiële faktore op die sikliese variasies in produksie te isoleer, kan ’n “finansieel neutrale” beraming van die produksiegaping afgelei word (Borio *et al*., 2017).

In ’n breë konteks voer hierdie benadering aan dat beramings van potensiële produksie tydelike skokke na werklike produksie moet uitfiltreer, met inbegrip van byvoorbeeld die finansiële siklus (Borio *et al*., 2017) of kommoditeitspryse (Botha & Schaling, 2020). Hierdie benadering kan veralgemeen word ten einde die inligtingsinhoud van waarneembare veranderlikes wat saam met die sakesiklus beweeg te benut (Melolinna & Tóth, 2016), wat die navorser in staat stel om die uitwerking van strukturele teenoor sikliese invloede op produksie te isoleer (Kemp, 2015:550).

## 3. Suid-Afrikaanse monetêre beleid

### *3.1 Die produksiegaping en monetêre beleid*

Die SARB se kwartaallikse projeksiemodel (KPM) word gebruik om ekonomiese groei en inflasie te voorspel (SARB, 2017) en maak ’n belangrike deel van die SARB se stel makro-ekonomiese modelle uit (Botha *et al*., 2017; De Jager, Johnston & Steinbach, 2015). Die ekonomie is in die KPM in ewewig wanneer produksie by potensiaal is en inflasie by sy teiken (SARB, 2017:4), dit wil sê wanneer die produksiegaping en die inflasiegaping beide gelyk aan nul is. Ekonomiese skokke skep ’n wanbalans deur hierdie gapings te vergroot. Gevolglik stel die KPM beleidsaksies voor om hierdie gapings te sluit en makro-ekonomiese ewewig te herstel.

Die KPM se monetêrebeleidsreaksiefunksie (MBRF) neem die vorm van ’n Taylor-reël[3] vir monetêre beleid aan, waardeur die repokoers aangepas word op grond van hoe ver verwagte inflasie van die teiken af is (die inflasiegaping) en hoe ver groei van die potensiaal is (die produksiegaping) (SARB, 2017:6). Die presiese Taylor-reël is die volgende (Botha *et al*., 2017; SARB, 2017):

$$i_t = \rho^{\alpha} i_{t-1} + (1-\rho^{\alpha})\left\{i_t^* + \phi^{\pi}\left[\frac{1}{3}(E\pi_{t+3} + E\pi_{t+4} + E\pi_{t+5}) - \pi^*\right] + \phi^{y}(y_t - \bar{y}_t)\right\} \qquad 3.1$$

Die nominale repokoers $i_t$ is ’n funksie van die vorige repokoers $i_{t-1}$, die neutrale nominale rentekoers $i_{t-1}$, die verwagte inflasiegaping $\frac{1}{3}(E\pi_{t+3} + E\pi_{t+4} + E\pi_{t+5}) - \pi^*$,[4] en die produksiegaping $(y_t - \bar{y}_t)$. Die inflasiegaping is die afwyking tussen die geweegde gemiddelde verwagte inflasiekoerse en die inflasieteiken $\pi^*$, terwyl die produksiegaping die verskil tussen werklike $(y_t)$ en potensiële $(\bar{y}_t)$ produksie is. $\phi^{\pi} = 1{,}57$ en $\phi^{\pi} = 1{,}57$ verteenwoordig die gewigte op onderskeidelik die inflasiegaping en produksiegaping. $\rho^{\alpha} = 0{,}79$ is ’n parameter wat dien om oormatig skerp rentekoersaanpassings in reaksie op afwykings in die inflasie- en produksiegapings te voorkom.

---

3 Hierdie reël is na die Amerikaanse ekonoom John Taylor vernoem, na aanleiding van sy invloedryke 1993-artikel. Die Taylor-beginsel stel in die algemeen voor dat enige sentrale bank se beleidskoers ’n funksie van inflasie en ekonomiese groei behoort te wees.

4 In 2000 het Suid-Afrika ’n formele inflasieteiken as monetêrebeleidsraamwerk aangeneem, waarvolgens die SARB die taak het om die inflasiekoers binne ’n teikenband van 3–6% te handhaaf. Vir doeleindes van die KPM word die middelpunt van hierdie reeks toegewys aan die inflasieteiken, met ander woorde $\pi^* = 4{,}5\%$ in vergelyking 3.1 (SARB, 2017; Botha *et al*., 2017).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

Die twee vereistes vir makro-ekonomiese ewewig wat hier bo genoem is – geslote produksie- en inflasiegapings (SARB, 2017) – klop direk met hierdie Taylor-reël. ’n Afwyking van óf produksie vanaf die potensiaal óf verwagte inflasie vanaf die inflasieteiken sou ’n verandering in die beleidstandpunt tot gevolg hê. ’n Positiewe produksiegaping kan byvoorbeeld op ’n oorverhitte ekonomie dui waarin inflasiedruk ontstaan as gevolg van oormatige vraagdruk. Dit sou ’n strenger beleidsbenadering teweegbring deur ’n verhoging in die repokoers. Soortgelyk, indien die verwagte inflasie oor die mediumtermyn die inflasieteiken oorskry, sal ’n strenger beleidsbenadering vereis word om die inflasiedruk teen te werk. Deur die klassieke monetêre oordragmeganismes (Boivin, Kiley & Mishkin, 2010) vertraag ’n hoër repokoers die uitbreiding van krediet en lenings, wat uiteindelik die vermindering van verbruiksuitgawes en investeringsbedrywighede tot gevolg het en so die produksie- en inflasiegapings sluit.

Soos hier bo bespreek, is dit egter nie altyd duidelik of ’n verandering in die produksiegaping gedryf word deur ’n skuif in vraag of ’n skuif in aanbod nie, en of hierdie bewegings permanent of tydelik is nie. Bowendien het monetêre beleid ’n heelwat kleiner invloed op die totale aanbod as op die totale vraag: Monetêre beleid kan in ’n mate die totale vraag beïnvloed, hoofsaaklik deur die koste van krediet aan te pas, maar het relatief min invloed op aanbodsfaktore soos mensekapitaal en produktiwiteit. Alhoewel die koste van kapitaal deur monetêre beleid beïnvloed kan word, is die skakel slegs doeltreffend solank investeringsbesluite nie deur ander faktore beïnvloed word nie, en in soverre die beleidskoers na langtermynkoerse oorgedra word. ’n Steiler opbrengskromme (“yield curve”) of ontkoppeling van kort- en langtermynkoerse verswak die uitwerking van monetêre beleid op die aanbodkant verder. Omdat veranderinge aan die produksiegaping deur beweging aan sowel die aanbod- as die vraagkant veroorsaak kan word, word dit nog belangriker om die aandrywers van die produksiegaping op enige gegewe oomblik korrek te diagnoseer. Laastens moet daar ook erken word dat, hoewel die Taylor-reël as ’n riglyn vir monetêre beleid dien, werklike monetêrebeleidsbesluite nie op ’n meganiese Taylor-reël gebaseer word nie (Botha & Schaling, 2020:20). Ander faktore, insluitende globale faktore en onsekerheid rakende die inflasievoorspelling en produksiegapingberamings, word ook oorweeg.

### *3.2 Suid-Afrikaanse akademiese literatuur*

Benewens die internasionale literatuur bestaan daar ’n omvattende Suid-Afrikaanse korpus van akademiese literatuur (opgesom in Tabel 1) oor die beraming van die plaaslike produksiegaping en potensiële ekonomiese groei. Alhoewel die PF-benadering in die vroeëre jare gewild was, het latere studies (sedert 2014) bykans uitsluitlik op die MVHP-raamwerk staatgemaak. In vergelykbare steekproewe het die PF-benadering dikwels hoër beramings van potensiële produksie opgelewer (sien ook Klein, 2011), wat moontlik daaraan toegeskryf kan word dat dit ’n probleem is om ’n akkurate, stabiele maatstaf vir die NAIRU in Suid-Afrika te bepaal (Du Toit, Ground & Van Eyden, 2006).

### *3.3 Ontwikkeling van die SARB se beramingsparadigmas*

Die SARB se benadering tot die beraming van potensiële produksie het saam met die empiriese literatuur ontwikkel. Alhoewel die produksiegaping ’n kenmerk van die SARB se monetêrebeleidsmodelle sedert die vroeë 2000’s was, is sy eerste produksiegapingberamings eers in 2013 gepubliseer. Daarna is aanpassings aan die beramingsbenadering in 2014 en 2018 gepubliseer. Gedurende hierdie tydperk het die SARB se metodologie ontwikkel uit die PF-

**TABEL 1:** Suid-Afrikaanse literatuur

| **Outeur(s)** | **Benadering** | **Potensiële groeikoers** | **Steekproef** |
|---|---|---|---|
| Du Toit et al. (2006) | PF | 3% | 1971–2003 |
| Du Plessis et al. (2008) | SVAR | 2,9% | 2004–2008 |
| Ehlers et al. (2013)† | HP, PF, MVHP | 3,9%<br>2,9% | 2000–2007<br>2009–2011 |
| Anvari et al. (2014)† | MVHP | 3,5%<br>3,0% | 2000–2008<br>2009–2014 |
| Kemp (2015) | MVHP | 3,6%<br>2,6% | 2001–2007<br>2009–2014 |
| Kemp en Smit (2016) | MVHP | 3,2%<br>2,2% | 1994–2007<br>2011–2014 |
| Fedderke en Mengisteab (2017) | verskeie‡ | 3,5–3,8%<br>2,0–2,4% | 2005–2010<br>2010–2015 |
| Botha et al. (2018)† | MVHP | 2,1% | 2008–2016 |
| Steenkamp (2018) | PF | 2,6% | 2001–2017 |
| Botha en Schaling (2020) | MVHP | nie bereken | 1972–2019 |

† verteenwoordig die SARB se amptelike benaderings (sien 3.3). ‡ Fedderke en Mengisteab (2017) het 'n reeks potensiële groeikoerse beraam deur van 'n verskeidenheid van statistiese filters gebruik te maak.

benadering, wat die oorheersende paradigma in die vroeë 2000's was, na 'n aggregasiemodel (wat 'n geweegde gemiddelde van verskeie statistiese en strukturele beramings bereken), na 'n meerveranderlike semistrukturele benadering. Die SARB het in 2014 'n "finansieel neutrale" MVHP-model aanvaar, wat in 2018 uitgebrei is sodat dit kortdurende aanbodskokke akkurater kan weergee.

Wêreldwyd onderskryf heelparty sentrale banke, insluitende die Fed (Mishkin, 2007), die Reserwebank van Nieu-Seeland (Lienert & Gillmore, 2015), die Bank van Kanada en die Bank van Japan (Arsov & Watson, 2019) die PF-benadering. Hierdie sentrale banke het egter die voordeel van diep en omvattende datastelle en relatief lae en stabiele werkloosheidskoerse; dit kan sommige van die probleme van die PF-benadering wat hier bo genoem is, versag. Die MVHP-filter word hoog aangeskryf deur internasionale finansiële instellings soos die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) (Beněs *et al*., 2010; Alichi, 2015; Blagrave *et al*., 2015) en die Bank vir Internasionale Verrekeninge (BIS: Bank for International Settlements) (Borio *et al*., 2013; Borio *et al*., 2014; Alberola *et al*., 2016; Borio *et al*., 2017), en word deur sentrale banke soos die Bank van Engeland (Melolinna & Tóth, 2016) en die SARB (Botha *et al*., 2018) gebruik.

Aan die hand van die empiriese literatuur is dit duidelik dat die MVHP-filter die beste benadering vir die Suid-Afrikaanse ekonomie is. Die HP-filter was geskik in 'n era van relatiewe dataskaarste, en dit bly 'n waardevolle maatstaf. Vooruitgang in rekenaarvermoë en die kwaliteit


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4


en rykdom van data maak egter nou veel ryker meerveranderlike tegnieke moontlik. Die vernaamste voordeel van die MVHP-filter is dat dit potensiële produksie in ’n nie-inflasionêre definisie kan anker. In teenstelling met die PF-benadering is die MVHP-filter minder beperkend omdat dit nie spesifieke verhoudings aan die data oplê nie; deur Bayesiaanse tegnieke te gebruik, laat dit eerder die data aandui watter verwantskappe statisties beduidend is al dan nie. Hierdie eienskap maak die MVHP-filter minder vatbaar vir spesifikasiefoute, en bied meer buigsaamheid om die dinamika van ekonomiese stelsels vas te vang. Die benadering maak gebruik van ’n kombinasie van ekonomiese teorie en statistiese nougesetheid, en handhaaf ’n balans tussen kompleksiteit en berekenbaarheid vir die raming van potensiële produksie.

## 4. Toepassing en bespreking

### *4.1 Ekonomiese groei en die produksiegaping*

Figuur 2 toon groeikoerse in reële BBP en potensiële produksie teenoor die produksiegaping. Sowel werklike as potensiële groei was gedurende die vroeë 2000’s sterk, wat ’n nóú, byna neutrale, produksiegaping tot gevolg gehad het. Werklike groei wat potensiële groei oortref het, het druk op die produksiegaping begin plaas, en die produksiegaping het gevolglik tussen 2006 en 2008 merkbaar verbreed.

Die wêreldwye finansiële krisis het in 2009 ’n skerp ekonomiese inkrimping veroorsaak. Die onrustigheid op internasionale finansiële markte het daartoe bygedra dat die Suid-Afrikaanse ekonomie teen ’n negatiewe tempo gegroei het. Potensiële groei het ook aansienlik verlangsaam, wat ’n beduidende vernouing in die produksiegaping tot gevolg gehad het.




***Figuur 2:*** *Ekonomiese groei en die produksiegaping (2001–2022)*
(Bron: SARB)

Alhoewel groei in 2010 en 2011 gedeeltelik herstel het, het die ekonomie in die volgende dekade gestagneer. Nadat die ekonomie tussen 2001 en 2008 teen ’n gemiddelde tempo van meer as 4% gegroei het, het ekonomiese groei van 2010 tot 2019 ’n skamele gemiddelde van slegs 1,73% per jaar gehandhaaf. Die produksiegaping was sedert 2009 chronies negatief en slegs sporadies en kortstondig positief. Daar was beduidende investering in infrastruktuur in die aanloop tot die 2010-FIFA-sokkerwêreldbekertoernooi, wat in Suid-Afrika aangebied is, maar dit het daarna byna opgedroog. Investering in infrastruktuur deur die openbare sektor het in die finansiële jaar 2009/10 ’n hoogtepunt van meer as 8% van BBP bereik, maar het in die loop van die volgende dekade afgeneem (South African National Treasury, 2020). Potensiële groei het van 3,3% in 2010 tot slegs 0,3% in 2019 gedaal (Figuur 2), bes moontlik vanweë voortdurende beurtkrag, swak munisipale prestasie en bestuur, en onsekerheid oor ekonomiese beleid wat investering in die ekonomie se produktiewe kapasiteit verder beperk het. Hierdie resultate stem ooreen met vorige empiriese studies (sien Tabel 1), wat almal op ’n kommerwekkende patroon van ’n voortdurende afname in die tempo van potensiële groei sedert 2009/2010 wys.


Die COVID-19-skok was ’n gelyktydige negatiewe aanbod-en-vraagskok, en het in 2020 groot skade aan ’n kwesbare ekonomie aangerig. Kapitaal en arbeid is (tydelik) aan ekonomiese aktiwiteit onttrek as gevolg van inperkingsmaatreëls wat deur regerings ingestel is om die verspreiding van die Corona-virus te beperk, terwyl dalende inkomstes weens die sluiting van ondernemings en laer indiensname die vraag na goedere en dienste verminder het (SARB, 2021). Die inperkingsmaatreëls het massas werkers verhinder om hul arbeid tot produksieprosesse by te dra, wat produksiekapasiteit geknou het. Terselfdertyd was baie maatskappye en winkels oor die goedere- en die dienstesektor heen nie in staat om handel te dryf of sake te doen nie. Dit het aanleiding gegee tot ’n groot verlaging in die totale vraag, wat ’n massiewe inkrimping in die totale ekonomiese aktiwiteit tot gevolg gehad het. Reële BBP het tussen die eerste en die tweede kwartaal van 2020 met byna 17% gekrimp, terwyl die inflasiekoers in Mei 2020 tot 2,1% gedaal het.

Die SARB het ’n massiewe negatiewe produksiegaping van 7,9% vir die tweede kwartaal van 2020 beraam (Figuur 2), toe Suid-Afrika aan sy strengste Vlak-5-inperking onderworpe was. Potensiële produksie het skerp afgeneem, maar werklike BBP het selfs verder afgeneem, wat tot ’n enorme negatiewe produksiegaping gelei het. Potensiële produksie het in 2020 met altesaam 2,7% gekrimp, maar het toe in 2021 weer met 2,8% gegroei. Reële BBP het in 2020 met altesaam 6,2% gekrimp, maar het in 2021 tot ’n groeikoers van 4,6% herstel. Ten spyte van die 2021-sprong, was die ekonomiese herstel nietemin stadig en van korte duur. Reële BBP het eers teen die eerste kwartaal van 2022 na sy vóór-COVID-vlakke teruggekeer en toon sedertdien amper geen groei nie, terwyl die produksiegaping steeds knaend negatief bly. Dit kan toegeskryf word aan die COVID-19-skok, wat strukturele ekonomiese swakhede wat sedert 2009/2010 bestaan het vererger het, terwyl hierdie swakhede voortduur selfs nadat die COVID-19-skok vervaag het.

### *4.2 Die Suid-Afrikaanse monetêrebeleidstandpunt sedert 2001*

#### *4.2.1 Die produksiegaping en inflasie*

Figuur 3 illustreer die produksiegapingberamings tussen die SARB se “ou” 2017-beramings en die “nuwe” 2022-beramings, relatief tot die inflasie- en die repokoers. Die verskille tussen die SARB se “ou” en “nuwe” beramings bevestig dat beleidsaksies wat een oomblik heeltemal




***Figuur 3:*** *Die repokoers, inflasie en hersienings van die produksiegaping*
Nota: SARB (2017) en SARB (2022) verteenwoordig die SARB se produksiegapingberamings aan onderskeidelik die einde van 2017 en 2022. Beide beramings gebruik die MVHP-filter, en die verskil tussen die twee toon die uitwerking van nuwe en/of hersiene data. (Bron: SARB)

redelik en toepaslik lyk, dalk onvanpas kan blyk te wees wanneer nuwe data beskikbaar raak of beramings verander (Kemp, 2015:554).

*Rand-skok (2002–2003)*

Gedurende die vroeë 2000's het dalende inflasie, en die oortuiging op daardie tydstip dat die produksiegaping negatief was, waarskynlik bygedra tot 'n relatief akkommoderende monetêre beleid, soos blyk uit die skerp daling in die repokoers tussen Mei en September 2001.[5] Agterna (die 2022-beramings) het dit egter geblyk dat die produksiegaping gedurende hierdie tyd in werklikheid positief was. Toe die rand aan die einde van 2001 skerp gedepresieer het, het 'n dramatiese toename in inflasie gevolg, en wel tot 'n hoogtepunt van 13% in Oktober 2002. Monetêre beleid het vinnig gereageer om die hoë inflasie die hoof te bied, en die repokoers is tussen Desember 2001 en September 2002 van 9,5% tot 13,5% verhoog. Alhoewel inflasie gou na die inflasieteikenband van 3–6% teruggekeer het, het dit verby die onderste grens van die teikenband geval, wat 'n aanduiding kan wees dat die monetêre inkrimping destyds té beperkend was.

Ekonomiese groei het terselfdertyd afgeneem, wat 'n daling in die produksiegaping tot gevolg gehad het. 'n Voortdurend negatiewe produksiegaping, wat op daardie tydstip onder die "ou" model waargeneem is, het op trae ekonomiese prestasie gedui en sou normaalweg 'n verslapping van monetêre beleid tot gevolg hê om besteding in die ekonomie te probeer

5 Die repokoers het inderwaarheid reeds in Oktober 1998 vanaf 'n hoogtepunt van 22% begin daal.

stimuleer. Die produksiegaping is egter slegs een inset tot die MBRF, en dra ’n veel laer gewig as die inflasievooruitskatting (vergelyking 3.1). Daarom het die SARB met skerp rentekoersverhogings op die hoë inflasie wat uit die 2002/2003-randkrisis voortgespruit het gereageer, ten spyte van ’n produksiegaping wat op daardie tydstip negatief vertoon het.

*Wêreldwye finansiële krisis (2008–2010)*

Die aanloop tot die wêreldwye finansiële krisis het gepaardgegaan met sterk ekonomiese groei (2005–2008, in Figuur 2), ’n positiewe produksiegaping en stygende inflasie. Dit het ’n streng standpunt in monetêre beleid tot gevolg gehad, en die repokoers is van 7% in Mei 2006 tot ’n hoogtepunt van 12% in Junie 2008 verhoog. Die ekonomiese ineenstorting ná die krisis het ’n skerp afname in die repokoers tot gevolg gehad; die repokoers is tussen November 2008 en Augustus 2009 kumulatief met 500 basispunte verlaag in ’n poging om die ekonomie in die nadraai van die krisis te ondersteun. Inflasie het na die teikenband teruggekeer, terwyl die produksiegaping negatief geword het. Swak ekonomiese groei en gematigde inflasie het die SARB in staat gestel om van 2010 tot 2015 ’n relatief akkommoderende beleidstandpunt te handhaaf, soos afgelei uit die relatief lae en bestendige repokoers oor hierdie tydperk.

Terselfdertyd is ’n negatiewe produksiegaping vir 2012 tot 2017 beraam, wat *ceteris paribus* dalk ’n selfs meer akkommoderende standpunt oor monetêre beleid teweeg sou kon bring. Inflasie het egter in 2010 begin versnel, maar dit het nie gepaardgegaan met ’n repokoersverhoging nie, moontlik omdat die SARB nie verdere druk op ’n swak presterende ekonomie wou plaas nie. Die feit dat inflasie in 2014, en weer in 2016 tot 2017, die boonste grens van sy teikenband oorskry het, tesame met die feit dat die produksiegaping vir dieselfde tydperk uiteindelik *minder* negatief was as wat op daardie tydstip beraam is (vergelyk die kleiner negatiewe gaping tussen 2011 en 2017 soos afgelei uit die 2022-beraming relatief tot die 2017-beraming), suggereer dat monetêre beleid dalk nie streng genoeg was nie; met ander woorde, die repokoersverhogingsiklus tussen 2014 en 2016 was nie heeltemal aggressief genoeg nie. Daar kan aangevoer word dat die SARB se pogings om ’n swak ekonomie te ondersteun – wat agterna geblyk het nie só swak was as wat op daardie tydstip beraam is nie – daartoe bygedra het dat inflasie kortstondig in 2014 en 2016 die boperk van die teikenband oorskry het.

*COVID-19-skok (2020)*

Die impak van die COVID-19-skok op die ekonomie was enorm. In reaksie op die pandemie het die Nasionale Tesourie in April 2020 ’n stimuluspakket van R500 miljard aangekondig, wat ’n buitengewone gesondheidsbegroting, verhoogde maatskaplikewelsynsvoordele, belastingverligting en ondersteuning aan sekere maatskappye en werkers ingesluit het, asook ’n leningswaarborgskema van R200 miljard wat deur ’n spesiale fasiliteit van die SARB beskikbaar gestel is. Bo en behalwe die fasilitering van die leningswaarborgskema het die SARB op drie ander maniere op die krisis gereageer. Die repokoers is tussen Desember 2019 en Julie 2020 kumulatief met 300 basispunte verlaag. Die SARB het ook aangekondig dat hy finansiële markte sou ondersteun en likiditeit sou voorsien deur staatseffekte in die sekondêre mark aan te koop. Laastens is die vereiste likiditeitsdekkingskoers en kapitaalbuffers verslap om die plaaslike banksektor se likiditeit te verseker. Die gesamentlike fiskale en monetêre stimulus was meer as R800 miljard werd, wat ’n totale stimulus van ongeveer 15% van nominale BBP verteenwoordig het.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

Ten spyte van hierdie drastiese stappe het Suid-Afrika se reële BBP tussen die eerste en tweede kwartaal van 2020 met sowat 17% gekrimp. Uiteindelik het die ekonomie in 2020 met altesaam 6,2% ingekrimp (Figuur 2) en het inflasie verlangsaam tot 3,3%. Die repokoers het skerp afgeneem in ’n poging om die ineenstorting in ekonomiese aktiwiteit te stuit. Alhoewel die SARB se verreikende monetêre ondersteuning daarin geslaag het om finansiële markte te stabiliseer, was die uitwerking daarvan op ekonomiese aktiwiteit matig. Dit is nie verrassend nie, omdat streng inperkingsregulasies ’n beduidende hoeveelheid ekonomiese bedrywigheid aan bande gelê het, ongeag die uiters akkommoderende en ondersteunende monetêrebeleids-benadering.

### *4.2.2 Monetêre beleid en ekonomiese prestasie*

Inflasie het vanaf 2011 merkbaar gestabiliseer (Figuur 3). Dit verteenwoordig ’n beduidende verbetering op die hoë inflasie van die 1970’s en 1980’s en die wisselvallige en onvoorspelbare inflasie van die 1990’s en vroeë 2000’s. Dit bevestig dat inflasieverwagtinge skynbaar rondom die boonste 6%-vlak van die inflasieteikenband gestabiliseer het (BER, 2022), wat dui op verbeterde geloofwaardigheid van monetêre beleid, wat op sy beurt bygedra het tot ’n meer stabiele repokoers.

Nietemin het sowel werklike as potensiële groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert 2008 voortdurend afgeneem (Figuur 2), wat bydra tot ’n volgehoue negatiewe produksiegaping. Die SARB noem laer kapitaalvorming en swakker produktiwiteitsgroei as faktore onderliggend aan hierdie vertraging (2017:23), wat vererger word deur hoë huishoudelike skuldvlakke, dalende investering as gevolg van beleidsonsekerheid en voortdurende elektrisiteitstekorte.

Hierdie probleme kan nie deur selfs hiperakkommoderende monetêre beleid opgelos word nie. Rentekoersbeleid is ontwerp om die ekonomie se vraagkant te beïnvloed, terwyl lae rente-koerse op die kort termyn min uitwerking op produksie het. Op die lang termyn kan die sentrale bank help om ’n omgewing van prysstabiliteit en lae inflasieverwagtinge te skep. Prysstabiliteit is ’n nodige, maar nie in sigself voldoende, voorwaarde vir volhoubare ekonomiese groei, en die SARB het danksy versigtige en konserwatiewe monetêre beleid skynbaar daarin geslaag om sodanige stabiliteit te verseker. Omdat die Suid-Afrikaanse ekonomie egter ’n klein vraagkantprobleem maar ’n groot aanbodkantprobleem het (SARB, 2017:24), kan monetêre beleid op sy eie nie plaaslike produksie en produktiwiteit aanvuur nie, en kan die SARB nie alleen die knaende swak ekonomiese prestasie hokslaan nie.

## 5. Gevolgtrekkings

Hierdie artikel ontleed die rol van die produksiegaping in Suid-Afrikaanse monetêre beleid. Dit verduidelik hoe die produksiegaping gedefinieer en gemeet kan word, en hoe die produksiegaping die standpunt oor monetêre beleid kan beïnvloed. Die produksiegaping word uit beramings van potensiële produksie afgelei. Die drie belangrikste paradigmas wat in die empiriese literatuur gebruik word om potensiële produksie te beraam – die eenveranderlike HP-filter, die strukturele PF-model en die semistrukturele MVHP-filter – is geëvalueer. Die ontwikkeling van die SARB se beramingsbenadering is ook bespreek, en daar is aangevoer dat die SARB se huidige MVHP-model die mees geskikte benadering is vir die plaaslike beraming van die produksiegaping.

Hierdie artikel toon verder aan hoe werklike én potensiële ekonomiese groei oor die afgelope 15 jaar in Suid-Afrika afgeplat het, selfs nog voordat die COVID-19-skok die


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

wêreldekonomie getref het. Dit is in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse empiriese literatuur, en dui op ’n kommerwekkende stagnering in plaaslike ekonomiese aktiwiteit. Ná sterk ekonomiese groei gedurende die vroeë 2000’s het groei in 2008 begin verlangsaam. Dit kan toegeskryf word aan verskeie faktore: die aanvang van beurtkrag in 2007, veranderinge in die globale ekonomiese landskap ná die wêreldwye finansiële krisis, die opdroog van infrastruktuurinvestering ná die 2010-FIFA-wêreldbekertoernooi, en plaaslike ekonomiese beleidsonsekerheid.

COVID-19 het in 2020 ’n enorme ekonomiese skok veroorsaak. Inperkingsregulasies het kapitaal en arbeid aan ekonomiese bedrywighede onttrek, wat gelei het tot inkrimpings in reële BBP en potensiële produksie van onderskeidelik 6,2% en 2,7% vir die jaar. Die produksiegaping, wat sedert 2009 hoofsaaklik negatief gebly het, het dramaties in die tweede kwartaal van 2020 vererger tot −7,9%. In reaksie op dié krisis het die SARB die repokoers drasties verlaag, saam met ander maniere van ondersteuning aan markte en die ekonomie, maar selfs die groot stimuluspakket was onvoldoende om ’n ekonomiese ineenstorting te voorkom. Verder bly die produksiegaping steeds negatief, ten spyte van ’n mate van ekonomiese herstel in 2021 en 2022, wat daarop dui dat die ekonomie op sy swak trajek van voor COVID-19 vasgepen bly.

Inflasie het sedert 2011 merkbaar gestabiliseer. Dit kan deels toegeskryf word aan swak plaaslike ekonomiese groei wat nie beduidende inflasiedruk veroorsaak nie. In werklikheid is baie van die noemenswaardige inflasie-episodes van die afgelope 25 jaar grootliks te wyte aan eksterne faktore, soos die rand-skok en die wêreldwye finansiële krisis. Die relatief gunstige plaaslike inflasie-omgewing het dit vir die SARB waarskynlik makliker gemaak om binne die inflasieteikenband van 3–6% te bly. Sodanige konsekwentheid het die SARB se geloofwaardigheid verbeter, wat op sy beurt gelei het tot laer en beter geankerde inflasieverwagtinge.

## BIBLIOGRAFIE


Alberola, E, Gondo, R, Lombardi, MJ & Urbina, D. 2016. Output gaps & policy stabilisation in Latin America: The effect of commodity & capital flow cycles. *BIS Working Paper* No. 568 (June).

Alichi, A. 2015. A new methodology for estimating the output gap in the United States. *IMF Working Paper* WP/15/144.

Álvarez, LJ & Gómez-Loscos, A. 2018. A menu on output gap estimation methods. *Journal of Policy Modeling*, 40(4):827-850.

Andersson, M, Szörfi, B, Tóth, M, & Zorell, N. 2018. Potential output in the post-crisis period. *ECB Economic Bulletin* 7.

Anvari, V, Ehlers, N, & Steinbach, R. 2014. A semi-structural approach to estimate South Africa’s potential output. *SARB Working Paper* WP/14/08.

Arsov, I & Watson, B. 2019. Potential growth in advanced economies. *Reserve Bank of Australia Research Bulletin*, December, 50-60. https://www.rba.gov.au/publications/bulletin/2019/dec/potential-growth-in-advanced-economies.html [6 Februarie 2024].

Basu, S & Fernald, JG. 2009. What do we know (and not know) about potential output? *Federal Reserve Bank of St. Louis Review*, July/August 4(91):187-213.

Beněs, J, Clinton, K, Garcia-Saltos, R, Johnson, M, Laxton, D, Manchev, PB & Matheson, T. 2010. Estimating potential output with a multivariate filter. *IMF Working Paper* WP/10/285.

BER. Sien Bureau for Economic Research.

Blagrave, P, Garcia-Saltos, R, Laxton, D, & Zhang, F. 2015. A simple multivariate filter for estimating potential output. *IMF Working Paper* WP/15/79.

Bodnár, K, Le Roux, J, Lopez-Garcia, P & Szörfi, B. 2020. The impact of COVID-19 on potential output in the Euro area. *ECB Economic Bulletin* 7.



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

Boivin, J, Kiley, MT & Mishkin, FS. 2010. How has the monetary transmission mechanism evolved over time? In *Handbook of Monetary Economics*, Elsevier: Volume 3, Chapter 8, pp. 369-422.

Borio, C, Disyatat, P & Juselius, M. 2013. Rethinking potential output: Embedding information about the financial cycle. *BIS Working Paper* No. 404 (February).

Borio, C, Disyatat, P & Juselius, M. 2014. A parsimonious approach to incorporating economic information in measures of potential output. *BIS Working Paper* No. 442 (February).

Borio, C, Disyatat, P & Juselius, M. 2017. Rethinking potential output: Embedding information about the financial cycle. *Oxford Economic Papers*, 69(3).

Botha, B, De Jager, S, Ruch, F & Steinbach, R. 2017. The Quarterly Projection Model of the SARB. *SARB Working Paper* WP/17/01.

Botha, B, Ruch, F & Steinbach, R. 2018. Short-lived supply shocks to potential growth. *SARB Working Paper* WP/18/02.

Botha, B & Schaling, E. 2020. Commodity prices & policy stabilisation in South Africa. *SARB Working Paper* WP/20/11.

Bureau for Economic Research (BER). 2022. Inflation expectations survey. https://www.ber.ac.za/BER%20Documents/Inflation-Expectations/?doctypeid=1065 [6 February 2024].

Burns, AF & Mitchell, WC. 1946. *Measuring business cycles*. New York: National Bureau of Economic Research.

Chen, J & Górnicka, L. 2020. Measuring output gap: Is it worth your time? *IMF Working Paper* WP/20/24.

Congdon, T. 2008. Two concepts of the output gap. *World Economics*, 9(1):147–175.

De Jager, S, Johnston, M & Steinbach, R. 2015. A revised Quarterly Projection Model for South Africa. *SARB Working Paper* WP/15/03.

Du Plessis, S, Smit, B & Sturzenegger, F. 2008. Identifying aggregate supply & demand shocks in South Africa. *Journal of African Economies*, 17(5):765-793.

Du Toit, CB, Ground, M & Van Eyden, R. 2006. Does South Africa have the potential & capacity to grow at 7 per cent?: A labour market perspective. *University of Pretoria Working Paper* 2006-03.

Edge, RM & Rudd, JB. 2016. Real-time properties of the Federal Reserve's output gap. *Review of Economics & Statistics*, 98(4):785-791.

Ehlers, N, Mboji, L & Smal, M. 2013. The pace of potential output growth in the South African economy. *SARB Working Paper* WP/13/01.

Fedderke, JW & Mengisteab, DK. 2017. Estimating South Africa's output gap & potential growth rate. *South African Journal of Economics*, 85(2):161-177.

Hodrick, RJ & Prescott, EC. 1997. Postwar US business cycles: An empirical investigation. *Journal of Money, Credit, & Banking*, 29(1):1-16.

Janse van Rensburg, T, Fowkes, D & Visser, E. 2019. What happened to the cycle? – Reflections on a perennial negative output gap. *SARB Economic Note* (2019-05).

Kemp, JH. 2015. Measuring potential output for the South African economy: Embedding information about the financial cycle. *South African Journal of Economics*, 83(4):549-568.

Kemp, JH & Smit, B. 2016. Estimating & explaining changes in potential growth in South Africa. *Studies in Economics & Econometrics*, 40(3):21-38.

Klein, N. 2011. *Measuring the potential output of South Africa.* Washington, D.C.: IMF.

Laxton, D & Tetlow, R. 1992. A simple multivariate filter for the measurement of potential output. *Bank of Canada Technical Report* No. 59.

Lienert, A & Gillmore, D. 2015. The Reserve Bank's method of estimating "potential output". *Reserve Bank of New Zealand Analytical Note* AN2015/01.

Melolinna, M & Tóth, M. 2016. Output gaps, inflation & financial cycles in the United Kingdom. *Bank of England Staff Working Paper* No. 585.

Mishkin, FS. 2007. Estimating potential output. In: Conference on Price Measurement for Monetary Policy, Federal Reserve Bank of Dallas, Dallas, Texas, May 24, 2007. https://www.federalreserve.gov/newsevents/speech/mishkin20070524a.htm [6 February 2024].

Nelson, CR & Plosser, CR. 1982. Trends & random walks in macroeconomic time series: Some evidence & implications. *Journal of Monetary Economics*, 10(2):139-162.

Okun, AM. 1962. Potential GNP: Its measurement & significance. In *Proceedings of the Business & Economic Statistics Section*. Minneapolis, Minn.: American Statistical Association, pp. 98-104.

Okun, AM. 1970. *The political economy of prosperity*. Washington, DC: Brookings Institution.

Orphanides, A & Van Norden, S. 2002. The unreliability of output-gap estimates in real time. *Review of Economics & Statistics* 84(4):569-583.

Republic of South Africa. 1996. The Constitution of the Republic of South Africa. https://www.justice.gov.za/legislation/constitution/saconstitution-web-eng.pdf [6 February 2024].

SARB. 2017. Monetary Policy Review (October 2017). Pretoria: SARB. https://www.resbank.co.za/content/dam/sarb/publications/reviews/monetary-policy-review/2017/8017/MPROctober2017.pdf [6 February 2024].

SARB. 2021. Monetary Policy Review (April 2021). Pretoria: SARB. https://www.resbank.co.za/content/dam/sarb/publications/monetary-policy-review/2021/MPRApr21Internet.pdf [6 February 2024].

Scacciavillani, F & Swagel, P. 1999. *Measures of potential output: an application to Israel*. Washington, D.C.: IMF.

Smit, B & Burrows, L-R. 2002. Estimating potential output & output gaps for the South African economy. *Stellenbosch Economic Working Paper* No. 5/2002.

South African National Treasury. 2020. Budget Review – 2020. https://www.treasury.gov.za/documents/national%20budget/2020/review/annexure%20d.pdf [6 February 2024].

Steenkamp, D. 2018. Productivity estimates for South Africa from CES production functions. *SARB Working Paper* WP/18/05.

Taylor, JB. 1993. Discretion versus policy rules in practice. In *Carnegie-Rochester Conference Series on Public Policy*, 39(1993):195-214. North-Holland.

Vetlov, I, Pisani, M, Hlédik, T, Jonsson, M, & Kucsera, H. 2011. Potential output in DSGE models. *ECB Working Paper* No. 1351 (June).



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a4

# ’n Besigheidskool-gevallestudie: Die akademiese prestasie van MBA-Bemarkingsbestuurstudente tydens volledige kontak-, virtuele en gemengde klasse

***A business school case study: The academic performance of MBA Marketing management students’ academic performance during full contact, full online and hybrid classes***

**Christo Bisschoff**
Besigheidskool
Noodwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: Christo.Bisschoff@nwu.ac.za



Christo Bisschoff

**Christo Bisschoff** het sy loopbaan as landbou-ekonoom aan die destydse Noordwes Koöperasie begin waarna hy as dosent in Ondernemingsbestuur by die Universiteit van Pretoria aansluit. Hy studeer deeltyds en behaal die grade MCom (1990) en DCom (1992) aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy spesialiteitsvelde is Bemarkings- en Landboubestuur. Christo fokus later op handelsmerkstrategie, bestuursetiek en doen verder steeds navorsing oor sy gunstelingonderwerp, naamlik landboubestuur. Sy navorsing behels vergelykende studies wat hy saam met sy internasionale medewerker-netwerk doen en hy het reeds verskeie artikels in geakkrediteerde joernale gepubliseer en internasionale konferensies oor die wêreld heen toegespreek. Hy tree verder op as referent vir verskeie plaaslike en internasionale tydskrifte en was ook die voorsitter van die Internasionale Besigheidskonferensie. Hier tree hy steeds op as die redakteur van die konferensiebundel. Christo doseer Bemarkingsbestuur aan die Noordwes-Universiteit se NWU Besigheidskool op Potchefstroom.

**Christo Bisschoff** started his career as an agricultural economist at the North-West Cooperative, whereafter he joined the University of Pretoria as a lecturer in Business Management. He studied part-time at the University of South Africa and obtained the degrees MCom (1990) and DCom (1992), specialising in Marketing and Agricultural Business Management. Christo focuses his research on brand loyalty, business ethics and still researches his favourite topic, agricultural business management. He collaborates with his international network and also focuses on comparative inter-country research. He has published various articles in accredited journals, addressed audiences at international conferences, reviewed several accredited journals, and obtained an NRF research rating in 2020. He resigned as the chairman of the International Business Conference but still serves as editor to publish the conference proceedings. Christo lectures Marketing Management at the North-West University’s Business School in Potchefstroom.

**Datums:**
Ontvang: 2024-04-24 Goedgekeur: 2024-08-16 Gepubliseer: September 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a5

## ABSTRACT

***A business school case study: The academic performance of MBA Marketing management students' academic performance during full contact, full online and hybrid classes***

*The COVID-19 pandemic significantly transformed the tertiary education landscape. Traditional contact universities were forced abruptly to adopt a full-distance education mode, a situation neither the students nor lecturers were prepared for. Many lectures and teaching activities were developed* on the fly *as universities struggled to roll out the needed support in double-time for lecturers and students. This* new normal *for education required integrating technology, advanced communication software, revised assessment techniques, and recognising the need for flexible and adaptable approaches to teaching and learning. Students also evolved and gained technological proficiency, adaptability, time management, soft skills, social media proficiency, and an awareness of health and well-being. Albeit uncertain in redefining the* new normal*, universities continue to provide quality education. However, exactly how university education should be delivered to a new breed of students in a new business environment is a challenge. This is even more so in the case of executive MBA students.*

*After the hard lockdown and restrictions were lifted on 21 September 2020, the North-West University Business School started to explore other modes of academic content delivery. Reinstating a full contact delivery mode was not an option because of remaining restrictions. High technological investment, online-educated lecturers and students, and benefits and developments during online learning now form a* new normal *for the Business School. Which teaching method, or rather, which mode of delivery, is the most relevant and adequate? Should the MBA lectures return to the historic full-contact delivery mode, stick with the newly established full online mode, or attempt to integrate the benefits of both into a hybrid mode of delivering business education to a new breed of technology-savvy students?*

*This study, therefore, examines the academic performance of the different delivery modes by comparing data of Executive MBA Marketing management students at the NWU Business School in South Africa. The study examines the academic performance of these students from 2017 up to 2023.*

*The panel database consists of Executive MBA students' marks for the module in Marketing Management from 2017 up to 2023. The database contains marks for individual assignments, groupwork case studies, final individual- and groupwork marks, exam marks and the final module mark. The final assessment is a portfolio of evidence comprising a detailed marketing plan for a product, service, or organisation of choice. The mode of delivery served as the dependent variable, while the independent variables comprised the marks for each assignment (groupwork, individual and portfolio of evidence). Three delivery modes were compared, namely full-contact (2017–2019), full-online (2020–2021), and the post-pandemic hybrid mode currently in effect (2022–2023).*

*The data comprised 630 cases. However, the analysis of variance (ANOVA) used 532 cases to compare the different groupwork assignments (230 full-contact students, 159 full-online students, and 143 hybrid students). Cronbach's alpha coefficient measured the data's reliability, and one-way ANOVA determined significant differences ($p \leq .05$) between the academic performance of the three delivery modes. The analysis confirmed that significant differences exist between the modes of delivery for individual assignments, group case studies and exams ($p \leq .05$). The $Tukey_{a,b}$ post-hoc tests showed that students performed significantly better during the hybrid delivery mode in individual assignments (69.2%) than full contact (63.8%). Regarding the individual assignment, the full online (63.8%) and full contact (63.7%) delivery modes perform significantly worse than the hybrid (69.2%) delivery mode. Regarding*



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a5

*the first group case study (Group Assignment 1), full online performs (67.3%) significantly worse than hybrid (71.1%) and full contact (73.6%) delivery modes. There is no significant difference between the hybrid and full contact delivery modes. In the second, third, and fourth group case studies (Group Assignments 2, 3 & 4), the hybrid delivery mode (82.37%, 75.4%, 82.7%) outperforms the full contact (75.4, 80.1%, 86.6%) and full-online (71.4%, 71.4%, 67.8%) modes. The hybrid delivery mode, therefore, proves to be more conducive towards academic performance in group work. Finally, in considering the final module mark, the hybrid delivery mode (71.0%) is significantly higher than the other two delivery modes. However, there is no significant difference between full online (67.5%) and full-contact (67.2%) delivery modes regarding the final module mark. Nevertheless, it is noteworthy that the better performance in the final module marks is a function of the groupwork where the students analysed case studies together. There are no significant differences in the exam marks between the delivery modes, so better academic performance in the hybrid mode of delivery where groupwork is concerned culminates in the better module mark.*

*Based on the findings, it is evident that the hybrid mode of delivery results in the best academic performance. This observation is based on three reasons, namely 1) students performed better in both the normative and summative assessments during hybrid tuition; 2) there is continuous progressive learning throughout the semester regarding the group case studies (summative assessment). They learn to improve and hone their skills to analyse better and apply business solutions to real-life problems experienced by organisations. This is based on students' improving marks in the group case studies as they become more proficient in analysing and answering the applied case studies because they learn from each case study; and 3) the students perform better academically in their normative assessments and earn higher final module marks (partially due to reason 2).*

*It is concluded that the hybrid delivery mode facilitates the academic performance of post-pandemic executive MBA Marketing management students.*

**JEL kodes:** I23, I21, M30

**KEYWORDS:** delivery mode, part-time MBA, COVID, academic, performance, comparative, marks, longitudinal, online, normative, summative, assessment

**TREFWOORDE:** afleweringsmodus, deeltydse MBA, COVID-19, akademie, prestasie, vergelykend, punte, longitudinaal, aanlyn, normatief, summatief, assessering

## OPSOMMING

Hierdie sewe-jaar longitudinale opvoedingstudie evalueer drie akademiese afleweringsmodusse vir deeltydse MBA-studente in hul Bemarkingsbestuursmodule, naamlik vol kontak (2017–2019), vol aanlyn tydens COVID-19 se harde inperking (2020–2021 en die daaropvolgende gemengde modus (2022–2023). Die studie het ten doel om te bepaal of die afleweringsmodus studente se akademiese prestasie beduidend beïnvloed. Die eenrigting-variansie-analise (EVA) het beduidende verskille tussen die afleweringsmodusse vir individuele opdragte (normatiewe assessering) en groepgevallestudies (summatiewe assessering) geïdentifiseer. Daar was ook betekenisvolle verskille tussen die akademiese prestasie ten opsigte van die finale saamgestelde portefeulje van kennis (wat as eksamen dien). Hierdie portefeulje bestaan uit 'n prakties-toegepaste bemarkingsplan. Die post-hoc toetse het getoon dat studente aansienlik beter gevaar het tydens die gemengde afleweringsmodus in individuele opdragte, terwyl die volledige aanlyn modus laer punte vir die groepgevallestudies gehad het. Beide die gemengde en volledige

kontakmodusse het beduidende opeenvolgende verbetering vir die groepgevallestudies getoon, wat in elke gevallestudie verbetering getoon het namate die semester gevorder het. Dit verskil van volledige aanlyn onderrig. Die gemengde modus het ook aansienlik beter gevaar in die eksamen- en finale modulepunte en het selfs beter gevaar as volkontakklasse.

## Inleiding en navorsingsdoelwit

Die COVID-19-pandemie het die tersiêre onderriglandskap aansienlik verander. Universiteite het eensklaps met die uitbreek van die pandemie verskeie nuwe uitdagings in die gesig gestaar. Alhoewel die volle omvang en die langtermynimpak daarvan nog ontvou, het dit gelei tot ’n herevaluering van opvoedkundige praktyke, die integrasie van tegnologie en die erkenning van die behoefte aan buigsame en aanpasbare benaderings tot onderrig en leer. Net so moes die Noordwes-Universiteit se Besigheidskool (die NWU Besigheidskool) ook ’n vinnige oorgang maak van volkontakklasse (persoon-tot-persoon-klasse) na volaanlynleer (Lotriet, 2020). Dosente en studente moes vinnig aanpas om modules op afstand te lewer en voort te gaan met behulp van verskeie (onbekende) aanlyn platforms, videokonferensie-instrumente en studie-kontroles (Lotriet, 2020). Hierdie verandering was besonder veeleisend aangesien die vlak 5-harde inperking op 27 Maart 2020 van Suid-Afrika in die middel van die semester aangekondig is (Lebuso, 2022). Dosente en studente moes binne enkele dae hierdie omskakeling maak in die middel van die semester. Nadat die streng inperking en beperkings op 21 September 2020 opgehef is, het die Besigheidskool ander maniere van akademiese inhoudlewering begin ondersoek (Lebuso, 2022). Die herinstelling van volle kontak was steeds nie ’n opsie nie, omdat daar steeds inperkings van krag was (Grobler, 2022). Gevolglik is daar binne die beperkings, sover as moontlik, kontakklasse geskeduleer terwyl aanlyn klasse ingespan is om die gaping in die onderrigure te vul. Die besigheidskool het dus met ’n gemengde onderrigmodus hervat.

Nadat alle beperkings op beweging en byeenkomste opgehef is, kon universiteite terugkeer na ’n meer *normale* onderrigomgewing. Die onderrigomgewing het egter intussen drasties verander. Universiteite het substansiële beleggings in tegnologiese en personeelopleiding gemaak, terwyl studente bekwaam die aanlyn en tegnologiese studieomgewing kon navigeer. Hierdie voordele kon suksesvol aangewend word in die nuwe onderrigomgewing waar beide dosente en studente met vertroue hul onderskeie rolle kon vervul. Strategies moes die Besigheidskool besluit watter onderrigmetode, of liewer, watter modus van aflewering, is die mees relevante en effektiefste vir spesifiek deeltydse MBA-studente. Moet die MBA-lesings terugkeer na ’n volledige kontakafleweringsmodus, hou by die nuutgestigte volledige aanlyn modus, of probeer om die voordele te integreer in ’n gemengde modus van onderwys aan ’n nuwe geslag deeltydse MBA-studente?

Hierdie studie ondersoek gevolglik die akademiese prestasie van die verskillende afleweringsmodusse deur data van deeltydse MBA-Bemarkingsbestuurstudente by die NWU Besigheidskool in Suid-Afrika te vergelyk. Die studie ondersoek die akademiese prestasie van hierdie studente vanaf 2017 tot 2023. Die tydperk sluit onderrig in al drie modusse in.

## Studiedoelwit, navorsingsvrae en hipotese

Die doel van hierdie studie is om te bepaal of verskillende afleweringsmodusse (volledige kontak, aanlyn of gemeng) die akademiese prestasie van deeltydse MBA-studente beduidend beïnvloed.

Drie navorsingsvrae spreek hierdie doelwit aan:

NV1: Is daar betekenisvolle verskille in studente se akademiese prestasie tussen volledige aanlyn, volledige kontak- en gemengde afleweringsmodusse op MBA-vlak?

NV2: Tydens watter afleweringsmodus presteer studente onderskeidelik beter ten opsigte van individuele (normatiewe assessering) en groepwerk (summatiewe assessering)?

NV3: Is daar 'n voorkeurafleweringsmodus om deeltydse MBA-studente se akademiese prestasie te optimaliseer?

Die hipoteses vir hierdie studie is gevolglik:

$H_0$: Akademiese prestasie: Kontak = Aanlyn = Gemeng

$H_A$: Akademiese prestasie: Kontak ≠ Aanlyn ≠ Gemeng

**Teoretiese grondslag**

Sosiale konstruktivisme dien as opvoedkundige basis vir die module Bemarkingsbestuur. Volgens die sosiale konstruktivisme neem individue aktief deel aan die skep en interpretasie van kennis deur hul interaksies met ander. Voorbeelde hiervan is aktiewe en ervaringsleer, en die betrokkenheid by kulturele norme, waardes en simbole van bemarkingsbestuur (Gougou & Paschal, 2023).

Tipiese voordele van sosiale konstruktivisme is samewerkende leer, waar individue dialoog kan voer, idees kan deel en van mekaar kan leer. Dit is spesifiek relevant vir die MBA-onderrigomgewing vanweë die belangrikheid van groepwerk, besprekings en koöperatiewe aktiwiteite om kenniskonstruksie deur sosiale interaksie te fasiliteer (Prander & Forstner, 2022). Die MBA vereis ook outentieke take en kontekste om leer uit werklike situasies (soos groepgevallestudies) te vergemaklik. In 'n sosiaal-konstruktivistiese benadering is dosente leerfasiliteerders. Hulle tree nie bloot op as die oordraers van kennis nie. Dit is spesifiek relevant vir MBA omdat dosente studente moet fasiliteer en begelei om die teoretiese kennis prakties toe te pas en werkbare oplossings te ontdek deur 'n ondersteunende leeromgewing te skep en aktiewe studentedeelname en -besinning aan te moedig. Net so word studente aangemoedig om verskillende standpunte oor besigheidsoplossings te ondersoek (Hilton, 2016). In hierdie geval is besprekings oor gevallestudie-oplossings van onskatbare waarde omdat dit kritiese denke, besinning en die oorweging van alternatiewe interpretasies bevorder, wat 'n dieper begrip van komplekse kwessies teweegbring (Prander & Forstner, 2022). Dit is alles eienskappe wat deur slim sakeleiers vereis word.

Die integrasie van sosiale konstruktivisme en oop opvoedkundige hulpbronne (OOH) bevoordeel onderrig en leer in MBA-klasse. In die Bemarkingsbestuurmodule word daar van studente vereis om wyd te lees en hulpbronne soos gevallestudies, bedryfsverslae en verwante besigheidsmateriaal te raadpleeg om kritiese denke te stimuleer, besprekings aan te spoor en studente te betrek by die toepassing van hul kennis op werklike besigheidscenario's (Hilton, 2016). In hierdie geval bied OOH MBA-studente uiteenlopende perspektiewe en 'n wêreldwye uitkyk omdat bedryfsleiers en kundiges verskillende standpunte bied oor sakepraktyke uit verskillende bedrywe en lande. Hierdie blootstelling verbreed studente se begrip van besigheidskompleksiteite en verbeter hul besluitnemingsvaardighede (Western Governors University, 2020). Die MBA-program by die NWU Besigheidskool het spesifiek ten doel om studente se vaardighede buite die klaskamer te ontwikkel en lewenslange leer te bevorder deur OOH in te sluit om op hoogte te bly van 'n voortdurend veranderende besigheidsomgewing.

## Navorsingsmetodologie

*Die MBA-module in Bemarkingsbestuur*

Die databasis bestaan uit paneeldata van deeltydse MBA-studente se punte vir die module in Bemarkingsbestuur vanaf 2017 tot 2023 aan ’n Suid-Afrikaanse besigheidskool. Die databasis bevat punte vir individuele opdragte, groepwerk, gevallestudies, finale individuele- en groepwerkpunte, eksamenpunte en die finale modulepunt. Die finale assessering bestaan uit ’n portefeulje van kennis waar studente ’n gedetailleerde bemarkingsplan vir ’n produk, diens of organisasie van keuse opstel. Die afleweringsmodus het as die afhanklike veranderlike gedien, terwyl die onafhanklike veranderlikes die punte vir elke opdrag (groepwerk, individuele werk en portefeulje van kennis) uitgemaak het. Drie afleweringsmodusse is vergelyk, naamlik vol kontak (2017–2019), vol aanlyn (2020–2021), wat skielik tydens COVID-19 se harde inperking op 27 Maart 2020 ingestel is, en die post-pandemiese gemengde modus wat tans gebruik word (2022–2023). Al die veranderlikes wat akademiese prestasie beïnvloed, het onveranderd gebly vir die module in Bemarkingsbestuur (Bisschoff, 2017–2023). Dit beteken daar was sedert 2017 geen verandering in die module-uitkomste, totale aantal onderrigure, module-inhoud, assesseringsformate (formatief en summatief), voorgeskrewe handboeke en selfs die moduledosent nie. Selfs die tyd van lesings het konstant gebly.

Studente het Saterdae tussen 07:30 en 14:30 MBA-klasse bygewoon. Daar is agt Saterdagklasse van 2½ uur per module en twee studieskole van 60 kontakure per week (Januarie en Julie). Elke module het agt uur kontaktyd in een van die studieskole. Die kontaktye vir Bemarkingsbestuur was:

- Volledige kontak: Kontakklasse (20 uur) en kontakstudieskole (8 uur)
- Volledig aanlyn: Aanlyn klasse (20 uur) en aanlyn studieskole (8 uur)
- Gemengde: Aanlyn klasse (20 uur) en kontakstudieskole (8 uur)

Die punte is jaarliks plaaslik en internasionaal gemodereer. Dieselfde internasionale moderator van ’n toonaangewende geakkrediteerde besigheidskool in Amerika het die moderering gedoen deur die betrokke jare. ’n Ewekansige steekproef is jaarliks gekies en 15 bemarkingsportefeuljes is saam met die studiegids, kurrikulum, gevallestudies en ander aanvullende materiaal aan die moderators gestuur. Die jaarlikse modereringsverslae is gebruik om te bepaal of daar beduidende verskille tussen die eksaminator en die moderators se punte was. In al die jare was die marges onbeduidend. Individuele punte het gemiddeld met minder as 5% verskil terwyl die gemiddelde groepspunte met minder as 1,7% verskil het.

*Data-insameling*

Die paneeldata bestaan uit 630 gevalle. Nadat die data gesuiwer is, kon die variansie-analise 532 gevalle (230 vol kontak, 159 vol aanlyn en 143 gemengde gevalle) gebruik om die verskillende groepwerkopdragte te vergelyk. Cronbach se alfakoëffisiënt het die betroubaarheid van die data gemeet, en die eenrigting variansie-analise het beduidende verskille tussen die akademiese prestasie van die drie afleweringsmodusse geïdentifiseer op die 95% vertrouens-interval ($p \leq .05$).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a5

*Etiese klaring*

Die Wetenskaplike Komitee: Algemene Bestuur aan die NWU Besigheidskool het die studie goedgekeur waarna die Etiekkomitee van die NWU Ekonomiese en Bestuurswetenskappe die studie eties verklaar het en die klaringsnommer NWU-01811-23-A4 toegeken het.

## Resultate en bespreking

*Betroubaarheid*

Die data is betroubaar en intern beperk. Die Cronbach-alfakoëffisiënt oorskry die .70-marge in alle gevalle met gemak (Field, 2017). Die datastel is betroubaar (α=.85), en so ook die modusse vir vol kontak (α=.74), volledig aanlyn (α=.86) en gemeng (α=.82) (Field, 2017). Net so het die data vir individuele opdragte, gevallestudies en eksamens per jaar bevredigende alfakoëffisiënte (α≥.70) opgelewer (Pallant, 2020) (sien Tabel 1).

**TABEL 1:** Betroubaarheid van die data

| Take | Cronbach se alfa | Metode van aflewering | Cronbach se alfa |
|---|---|---|---|
| Individuele | .816 | Kontak | .735 |
| Gevallestudies | .858 | Aanlyn | .861 |
| Eksamen | .738 | Gemengde | .823 |
| Alle | .846 | | |

N = 630

*Normaliteit van die data*

Die geskiktheid van die data bestaan uit die normaliteit van die data (soos voorgestel deur die skeefheids- en kurtosestatistieke), en die betroubaarheid (volgens Cronbach se alfakoëffisiënt) (Field, 2017; Pallant, 2020). Perfekte normale data het kurtose en skeefheidswaardes van nul. Kurtose verwys na die data se *piek* of *hoogte*, en skeefheid verwys na die dataverspreiding ten opsigte van die middelpunt. Die skeefheidstellings van die Individuele opdrag, Groepopdrag 2 en Groepopdrag 4 is negatief, wat aandui dat die datapunte skeef na links geleë is van die normale klok-kurwe. Tabel 2 dui dus negatiewe skeefheid aan (Pallant, 2020). Die negatiewe skeefheid dui dus aan dat die verspreiding meer swaarstertig is in vergelyking met die normale verspreiding. Aan die ander kant is die data se kurtose-waardes oor die algemeen positief (Tabel 2). Dit dui aan dat die data relatief hoog piek in vergelyking met die normale klokkurwe (CrossValidated, 2017). Tabel 2 toon die normaliteitstatistieke.

**TABEL 2:** Normaliteitstatistieke, gemiddelde waardes en standaardafwykings

| | N | Min. | Maks. | Gemid. | St afwyk. | Skeefheid | | Kurtose | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Stat | | | | | Stat | Fout | Stat | Fout |
| Individuele opdrag | 628 | 0 | 95 | 64.54 | 13.647 | -1.226 | .098 | 3.334 | .195 |
| Groepopdrag 1 | 630 | 36 | 92 | 69.94 | 11.254 | .070 | .097 | -.162 | .194 |
| Groepopdrag 2 | 630 | 10 | 100 | 75.30 | 14.637 | -1.327 | .097 | 4.640 | .194 |
| Groepopdrag 3 | 630 | 32 | 100 | 77.80 | 13.159 | -.368 | .097 | .209 | .194 |
| Groepopdrag 4 | 541 | 0 | 100 | 77.10 | 15.396 | -1.284 | .105 | 3.855 | .210 |
| Groep beteken | 630 | 28.7 | 98.0 | 75.2 | 10.2 | -.410 | .097 | 1.758 | .194 |
| Eksamen | 630 | 0 | 91 | 66.24 | 15.305 | -2.184 | .097 | 7.264 | .194 |
| Finale punt | 630 | 14.7 | 89.0 | 68.1 | 10.5 | -1.514 | .097 | 4.629 | .194 |

N=532

*Gemiddelde waardes en standaardafwykings*

Die gemiddelde waardes en standaardafwykings in Tabel 2 toon die punte en afwykings tussen die afleweringsmodusse van Individuele opdragte (64,5%; 13,6%), Groepgevallestudie 1 (69,9%; 11,3%), Groepgevallestudie 2 (75,3%; 14,6%), Groepgevallestudie 3 (77,8%; 13,1%), Groepgevallestudie 4 (77,1%; 15,4%) en eksamen (66,2%; 15,3%). Dit is opmerklik dat die opeenvolgende punte vir die groep gevallestudies verbeter namate die studente meer ervaring opdoen met volledige kontak (64,3%, 70,6%, 75,1%, 81,7%) en gemengde (66,4%, 78,9%, 82,7%, 91,4%) afleweringsmodusse, maar nie tydens die volledige aanlyn modus nie (69,9%, 71,3%, 71,2%, 62,5%). Daar word voorgehou dat die beperkte persoonlike kontak en besprekings tydens die harde inperking van die pandemie studente se groepsleer beperk het. Informele gesprekke met studente het hierdie idee ondersteun. Die individuele opdrag se gemiddelde punte (61,9%) is ook laer in vergelyking met die vol kontak- (65,4%) en gemengde (67,9%) modusse. Tabel 3 toon die ontleding van variansie tussen die verskillende aflewerings-modusse.

Die variansie-analise het bevestig dat daar beduidende verskille bestaan tussen die afleweringsmodusse vir individuele opdragte, groepsgevallestudies en eksamens ($p \leq .05$) (Ellis, 2023). Die $\text{Tukey}_{a,b}$ post-hoc-toetse het getoon dat studente aansienlik beter presteer het tydens die gemengde afleweringsmodus in individuele opdragte (69,2%) as vol kontak (63,8%) (Ellis, 2023; Pallant, 2020). Die Tukey $B_{a,b}$ in Tabelle 4 tot 10 identifiseer die betekenisvolle prestasie-verskille tussen die modusse. (Neem kennis dat in Tabelle 4 tot 10 die harmoniese gemiddelde steekproefgrootte = 170.163 is. Omdat die groepgroottes ongelyk is, word die harmoniese gemiddelde van die groepgroottes gebruik en kan Tipe I-foutvlakke nie gewaarborg word nie.)


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a5

**TABEL 3:** Ontleding van variansie tussen kontak-, aanlyn en gemengde klasse

| | | Som van kwadrate | GvV | Gemid. kwadraat | F | Sig. |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Individuele opdrag | Tussen groepe | 6817.678 | 6 | 1136.280 | 6.417 | 0.000 |
| | Binne groepe | 109956.551 | 621 | 177.064 | | |
| | Totale | 116774.229 | 627 | | | |
| Groepsopdrag 1 | Tussen groepe | 13899.613 | 6 | 2316.602 | 21.947 | 0.000 |
| | Binne groepe | 65760.095 | 623 | 105.554 | | |
| | Totale | 79659.708 | 629 | | | |
| Groepsopdrag 2 | Tussen groepe | 16197.472 | 6 | 2699.579 | 14.185 | 0.000 |
| | Binne groepe | 118567.226 | 623 | 190.317 | | |
| | Totale | 134764.698 | 629 | | | |
| Groepsopdrag 3 | Tussen groepe | 32413.664 | 6 | 5402.277 | 43.990 | 0.000 |
| | Binne groepe | 76509.136 | 623 | 122.808 | | |
| | Totale | 108922.800 | 629 | | | |
| Groepsopdrag 4 | Tussen groepe | 31559.604 | 5 | 6311.921 | 35.016 | 0.000 |
| | Binne groepe | 96439.006 | 535 | 180.260 | | |
| | Totale | 127998.610 | 540 | | | |
| Groep gem. | Tussen groepe | 15160.118 | 6 | 2526.686 | 30.530 | 0.000 |
| | Binne groepe | 51559.901 | 623 | 82.761 | | |
| | Totale | 66720.018 | 629 | | | |
| Eksamen | Tussen groepe | 6442.248 | 6 | 1073.708 | 4.748 | 0.000 |
| | Binne groepe | 140893.595 | 623 | 226.153 | | |
| | Totale | 147335.843 | 629 | | | |
| Finale punt | Tussen groepe | 1840.724 | 6 | 306.787 | 2.794 | 0.011 |
| | Binne groepe | 68405.720 | 623 | 109.801 | | |
| | Totale | 70246.444 | 629 | | | |

**TABEL 4:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Individuele opdrag

| Kontak | N | alfa = 0.05 | |
|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 |
| Vol kontak | 230 | 63.74 | |
| Vol aanlyn | 159 | 63.82 | |
| Gemeng | 143 | | 69.24 |

**TABEL 5:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Groepsopdrag 1

| Kontak | N | Subset vir alfa = 0.05 | |
|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 |
| Vol aanlyn | 159 | 67.33 | |
| Gemeng | 143 | | 71.09 |
| Vol kontak | 230 | | 73.55 |

**TABEL 6:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Groepsopdrag 2

| Kontak | N | alfa = 0.05 | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 |
| Vol aanlyn | 159 | 71.42 | | |
| Vol kontak | 230 | | 75.38 | |
| Gemeng | 143 | | | 82.74 |

**TABEL 7:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Groepsopdrag 3

| Kontak | N | alfa = 0.05 | | |
|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 |
| Vol aanlyn | 159 | 71.35 | | |
| Vol kontak | 230 | | 80.09 | |
| Gemeng | 143 | | | 86.57 |


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a5

**TABEL 8:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Groepsopdrag 4

| **Kontak** | **N** | **alfa = 0.05** | | |
|---|---|---|---|---|
| | | **1** | **2** | **3** |
| Vol aanlyn | 159 | 67.77 | | |
| Vol kontak | 230 | | 80.78 | |
| Gemeng | 54 | | | 91.41 |

**TABEL 9:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Groepsgemiddelde

| **Kontak** | **N** | **alfa = 0.05** | | |
|---|---|---|---|---|
| | | **1** | **2** | **3** |
| Vol aanlyn | 159 | 69.36 | | |
| Vol kontak | 230.00 | | 77.82 | |
| Gemeng | 143.00 | | | 81.20 |

**TABEL 10:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Eksamen

| **Kontak** | **N** | **alfa = 0.05** |
|---|---|---|
| | | **1** |
| Vol kontak | 230 | 63.69 |
| Gemeng | 143 | 66.68 |
| Vol aanlyn | 159 | 67.69 |

**TABEL 11:** Tukey $B_{a,b}$ waardes: Finale punt

| **Kontak** | **N** | **alfa = 0.05** | |
|---|---|---|---|
| | | **1** | **2** |
| Vol kontak | 230 | 67.207609 | |
| Vol aanlyn | 159 | 67.473664 | |
| Gemeng | 143 | | 71.020979 |

Wat die eerste groep gevallestudie (Groepsopdrag 1) betref, presteer die volledige aanlyn modus (67,3%) aansienlik swakker as gemengde modus (71,1%) en vol kontak modus (73,6%). Net so, in die tweede, derde en vierde groep gevallestudies (Groepsopdragte 2, 3 & 4) presteer die gemengde afleweringsmodus (82.37%, 75.4%, 82.7%) beter as die volle kontak (75.4, 80.1%, 86.6%) en vol-aanlyn (71.4%, 71.4%, 67.8%). Die gemengde afleweringsmodus blyk dus meer bevorderlik te wees vir akademiese prestasie in groepwerk. Alhoewel daar ’n variansie van 3% in die eksamenpunte tussen die volledige aanlyn (63.7%) en die ander twee afleweringsmodusse (66.7%, 67.8%) is, is hierdie verskille nie beduidend op die vertrouensvlak van 95% nie ($\alpha \leq .05$). Laastens, met inagneming van die finale modulepunt, is die gemengde afleweringsmodus (71.0%) aansienlik hoër as die ander twee afleweringsmodusse. Daar is egter geen beduidende verskil tussen volledige aanlyn (67.5%) en volledige kontak- (67.2%) afleweringsmodusse rakende die finale modulepunt nie.

Die variansie-analise het bevestig dat daar beduidende verskille bestaan tussen die afleweringsmodusse vir individuele opdragte, groepgevallestudies en eksamens ($p \leq .05$) (Ellis, 2023). Die $\text{Tukey}_{a,b}$ post-hoc-toetse het getoon dat studente aansienlik beter presteer het tydens die gemengde afleweringsmodus in individuele opdragte (69.2%) as volle kontak (63.8%) (Ellis, 2023; Pallant, 2020).

Wat die eerste groep gevallestudie betref, presteer volledige aanlyn (67,3%) aansienlik slegter as gemengde (71.1%) en volledige kontak- (73.6%) afleweringsmodusse. Net so, in die tweede, derde en vierde groep gevallestudies presteer die gemengde afleweringsmodus (82.37%, 75.4%, 82.7%) beter as die volle kontak- (75.4, 80.1%, 86.6%) en volledig aanlyn (71.4%, 71.4%, 67.8%) modusse. Die gemengde afleweringsmodus is dus meer geskik vir die akademiese prestasie van groepwerk. Alhoewel daar ’n afwyking van 3% is tussen die volledige aanlyn (63.7%) en die ander twee afleweringsmodusse (66.7%, 67.8%), is hierdie verskille nie beduidend in die vertrouensvlak van 95% nie ($\alpha \leq .05$). Laastens, met inagneming van die finale modulepunt, is die gemengde afleweringsmodus (71.0%) aansienlik hoër as die ander twee afleweringsmodusse. Daar is egter geen beduidende verskil tussen volledige aanlyn (67.5%) en volledige kontak- (67.2%) afleweringsmodusse rakende die finale modulepunt nie.

Op grond van die bevindinge is dit duidelik dat die gemengde afleweringsmodus die beste akademiese prestasie tot gevolg het. Hierdie waarneming is gebaseer op twee redes, naamlik 1) daar is deurlopende leer gedurende die semester ten opsigte van die groepgevallestudies. Hulle leer om hul vaardighede te verbeter en te slyp om beter te ontleed en besigheidsoplossings toe te pas op werklike probleme wat organisasies ervaar, en 2) die studente presteer akademies beter en verdien hoër finale modulepunte (miskien as gevolg van rede 1).

Die studie stel drie beperkings. 1) Die studente is deeltydse MBA-studente, dus is hulle werkende studente wat salarisse verdien en nauurs moet studeer. Hierdie studente betaal meestal self vir hul studies en is ernstiger om kennis op te doen. Omdat hul omstandighede hemelsbreed verskil van ouer- of NSFAS geborgde voltydse kampusstudente, is die gemengde afleweringsmodus nie noodwendig die beste model vir voltydse kampusstudente wat nog die studentelewe geniet nie. 2) Die ander belangrike beperking is dat hierdie studie die afleweringsmodus in tydsintervalle geëvalueer het. Dit het nie ’n outentieke eksperimentele ontwerp met kontrolegroepe in elke jaargroep gebruik om afleweringsmodusse vir ’n spesifieke jaargroep direk te vergelyk nie. As sodanig word die resultate beperk deur die navorsingsontwerp. Dit beteken dat die gemengde afleweringsmodus beter akademiese prestasie onder die 2022–23-studentegroepe opgelewer het as wat die geval was vir die kontak-afleweringsmodus vir die 2017–19-studentegroepe. 3) Akademiese prestasie hou verband met Bemarkingsbestuur as module. Sonder om navorsing te staaf met ander modules, kan hierdie resultate nie

geëkstrapoleer word nie. Veral nie na kwantitatiewe modules soos Statistiek, Rekeningkunde of Finansiële bestuur nie.

Samevattend word tot die gevolgtrekking geraak dat die gemengde afleweringsmodus die akademiese prestasie van post-pandemiese deeltydse MBA-studente in Bemarkingsbestuur die beste fasiliteer.

**Aanvaarding en verwerping van hipotese**

Die resultate toon dat daar genoegsame bewyse is dat die verskillende modusse wel verskillende akademiese prestasie-uitkomste oplewer. Gevolglik word die hipotese $H_0$ (*Akademiese prestasie: Kontak = Aanlyn = Gemeng*), verwerp en die alternatiewe hipotese $H_A$ (*Akademiese prestasie: Kontak ≠ Aanlyn) ≠ Gemeng*) aanvaar.

**Implikasies vir teorie en praktyk**

Die teoretiese bydrae bied insig in die verskillende afleweringsmetodes vir deeltydse besigheidsbestuurstudente en hoe die behoeftes verander het tussen die voor- en na-pandemiese onderrigomgewings. Empiries dra hierdie studie by deur vergelykende data van drie afleweringsmodusse te ontleed, die tradisionele volledige kontakmodel, die afgedwonge volledige aanlyn model via tegnologie sonder of minimale kontak, en dan die beste-van-albei-wêrelde gemengde afleweringsmodus waar universiteite die aangenome tegnologie (en nuut ontwikkelde onderwysinstrumente) kan behou om die tradisionele persoonlike kontakmodus van aflewering aan te vul. As sodanig bied hierdie studie ’n wetenskaplike vergelyking en toon dit dat die (nuwe) gemengde onderrigmodus ’n effektiewe afleweringsmodus vir deeltydse studente ná die pandemie verteenwoordig.

**Beperkings**

Drie beperkings speel ’n rol in hierdie studie:

1) Die studente is deeltydse MBA-studente wat werk en ’n salaris verdien. Hierdie studente betaal meestal self vir hul studies en neem gevolglik hulle studies ernstig op. Hulle verskil gevolglik hemelsbreed van voltydse kampusstudente. Daarom is die gemengde afleweringsmodus nie noodwendig die beste model vir waar ouers die sak moet skud vir voltydse kampusstudente wat die studentelewe geniet nie.
2) Die ander belangrike beperking is dat hierdie studie die afleweringsmodus in tydsintervalle geëvalueer het. Dit het nie ’n outentieke eksperimentele ontwerp met kontrolegroepe in elke groep gebruik om afleweringsmodusse vir ’n spesifieke jaargroep direk te vergelyk nie. As sodanig word die resultate beperk deur die navorsingsontwerp. Dit beteken dat die hibridiese leweringsmodus beter akademiese prestasie onder die 2022/23-studentegroepe opgelewer het as die kontakafleweringsmodus vir die 2017/19-studentegroepe.
3) Akademiese prestasie in die studie hou slegs verband met bemarkingsbestuur en nie noodwendig met ander vakdissiplines nie.

**Toekomstige navorsing**

Hierdie studie word tans uitgebrei na ander MBA-modules om te bepaal of die bevindings slegs verband hou met bemarking as MBA-module. Sou dieselfde tendens voorkom in ander

sosiale wetenskapmodules soos Strategiese bestuur, Entrepreneurskap of Operasionele bestuur? Dit mag selfs wees dat teenoorgestelde resultate manifesteer in syfer-georiënteerde modules soos Rekeningkunde en Statistiek. Juis daarom is dit belangrik om die studie voort te sit oor die verskillende vakdissiplines voordat enige besluite geneem word oor die aanbieding van ’n deeltydse MBA.

**Opsommende bevindings**

In hierdie sewe-jaar longitudinale studie is drie verskillende afleweringsmetodes (vol kontak, vol aanlyn en gemengde onderrig) geëvalueer om die akademiese prestasie van deeltydse studente te vergelyk. Die studie is gerig deur drie navorsingsvrae. Die resultate beantwoord die navorsingsvrae bevredigend.

*NV1: Is daar betekenisvolle verskille in studente se akademiese prestasie tussen volledige aanlyn, volledige kontak- en gemengde afleweringsmodusse op MBA-vlak?*
Gebaseer op die resultate is dit duidelik dat daar wel statisties betekenisvolle verskillende prestasievlakke bestaan ($p \leq .05$) tussen die verskillende modusse van onderrig. Daar is aanvanklik verwag dat die tradisionele vol kontakonderrig die beste akademiese prestasie sou lewer. Dit was egter nie die geval nie. Die gemengde afleweringsmodus van onderrig het egter koning gekraai en die beste akademiese resultate tot gevolg gehad. Soos verwag, het die vol aanlyn onderrigmodus die swakste akademiese prestasie tot gevolg gehad. Ter versagting moet daar in ag geneem word dat die skielike verandering van vol kontak na vol aanlyn beide die studente en akademici onkant betrap het. Met die instelling van die harde COVID-19-inperkingsmaatreëls het beide die dosente en studente in sommige gevalle minder as ’n week gehad om die omskakeling te maak. Nie dosente of studente was gereed vir hierdie vinnige omskakeling nie. (Akademiese prestasie het wel in die daaropvolgende vol aanlyn onderrigjaar verbeter, maar die vol aanlyn onderrigmodus het steeds nie die akademiese prestasie van die ander twee onderrigmodusse geëwenaar nie).

*NV2: Tydens watter afleweringsmodus presteer studente onderskeidelik beter ten opsigte van individuele (normatiewe assessering) en groepwerk (summatiewe assessering)?*
Die normatiewe assessering in die gemengde afleweringsmodus (69%) het ’n statisties betekenisvolle verskil ($p \leq .05$) van bykans 6% gemiddeld hoër as beide ander onderrigmodusse behaal. Die vol kontak- en vol aanlyn modusse se normatiewe assesserings was beide 63%, en daar was geen betekenisvolle statistiese verskil tussen hierdie twee groepe nie. Betreffende die summatiewe assesserings (bestaande uit vier groepsgevallestudies), het die vol aanlyn en gemengde onderrigmodusse met die eerste assessering dieselfde akademiese prestasie behaal, maar in die daaropvolgende drie gevallestudies het die gemengde onderrigmodus progressief beter gevaar. Duidelik het die gemengde onderrigmodus meer baat gevind by die assessering en terugvoer, en derhalwe met elke daaropvolgende poging verbeter. Opsommend het die gemengde onderrigmodus dus beter akademiese prestasie gelewer in beide die normatiewe en summatiewe assesserings.

*NV3: Is daar ’n voorkeur afleweringsmodus om deeltydse MBA-studente se akademiese prestasie te optimaliseer?*
Die resultate toon duidelik dat die gemengde onderrigmodus die meer gewenste metode is om die moderne deeltydse MBA-student te onderrig. Dit wil voorkom of die agt kontakure


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a5

voldoende is, terwyl die 20 ure se aanlyn klasse die studente in staat stel om die bemarkingsmodule onder die knie te kry. Die MBA-studente kom dus goed georiënteer in hul gemengde onderrigmodus milieu voor.

Die studie het ook ander insigte na vore gebring wat nie in die oorspronklike navorsingsraamwerk geformuleer is nie. Die moderne deeltydse MBA-studente is deeglik vertroud om aanlyn besigheid te doen, vergaderings te hou, klasse by te woon en ook om aanlyn nuwe inligting op te spoor. Sinergisties het universiteite se biblioteke en navorsingsondersteuning goed aangepas by die aanlyn omgewing en is dit deesdae maklik en gerieflik om bykans enige bronne aanlyn op te spoor (in die verlede was fisiese besoek aan die biblioteek nodig). Die gerief van die gemengde modus maak dit ook moontlik vir studente wat geografies afgeleë van die universiteit is om ook vir die deeltydse MBA in te skryf omdat hulle slegs twee keer per jaar blok-kontakklasse het, terwyl die ander klasse aanlyn aangebied word.

## BIBLIOGRAFIE


Bisschoff, CA. 2017-2022. *MBA Marketing management module outcomes*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

CrossValidated. 2017. Why kurtosis of a normal distribution is 3 instead of 0. *Moments*. moments - Why kurtosis of a normal distribution is 3 instead of 0 – Cross Validated (stackexchange.com) [10 Mei 2023].

Ellis, S. 2023. *Navorsingsontwerp en die ontleding van die MBA-punte*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Field, A. 2017. *Understanding statistics using IBM SPSS*. 5th ed. London: Sage.

Fullerton, S. 2017. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Fullerton, S. 2018. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Fullerton, S. 2019. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Fullerton, S. 2020. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management.* Potchefstroom: NWU.

Fullerton, S. 2021. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Fullerton, S. 2022. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management*. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Fullerton, S. 2023. *International moderator's report: MBAD822 Marketing management.* Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

Gougou, S & Paschal, MJ. 2023. Integrating open educational resources to support transformative approach in English as a foreign language in Africa. *Canadian Journal of Language and Literature Studies*, 3(3):26-44. https://doi.org/10.53103/cjlls.v3i3.98

Grobler, L. 2022. *Minutes: MBA planning meeting.* Programme manager MBA. NWU. Ongepubliseer.

Hilton, J. 2016. Open educational resources and college textbook choices: a review of research on efficacy and perceptions. *Education Technology, Research and Development,* 64(4):573-590.

Lebuso, S. 2022. *A look back at the past two years of lockdown*. Johannesburg: City Press. https://www.news24.com/citypress/news/timeline-a-look-back-at-the-past-two-years-of-lockdown-20220323.

Lotriet, RA. 2020. *Minutes: Emergency MBA meeting.* Programme manager MBA. North-West University. Ongepubliseer.

NWU. 2017. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

NWU. 2018. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

NWU. 2019. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

NWU. 2020. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

NWU. 2021. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

NWU. 2022. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

NWU. 2023. *NWU MBA marks student record system*. Potchefstroom: North-West University.

Pallant, J. 2020. *SPSS Survival Manual: A step-by-step guide to data analysis using IBM SPSS.* 7th ed. New York, NY: Taylor & Francis.

Prander, D & Forstner, M. 2022. Are there enough open education resources dealing with social science research methods? *Frontiers in education*, 7(22). https://doi.org/10.3389/feduc.2022.902237.

Western Governor's University. 2020. *What is constructivism?* https://www.wgu.edu/blog/what-constructivism2005.html#close [12 Mei 2023].

# *Blackface*[1] op die Afrikaanse verhoog: 'n Teater-historiese oorsig

**Blackface *on the Afrikaans stage: A theatre historical overview***

**Marisa Keuris**
Navorsingsgenoot: Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Suid-Afrika
Pretoria
Suid-Afrika
E-pos: marisakeuris17@gmail.com



Marisa Keuris

**Marisa Keuris** is 'n afgetrede professor in Algemene Literatuurwetenskap en tans navorsingsgenoot in die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. Haar navorsing is sedert haar doktorale studie, *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama-en teatersemiotiek* (1988) gefokus op kontemporêre drama- en teaterstudies. In 1996 publiseer sy *Die drამateks: 'n Handleiding* (ook in Engels uitgegee deur Van Schaik Uitgewers), wat daarna ook in Noord-Sotho, isiZulu en isiXhosa vertaal en uitgegee is. Sy het in beide Afrikaans en Engels gepubliseer oor die werke van bekende Suid-Afrikaanse dramaturge (onder andere, Reza de Wet, Yaël Farber, Pieter Fourie, Athol Fugard, Harry Kalmer, Deon Opperman, Adam Small, Janet Suzman en NP van Wyk Louw). Sy is, saam met Temple Hauptfleisch mederedakteur van twee boeke as deel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsreeks vir Hertzogpryswenners, naamlik (1) *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging* (2020), asook (2) *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n Huldiging* (2023).

**Marisa Keuris** is a retired professor of Theory of Literature and currently Research Fellow in the Department of Afrikaans and Theory of Literature, University of South Africa. Since the completion of her doctoral thesis, *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama- en teatersemiotiek* [*Drama theory today: the contribution of drama and theatre semiotics*] in 1988, she has focused in her research on contemporary drama and theatre studies. In 1996 she published *The play: a manual* (published in Afrikaans and English by Van Schaik Publishers), which was subsequently also translated and published in Northern Sotho, isiZulu and isiXhosa. She has published in both Afrikaans and English on the work of well-known South African playwrights (inter alia Reza de Wet, Yaël Farber, Pieter Fourie, Athol Fugard, Harry Kalmer, Deon Opperman, Adam Small, Janet Suzman and NP van Wyk Louw). She is co-editor, with Temple Hauptfleisch, of two books forming part of the series on Hertzog prize winners commissioned by the South African Academy for Science and arts, namely (1) *Reza de Wet: Die dramaturg as dromer – 'n Huldiging* (2020), and (2) *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – 'n Huldiging* (2023).

1 Die woord *blackface* word deurgaans in die artikel gebruik, aangesien sowel die voorkoms as die praktyk van hierdie woord globale erkenning geniet. Die meeste studies in ander tale (byvoorbeeld

**Datums:**
Ontvang: 2024-07-25 Goedgekeur: 2024-08-24 Gepubliseer: September 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

**ABSTRACT**

**Blackface *on the Afrikaans stage: a theatre historical overview***

*In this discussion the focus is on the use and practice of* black- *and* brownface *on the Afrikaans stage. Although there are a few studies available on the use of* blackface *on the South African English stage, little research has been done on this topic with reference to Afrikaans theatre.*

*Although one can discern a number of similarities between the use of this practice within both early Afrikaans and English theatre in South Africa (19th century), this can be attributed to the fact that all colonial theatre of the period (as noticed by Stephen Gray) was highly racialised.*

*Two periods can be distinguished within the development and establishment of Afrikaans theatre where the practice of* black- *and* brownface *is found, namely (1) in early Afrikaans theatre (late 19th and early 20th centuries), and (2) in the period of the 1960s to the late 1970s. In the first period (the establishment of Afrikaans theatre) only white actors were used to portray both white and black/coloured characters on stage and thus made use of burnt cork/polish/make-up to portray these black/coloured characters. It is, however, clear when one consults both the standard theatre histories (FCL Bosman, LWB Binge, Jill Fletcher), as well as study the early Afrikaans plays themselves (inter alia, Melt Brink, CL Langenhoven, and most Afrikaans plays in the 1940's and 1950's), that such portrayals were linked to a particular racist ideology. The practice of* blackface *originated in America with the appearance of blackface minstrelsy and was exported via travelling minstrel groups to England, South Africa, and other colonies where it was for a period extremely popular. Although Afrikaans theatre did not produce any minstrel shows as can be found in early English South African entertainment acts, the portrayal of black and brown characters does show a few similarities with blackface minstrelsy characters. These characters are also caricatured (through their names, physical appearance, actions, and utterances), while a clear racial hierarchy is presented in these plays (they are slaves, maids, servants to the white masters and madams).*

*While this type of black- and brownface portrayals disappeared after the 1950's and the portrayal of these characters became more sympathetic from the 1960's with a new generation of Afrikaans playwrights (André P Brink, Bartho Smit, and others) critical of the Nationalist Party's race-based ideology, we find the ironic situation that these portrayals on stage again made use of black- and brownface make-up since various laws prohibited the mixing of races on stage or even within the auditorium. The state-funded Arts Councils (inter alia PACT, PACOFS) had to comply with these laws, although all of them (for example Pieter Fourie at CAPAB) actively agitated against this situation. While many English theatre practitioners simply cut their ties with the Performing Arts Councils and established theatres like The Market Theatre (Johannesburg) and The Space Theatre (Cape Town) which were non-racial, the state-funded theatres continued with these portrayals during the 1970's till the race-based laws were retracted and theatres were open to all races.*

**KEYWORDS:** *Blackface*, *brownface*, early Afrikaans theatre (19th to early 20th century), minstrelsy, colonial theatre, 1960s to late 1970s Afrikaans theatre

**TREFWOORDE:** *Blackface, brownface*, vroeë-Afrikaanse teater, minstreel-tradisie, koloniale teater, 1960's tot laat-1970's Afrikaanse teater

---

Duits, Nederlands, Frans) wat handel oor die praktyk van *blackface* in die teater, behou ook hierdie woord in sy oorspronklike Engels met implisiete verwysing na sy Amerikaanse ontstaansgeskiedenis binne die tradisie van *blackface minstrelsy*.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

**OPSOMMING**

Die fokus in hierdie teaterhistoriese bespreking is op die gebruik en voorkoms van *black*- en *brownface* op die Afrikaanse verhoog. Twee tydperke word bespreek, naamlik (1) die vroeë Afrikaanse toneel (laat-19de eeu tot vroeë-20ste eeu), asook (2) die 1960's tot laat-1970's.

Die vroeë Afrikaanse toneel sluit tot 'n mate aan by die vroeë Engelse toneel in Suid-Afrika wat ook 'n bepaalde rasideologie weerspieël het deur middel van die algemene gebruik van *black*- en *brownface* op die Suid-Afrikaanse verhoog van die 19de eeu. Hierdie gebruik het sy oorsprong in die minstreel-tradisie wat via Amerika na Engeland en uiteindelik ook na Suid-Afrika gebring is. Die gebruik word gesien as tekenend van 'n bepaalde rasideologie wat die breër koloniale toneel van die 19de eeu (Amerika, Engeland, Kanada, Australië, Indonesië, en ander lande) onderlê het, naamlik een wat 'n hiërargiese onderskeid tussen die onderskeie rasse gepropageer het waarin swart (en bruin mense) as ondergeskik tot blankes beskou is.

Terwyl die gebruik van *black*- en *brownface* meestal verdwyn het van die Engelse Suid-Afrikaanse verhoë teen die laat 1940's, vind ons in die 1960's tot laat-1970's die ironiese situasie by die staatsgesteunde streeksrade (veral TRUK, SUKOVS en KRUIK) dat 'n verskeidenheid van rassewette veroorsaak dat blanke akteurs steeds swart/bruin karakters uitbeeld in *black- en brownface.* Eers met die skrapping van hierdie wette kon swart en bruin akteurs hierdie rolle vertolk en verdwyn die gebruik van *black*- en *brownface* ook op Afrikaanse verhoë.

## 1. Inleiding

Die vestiging en ontwikkeling van die Afrikaanse teater verskil beduidend van die Engelse teater in Suid-Afrika, soos deur verskeie bronne aangedui (Binge (1969), Bosman (1942), Fletcher (1994) en andere). Die gebruik en voorkoms van *blackface* binne die Afrikaanse en Engelse teater toon sommige ooreenkomste, maar verskil ook in baie opsigte. Die rede hiervoor is geleë in die feit dat die Engelse beroepsteater vanaf sy aanvang (18de eeu in die Kaap) tot en met die 20ste eeu sterk bande behou het met die Britse teater van Engeland, terwyl die Afrikaanse beroepsteater aanvanklik begin het as "Hollands-Afrikaanse" teater in die Kaap en eers in die laat-19de en 20ste eeu as Afrikaanse teater sy eie identiteit ontwikkel het.[2]

Die vestiging van 'n Engelse beroepsteater in Suid-Afrika is ten nouste verbind aan gebruike en ontwikkelinge binne die Britse teater van die 19de en vroeë 20ste eeue (onder andere die sterk invloed wat *blackface minstrelsy* vanaf Amerika via Engeland op die vroeë Engelse Suid-Afrikaanse teater uitgeoefen het; die gebruik om swart karakters deur blanke akteurs in *blackface* te vertolk, onder andere Othello; en ander gebruike). Die inherente rasideologie wat hierdie gebruike kenmerk, is opvallend en is bespreek deur Keuris (2023b).[3] Terwyl die Engelse teater in Suid-Afrika se gebruik van *blackface* duidelik aansluit by die Anglo-Amerikaanse tradisie daarvan, was daar 'n geleidelike wegbeweeg van hierdie uitbeeldings en die gebruik van *blackface* deur blanke akteurs. Met die 1981-produksie van *Othello*, waar John Kani as eerste swart akteur die hoofrol vertolk, is die era van Othello *blackface*-akteurs op die Engelse Suid-Afrikaanse verhoog afgesluit (Seeff, 2009:377-398).

2 Sien Bosman (1951:1-13) se bespreking van hoe die Hollandse en Engelse teater in Suid-Afrika verskillend ontstaan en ontwikkel het.

3 In hierdie artikel, "Blackface on the South African Stage: Early English South African Theatre (19th and 20th Century," (2023b), bespreek ek die voorkoms en gebruik van *blackface* binne die vroeë Engelse teater in Suid-Afrika. Lesers wat 'n oorsig wil kry van hoe die gebruik van *blackface* invloed uitgeoefen het op beide die vroeë Engelse en Afrikaanse teaters, is dus welkom om albei artikels in samehang te lees.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

In hierdie bespreking fokus ek op die gebruik en voorkoms van *blackface* op die Afrikaanse verhoog vanuit ’n teaterhistoriese perspektief. Terwyl daar enkele studies beskikbaar is oor die voorkoms en praktyk van *blackface* binne die vroeë Engelse Suid-Afrikaanse teatergeskiedenis, is daar geen werklik omvattende studie nog onderneem wat ’n historiese oorsig gee van hierdie gebruik binne die Afrikaanse teatergeskiedenis nie. Terwyl mens kan beweer dat hierdie praktyk aanvanklik gewoon “oorgeneem” (en seker ook “oorgebring”) is uit die buiteland en vir lank as bloot ’n “gewone” teaterkonvensie gesien is wat in beide die vroeë Engelse en Afrikaanse teater gevind kan word, het dit veral in die sestiger- en sewentigerjare van die vorige eeu ’n duidelik meer politiese betekenis verkry. Veral in die Afrikaanse teater van hierdie jare het die gebruik van *blackface* eintlik ’n visuele uitdrukking gegee aan ’n bepaalde politieke wetgewing (naamlik die Nasionale Party se berugte Groepsgebiedewet wat alle vorme van rassevermenging verbied het – ook op die verhoog).

In die eerste gedeelte van die bespreking is die fokus op die heel vroeë teater (19de tot vroeg 20ste eeu), terwyl die tweede gedeelte die periode 1960–1977 in meer detail bespreek.

Al die standaardbronne oor die ontstaansgeskiedenis van Westerse teater in Suid-Afrika is geraadpleeg, naamlik die omvattende studies van FCL Bosman (1928, 1951, 1980), LWB Binge (1969), Jill Fletcher (1994), en andere. Hierdie studies fokus hoofsaaklik op die beginjare van Westerse teater in Suid-Afrika soos verteenwoordig deur grotendeels die Engelse teater, die vroeë Hollands-Afrikaanse teater (voorloper van die Afrikaanse teater), asook in mindere mate die Franse en Duitse teatergroepe. Kenmerkend van hierdie tydperk is ook die voorkoms van talle oorsese reisende teatergeselskappe (veral van Engeland, Amerika, maar ook soms van die Europese vasteland) wat dikwels lang tye aan die Kaap vertoef het op reis na Australië en die Ooste.

Dit is so dat mens die koloniale konteks deurgaans in gedagte behoort te hou wanneer daar uit ’n kontemporêre perspektief na hierdie dramas gekyk word. Die vroeë Hollands-Afrikaanse werke van die 19de eeu, sowel as die heel vroegste Afrikaanse dramas van die 20ste eeu het soos dramas in alle koloniale lande (byvoorbeeld Australië, Indonesië, en dies meer) van hierdie tydperke ’n bepaalde rasideologie weerspieël. Gray (1984:32) beklemtoon in sy bespreking van Stephen Black se dramas “the fact that colonial days were very racist”. Hierdie beskouings en praktyke kom eintlik na vore in die meeste studies wat hierdie onderwerp in die verskillende kolonies ondersoek, byvoorbeeld in Cohen se boek, *The Komedie Stamboel: Popular Theater in Colonial Indonesia, 1891–1903* (2006) waar hy, onder andere, die volgende skryf oor die gebruik van *blackface* in hierdie teater:

> The same cannot be said about Mahieu’s comic caricature of a *cina sengke* (unnaturalised Chinese immigrant) in a 13 June 1902 performance of *Ardan Zanggi*. The play’s title suggests that the Chinese were not the only ethnic group caricatured in this play. *Zanggi* is the Malay form of *Zangi*, the standard term for East African black slaves through much of Asia and the Middle East, and a pejorative term for black Africans more generally. No details of plot are forthcoming, but most likely the play’s eponymous hero, Ardan Zanggi, was a “delineated Ethiopian” played by an actor in blackface. (Cohen, 2006:329)

Die opspoor van inligting wat verband hou met die gebruik van *blackface* op die Suid-Afrikaanse verhoog het grootliks uit speurwerk bestaan. Hoewel die meeste toeskouers vandag bewus is van hierdie gebruik – asook die kontroversiële aard daarvan – kry mens bitter min direkte verwysings daarna in die meerderheid van die bronne hier bo genoem. *Blackface* het duidelik ’n historiese aanloop wat *buite* Suid-Afrika ontstaan het en het hier veral neerslag gevind in die Engelse teater, terwyl die gebruik daarvan weer langer (en om duidelike politieke


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

redes) in die Afrikaanse teater tot in die 1970's voorkom. Aangesien *blackface*-grimering[4] natuurlik deur akteurs gebruik is, het ek probeer nagaan of daar enige spesifieke verwysings was na hierdie gebruik in die bronne voor 1900. Soos seker te verwagte, was akteurs in hierdie jare gewoon blank en is swart of bruin karakters deur blankes op die verhoog uitgebeeld. Sodanige rolverdelings waar die blanke akteur duidelik die rol van 'n swart of bruin mens vertolk, is wel in sommige dramas gevind. In hierdie gevalle sou mens kan aanneem dat grimering (beide vir *black*- en *brownface)* gebruik is, aangesien die "lewensgetrouheid" van die vertolkings soms deur kommentators geprys is. Dit is egter meestal in foto's van hierdie produksies waar die ondersoeker duidelik die gebruik van *black*- en *brownface*-grimering deur blanke akteurs kan opmerk vir die swart en bruin karakters.

In die aanvangsjare van Westerse teater in Suid-Afrika is daar ook heelwat voorbeelde van vrouerolle wat deur mans vertolk is. Hoewel die Engelse teater heel vroeg van aktrises gebruik gemaak het (heelwat van die rondreisende teatergeselskappe het beide mans- en vrouespelers gehad), het die vroeë Hollands-Afrikaanse toneel nog vir langer tye net mans gehad wat al die rolle vertolk het. In beide die Engelse en Afrikaanse teaters is daar dus voorbeelde van blanke mans wat ook die rolle van swart en bruin vrouens vertolk het: die eerste fopdossers in Suid-Afrikaanse teaters?

Aangesien hierdie bespreking ook die akteur betrek wat in *blackface* of *brownface* optree, is dit ook van belang om na studies te kyk waar akteurs self na hulle ervaring van hierdie praktyk verwys. So gee Wilna Snyman (*Memoires,* 2006) 'n openhartige relaas van haar bekroonde vertolking van die bruin vrou Makiet in Adam Small se *Kanna hy kô hystoe*, terwyl ook Gerben Kamper se vele vertolkings van bruin karakters bespreek word in Taljaard (2020) se doktorale studie oor Kamper se bydrae tot die Suid-Afrikaanse teater van 1971 tot 2016. Enkele paragrawe in Chris Vorster (2023) se onlangse biografie oor Marius Weyers verwys ook na Weyers se vertolking van Othello in *blackface*.

## ***Blackface*: 'n Kontroversiële praktyk**

Verskeie bronne[5] wat die oorsprong van die gebruik van *blackface* in die VSA en Engeland nagaan in die grootskaalse gebruik daarvan in die minstreel-tradisie, beklemtoon dikwels die verband tussen die stereotipering van swart (en gekleurde karakters) aan die hand van karikatuuragtige uitbeeldings (blankes wat hulle gesigte swart of bruin maak) en 'n pertinente rasideologie. Hierdie uitbeeldings word doelbewus "humoristies" voorgestel en het ten doel om sekere persepsies ten opsigte van swart mense vir die oorwegend blanke gehoor te bevestig, wat as neerhalend en minderwaardig getipeer kan word.

Binne die vroeë uitbeeldings van swart en bruin karakters deur blanke akteurs is dit oorwegend die geval dat hierdie karakters as minderwaardig tot die blanke karakters uitgebeeld word, aangesien 'n duidelike rashiërargie uitgebeeld word van 'n blanke "baas" versus sy swart/bruin "bediende, kneg, slaaf", en dies meer. Die voorkoms, naamgewing, taalgebruik

4 Die swartmaak van die vel is meestal bewerkstellig deur die aansmeer van sg. "burnt cork", skoenpolitoer, verf of donker grimering op die gesig, asook hande en arms wat kon uitsteek.

5 Daar is heelwat bronne beskikbaar wat veral die Amerikaanse minstreel-tradisie bespreek, asook die voorkoms van *blackface* binne populêre kultuur (films, advertensies, televisie, ens.) vanuit verskillende teoretiese perspektiewe (w.o. die postkoloniale). Veral A Thompson se *Blackface* (2021) gee 'n omvattende bespreking van hierdie onderwerp en word tans as 'n seminale studie beskou, terwyl syself as kenner op hierdie gebied tans groot aansien in Amerika geniet.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

en handelinge van die swart of bruin karakters word meestal komies uitgebeeld en as sodanig deur die blanke toeskouers ervaar. In enkele gevalle word hierdie karakters met meer patos uitgebeeld.

## 2. Die uitbeelding van swart en bruin karakters binne die vroeë Afrikaanse toneel

Uit die werke van die heel vroegste Hollands-Afrikaanse dramas (Boniface se *De Temperatisten* (1954[1932]) en die bekende *Kaatje Kekkelbek* (1971) deur Geddes en Bain), asook die dramas van SJ du Toit (*Magrita Prinslo*, *Di Bedriegers*) en die "vader van Afrikaanse dramas" ( Melt Brink) se meer as 30 klugte, kom die uitbeeldings van die swart en bruin karakters opvallend rassisties voor vir die moderne leser. Oorwegend word hierdie karakters as minderwaardig tot die blankes gesien en weerspieël aanspreekvorme tussen die rasse 'n duidelike rashiërargie en klasseverskil, soos onder meer duidelik blyk uit die rasuitbeeldings in Melt Brink se dramas:

> The portrayal of Khoisan and black characters in general are superficial and often stereotypical and are limited in most of his plays to that of a servant. That this relationship can, however, be nuanced may be deducted from the range of forms of address found in these plays. The four common ones are: "bediende" (*servant*), "kneg" (also *servant*, but often with an underlying secondary meaning of *slave*), "meid" (*coloured maidservant*, *servant-girl*). The latter is today seen as a racist form of address, but in Brink's time it was used without this racist connotation as a common form of address. One also finds the male counterpart, namely "jong(e)" (*boy, coloured servant*). The word "kaffer" (*kaf(f)ir or native*) is also found in his plays. These forms of address are found both in the character lists of the plays, and when these characters are talked to or about by the white characters. (Keuris, 2010:114)

Hierdie aanspreekvorme word deurgaans gevind in die meeste dramas waarin bruin en swart karakters voorkom vanaf die 1900's tot in die 1960's (onder andere in dramas van Gerhard J Beukes, HA Fagan, Uys Krige, CJ Langenhoven, C Louis Leipoldt, DF Malherbe, en vele ander).

Soos Keuris (2023b) in 'n bespreking oor *blackface* in die vroeë Engelse Suid-Afrikaanse toneel aantoon, sou mens ook hier kan verwys na die invloed wat slawerny op die uitbeelding van 'n bepaalde wit/swart rashiërargie van die vroeë Afrikaanse dramas gehad het. In sommige dramas word daar selfs pertinent verwys na slawe (byvoorbeeld in Uys Krige se *Magdalena Retief* (1948) is een van die karakters, Mina, 'n Bataafse slavin – 'n gegewe wat wel op 'n historiese feit gebaseer is).[6] Samehangend hiermee sou mens ook kortliks kon verwys na die naamgewing van die bediendes, knegte, slawe, ensovoorts in hierdie dramas. Terwyl die blanke karakters grootliks met 'n naam en 'n van betitel word in die karakterlys van dergelike dramas, val dit op dat die swart/bruin werkers net gewoon deur 'n naam aangedui word, byvoorbeeld in Eitemal se bekende *"En hadde de liefde niet ..."*, (1935:5) tref ons onder andere die volgende aan:

---

[6] Interessant is die beskrywing wat Uys Krige van Mina gee: "Haar gesig, met 'n sterk oosterse trek om die oë, is ovaalvormig. Sy is 'n besonder simpatieke figuur en die persoon wat die rol speel, moet onder geen omstandighede die laglus van die gehoor probeer uitbuit om sodoende van MINA 'n karikatuur te maak nie". Krige is dus duidelik bewus van die vroeë gebruik om hierdie karakters dikwels komies uit te beeld deur van hulle karikature te maak – iets wat hy juis in hierdie drama probeer vermy.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

> *Aia Lawisa*: ’n Ouerige Bolandsmeid; *Apools*: Man van Lawisa. Tuinjong. ... Effens verskimmelde peperkorrels. Donkerder van kleur as Lawisa; *Jims*: Swart tafelbediende met wit baadjie.

In Eunice Visser se omvattende studie, *Die Kaapse slawe 1652–1838* (2022), wy sy ’n redelike lang gedeelte aan die naamgewing van slawe. Uit hierdie bespreking blyk dat:

> Die eerste stap op pad na ’n nuwe lewenswyse as slaaf was ’n naamsverandering. Hierdie direkte ingreep in die persoonlike identiteit van die slaaf was onvermydelik deel van die ontmensliking van die slawe waaroor hulle geen beheer gehad het nie. Vanaf hul gevangeneming tot en met hul vestiging en verblyf as slaaf sou hulle in die een of ander stadium een of meer male, sonder enige persoonlike inspraak, ’n naamsverandering ondergaan. (Visser, 2022:60-61)

Hoewel sommige van die ou dramas wel na die swart/bruin karakters as “slawe” verwys, word die meeste van hierdie karakters gewoonlik net as ondergeskikte werkers (kneg, meid, jong, ensovoorts) omskryf. Mens sou seker kon aanvaar dat – veral ná die vrylating van slawe in 1838 – hierdie mense streng gesproke nie meer as slawe betitel sou kon word nie. Hulle werksomstandighede, asook duidelik rashiërargiese verhouding met hulle “base”, verskil egter nie veel van die vroeëre slaaf/eienaar-verhouding nie. Uit Visser se opnoem van gewilde name vir die Kaapse slawe (1652 tot 1838), herken mens dan ook van die name wat bediendes/knegte, ensovoorts, in baie van die vroeë dramas het, byvoorbeeld: Fortuin, Adonis, Cupido, Flora, Kaatje, Mentor, Ontong, Sara, en andere (Visser, 2022:63). Sy noem verskeie “bronne” wat gebruik is om hierdie name te kies, onder andere die plek (“regionale toponieme”) van afkoms van die slaaf (byvoorbeeld Batavia), die Griekse en Romeinse mitologie en geskiedenis (byvoorbeeld Cupido, Titus), die kerkgeskiedenis (Abel, Esau, Jacob, Jefta), die Westerse kalender (Januarie, Februarie, April, September), dae van die week (Vrydag, Saterdag), ensovoorts (Visser, 2022:62-66).

### *2.1 Die gebruik van blackface/brownface-grimering vir swart en bruin karakters*

Die vroeë uitbeeldings van swart en bruin karakters op die verhoog word gekenmerk deur (1) die aanvanklike gebruik om vrouerolle deur mans te laat vertolk, asook (2) die praktyk deur hierdie akteurs om *black*- en *brownface*-grimering te gebruik om swart en bruin karakters (mans en vrouens) voor te stel.

Indien mens nagaan (in soverre bronne hierdie inligting verskaf) wie hierdie rolle in die vroeë opvoerings in die Kaap en latere produksies in die ou Grahamstad asook die Witwatersrand vertolk het, is dit duidelik dat blanke mans veral in die aanvangsjare van Westerse toneel in die Kaap en ander dele van die land hierdie karakters gespeel het. Terwyl daar wel swart en bruin karakters was in die vroegste toneel van die Kaap, was daar natuurlik geen swart of bruin akteurs om hierdie rolle te vertolk nie.[7] Binne die vroegste Engelse teater, die sogenoemde Garnisoenteater aan die Kaap, het blanke soldate gewoon alle rolle vertolk – ook dikwels vrouerolle (Fletcher, 1994:22). Die Hollands-Afrikaanse teater wat volgens Bosman (1951) heelwat later as die Engelse beroepsteater gevolg het, het ook net gebruik gemaak van blanke akteurs om alle rolle te vertolk.

[7] Ook in die vroeë Engelse teater – veral dramas wat Afrika as tema gehad het – is swart akteurs net vir klein rolle gebruik. Sien Nicholson (2010:123).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

### *2.2 Kaatje Kekkelbek (Andrew Geddes Bain en Frederick Rex)*

Reeds vroeg vind ons uitbeeldings van Khoi-San op die verhoog, waarvan Kaatje Kekkelbek een van die bekendste figure is. Kaatje Kekkelbek is deur ’n groot aantal literatore – Afrikaans en Engels – bespreek en uiteenlopende beskouings is oor haar gehuldig (sien Shaw, 2009).

Kaatje Kekkelbek was vir dekades ’n gewilde karakter en is grootliks as ’n komiese figuur deur die oorwegend blanke gehore gesien. Volgens Binge (1969) was sy eintlik die prototipe van die meeste “Kleurling-karakters” op die Afrikaanse verhoog in die daaropvolgende dekades:

> En hoeveel Kleurling-karakters, egter bloot met die uiterlike kenmerke van ‘Kaatje Kekkelbek’, het nie deur die hele geskiedenis van die Afrikaanse toneel hul luidrugtige verskyning op die planke gemaak nie. Dat hulle naas hare ander name gekry het, beteken tog geen verandering in die wese van die toneelkarakter nie. (Binge, 1969: Inleiding)

In der waarheid is die meeste van die bruin karakters van hierdie tydperk uitgebeeld as komiese figure en sou die uitbeeldings deur blanke akteurs (mans) sekerlik die komiese kwaliteite op sowel visuele (opgestopte kleredrag en *brownface*-grimering), as ouditiewe wyses (manstem) vir die blanke gehore verder versterk het.

Volgens Binge (1969:28) was daar “’n taamlike belangstelling in die Kleurling en Naturel as komiese karakters” in hierdie tydperk (ongeveer 1892). Interessant dat hy hierdie tipe uitbeelding deurtrek na soortgelyke uitbeeldings en karakters in Amerika in hierdie tydperk, naamlik:

> Amerika het immers net so ’n rumoerige of rumoeriger geskiedenis as Suid-Afrika gehad en sy ‘Jim Crow’[8] (1828), ’n Neger-broer van ‘Kaatje Kekkelbek’ (1834-’36), het sy toneelloopbaan byna gelyktydig begin: daar was ’n ewe-groot voorliefde vir die nie-blanke as komiese karakter.

Binge verswyg egter die feit dat Jim Crow (naas die “komiese” element), ook ’n onderliggende rassistiese ideologie en die gebruik van *black/brownface* met Kaatje deel.

Fletcher (1994) noem dat Kaatje deur een van die volgende twee mans vertolk is by die eerste opvoering van *Kaatje Kekkelbek* in Grahamstad, 1838:

> It could have been Frederick Rex himself, but more probably Louis Meurant, still hankering after the footlights and playing again a ‘Kaatje’ as he had in Boniface’s *De Burger Edelman* many years before. Whoever it was, he (no woman could have appeared on the Grahamstown stage at this time) had the honour of delivering the first Afrikaans words in a play, on a stage; a step forward which would not be followed up for many years. (Fletcher, 1994:96)

Ons kan aanneem dat die voorstelling van Kaatje deur ’n blanke akteur wel die gebruik van *brownface*-grimering en opgestopte kleredrag sou inhou om die “komiese” aard van die voorstelling ook visueel te verhoog vir die toeskouers.

Die vroeë Afrikaanse toneel wat uit die Hollands-Afrikaanse toneel ontwikkel het in die laat 19de eeu het blykbaar ook langer as die Engelse toneel geneem om aktrises op die verhoog

8 Jim Crow is ’n bekende figuur binne Anglo-Amerikaanse *blackface*-studies. ’n Belangrike studie wat in 2020 gepubliseer is, naamlik Chinua Thelwell se *Exporting Jim Crow: Blackface Minstrelsy in South Africa and Beyond*, verskaf ’n gedetailleerde bespreking van die invloed van Jim Crow, asook *blackface minstrelsy* op die 19de eeuse Engelse teater in Suid-Afrika.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

te kry. Moontlik het reisende toneelgeselskappe (wat bekende Engelse aktrises, soos Mev Sefton Parry ingesluit het) wat die Kaap aangedoen het op pad na die Ooste en Australië, die Engelse toneel ten opsigte hiervan beïnvloed. Die vroeë Afrikaanse toneel was egter meer konserwatief wat hierdie gebruik aanbetref.[9] Binge (1969:18) verwys in sy studie na ’n voorbeeld van die vroeë Afrikaanse dramaturg, JHH de Waal, wat in sy werk, *Jan en Katriena* die volgende voorskrif gee: “N.B. Als dit stuk opgevoert word, moeten ‘vrou’ (dit is Jan se moeder!) en ‘Katrina’ jongens in damesgewaad zijn. – J”.

Bosman (1942) verwys in sy uitgebreide inleiding tot *Di Bedriegers, Magrita Prinslo en ander Afrikaanse Dramas en Samesprake tot 1900* ook na hierdie gebruik en noem dat die eerste weergawe van *Di Bedriegers* net een rol vir ’n meisie gehad het. Hierdie rol was problematies, want:

> Die feit dat daar egter alleen een meisierol in die stuk voorgekom het, het gemaak dat geen enkel meisie alleen met die klomp kêrels die stuk saam wou instudeer nie. Maar al weer het Meyer [regisseur – MK] ’n plan gemaak. ’n Jongetjie het die rol van ’n meisie gevul – hoe onhandig hy soms ook met sy rokke was.

Vanaf 1905 is die stuk (met aktrises in die meisierolle) baie gereeld opgevoer.

Die praktyk om swart of bruin karakters deur blanke akteurs te laat vertolk het egter baie langer voortgeduur as bogenoemde gebruik om mans vrouerolle te laat speel.[10] Hoewel die woorde *blackface* of *brownface* nie direk genoem word nie, kan mens gewoon uit die rolverdelings (en soms kommentaar oor hierdie uitbeeldings) aflei dat swart- en bruinmense deur blankes uitgebeeld en gegrimeer is om hierdie karakters voor te stel. Binge (1969) gee verskeie sodanige voorbeelde en net enkeles word hier onder gegee. So byvoorbeeld noem hy dat in CJ Langenhoven se *Die Hoop van Suid-Afrika* (opgevoer in Oudtshoorn op 16 Desember 1913 ter ere van die Bloedriviergelofte) die rol van beide Dingaan en Barbaar deur JHJ Scheepers vertolk is. Volgens Binge (1969:61):

> Scheepers het skynbaar ’n baie groot indruk gemaak – ‘van krachtig lichaamsbouw, met gespierde armen en benen kwam hij allerbest als Dingaan voor,’ lui dit. ‘Zijn grimassen toen Piet Retief voor hem verscheen’ was veral goed. ‘Zijn fiere stem en gestalte leende zich uitmuntend tot zijn rol.’[11]

Binge gee in sy boek ook die rolverdeling weer van *Magrita Prinslo*[12] (SPE Boshoff se gewysigde weergawe van SJ du Toit se historiese drama) wat tydens die “Dingaansfeesvieringe

---

9 Volgens Binge (1969:18) het vrouens in hierdie tydperk– die 1890’s – glad nie opgetree in die openbaar nie en kon selfs nie aan debatsverenigings deelneem nie: “Vroue het op die platteland dit nie maklik gewaag om aan ’n opvoering deel te neem nie; hulle is nie eers as lede van die debat- en C.J.-vereniginge toegelaat nie”.

10 ’n Studie van mans wat vrouerolle vertolk in die vroeë Engelse en Afrikaanse toneel moet nog gedoen word. In hierdie bespreking beklemtoon ek die rol wat manlike akteurs gespeel het in die uitbeelding van swart/bruin vrouekarakters op die Afrikaanse verhoog as ’n gegewe wat die “komiese” inslag van hierdie uitbeeldings vir die gehore van daardie tyd sou verhoog het. ’n Interessante moontlikheid wat blyk uit van die voorbeelde wat bespreek is, is dat hierdie gebruik die gevolg was van ’n bepaalde konserwatiewe instelling in daardie vroeë jare, naamlik dat dit nie betaamlik was vir vrouens om op die verhoog te verskyn nie en dat mans noodwendig al die rolle – ook dié van vroue – moes vertolk.

11 Aanhalings van die *Courant*-verslaggewer— al verwysing wat Binge verskaf t.o.v. die aangehaalde gedeeltes.

12 Die oorspronklike drama, *Magrita Prinslo*, is reeds in 1896 gepubliseer en word deur teaterhistorici beskou as die eerste gepubliseerde Afrikaanse drama (o.a. Fletcher, 1944:110).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

in 1922 op De Aar" plaasgevind het en ook hier word die swart en bruin karakters duidelik deur blanke mans gespeel (1969:127):

Danster (Hotnots jong)[13] ............... Mnr. F. Schoon

Swartland (Ou kaffer) .................. Mnr. M.A. de Beer

Dingaan......................................... Mnr. W.C. Poseman

Hoewel mens kan aflei dat hierdie uitbeeldings sekerlik van *black*- en *brownface* grimering gebruik moes maak, gee Binge ongelukkig geen verdere inligting oor hierdie opvoering nie. *Magrita Prinslo* was wel 'n baie gewilde stuk wat veral by volksfeeste (veral Geloftefeeste) talle kere opgevoer is. Hoewel Danster en Swartland op patroniserende wyse deur die blankes in die stuk behandel word en hulle onderdanige houdings ten opsigte van hulle "base" seker te verwagte was in hierdie periode, vervul die twee karakters relatief belangrike rolle in die drama.[14] Op 'n foto[15] waar al die spelers van *Magrita Prinslo* verskyn, is die gebruik van *blackface* vir Dingaan egter duidelik op te merk.

Anna Neethling-Pohl (1974:22-23) verwys na 'n produksiefoto van *Susanna Reiniers* van A Franken waarvan haar pa mederegisseur was en noem hoe "deeglik hul kostumering en grimering was . ... Daar is niks lagwekkends in dié ou foto nie en die grimering van die 'nie-blankes' is beter versorg as wat die grimering was van 'n beroepsopvoering wat ek onlangs gesien het en waar blankes ook nie-blankes moes voorstel". Hierdie verwysing is een van min waar die navorser 'n direkte verwysing kry na die gebruik van spesiale grimering deur akteurs om "nie-blankes" in hierdie jare op die verhoog uit te beeld.

Soms kry 'n navorser op onverwagte plekke foto's van die vroeë produksies waar *blackface*-grimering heel opvallend is. In 'n boek deur WGH en S Vivier: *Hooy-Vlakte: Die Verhaal van Beaufort-Wes 1818–1968*, (1969:167) is daar 'n foto van al die spelers van *Die Familie Zaak* deur CJ Langenhoven, die eerste Afrikaanse toneelstuk wat in 1912 in Beaufort-Wes opgevoer is. Op dié foto is die twee blanke akteurs duidelik in *blackface*-grimering, terwyl die omskrywing by die foto die twee blanke akteurs en hulle rolle beskryf "as Voor: A Bezuidenhout as Kaffer. W. Marais as Katoo Kaffermeid".

Een van die min voorbeelde waar die gebruik van grimering om 'n bruin karakter voor te stel in die dramateks self beskryf word, word gevind in CJ Langenhoven se *Die Laaste van die Takhare* (1971-uitgawe). Voor in hierdie gewilde toneelstuk word genoem dat dit 'n verwerking is van "Die wêreld die Draai", wat weer op sy beurt 'n verwerking is van "Die Watersaak" wat in 1909 verskyn het.

Die Lys van Persone noem een gekleurde karakter, naamlik: KATO ("'n Ou Masbieker-meid") en Langenhoven gee in sy Aanwysings die volgende voorstelle aangaande deur *wie* ("'n jongetjie") en *hoe* (swart grimering) sy voorgestel moet word:

> Vir KATO sal dit beste wees om 'n jongetjie 'op te maak' met behulp van gelapte klere waaronder 'n paar kussings op die nodige plekke. Gebrande kurkprop maak maklik swart en kom maklik weer af.

---

13 Die gebruik van raspejoratiewe titels was algemeen in beide Afrikaanse en Engelse dramas van die vroeg- 20ste eeu.

14 Sien Keuris (2012:84) vir 'n bespreking van die ironiese blik wat hierdie twee karakters gee op die blankes se beskouings ten opsigte van die werk se dramatiese gebeure (Groot Trek, Dingaan, ens.).

15 Foto: Spesiale uitgawe van *Werda*, Melt Brink-versameling, Africana-afdeling, JS Gericke Biblioteek, Universiteit Stellenbosch.

Hoewel die *HAT* (2000) die woord *Masbieker* uitlaat, noem die *Dictionary of South African English (DSAE)* dat die woord se oorsprong in Afrikaans ('n vroeë vorm van Hollands-Afrikaans) geleë is en 'n sametrekking van Mosambieker (iemand van Mosambiek), 'n slaaf is.

Uit die omskrywing van Kato hier bo, vind ons direkte verwysings na twee praktyke in hierdie tydperk, naamlik (1) om (jong) mans te gebruik om swart of gekleurde vrouens voor te stel, en (2) hierdie voorstellings komies te maak deur die gebruik van swart grimering (*blackface*) en opgestopte kleredrag. In die teks self is dit Kato se taalgebruik ('n meer gerad-braakte Afrikaans), onderdanige aanspreekvorme (byvoorbeeld Oubaas, basie Piet, nonnie Miemie, jongbasies) en kommentaar op die ander swart karakters wat die sogenaamde komiese aard en funksie van hierdie karakter onderstreep. Enkele aanhalings uit 'n langer monoloog waar sy die Tweede Toneel van die Tweede Bedryf inlei op bladsy 39, word hier onder gegee ter illustrasie van in watter mate hierdie sogenaamde komiese gegewens op 'n duidelike rasideologie van die tydperk gebaseer was:

> KATO: Oubase kwate vanmôre. Oubase hy sê hom Hotnosse te veel vleis vrete. Hotnosse moete mielies kry. Ekke ook mielies kry – sturksvye – pampoen – varkkos. Aikonna. Ekke masbieker. Ekke geen domde Hotnossse-meid nie ...
>
> My ou man Jafta – Oubase hette hom met die kierie gemoker. Jafta nie meer wilde heiding nie. Jafta nou verkeerde[16] jong. Ekke ook verkeerde jong. Die nuwe leraar, hom swart sendeling, hy hette verkeer vir my en Jafta. Hom swarte tater leraar sê ons almal, wit en swart, ons almal een vader se kinders. Ons wat swartvelle het, ons kanne witte harte hê. Ja. Duusvolk, wit velle, swart harte ... .

Hierdie voorbeeld gee 'n voorstelling van rasseverhoudinge wat algemeen gevind word in dramas van hierdie vroeë jare waar bruin/swart karakters meestal ook in hulle taalgebruik op "komiese" wyse uitgebeeld word, terwyl die aanspreekvorme deurgaans 'n bepaalde ras-hiërargie onderstreep. In die biografiese aantekeninge deur Sarah Goldblatt (Administratiewe letterkundige Nalatenskap, Langenhoven) skryf sy die volgende by die 1971-uitgawe van hierdie drama:

> *Die Laaste van die Takhare en ander verhoogstukke* is saamgestel uit werke wat geskryf is en verskyn het tussen 1905 en 1932. Dit bied 'n verteenwoordigende beeld aan van gebeurtenisse, mense-verhoudings, taalgebruike e.s.m. van daardie jare, soos deur Langen-hoven ervaar en belewe. Onder andere vind ons aanspreekvorme en -woorde teenoor nie-blankes, wat in ons eietydse letterkunde – en in die samelewing – taamlik algemeen in onbruik geraak het. Om daardie uitdrukkinge in die betrokke stukke van daardie tyd nou te verander by herdruk, sou beteken vervalsing van beide Langenhoven se werk en die geskiedkundigheid daarvan. ... die leser [kry] oortuigende bewys dat Langenhoven die verhouding "baas" en nie-blanke "kneg" van sy tyd, baie goed begryp het. So was dit toe, toe Langenhoven geskryf het.

Hierdie "verteenwoordige beeld" van rasverhoudings kry mens telkemale terug in al die Afrikaanse dramas van hierdie tyd (vanaf 1900 tot selfs in die 1950's, byvoorbeeld ook in WA de Klerk se *Die jaar van die vuur-os* van 1951 waar rassespanning een van die hooftemas van die drama is).

---

16 "Verkeerde" met bedoeling van *bekeerde* – ook 'n voorbeeld van mistasting deur 'n karakter wat vir blanke gehore heel komies sou gewees het.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

## 3. *Black*- en *Brownface* in die Afrikaanse teater van die 1960's tot einde 1970's

Terwyl die vroeë Afrikaanse teater – behalwe vir enkele uitsonderings – meestal blanke akteurs gebruik het om die rolle van swart en bruin karakters te vertolk, was dit moontlik gewoon omdat daar geen swart of bruin akteurs geredelik beskikbaar was om hierdie rolle te vertolk nie. In die konteks van 'n konserwatiewe gemeenskap wat aanvanklik selfs vroulike rolle deur mans laat vertolk het en die meeste swart en bruin mense in onderdanige posisies van bediendes, knegte en aanvanklik selfs as slawe geplaas het, sou die moontlikheid om van swart of bruin akteurs gebruik te maak waarskynlik ondenkbaar gewees het. Die meeste gehore in Suid-Afrika (ook in die Engelse teater) van die aanvangsjare in die 18de eeu tot met die begin van die 20ste eeu was hoofsaaklik blanke gehore en waar swart of bruin mense wel in die teaters gekom het, was hulle dikwels nog geskei van die blankes as gevolg van ekonomiese beperkinge en het op die goedkoopste plekke – die galerye – gesit.

'n Meer kontroversiële gebruik van *black- en brownface*-grimering tree eintlik op die voorgrond in die Afrikaanse teater van die sestiger- en sewentigerjare. Met die Nasionale Party in beheer van die Suid-Afrikaanse regering vanaf 1948 tot 1994, voer hulle 'n reeks wetgewings in wat as uitgangspunt die skeiding van rasse op alle sfere van die samelewing ingehou het, waaronder die Groepsgebiedewet, Ontugwet en die Wet op Afsonderlike geriewe. Ook die teater van die 1960's tot ongeveer 1979 moes werk binne die streng wetgewings van daardie tydperk en die onderskeie streeksrade (veral TRUK, KRUIK, en SUKOVS[17]) wat befonds is deur die staat, is gedwing om binne die raamwerk van hierdie wette te funksioneer, byvoorbeeld dat akteurs van verskillende rasse nie saam op die verhoog mag verskyn nie, asook dat gehore nie gemengd mag wees nie (Sien Eichbaum, 1986:3-8).

Binne teaterkringe van die tyd was daar heelwat persone wat sterk weerstand teen hierdie beperkings gebied het. Terwyl sommige Afrikaanse dramaturge (veral die Sestigers waaronder André P Brink en Bartho Smit) juis werke geskryf het wat die skreiende gevolge van die apartheidsideologie op veral bruin gemeenskappe uitgebeeld het, is die ironiese situasie gevind dat hierdie bruin karakters noodwendig deur blanke akteurs vertolk moes word op die streeksrade se verhoë. In hierdie verband is Bartho Smit se *Die verminktes* tekenend van die ironiese gebruik van *black*- en *brownface* in 'n werk wat juis kritiek lewer op die rasideologie van die tyd (Keuris, 2023a:190-191).

> In die eerste opvoering van Bartho Smit se *Die verminktes* (Truk, 1977) word die uitbeelding van 'n liefdesverhouding oor die rasgrense op ironiese wyse uitgebeeld deur van wit akteurs gebruik te maak. Hoewel dit juis die liefdesverhouding tussen Frans en Elize is wat die dramatiese intrige, konflik en afloop van die drama bepaal en Bartho Smit juis die rasgedrewe wetgewing van die tyd konfronteer met sy werk, stuit die produksie teen die werklikheid van die wetgewing van die tyd en speel 'n wit akteur, Don Lamprecht, die rol van Frans Harmse.[18]

---

[17] TRUK: Die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste; KRUIK: Die Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste; SUKOVS: Die Streeksraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat.

[18] Die sogenaamde *try for white*-karakter kom in hierdie jare in verskeie werke voor (ook in die Engelse teater, byvoorbeeld in Athol Fugard se *The Blood Knot*, 1963). Hierdie karakter het sy oorsprong in Basil Warner se drama *Try for White* van 1959. Sien bespreking in Inskip (1977:59-63).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

Al hoe meer spelers en teaterpraktisyns het aktief begin weerstand bied teen die afdwing van die bepaalde raswetgewings op die onderskeie streeksrade se verhoë, onder andere Pieter Fourie by Kruik.[19]

’n Karakter wat dikwels in *blackface* gespeel is in Suid-Afrika en ook op internasionale verhoë, is Shakespeare se Othello. Terwyl daar geweldig baie internasionale studies oor die Othello *blackface*-uitbeeldings beskikbaar is, vind ons in Suid-Afrika net enkeles, waaronder dié van Adele Seeff (2009). Terwyl Othello reeds van vroeg af in Suid-Afrika opgevoer is en meestal in Engels, vind ons ook in Afrikaans verskeie uitbeeldings van Othello waar blanke akteurs (byvoorbeeld Louis van Niekerk) hierdie karakter met swart grimering uitbeeld.

In Chris Vorster (2023:181-182) se biografie oor Marius Weyers verwys hy na ’n produksie van 1977 van *Othello* waarin die gebruik as volg beskryf word:

> In Jan Breytenbach se 1977-artikel in *Rapport-Tydskrif* oor ‘Marius wat swart word’ tender hy én Othello, in die konteks van vandag se oorsensitiewe rasseklimaat, vir die brandstapel. ‘Van suburbs na die swart Moorse veldheer van ou Venesië wat ’n wit meisie liefhet. Dis ’n aanduiding van die man se veelsydigheid. Hy sê laas week, terwyl ons sy ‘swartsmeerdery’ aanskou, hy is lankal lus vir Othello. Marius vertel ook van die gaatjies wat hy spesiaal vir die rol in sy ore laat maak het. Grimeerspieëltjie in die hand sukkel hy in sy kleedkamer in die Nico Malan om sy boerelippe binnekant die regte Moorse rooi teen die swart te kry. Ons kom agter, Marius Weyers het rêrig lus om hierdie Othello met krultoon-lekkerte te speel’.

Terwyl hierdie aanhaling seker binne die konteks van die laat-sewentigerjare gesien moet word waar die huidige bewustheid van die kontroversiële aard van so ’n voorstelling skynbaar nie ter sprake was nie, is daar ook ander voorbeelde van akteurs van dieselfde tydperk wat ’n groter sensitiwiteit toon vir die ideologiese oorsprong van hierdie gebruik.

So het twee bekende akteurs (Wilna Snyman en Gerben Kamper) uitvoerig kommentaar gelewer op hulle uitbeeldings van bruin karakters (Snyman in haar eie *Memoires* en Kamper in die doktorale studie van Taljaard).

In *Memoires* (2006) gee Wilna Snyman ’n redelik gedetailleerde omskrywing van haar ervaring as blanke speelster van ’n bruin karakter, Makiet, in Adam Small se *Kanna hy kô hystoe.* Sy het die rol drie keer vir TRUK gespeel (1974 en 1976 met ’n blanke rolverdeling; en in 1981 met die opening van die Staatsteater as enigste blanke akteur saam met die bruin Eersterust-spelers). Uit haar omskrywings (2006:118–120) is dit duidelik dat sy intens bewus was van die rassekwessie en baie emosioneel gereageer het op juis hierdie aspek in haar vertolkings van Makiet.

Tydens repetisies het sy bewus geraak van spanning op die stel en gehoor dat “die geselskap… blykbaar niks persoonlik teen my gehad nie, maar wel teen die feit dat ’n wit aktrise die rol van Makiet speel” (2006:118).

Ook die gespot met die *brownface*-grimering tydens die 1981-produksie onthou Snyman (119):

> Oplaas het ons by die produksieweek uitgekom en die finale kleedrepetisie toe ek my as Makiet moes grimeer. Ek moes uit die aard van die saak donker grimering gebruik, want ek was wit tussen ’n geselskap bruin mense. … Toe ek ten volle gegrimeer in die gang

[19] Nico Luwes (2012:172-173) se omvattende studie oor Fourie bied heelwat detail oor Fourie se weerstand teen die toepassing van hierdie wetgewing by Kruik.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

> afstap, kom Fiona Jacobs, wat Kietie gespeel het, uit die teenoorgestelde rigting aangestap. In die verbygaan sê sy vir my: 'Sies, Makiet, ma' djy's vuil!'

Op openingsaand is sy op besonderse wyse deur al die spelers op pad na die verhoog verwelkom:

> Toe ek in die gang afstap en die verhoogdeur oopmaak, staan die hele geselskap op die agterverhoog in twee rye weerskante van my met hulle hande omhoog gelig in 'n seëngebaar. Soos ek tussen hulle deurloop, raak hulle my aan met hulle vingerpunte en prewel fluisterend: 'Makiet, Makiet, Makiet, Makiet!'

Hoewel sy hierdie erkenning van haar spel met groot waardering onthou, het sy reeds by die aanvang van die produksie 'n bewustheid gehad van hoe die bruin akteurs – en veral die dramaturg, Adam Small – 'n afkeur in die praktyk van *brownface* gehad het. By 'n perskonferensie wat in Johannesburg gehou is aangesien "daar groot belangstelling in die media (was) oor *Kanna* wat vir die eerste keer deur Truk opgevoer sou word", stel hy die volgende: "I do not think that white people can do justice to my play" ( 2006:95). Terwyl hy vir haar kyk, sê hy wel: "But I do think that Wilna will be a very good Makiet". Eers in 1988 het bruin spelers op die professionele verhoog in *Kanna hy kô hystoe* opgetree.

Die bekende akteur, Gerben Kamper, het in sy tydperk by Truk soveel "Kleurlingrolle" vertolk dat in 'n onderhoud wat in *Die Transvaler* (1980:3) met hom gevoer is, sy foto met die opskrif: *Sy laaste Kleurlingrol?* geplaas is. Kleurlingrolle wat hy vertolk het, sluit in Jacob in Brink se *Die verhoor* (1973), Diekie in Small se *Kanna hy kô hystoe* (1974), Skollie in Smit se *Die verminktes* (1977) en Kris Kaiing in Brink se *Die bobaas van die boendoe* (1980). Die onderhoudvoerder, J Prinsloo, skryf na aanleiding van hierdie rolle: "Gerben het al soveel uiteenlopende Kleurlingrolle vir Truk gespeel dat mens hom tereg kan bestempel as Truk se voltydse Kleurlingakteur".

In Taljaard (2020) se doktorale studie oor Gerben Kamper wy hy 'n redelike lang bespreking oor hoe Kamper toenemend ongemaklik gevoel het oor hierdie uitbeeldings en veral ook watter onderliggende ironieë verskuil was in hierdie produksies. Taljaard (2020:57) beklemtoon die konteks van hierdie tydperk (sewentigerjare en Trukbestuur se moeilike posisie t.o.v. hoe rassewette produksies gekniehalter het): "The institution ironically endorsed the playing of coloured characters by white actors as perfect political correctness!".

'n Argument wat dikwels geopper word wanneer hierdie produksies en die blanke akteurs se uitbeeldings daarvan krities bespreek word, is om te stel dat daar sekerlik "universele" waarhede verskuil is in hierdie werke en dat die velkleur van die akteur nie soveel klem moet ontvang nie. Taljaard haal Edgson se resensie (*Pretoria News*, 1974) oor die Truk-produksie van *Kanna hy kô hystoe* (onder regie van Louis van Niekerk) aan, waar hy juis Van Niekerk se argument van die universele aard van die uitbeelding kritiseer: "… for me the feel and tragedy cannot ever be anything but Coloured. The uniqueness is too embedded in the 'Kaaps' language, in the dire poverty, the harsh, slum conditions, and the continued pathetic faith in the mercy of God".

Hoewel verskeie van ons bekendste (en talentvolste) Afrikaanse akteurs en aktrises die rolle van bruin karakters vertolk het (o.a. is Makiet in *Kanna hy kô hystoe* vertolk deur Louise Mollet-Prinsloo in Sukovs se 1971-produksie, Sandra Kotze in Kruik se 1974-produksie, asook Wilna Snyman in die Truk-produksie van 1974), het daar 'n groeiende bewussyn by die meeste Afrikaanse en (Engelse) akteurs/aktrises ontstaan van die onderliggende *apartheids*-ideologie wat hierdie praktyk onderlê het en wat nie meer geneë was om hierdie rolle te vertolk nie.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a6

**Ten slotte**

In die nagaan van die gebruik van *black-/brownface*-uitbeeldings op die Afrikaanse verhoog, is twee tydperke onderskei, naamlik (1) die ontstaansperiode (Hollands-Afrikaanse teater) en die vroeë Afrikaanse teater (19de tot vroeë 20ste eeu), asook (2) die 1960's tot laat 1970's waar raswetgewings hierdie gebruik beïnvloed het.

In die vroeë jare van Afrikaanse toneel blyk dit dat hierdie gebruik verband hou met die sosiale praktyke van daardie tydperk om net van blanke akteurs gebruik te maak (soos ook tot groot mate gevind word in die Suid-Afrikaanse Engelse teater). Dit is egter ook vir enige huidige leser van hierdie dramas duidelik dat hierdie werke op 'n bepaalde rasideologie waarin die blankes as meerderwaardig tot die swart- en bruin mense geag is, gebaseer is. Die uitbeeldings van swart- en bruin karakters is beperk tot figure wat in diens staan van die blankes (hetsy as slawe, knegte, bediendes, ensovoorts) of as "vyande" van die blankes gesien word (baie opvallend in Van Bruggen se *Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek* wat hy geskryf het vir die 1938-herdenking van die Groot Trek). Sy oogmerk was om in 13 kort dramas historiese gebeurtenisse (bakens in die Afrikaner se geskiedenis, w.o. die Slag van Bloedrivier) uit te beeld. In al hierdie dramas word die swart aanvallers (veral Dingaan) as slu en wreedaardig uitgebeeld. Daarenteen word die swart- en bruin karakters in diens van die blankes dikwels op paternalistiese wyse uitgebeeld as natuurkinders wat getug moet word of as komiese karakters wat in benoeming/naamgewing, voorkoms, optredes en taalgebruik mee gespot kan word.

As mens in ag neem dat duisende mense oor 'n hele aantal dekades heen hierdie opvoerings gesien het, moes hierdie werke en die rasbeskouings wat dit weergee 'n groot invloed op hierdie gemeenskappe uitgeoefen het. Die vraag is natuurlik: was hierdie opvoerings net 'n refleksie van wat die blanke, Afrikaanse gemeenskappe in Suid-Afrika in die 19de en 20ste eeue eintlik reeds geglo het en het hierdie opvoerings dus net 'n samelewing weerspieël wat sulke uitbeeldings as "normaal" beskou het – of het die opvoerings bygedra om rasstereotipes te vestig en te versterk vir die blanke gehore? Hierdie vraag sou seker netso geldig wees om te vra ten opsigte van wat in hierdie tydperk gegeld het vir Engelse toneel in Suid-Afrika. In der waarheid toon die hedendaagse stroom van *blackface*-studies regoor die wêreld dat die meeste vorme van teater tydens die koloniale era (VSA, Australië, Kanada, Indonesië, e.a.) hierdie rasstereotipes en 'n bepaalde rashiërargie, soos gevind in hierdie samelewings, reflekteer. Mens sou dus kan stel dat die vroeë (ouer) Afrikaanse dramas seker as *Afrikaanse* voorbeelde van hierdie breër wêreldwye koloniale teater beskou kan word.

Terwyl hierdie "ouer" toneelstukke wel verdwyn het van die Afrikaanse verhoog, vind mens egter steeds in die 1960's en 1970's die gebruik om bruin en swart karakters deur blanke akteurs te vertolk en om grimering te gebruik om hierdie voorstellings "realisties" te maak. Hoewel Afrikaanse dramaturge (o.a. Brink, Smit, Small) dit gewaag het om die raspolitiek van die Nasionale Party via hulle dramas (byvoorbeeld *Kinkels in die kabel*, *Die verminktes*, *Kanna hy kô hystoe*) te kritiseer, het die eerste opvoerings van hierdie werke ironies genoeg die aspek van rasseskeiding juis visueel beklemtoon deurdat die swart en bruin karakters deur blanke akteurs vertolk is. Hierdie gebruik van *black-* en *brownface* as gevolg van *spesifieke rassewette* van 'n bepaalde regering (Nasionale Party se bewind van 1948 tot 1994) blyk wel – in vergelyking met die voorkoms en gebruik van hierdie praktyk binne tydgenootlike Westerse lande – 'n unieke situasie te gewees het: in geen ander land is 'n soortgelyke situasie gevind nie! In Suid-Afrika het 'n aantal (oorwegend Engelse) teaterpraktisyns die staatsbefondsde streeksrade verlaat om teaterruimtes (byvoorbeeld die Markteater in 1976 in Johannesburg en

die Ruimteteater in 1972 in Kaapstad) te open wat hierdie rasgedrewe wette gewoon geïgnoreer het en het hulle hul teaters oopgestel vir alle rasse. Die amptelike oopstelling op 5 Junie 1978[20] van teaters (en verhoë) vir alle rasse het terselfdertyd die kontroversiële *black*- en *brownface*-praktyk tot ’n einde gebring op alle (Suid-)Afrikaanse verhoë.

## BIBLIOGRAFIE


Bain, AG. 1971. *Kaatje Kekkelbek*, In Nienaber, GS. (red.). *Afrikaans in die vroeër jare*. Johannesburg, Voortrekkerpers Beperk, pp. 67-70.

Binge, LWB. 1969. *Ontwikkeling van die Afrikaanse Toneel (1832 tot 1950)*. Pretoria: Van Schaik.

Boniface, CE. 1954[1832]. *De Nieuwe Ridderorde of De Temperantisten*. Uitgegee met inleiding en verklarende aantekeninge deur FCL Bosman. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Bosman, FCL. 1928. *Drama en Toneel in Suid-Afrika Deel I: 1652–1855*. Pretoria: J.H. de Bussy.

Bosman, FCL. 1942. *Di Bedriegers, Magrita Prinslo en ander Afrikaanse Dramas en Samesprake tot 1900*. Johannesburg: Voortrekkerpers.

Bosman, FCL. 1951. *Hollandse en Engelse Toneel in Suid-Afrika: 1800 tot Vandag en Die Afrikaanse Drama: Kort oorsigte.* Pretoria: JH de Bussy.

Bosman, FCL. 1980. *Drama en Toneel in Suid-Afrika, Deel II: 1856–1912*. Pretoria: Van Schaik.

Cohen, MI. 2006. *The Komedie Stamboel: Popular Theater in Colonial Indonesia, 1891–1903*. Athens: Ohio University Press.

Eichbaum, J. 1986. The Arts in South Africa: A Force for Social Change. *Scenaria* (Special Issue 15 May): 3-8. Johannesburg: Seven Arts Publishers.

Fletcher, J. 1994. *The Story of South African Theatre: A Guide to its History from 1780–1930*. Cape Town: Vlaeberg.

Gray, S. (ed.). 1984. *Stephen Black Three Plays*. Craighall: AD. Donker/Publisher.

HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, 4de uitgawe). 2000. Midrand: Perskor Uitgewers.

Inskip, D. 1977. *Stage by Stage: The Leonard Schach Story*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Keuris, M. 2010. The Representation of Khoisan Characters in Early Dutch-Afrikaans Dramas in South Africa. In: *African Theatre: Histories 1850–1950*, edited by Y Hutchison. Suffolk: James Curry, pp. 107-121.

Keuris, M. 2023a. ’n Terugblik op Die verminktes: ‘blackfacing’ en die letsels van die verlede. In: *Bartho Smit: Koorddanser tussen triomf en tragedie – ’n Huldiging*. reds. Temple Hauptfleisch & Marisa Keuris. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Keuris, M. 2023b. Blackface on the South African Stage: Early English South African Theatre (19th and 20th Century). *Journal of Literary Studies*,39 /Online. https://doi.org/10.25159/1753-5387/14332.

Krige, U. 1948. *Magdalena Retief*. Kaapstad: Unie-Volkspers Beperk.

Laidler, PW. 1962. *The Annals of the Cape Stage*. Edinburgh: William Bryce.

Luwes, N. 2012. Pieter Fourie (1940 –) se bydrae as Afrikaanse dramaturg en kunstebestuurder: 1965–2010. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Nicholson, S. 2010. Images of Africa in Early Twentieth-Century British Theatre. In: *African Theatre: Histories 1850–1950*, edited by Y. Hutchison. Suffolk: James Curry, pp. 122-137.

Seeff, A. 2009. *Othello* at the Market Theatre. *Shakespeare Bulletin,* 27(3):377-98. https://doi.org/10.1353/shb.0.0107.

Shaw, D. 2009. Two Hottentots, some Scots and a West Indian Slave: The Origins of Kaatje Kekkelbek. *English Studies in Africa,* 52(2):4-14. https://doi.org/10.1080/00138390903444115.

Smit, B. 1976. *Die Verminktes*. Johannesburg: Perskor-uitgewery.

Snyman, W. 2006. *Memoires*. Hermanus: Hemel & See Boeke.


[20] Eichbaum (1986:6); “… on 5 June 1978, the then Minister of Community Development, Mr. Marais Steyn, announced in Parliament that 26 theatres, including 12 in Johannesburg, had been granted permission by the government to open their doors immediately to all races for live performances”.

Taljaard, PG. 2020. Gerben Kamper 's life, work and contribution to the South African Theatre: 1972–2016. Ongepubliseerde PhD, Universiteit van die Vrystaat.

Thelwell, C. 2020. *Exporting Jim Crow: Blackface Minstrelsy in South Africa and Beyond*. Amherst, MA: University of Massachusetts press. https://doi.org/10.2307/j.ctv160btb3.

Thompson, A. 2021. *Blackface*. New York, NY: Bloomsbury Academic. https://doi.org/10.5040/9781501374043.

Van Bruggen, JRL (Kleinjan). 1939. *Bakens: Gedramatiseerde mylpale uit die Groot Trek*. Johannesburg: Afrikaanse Pers Beperk.

Visser, E. 2022. *Die Kaapse slawe 1652–1838: 'n Kultuurhistoriese perspektief*. Pretoria: Protea Boekhuis.

Vivier, WGH & S.1969. *Hooyvlakte: Die verhaal van Beaufort-Wes 1818–1968*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Vorster, C. 2023. *Marius Weyers.* Pretoria: Protea Boekhuis.

# Pakhanate-state – ’n konseptualisering, kontekstualisering en Suid-Afrikaanse toepassing

***Pakhanate states – a conceptualisation, contextualisation and South African application***

**André Duvenhage**
Navorsingsgenoot, Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit
Potchefstroom
Suid-Afrika
E-pos: andre.duvenhage@nwu.ac.za



André Duvenhage

**André Duvenhage** is ’n Navorsingsprofessor aan die Noordwes-Universiteit; ’n politieke wetenskaplike, en hy spesialiseer in die veld van politieke verandering met as toepassing die Suid-Afrikaanse verband. Hy is ’n bekende in media- en joernalistieke kringe en word dikwels as politieke kommentator gehoor. Hy is reeds meer as 40 jaar verbonde aan akademiese instellings soos die Universiteit van die Vrystaat en die Noordwes-Universiteit. Sy groot belangstelling is die toekoms en hy werk ook in die veld van scenario-ontledings.

**André Duvenhage** is a Research Professor at the North West University; a political scientist, and he specialises in the field of political change as applied to the South African context. He is well-known in media and journalistic circles, and is often requested to comment on political affairs. He has been attached for more than 40 years to academic institutions such as the University of the Free State and the North West University. His major interest is the future and he also works in the field of scenario analysis.

## ABSTRACT

***Pakhanate states – a conceptualisation, contextualisation and South African application***

*Pakhanate states or states reflecting tendencies of pakhanate, are a historically well-known phenomenon. These states are also referred to as Mafia states. Classic examples of states where tendencies of pakhanate occurred, were Russia and Japan. Currently many states are identified as pakhanate states, examples of which are Venezuela, Columbia, Kosovo, Syria, Bulgaria, Montenegro, Myanmar, Transnistria and Mexico, as prominent pakhanate tendencies are being observed there. Pakhanate states (or related tendencies) can be identified because of a lack of clear differentiation between the political and criminal elite in a particular state and their related decisions. This, according to Naim (2012:1), is referred to as “a fusing of government and criminal groups” in a world that is experiencing “a revolution of crime”.*

**Datums:**
Ontvang: 2024-08-20 Goedgekeur: 2024-09-02 Gepubliseer: September 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

*Pakhanate tendencies, although unique within their own context, are developing throughout the world against the backdrop of a combination of factors, including a history of crime and the existence of established criminal syndicates; states that experienced fundamental change and where low levels of political institutionalisation and power vacuums occur; existing historical trends of patrimonialism and neo-patrimonial tendencies within states; non-democratic tendencies in general, and sometimes an environment where neo-liberal values and a free trade environment provide the space for criminally orientated organisations to grow and establish their authority. Access to sophisticated technology, for example weapons, communication logistics and infrastructure, seems to be of critical importance in the development and growth of pakhanate tendencies.*

*By making use of theoretical principles emphasising the Weberian "strong state" and "constitutional government" and related underlying principles and norms, this article critically assesses pakhanate states and related tendencies. Criteria related to the so-called Weberian strong state have been identified and qualified with normative criteria (democratic in nature), emphasising aspects such as constitutionalism, the public good, and the notion of responsible government and sound principles related to good governance. In a world that is currently experiencing fundamental change, weakening states, escalating conflicts and war, the prominence of non-state actors operating in an environment of freedom, and limited control, with access to modern and sophisticated technology, pakhanate tendencies seem to be on the increase.*

*Against the background of extensive endemic corruption, state capture and concomitant investigations, it can be asked with good cause if South Africa belongs to this category of states. Several authors and writers such as Africa, Vegter and others have reflected on Mafia tendencies within the South African state and society. These perspectives are related to several recent works discussing endemic corruption and state capture within the South African context. This is related to the investigation of the Zondo Commission and its report linking influential politicians and the ruling ANC to endemic corruption and state capture. To support this perspective, the* Global Organised Crime Index *(2023) positions South Africa at number 7 within the category referred to as "mafia states". This is just below the Democratic Republic of the Congo (DRC) and Nigeria.*

*This article conceptualises and contextualises the concept pakhanate state (or related tendencies) and evaluates the South African context with reference to theoretical criteria identified in the discussion. Focus points of the article include:*

- *characteristics and functions of the traditional nation state;*
- *normative criteria referring to the concept of a strong and constitutional state;*
- *a conceptualisation and operationalisation of the pakhanate phenomenon;*
- *the identification of the pakhanate phenomenon as a worldwide tendency;*
- *application and assessment of the application of the pakhanate phenomenon within the Sout African context; and*
- *concluding perspectives.*

*From a methodological perspective, this study is qualitative and deductive in nature, with an application with reference to identified case studies – particularly South African. An assessment of the South African context will be made by using the criteria associated with pakhanate states and the related phenomena.*

**KEYWORDS:** pakhanate, weakened and corrupt states, organised crime, South Africa, endemic corruption, state capture

**TREFWOORDE:** pakhanate, verswakte en korrupte state, georganiseerde misdaad, Suid-Afrika, endemiese korrupsie, staatskaping

**OPSOMMING**

Pakhanate-state of state waar pakhanate-tendense voorkom, is histories 'n bekende verskynsel. Klassieke voorbeelde van state waar pakhanate-tendense voorgekom het, was Rusland en Japan. Tans word talle state, waaronder Venezuela, Sirië, Montenegro en Mexiko as pakhanate geïdentifiseer, of prominente tendense word in hierdie verband daar waargeneem. Teen die agtergrond van uitgebreide endemiese korrupsie, staatskaping en gepaardgaande ondersoeke kan met reg gevra word of Suid-Afrika behoort tot die kategorie van state wat losweg as pakhanate beskryf kan word? Hierdie artikel konseptualiseer en kontekstualiseer die konsep en beoordeel die Suid-Afrikaanse konteks daarvan aan die hand van geïdentifiseerde kriteria.

## Inleiding

Staatskaping, oftewel sistemiese korrupsie van endemiese aard waarin staatsinstellings gebruik en misbruik word om private belange te bevorder en te dien, het geen bekendstelling in Suid-Afrika nodig nie. Die koöptering van staatsinstellings vir private verryking het 'n gevestigde patroon in die Suid-Afrikaanse politiek geword waarby die ANC-geleide regering (Wes-Kaap grootliks uitgesluit) uitgebreid geïmpliseer word. Kort na die bewindsoorname van die ANC het die wapenskandaal Suid-Afrika geruk en senior politici, met inbegrip van Jacob Zuma, Joe Modise en Thabo Mbeki, is geïmpliseer. Verskeie ondersoekende joernaliste het die sistemiese en edemiese aard van korrupsie in Suid-Afrika blootgelê, met die uitspeel daarvan op alle vlakke van owerheid en regering en ook ten opsigte van semi-staatsinstellings waaronder ESKOM, die SABC, die Poskantoor, Landbank en SAL wat as voorbeelde uitgesonder kan word.[1]

Tydens die Zuma-bewind is staatskaping tot 'n hoogtepunt gevoer, maar nieteenstaande verreikende bevindinge van onder meer die Zondo-kommissie (die beklemtoning van die rol van politici en staatsinstellings in staatskaping), het bloot enkele vervolgings sedertdien plaasgevind. Weinig het ook tereggekom van enige kommissie van ondersoek, met inbegrip van die ondersoeke na die wapenskandaal, talle ondersoeke na korrupsie binne staatsdepartemente en verwante instellings, asook die Moerane-kommissie van ondersoek na georganiseerde politieke sluipmoorde in Suid-Afrika. Die omvang van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika sedert 1994 beklemtoon ook die misdadige aard van die staatkundige omgewing waarin burgers hul tans bevind en waarin die rol van sindikate met politieke/regime verbintenisse soms prominent is.[2]

Pakhanate-state (ook na verwys as Mafiastate) word gekenmerk deur die onderlinge verhouding tussen georganiseerde misdaad en die politieke regime (lees hier: regering, asook staatsinstellings, politieke leiers en staatsamptenare) waarin die aard van samewerking die

1 Vergelyk die publikasies van onder meer Johnson (2015); Pauw (2017); Chipkin & Swilling (2018) Myburg (2019) en De Ruyter (2023) vir die omvang en vlak van korrupsie binne die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel en verwante instellings.

2 Hierdie aspekte word later breedvoerig hanteer met gepaste verwysings.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

onderskeid tussen politieke handeling en kriminele optrede laat vervaag. Hierdie verskynsel word wêreldwyd aangetref en is nie beperk tot enkele en geïsoleerde voorbeelde nie. Naim (2012:1) skryf dat:

> ... unlike normal states, Mafia states do not just occasionally rely on criminal groups to advance particular foreign policy goals. In a Mafia state, high government officials actually become integral players in, if not the leaders of, criminal enterprises, and the defense and promotion of those enterprises' businesses become official priorities.

State wat in hierdie verband geïdentifiseer kan word sluit in Bulgarye, Guinee-Bissau, Montenegro, Mianmar, Oekraïne en Venezuela (Naim, 2012). Ander state wat ook in hierdie verband beskou word, sluit in Transnistria, Rusland, Kosovo, Sirië en Mexiko.

Die terme misdaadstaat, kriminele staat, mislukte staat of vervalle staat word dikwels gebruik om toestande in Suid-Afrika mee te beskryf. Onlangs het Sandy Africa (2023:1) gewys op die daadwerklike gevaar van die "link between crime and politics in South Africa [that] raises concerns about criminal gangs taking over", terwyl die redakteur van *Biznews* (2024:1) op sy beurt verwys na "SA's growing organized crime epidemic: is it becoming a 'Mafia state?'" Vegter (2023:1-5) haal *Global Organised Crime Index* (2023) aan waarin Suid-Afrika sewende geplaas word (net onder Nigerië en die DRK) in 'n kategorie wat as "Mafiastate" beskryf word.

Die fokus van hierdie navorsing is om vas te stel of Suid-Afrika wel geklassifiseer kan word as 'n pakhanate-staat. Met die oog hierop sal daar gefokus word op die algemene begrip van 'n staat (kenmerke, funksies ens.), waarna die uitsonderlike of onderskeidende kenmerke en eienskappe van pakhanate-state geïdentifiseer en die term gekonseptualiseer sal word. Vanuit die konseptualiserings sal operasionele kriteria bepaal word, en dan baie oorsigtelik op enkele state wêreldwyd kontekstueel toegepas word. Die toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks (hoewel ook oorsigtelik) sal dan in groter detail hanteer en beredeneer word in 'n poging om vas te stel of Suid-Afrika wel kwalifiseer om as sodanige staat geïdentifiseer te word. Die metodologie is kwalitatief van aard, met 'n verkennende benadering of oriëntasie.

Die volgende sake word vir aandag uitgesonder:

- die Nasiestaat – kenmerke en funksies;
- normatiewe regstaatlikheid;
- pakhanate-state – konseptualisering en operasionalisering;
- pakhanate-state as 'n wêreldwye verskynsel; en
- 'n Suid-Afrikaanse toepassing.

## Die nasiestaat – veronderstelde kenmerke, funksies en staatsverswakking

Politieke instellings (waaronder die staat) onderskei hulself van samelewingsinstellings op grond van die aanwesigheid en aanwending van politieke mag ten einde 'n bepaalde belang of kompleks van belange te dien. MacIver (1966:4-5) tref hierdie onderskeid/samehang deur te stel dat "the state exists within society, but is not even a form of society". (Vergelyk ook Romano (1947:1-179) se konseptualisering van staat in hierdie verband.) Uitgaande van 'n Eastoniaanse stelselperspektief (1965), gekombineer met Huntington se perspektief (1968) van institusionalisering, word politiek gedefinieer as die vermoë om steun te mobiliseer en te organiseer binne 'n bepaalde samelewingsverband (of onderdeel daarvan), met as doel die verkryging en/of konsolidasie van 'n politieke magsbasis, meestal institusioneel gefundeer,


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

waardeur bindende besluite (toedeling van waardes en skaars middele) met betrekking tot die samelewing of dele van die samelewing kan plaasvind, en wat mededingende en selfs vyandige magsbasisse vreedsaam of nievreedsaam kan inhibeer (en selfs verhoed) om hul besluite of waardes op die samelewing of onderdele daarvan af te dwing.[3] Die kernbegrip is hier “politieke mag”, wat beteken “the ability to influence the behaviour of others (within the context of a relationship) in a manner not of their choosing ... It is referred to in terms of having ‘power over others’ ....”. Dit beteken egter ook “... the ability to punish or reward, bringing it close to force or manipulation ...” (Heywood, 2002:7). In hedendaagse samelewings is die staat (ook na verwys as die nasiestaat) die instelling wat beskik oor die monopolie op die spreekwoordelike swaardmag. Toenemend is die staat (meer spesifiek die nasiestaat) besig om hierdie eksklusiewe monopolie van mag te verloor en ander politieke magte en kragte raak mededingend, konflikterend en in uitsonderlike gevalle (mislukte of erg verswakte state) selfs oorheersend binne die bepaalde staatsterritorium (Duvenhage, 1998:1-35). Die invloed van instellings met ’n kriminele of misdaadagtergrond of -verwysing kan ’n vastrapplek kry in verswakkende staatsomgewings en die terrein voorberei vir wat hier onder as pakhanate-state gekonseptualiseer sal word.

Die befaamde sosioloog Max Weber (1964:154,156) definieer ’n staat as

> ... an organisation, composed of numerous agencies led and coordinated by the state’s leadership (executive authority) that has the ability to make and implement the binding rules for all the people as well as the parameters of rulemaking for other social organisations in a given territory, using force if necessary to have its way.

Vergelykende studies sluit in Heywood (2002:87-88), Migdal (1988:19), Tilly (1985) en Greffrath (2015:19) wat soortgelyke konseptualiserings van die staat binne die Weberiaanse tradisie aanbied. Die vermoë om mag suksesvol en effektief aan te wend, dit wil sê die vermoë waaroor die betrokke staat beskik, kan nietemin wissel. Weber (1964) se veronderstelling van ’n sterk staat is nie altyd die empiriese werklikheid wanneer talle state in die teenswoordige wêreld beskou word nie. Verswakkende state, die antitese van die Weberiaanse beskouing, beteken ’n veronderstelde permanente gesagstruktuur met ’n beperkte tot selfs ’n onvermoë “... to make and implement rules for all the people as well as the parameters of rulemaking for other social organizations in a given territory, using force if necessary to have its way” (Weber,1964:154). Nasiestate word gekenmerk deur ’n vaste geografiese territorium; ’n burgery met regte, vryhede en verpligtinge ooreenkomstig die staatkundige orde en reëls; ’n permanente owerheid (administrasie en bestuur met leierskap wat regeerkundig van aard funksioneer), en wat bindende en afdwingbare besluite vir die samelewing kan neem; en as instelling op soewereiniteit kan aanspraak maak (Duvenhage, 2023c:8). Wanneer staatsverswakking ter sprake kom, word nie net die kenmerke van wat ’n nasiestaat behoort te wees ondermyn nie, maar ook die funksionering van instellings binne die raamwerk van die groter staat. Die volgende kenmerke word aangetref, wat soms sterk kontrasteer met die veronderstelde Weberiaanse sterk staatsbeskouing:

1. Die aantasting van die soewereiniteitsbeginsel ten opsigte van ’n gegewe territorium. Migdal (1988:15-24) beskryf hierdie problematiek ingevolge “the drive towards state predominance”, wat daarop dui dat staatsinstellings nie altyd oppermagtig is binne ’n gegewe territorium nie.

[3] Vergelyk Duvenhage (1998:2-3) vir ’n volledige konseptualisering van politiek.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

2. In ’n verswakkende staatsomgewing word ruimte gelaat vir ander akteurs om in mededinging, konflik en selfs deur die gebruik van geweld teenoor bestaande staatsinstellings, waardes en skaars middele gesaghebbend toe te wys.[4]
3. ’n Onvermoë tot die daarstelling en instandhouding van die nodige bekwaamhede binne institusionele raamwerke van die staat om kernfunksies soos die handhawing van orde, stabiliteit en sekerheid asook sake wat met dienslewering verband hou, te kan verseker.
4. ’n Onvermoë tot die doelmatige aanwending en ontwikkeling van hulpbronne ter bevordering van die algemene belang van alle burgers.
5. Die nievoldoening aan kriteria afgelei vanuit praktyke wat met goeie regering en regeerkundige praktyke verband hou en wat dui op ’n onvermoë om staatkundig gesproke in die “algemene belang” (“common good”) te kan regeer.[5]

In ’n uiterste sin word staatsverswakking deur Zartman (1995:1) voorgehou as “... a situation where the structure, authority (legitimate power, law and political power have fallen apart and must be reconstituted in some form, old or new) ... For a period, the state itself, as a legitimate functioning order, is gone.” Ten opsigte van staatsverswakking kan veral drie kategorieë state onderskei word, naamlik sagte state (korrupsie en swak grensbeheer); swak state (eienskappe van sagte state maar boonop beperkte soewereiniteit en ’n onvermoë tot die uitvoering van funksies wat met die “staatsopdrag” verband hou); mislukte state (bo alles ook ’n verlies aan beheer oor die staatsterritorium).[6]

Staatsverswakking as politieke omgewingsfaktor is telkens ’n belangrike katalisator vir aktiwiteite wat met pakhanate-state geassosieer kan word. Ten einde die problematiek verbonde aan pakhanate-state beter te verstaan, moet die veronderstelde taak van die staat eers duideliker omlyn word. Hierdie aspek word vervolgens hanteer.

## Normatiewe regstaatlikheid

Met die konseptualisering van politiek en die staat, in besonder die Weberiaanse sterk staat as een manifestasie van politiek, word daar nou verder gefokus op die veronderstelde sterk staat en die groter staatsbeskouing wat dit onderlê – veral die praktyk wat as ’n demokratiese staatsvorm voorgehou word. Die verduideliking hiervan is noodsaaklik omdat dit in belangrike opsigte die teenpool veronderstel van praktyke wat met pakhanate-state geassosieer kan word. Breedweg kan daar staatkundig gesproke onderskeid getref word tussen *magstate* (monargieë; totalitêre state; eenparty-dominante state; militêre regimes; skyn-demokrasieë ens.) en *regstate* (“constitutional states”). Die regstaat is ’n produk van die denke van Emmanuel Kant (1724–1804), wat ’n “republik” beklemtoon as ’n “union of men under law”, en het sy oorsprong in die Griekse stadstate gehad. Prakties het dit as ’n indirekte demokrasie sy neerslag gevind in Wes-Europa, Skandinawië en die VSA – soms voorgehou as die eerste golf van demokratisering (Huntington, 1991:12-26). Demokratiese praktyke met verskillende en soms uiteenlopende

---

4 Vergelyk die voorafgaande konseptualisering van politiek en hoe dit in hierdie opsig verskil van veral die Weberiaanse staatsbeskouing.

5 Hierdie aspek word meer volledig hanteer wanneer die taak van die staat aan die orde kom; spesifiek ten opsigte van normatiewe regstaatlikheid in die volgende afdeling.

6 Soortgelyke studies in hierdie verband sluit in Zartman *ed*.(1995), Geldenhuys (1999); Rotberg (2002:85-96); Migdal (1988); Duvenhage (2007) en Greffrath (2015) wat verdere besonderhede oor die aard en kenmerke van staatsverswakking verskaf.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

inhoude het later wêreldwyd inslag gevind as gevolg van die tweede en derde golf van demokratisering (Huntington, 1991:19-28).

Die idee van konstitusionalisme (dit wil sê, om te funksioneer binne die gees van die grondwet met inbegrip van ’n bepaalde stel waardes, norme en etiek) vorm ’n belangrike deel van die onderliggende regstaatbeskouing en die betrokke staatsfilosofiese raamwerk. Hiervolgens behels konstitusionalisme “the quest for a just polity” asook wat genoem word “the pursuit of justice”. Uitgaande van bogenoemde normatiewe grondslag het konstitusionalisme ook ’n regstegniese kant, wat te make het met die strukturering van die groter staatkundige orde, met inbegrip van die toewysing, begrensing en afbakening van polities-staatkundige magsbasisse, grondwetlik vervat en herlei tot ’n afdwingbare regsraamwerk om die vooropgestelde regverdige samelewing (“just society”) te bereik (Malan, 2019:7-13).

Met die basisveronderstelling van ’n sterk staat wat reëls binne ’n bepaalde territorium kan afdwing en ander politieke akteurs of rolspelers verplig tot ’n stel politieke en ander spelreëls, voeg die idee van konstitusionalisme die volgende toe:

*Normatief*: ’n Verbintenis tot reg en ’n regverdige samelewing.
*Fundamenteel*: Die bestaan van ’n regeerkundige oorsigfunksie, ondersteun deur ’n oppermagtige grondwet met afdwingbare bevoegdheid.
*Kwalifiserend:* Geen landswet kan die oppermagtigheid van die grondwet aantas nie en alle wette is ondergeskik aan, en verbind tot die uitbouing van die gestelde grondwetlike regsraamwerk.
*Breë konsensus en inkoop:* Burgers, politieke rolspelers en ander akteurs is verbind tot en ondersteun die gestelde regsraamwerk en die afdwingbaarheid daarvan.

Die volgende kan as kernkenmerke van die regstaatbeskouing geïdentifiseer word (sekere kenmerke bou bogenoemde kernaspekte, onderliggend aan die regstaatbeskouing, verder uit):

1. ’n Staat wat oor ’n grondwet beskik, dit wil sê ’n kontrak tussen die owerheid en burgery waarin die regte, vryhede en verpligtinge (verantwoordelikhede) van beide partye uiteengesit word.
2. Die bestaan van ’n selfstandige burgerlike samelewing; afsonderlik van, en in vennootskap met die staat.
3. Die skeiding van staatsmagte (uitvoerend, regsprekend en wetgewend), ingevolge ’n stelsel van wigte en teenwigte wat die misbruik van politieke mag kan beperk of verhinder.
4. Duidelike grondwetlike, juridiese en soms wetlike reëls en riglyne waarbinne staatsinstellings en ander samelewingsinstellings (onderskeidelik, maar ook in samehang) moet funksioneer en ordelik in stand gehou moet word.
5. Deursigtigheid van besluitneming (asook optrede en handelinge), ingevolge ’n stel norme waarin verantwoordbaarheid en aanspreeklikheid sentraal staan.
6. ’n Onafhanklike regbank (ooreenkomstig die “rule-of-law”-beginsel) waarin die geregtelike hersiening van staatsoptrede, -handelinge en -besluite aan die orde is.
7. Die oppergesag van die grondwet en dat alle wetgewing en toepassing daarvan in ooreenstemming moet wees met die letter van die wet (die grondwet) en die idee (konstitusionalisme) ter sprake.
8. Betroubaarheid en integriteit ingevolge handelinge, besluite en optrede, met verrekening van konteks, tradisie en agtergrond.
9. Proporsionaliteit van politieke en ander handelinge betreffende die aard en ernstigheid van die kwessie(s) ter sprake.

10. Die aanwesigheid van ’n uitgebreide stel waardes en norme, onder meer integriteit, verantwoordbaarheid, aanspreeklikheid, deursigtigheid, effektiwiteit, bevoegdheid, en ’n bydrae tot die spreekwoordelike “common good”, oftewel gemeenskaplike welstand.

Bogenoemde waardes en norme, asook ander aspekte wat met sosiale verantwoordelikheid en verantwoordbaarheid verband hou, word nie altyd duidelik verwoord nie, maar tog veronderstel, en is daarom wesenlik belangrik vir die suksesvolle funksionering en uitlewing van die regstaat-idee.[7] Bogenoemde staatsbeskouing word as gesaghebbende normatiewe raamwerk vir die huidige navorsing veronderstel en sal dien as grondslag vir die beoordeling van praktyke wat met pakhanate-state verbind kan word, en in besonder toegepas op die situasie wat tans in Suid-Afrika aan die orde is.

**Pakhanate: Konseptualisering en operasionalisering**

Die begrip “pakhanate” is etimologies ontleen aan die samevoeging van die Russies *naxah* (wat beteken “don, mob boss, kingpin, capo di tutti capi”) en *khanate* (*kaganat*). Laasgenoemde verwys na ’n historiese gemeenskap (nomadies van aard) onder die leiding van ’n Khan en was veral geassosieer met Turkse, Mongoolse en Tartaarse gemeenskappe, georganiseer as feodale monargieë (“kinship-based chiefdoms”); (Merriam-Webster Dictionary, 2023; English-Old Turkish Dictionary, 2023). Laasgenoemde verwys na ’n leier en sy of haar lojale volgelinge wat volgens ’n eie stel reëls en verorderings ’n politieke verbond sluit om samelewingsreëls gesaghebbend toe te wys. In ’n hedendaagse wêreld is pakhanate-state die eerste keer deur Alexander Litvinenko gebruik en verwys dit na ’n staatkundige orde waarin die regering, insluitende bepaalde owerheidstrukture, sodanig geïntegreerd is met misdadige organisasies (en soms aktief deel vorm van ’n misdadige bedryf) dat die onderskeiding tussen misdadige en politieke optrede moeilik gehandhaaf kan word. Sullivan (2024:2) verwys na “... a government that (is in) itself ... a criminal enterprise”. In die gesaghebbende artikel *Mafia states*, in aansluiting by die voorafgaande perspektief, beklemtoon Moisés Naim (2012:1) dat:

> ... top positions in some of the world’s most profitable illicit enterprises are no longer filled only by professional criminals; they now include senior government officials, legislators, spy chiefs, heads of police departments, military officers, and, in some extreme cases, even heads of state or their family members.

In die hedendaagse wêreld bevorder talle faktore die groei en ontwikkeling van pakhanate-state. Verswakkende state, soos vroeër beskryf, waar owerhede en regerings ’n onvermoë het om waardes, norme en hulpmiddels gesaghebbend te kan toewys, dit wil sê die spelreëls te kan definieer en suksesvol te kan afdwing, laat ruimte vir ander politieke rolspelers om te kan toetree en selfs parallelle strukture tot stand te bring. ’n Politieke omgewing waar strukture soms die algehele institusionele raamwerk verswak, in besonder waar die regstelsel in duie stort en waar burgers hulle tot ander strukture moet wend om orde, stabiliteit en sekuriteit te verkry, is bevorderlik vir die groei en ontwikkeling van ’n omgewing waarin Mafia-agtige strukture kan groei en ontwikkel. Kayser-Brill (2018:1-2) beklemtoon die voorafgaande deur te argumenteer dat “…institutional collapse, by removing the foundations supporting the rule of law as an efficient judiciary, opens the way for a new organisation of power”.

[7] Vergelyk Stern (1984) vir sy uitgebreide ontleding van die toepaslike kenmerke van die regstaat en die toepassing daarvan.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

Neoliberalistiese denke en die verbandhoudende staatsbeskouing waarin die minimum staatsgedagte gekombineer word met maksimum individuele ekonomiese vryheid (vergelyk Heywood, 2002:427) skep ’n gunstige groeibodem vir instellings met ’n kriminele verwysing om hulself te aktiveer en tot strukture te ontwikkel wat waardes en skaars middele in eie reg kan afdwing. Voorbeelde in dié verband sluit in die VSA, Frankryk, Italië en selfs Japan. Die teenwoordigheid van omvangryke georganiseerde misdaadkartelle of Mafia’s beteken nietemin nog nie dat hierdie state as pakhanate-state in die volledige sin van die woord voorgehou kan word nie.

’n Gekompliseerde internasionale politieke stelsel met verskeie eiesoortige rolspelers en ’n kompleksiteit van akteurs, waaronder nasiestate, multinasionale maatskappye, terroristegroepe en verskeie vorms van verswakkende nasiestate, is ’n patroon wat oor die laaste dekades voorkom. Die krisis van die nasiestaat as dominante akteur wat waardes en skaars middele gesaghebbend toewys, word toenemend bedreig (Duvenhage, 1998:1-35). Hierdie toedrag van sake skep ’n asimmetriese verhoudingsituasie tussen diverse politieke akteurs onderling, waarin strukture en belange met misdaadoriëntasie strategiese en taktiese politieke posisies kan verwerf en konsolideer. Teen die agtergrond van grootskaalse politieke magsverskuiwings en die totstandkoming van ’n nuwe wêreldorde bestaan geleenthede om magsbasisse te ontsluit en uit te bou tot op ’n vlak wat soms groter is as bestaande nasiestate. Die omvang van internasionale wapen- en dwelmhandel beklemtoon die rol van georganiseerde misdaad op ’n transnasionale vlak.[8]

Neoliberalistiese denke en die uitspeel daarvan op internasionale handel, en die samehang daarvan met ’n gekompliseerde internasionale politieke stelsel, skep ’n gunstige groeibodem vir transnasionale misdaadorganisasies en hul samewerking met politieke akteurs. Naim (2012:1-2) beklemtoon hierdie samewerking soos volg:

> The global economic crisis has been a boon for transnational criminals. Thanks to the weak economy, cash-rich criminal organisations can acquire financially distressed but potentially valuable companies at bargain prices. Fiscal austerity is forcing governments everywhere to cut the budgets of law enforcement agencies and court systems ... International criminals could hardly ask for a more favourable business environment.

In teenstelling met nasiestate, wat oor gekompliseerde administratiewe stelsels beskik, en wat tot internasionale ooreenkomste en protokolle verbind is, is misdaadorganisasies vaartbelyn, kan funksioneer buite wetlike omgewings, en beskik oor finansiële vermoëns om doelwitte relatief vinnig, maklik en bekostigbaar te kan bereik. Transnasionale misdaadorganisasies en kartelle het daarom in hierdie opsig ’n mededingende voordeel teenoor nasiestate, of ten minste sekere state. Wanneer die magsbasisse egter gekombineer word soos in die geval van pakhanate-

8 In die wêreld van georganiseerde misdaad is betroubare en geldige data, inligting en syfers moeilik bekombaar en selde baie akkuraat en volledig. Verskeie verslae van onder meer die VN en Interpol wys egter nie net op die omvangryke aard van georganiseerde misdaad wêreldwyd nie, maar ook die noue samewerking wat bestaan tussen magtige dwelmsindikate en state, waaronder Bulgarye, Oekraïne, Guinee Bissau, Montenegro, Mianmar, Venezuela, Meksiko, Sirië, Colombië, Iran en Afghanistan (Naim, 2012:1; UNODC: http;//www.unodc.org/drug). Volgens berekening beloop globale dwelmhandel tussen $435 miljard en $652 miljard per jaar, met ’n winsmarge van $322 miljard (*Drug Trafficking Statistics Worldwide*, 2024:1-5). Die waarde van onwettige wapenhandel is tydens 2014 bereken op $1735 miljard (May, 2017: xi). Die magsbasisse van dwelmkartelle in state soos Colombië, Venezuela en Sirië (om enkele gevalle te beklemtoon) is óf ’n direkte bedreiging vir staatsgesag óf is reeds wat vroeër na verwys is pakhanate-state.

state, is hier finansieel gesproke ’n wen-wen-situasie moontlik – ’n strategiese faktor wat die groei van pakhanate-state wêreldwyd bevorder. Daar word selfs akademiese argumente gevoer ten gunste van die bestaan en funksionering van Mafiastrukture as ’n alternatief vir staatsinstellings en hul veronderstelde funksies.[9]

Die uitbreiding van ultramoderne tegnologie, met inbegrip van kommunikasie, vervoer, observasie en ook militêre en veiligheidstegnologie, is verantwoordelik daarvoor dat instellings anders as die staat hul magsposisie kan konsolideer en gee op ’n andersoortige wyse uitdrukking aan Tilly (1985:169-186) se vereistes vir staatstrukture, opgesom as:

> An organisation that controls the population occupying a given territory (in so far as it: differs from other organisations that operate on the same territory; is autonomous; is centralised; [and] each of its components’ parts is formally coordinated with each other.

Anders gestel, toegang tot moderne tegnologie bevorder nie net pakhanate-state nie, maar ook ander instellings waaronder terreurorganisasies wat, afhangende van die aard van bepaalde konfliksituasies, in samewerking of in konflik met bestaande staatstrukture verkeer. Toegang tot gesofistikeerde tegnologie en wapentuig is ’n bepalende faktor in die hedendaagse wêreld; ’n faktor wat politieke mag en die aanwending daarvan herdefinieer. Dit is ’n strategiese faktor wat deur misdaad- en terreurorganisasies gebruik en misbruik word om magsbasisse in samehang met of as teenvoeter vir bestaande staatstrukture te operasionaliseer. Die beperkinge van staatstrukture soos hier bo aangedui, laat state enersyds kwesbaar rakende gevare en uitdagings en noodsaak andersyds samewerking met sodanige instellings ter bereiking van gestelde politieke en staatkundige doelwitte.

’n Maatskaplike faktor wat pakhanate-state se bestaan bevorder en/of versterk is die aanwesigheid van patrimoniale en neopatrimoniale tendense in samelewings. Patrimoniale gesag beklemtoon dat leiers en individue oor eiesoortige magsbasisse beskik wat onafhanklik en soms in mededinging/konflik en selfs geweld kan verkeer met rasioneel-wetlike gesag (á la Max Weber), soos beliggaam in veral nasiestate. Hierdie mag word ontleen aan bepaalde sosiale strukture met ’n tradisionele, etniese, religieuse of rasgebaseerde grondslag onder die beheer van ’n koning, *strongman* (leiersfiguur), hoofman, spirituele leier, *supremo patrones* (beskermheer), ensovoorts. In hierdie verband word die leier die simbool van politieke mag en besluitneming en is verhewe bo regsprosesse van die staat of ander politieke instellings. Met ander woorde “the king can do no wrong”. Hiervolgens en in aansluiting by die voorafgaande definisie van politiek word waardes en skaars middele gesaghebbend deur patrimoniale strukture toegewys aan ’n bepaalde kliëntekorps. Laasgenoemde verskaf op sy beurt die politieke ondersteuning soos benodig deur die betrokke patrimoniale leierskap. Bratton en Van der Walle (1997:61) wys daarop dat hierdie praktyke prominent is in minstens 40 Afrikastate, met praktyke waar “(t)he ruler ensures the political survival by providing a zone of security in an uncertain environment and by selectively distributing favours and material benefits to the loyal followers who are not citizens of the polity so much as the ruler’s clients”.

---

[9] Alfano (2015) analiseer die rol en funksie van Mafiastrukture en argumenteer dat hierdie soort instellings ’n mededingende staatsalternatief verskaf vir die burgery aangesien sodanige strukture dieselfde en soms beter dienste (lees veral veiligheid en sekuriteit) kan verskaf. Alfano (2015:9) argumenteer ter verdediging van Mafiastrukture dat “If it is not possible, without the use of personal (and therefore by definition controversial and questionable) ethical principles, to distinguish between the state and the mafia, what makes state taxes less odious and unwanted than the pizzo protection”?

Hierdie praktyk, ook kenmerkend van talle verswakkende state, skep ’n vrugbare grondslag en groeibodem vir pakhanate-state, veral waar stelsels neopatrimoniale kenmerke reflekteer. Dit maak talle Afrikastate baie kwesbaar in hierdie verband.

Neopatrimonialisme verwys na ’n hibriede stelsel waar patrimoniale praktyke in samehang (soms konflik) staan met rasioneel-wetlike praktyke geassosieer met die moderne staat, burokrasieë, parlemente en ander owerheidstrukture. Binne ’n neopatrimoniale stelsel is laasgenoemde telkens ondergeskik aan eersgenoemde.[10] Hier gaan dit oor persoonlike magsbasisse (leier met lojale kliënte of volgelinge) wat in konflik tree met formele staatsinstellings (veral instellings gemoeid met die handhawing van die reg, asook veiligheid en sekuriteit) en waarin eersgenoemde (veral binne ’n Afrika-konteks) oorheersend en bepalend is ten opsigte van die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele. Twee uitkomste is hier belangrik (dit raak die totstandkoming en ontwikkeling van pakhanate-state direk), naamlik die gebruik en misbruik van staatsinstellings ter bevoordeling van ’n bepaalde leier, leierskorps en kliëntekorps – die volgroeide pakhanate. Tweedens kan parallelle strukture (samewerkend of konflikterend) ’n uitkoms hiervan wees en sodoende word die weg gebaan vir ’n mededingende en/of samewerkende magsbasis. Hier is eerder sprake van ’n substaat-konteks waar waardes en skaars middele net gedeeltelik toegewys word. ’n Pakhanate-vennootskap waar kriminele elemente saamwerk met politieke elite en waar meestal moeilik onderskeid getref kan word tussen politieke besluite in algemene belang en besluite wat eksklusiewe belang bevorder (soms met ’n kriminele grondslag) is kenmerkend van hierdie staatsvorm. Prakties kan die mate van vervlegting nietemin wissel van gevallestudie tot gevallestudie, soos hier onder aangedui sal word.

Naim (2012:1) is korrek as hy argumenteer dat “(M)afia states defy easy categorisation, blurring the conceptual line between state and non-state actors. As a result, their behaviour is difficult to predict, making them particularly dangerous actors in the international environment”. Pakhanate-state word gekenmerk deur die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele of substate (die gedeeltelike gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele) deur ’n polities-kriminele (Mafia)-elite tot stand gebring, en funksionerend in ’n omgewing gekenmerk deur:

- Staatsverswakking, in besonder die verval van demokratiese praktyke en die openbare regsorde (die vervolgingsgesag, polisie, die regstelsel en korrektiewe dienste).
- Die vermenging van politieke en Mafia-agtige elites tot ’n enkele groepering met beheer oor staatsmag (die pakhanate-staat) of tot ’n strategiese ooreenkoms (*de facto* of *de jure*) waarvolgens waardes en skaars middele gesamentlik en/of afsonderlik per geskrewe of ongeskrewe ooreenkoms gesaghebbend toegewys word.
- Die bestaan van politieke, ekonomiese en burgerregtelike vryhede nasionaal (liberalisering, demokratisering) en/of internasionaal (vrye internasionale handel) afkomstig van ’n neoliberale beskouing of verwysingsraamwerk wat wetlik of institusioneel bestaan.
- Vorme van neopatrimonialisme as ’n maatskaplike onderbou in bepaalde omgewings wat aan vorme van moderne neofeodale strukture beslag gee en die samewerkings-grondslag tussen politieke (lees “legitieme mag”) en Mafiastrukture fasiliteer.

[10] Vergelyk Duvenhage (2007c:17-22) se konseptualisering van patrimonialisme, die konflik met rasioneel-wetlike instellings en die samehang hiervan in wat voorgehou word as neopatrimonia-lisme. Die toepassing hiervan op die Suid-Afrikaanse konteks word ook hier hanteer.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

- ’n Gekompliseerde internasionale orde met diverse akteurs, konflikterende en asimmetriese belangestrukture wat ruimte skep vir andersoortigheid om te gedy en ruimte laat vir strategiese ooreenkomste en samewerking met ander politieke akteurs.
- Toegang tot en bekostigbaarheid van gevorderde tegnologie (kommunikasie, inligting, bankstelsels, militêre vermoëns, en vervoer) ter vestiging of uitbouing van magsbasisse mededingend of konflikterend met state of ander politieke akteurs.

Die tipering van bostaande staatstipe verskil ingrypend van die normatiewe grondslag soos vroeër voorgestel vir state, wat verwys na die Weberiaanse sterk staat (oppermagtig, beklee met die swaardmag met genoegsame owerheidskapasiteit), met ’n demokratiese owerheidsvorm waarin die handhawing van openbare regsorde in die algemene belang deur die gebruikmaking van demokratiese meganismes (konstitusionalisme, die oppergesag van die reg, beperkte en verantwoordelike regering, en die erkenning en handhawing van burgerlike vryhede) vooropgestel word.[11] Pakhanate-state is problematies aangesien die groter openbare regsorde meestal wanfunksioneel of aan die verval is; die vermoë om in algemene belang te handel nie bestaan nie of verhoed word deur ander politieke akteurs; private belange (“private good”) triomfeer bo die algemene belang (“common good”); en die normatief-etiese grondslag van hierdie state konflikterend is met dít wat vroeër as norm voorgehou is. Die navorsing in die artikel fokus voorts op voorbeelde van pakhanate-state. Daar sal vanuit die vorige teoretiese begronding bepaalde toepassings gemaak word.

## Pakhanate-state – ’n kontekstualisering

Pakhanate-state veronderstel volgens Naim (2012:1) dat:

> This fusing of government and criminal groups is distinct from the more limited ways in which the two have collaborated in the past ... In a Mafia state, high government officials actually become integral players in, if not the leaders of, criminal enterprises, and the defense and promotion of these enterprises’ businesses become official priorities.

Verskillende en soms uiteenlopende toepassings van hierdie pakhanate-praktyk is te wyte aan eiesoortige konteksfaktore soos hier bo aangedui. Patrick (2012:1-8) se perspektief ten opsigte van die operasionalisering van die konsep is geldig as hy beklemtoon dat “the term ‘Mafia state’ oversimplifies a broad spectrum of criminal-state relationships”. Voorbeelde wat hier behandel word, moet daarom as sodanig en binne hul eiesoortige kontekste beoordeel word. In ’n omgewing wat Naim (2012:2-6) beskryf as “a revolution in crime” kan talle state waaronder Rusland, Colombië, Braine, Bulgarye, Venezuela, Mianmar, Sirië, Kosovo, Montenegro en Transnistria met pakhanate-praktyke geassosieer word. Hulle sal as voorbeelde in die hiervolgende kontekstualisering gebruik word.[12]

Staatsverswakking en/of niedemokratiese tendense is prominent by alle volgroeide pakhanate-state en slegs gedeeltelik aanwesig waar pakhanate-vennootskappe (formeel of informeel) bestaan. Bogenoemde state word sonder uitsondering gekenmerk deur patrone van staatsverswakking (dit kan verskeie vorme aanneem) terwyl niedemokratiese tendense telkens prominent is en/of soms reeds as ’n gevestigde praktyk bestaan. Periodes van groot verandering

11 Vergelyk Duvenhage (2023a:116-148) vir ’n volledige konseptualisering van hierdie normatiewe grondslag, soos ook vroeër in hierdie artikel na verwys word.

12 Daar word bloot oorsigtelik verwys na gepaste voorbeelde soos afgelei vanuit die voorafgaande teoretiese raamwerk.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

wat saamhang met staatsverswakking en selfs die disintegrasie van state, asook patrone van regimeverandering, kan die terrein voorberei vir pakhanate-tendense.

*Klassieke voorbeelde: Italië en Japan*

Beide Italië en Japan het lang verbintenisse met Mafiastrukture wat binne die onderskeie state histories gesproke tot stand gekom het. Beide hierdie strukture het noue verhoudings met die regerings van die dag gehad, maar het nooit die politiek van die onderskeie state gedomineer nie. Praktyke soos omkopery, korrupsie, prostitusie, sluipmoorde en die ondermyning van regs- en vervolgingsinstellings was wel aan die orde van die dag. Dit het nietemin selde die punt bereik waar politieke leiers en misdaadleiers nie onderskeibaar was nie. Samewerking en vennootskappe tussen misdaad- en politieke leiers was wel aan die orde.[13]

Die Japannese *Yakuza,* 'n georganiseerde misdaadgroep soortgelyk aan die Italiaanse Mafia, se herkoms kan teruggevoer word tot 1612. *Yakuza* ("gangster" of "good for nothing") is afkomstig vanuit die feodale tydperk en is gekenmerk deur Samurai-rituele en tatoeëermerke, met as kernbesigheid smokkelhandel, prostitusie, dobbel, die uitleen van geld en ander vorme van georganiseerde misdaad (Encyclopedia Britannica, 2024). Tydens die sestigerjare van die vorige eeu het die *Yakuza* tot 184 000 lede gehad, maar die getal het verminder na bykans 100 000 in die 21ste eeu. Soos die Italiaanse Mafia (selfs tot 'n groter mate) was die onderskeid tussen politici en funksionarisse binne die groter politieke stelsel en die vorm van georganiseerde misdaad baie duidelik, en kan Japan bepaald nie as 'n volgroeide pakhanate beskryf word nie. Trouens, die perspektief van Peter Andreas (2012) in reaksie op die artikel van Moisés Naim (2012) dat bogenoemde voorbeelde bewys lewer dat Mafiabedrywighede nie 'n werklike bedreiging vir die staat is nie (en nog minder 'n staatsvorm in eie reg – aldus Alfonso, 2015), het myns insiens meriete ten opsigte van bogenoemde twee voorbeelde. Beide Japan en Italië kan nogtans as sterker state (in die Weberiaanse tradisie) beskryf word. Ander voorbeelde waar staatsverswakking en/of regimeverandering meer prominent voorgekom het, bring nietemin ander perspektiewe ten opsigte van die ontstaan en ontwikkeling van pakhanate na vore. Rusland verdien binne hierdie konteks vermelding.

*Rusland*

Die Russiese Mafia ("Bratva/Brotherhood") se herkoms kan teruggevoer word na die Tsaristiese tyd (om en by 1720), wat begin het as kleiner misdaad (diefstal, rooftogte ens.) volgens 'n Robin Hood-tradisie – dit wil sê misdadigheid ter wille van die armes, na verwys as "thieves world" (*Bratva: the emergence and growth of the Russian Mafia*: 2022). Ná die 1917-revolusie, ten tyde van die straf-/arbeidskamp in die voormalige Sowjetunie, het die *vory v zakone* ("thieves in law") as leiers in die strukture gefunksioneer met 'n misdaad-etiese kode (BBC-Special Report, 1998). In 'n omgewing van ekonomiese stagnasie in die ou Sowjetunie is 'n

13 In Italië was daar drie Mafia-instellings wat sedert die 19de eeu tot stand gekom het. Die *Cosa Nostra* het in Sicilië ontstaan, die *Camorra* in Campania en die *Ndrangheta* in die Calabria (Letizia, 2016:670-671). Hoewel talle politici en amptenare histories aan mafia-instellings in Italië verbind is (Giulio Andreotti, 'n Italiaanse premier, is 'n onlangse prominente voorbeeld), is die onafhanklikheid van die politieke stelsel en funksionarisse enersyds en georganiseerde misdaad (lees Mafia-instellings) andersyds grootliks gehandhaaf. Dit maak Italië nie 'n klassieke volgroeide pakhanate nie, ten spyte van die aanwesigheid van histories gevestigde Mafia-instellings.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

omgewing geskep waarbinne georganiseerde misdaad kon gedy, veral binne die sogenaamde swart markte. Die bestaande grondslag vir "thieves in law" het onder die Sowjet-regime ondergronds beweeg, maar is tot nuwe hoogtes geneem deur verslegtende ekonomiese omstandighede. Georganiseerde misdaad het verder gegroei en is gekonsolideer tot 'n politieke magsbasis waarmee daar rekening gehou moes word (BBC-Special Report, 1998).

Die val van die Sowjetunie en die balkanisering hiervan in verskeie state ná afloop van die 1991-gebeure het 'n magsvakuum geskep ('n uitkoms van staatsverswakking) wat ruimte gelaat het vir kriminele organisasies om vastrapplek te kry en hulself as politieke rolspelers te vestig. In 1994 het die Russiese Minister van Binnelandse sake, Mikhail Yegorov, beklemtoon dat die getal georganiseerde kriminele groepe in die Gorbatsjof-tydperk (die era van Glasnost en Perestroika) van 785 tot 5 691 toegeneem het. In 1996 is die getal misdaadgroepe op meer as 8 000 beraam en het die Russiese Mafia 40% van alle private besighede en 60% van staatsbeheerde maatskappye in hul hande gehad (BBC-Special Report, 1998). In die woorde van Mustaffa (2024:3): "The collapse of the Soviet Union had created the conditions for the rise of organised criminal networks", en verder: "Power within the Kremlin features the enigmatic fusion of formal governance and clandestine networks.[14] Internasionale ondersteuning via die Wagner-groep binne verswakkende staatsomgewings in veral Afrika, en die ondersteuning van "sterk manne of krygshere" (lees patrimoniale en neopatrimoniale tendense) is algemeen, met "*proxy*-state" en groepe om destabilisasie en terreur soms wêreldwyd te bevorder. In die geval van Rusland kan die optrede van Rusland as staat geensins onderskei word van Mafiaverhoudings binne die betrokke staat en na buite, oftewel internasionaal nie – telkens met baie groot risiko's.[15] (BBC-Special Report, 1998). Mustaffa (2023:4) beklemtoon dat:

> Allegiance to the Kremlin serves as the ultimate criterion for survival, and those designated as traitors by Putin are not safe, not even abroad. Russia will continue to project an image of resolute leadership to its people, with Putin remaining an indomitable figure, and those considered disloyal will be methodically neutralised.

Georganiseerde misdaad en raakpunte met politieke regimes, is histories gesproke 'n bekende fenomeen in Rusland en die latere Sowjetunie, maar het sedert die val van laasgenoemde tot nuwe hoogtes gegroei. Met Rusland se profiel as 'n supermoondheid verkry die tentakels van 'n pakhanate-staat wêreldwye invloed in 'n omgewing van toenemende internasionalisering. Hoewel uniek, vertoon die huidige Russiese staat talle kenmerke van 'n pakhanate-staat soos hier bo aangetoon.

*Ander voorbeelde*

Talle state wêreldwyd verteenwoordig in 'n mindere of meerdere mate kenmerke van pakhanate, soos hier bo beredeneer. Die afwesigheid van demokratiese aspekte, soos aangetoon ten opsigte

14 Tydens die 1990's, toe Putin onderburgermeester in St. Petersburg was (nadat hy die KGB verlaat het), het hy sterk bande gebou met die *Tambovskaya-Malyshevskaya* kriminele sindikaat bekend vir sy dobbelbedrywe en geldwassery – bedrywe wat later na Spanje uitgebrei is. Dit is hier waar Putin vir Prigozhin ontmoet het, wat na bewering onlangs deur eersgenoemde se toedoen gesterf het (Mustaffa, 2024: 3-4).

15 In 1995 het Louis Freeh van die Amerikaanse FBI die gevaar van die Russiese Mafia internasionaal soos volg beskryf: "If Russian organized crime could help foreign crime networks to gain access to nuclear material or other missile weapons then the scenario becomes truly frightening" (BBC-Special report, 1998).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

van normatiewe regstaatlikheid, veral die oppergesag van die reg en regshandhawing in algemene belang; verswakte of verswakkende staatstendense en die ondermyning van die soewereiniteitsbeginsel geassosieer met state; geleenthede ten opsigte van ’n wêreldwye vrye handelsomgewing; politieke en misdaad elite-vermenging; asook familie en uitgebreide familienetwerke (oftewel patrimonialisme of neopatrimonialisme) kom voor by talle state wêreldwyd, hoewel die graad hiervan kan verskil. Enkele voorbeelde wat aandag trek, word kortliks na verwys:

*Venezuela:* Die oorname van die staat deur instellings met ’n kriminele oriëntasie is wyd gedokumenteer in die literatuur en die staat word in die algemeen as ’n pakhanate geïdentifiseer. ’n *Venezuela Investigative Unit* (2018) het sewe redes geïdentifiseer as motivering vir eersgenoemde se status as ’n pakhanate, naamlik: die inmenging van kriminele leiers in die aktiwiteite van staatsinstellings; bewese eienskappe van ’n kleptokrasie; die toekenning van staatsmagte en vermoëns aan nielegitieme (lees kriminele) akteurs; die eksponensiële groei in georganiseerde misdaad; hoë vlakke van geweld deur beide staats- en niestaatsakteurs; die uitvoer (internasionalisering) van kriminaliteit, en die internasionale veroordeling van kriminele aktiwiteite. Verskeie amptenare, waaronder senior politieke ampsbekleërs van die bewind van Nicolás Maduro word geïmpliseer in kriminele aktiwiteite wat insluit dwelmhandel, die smokkelhandel van brandstof, en swartmarkaktiwiteite ten opsigte van die verkope van voedsel en medisyne (Sullivan, 2021; Naim, 2012). Venezuela as ’n pakhanate word ook gekenmerk deur die optrede van gewapende militias (dikwels ondersteun deur die staat), die uitwissing van opponente (“extra-judicial killings”), politieke sluipmoorde en die plundering van die staatskas vir persoonlike, elite- en familiebevoordeling. Hoewel in ’n eiesoortige historiese konteks, is hier bepaald groot raakpunte met die Russiese gevallestudie.

*Sirië:* Die Assad-dinastie wat Sirië vir die laaste vyf dekades beheer, vertoon talle kenmerke van ’n pakhanate-staat. Die Assad-familie onder leiding van Bashar-al-Assad word beskryf as “a crime syndicate simply designed to enrich himself and his family” (Chulov, 2021:1-5). ’n Voormalige CIA-lid het hom beskryf as “Assad is the Tony Soprano of the Middle East – at bare bones, a mob boss with omnipresent family crises and rivalries” (Chulov, 2021:1-5). Geweld word gebruik en misbruik deur georganiseerde groepe (nasionaal en internasionaal) om die patrimoniale en neopatrimoniale belange van die Assad-familie en verwante belangegroepe te beskerm.[16] Sirië is ’n klassieke voorbeeld van ’n gevalle staat (sonder beheer oor die staatsterritorium, en ’n aktiewe burgeroorlog gevoer en ondersteun deur internasionale magte); besighede *Niqabeh* (sindikaat) onder die beheer van die president se vrou Asma, en waarin die politieke en misdaad-elite nie onderskeibaar is nie. Geen demokratiese praktyke bestaan nie (hoogstens skyn-demokrasie) en aspekte soos verantwoordbare regering en die oppergesag van die reg is heeltemal afwesig.

*Montenegro*: Hierdie staat is ’n deelstaat wat vanuit die Sosialistiese Federale Republiek van Joegoslawië tot stand gekom het teen die agtergrond van die val van die Sowjetunie en die Bosniese en Kroatiese oorloë wat daarop gevolg het. Serwië en Montenegro het as deelstate beslag gekry en in ’n referendum op 21 Mei 2006 onafhanklikheid verwerf, en het op 28 Junie 2006 die 192ste lid van die Verenigde Nasies en later ook die Europese Unie geword. Milo

[16] Sirië is tans in ’n aktiewe burgeroorlog teen ISIS gewikkel en word ondersteun deur Rusland en Iran.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

Djukanovic, ’n viermalige eerste minister en tweemalige president, het ’n outoritêre bewind met kliëntgeoriënteerde bevoordeling van familie en elites tot stand gebring, met noue verhoudings met georganiseerde misdaad. Korrupsie en onwettige handel in die algemeen en die tabakbedryf in die besonder was fokuspunte van aktiwiteite. In die noue verhouding tussen Djukanovic en sy broer (wat noue bande met georganiseerde misdaad gehad het) was die spilpunt die vermenging van politieke en kriminele elites (Sullivan, 2021). Onder meer is ’n private bank gestig, wat groot somme geld as lenings aan die president, sy elite, vriende en georganiseerde misdaad toegeken het. Toe die bank in finansiële moeilikheid beland, is dit met belastinggeld reggestel (Sullivan, 2021). Montenegro word beskryf as ’n klassieke voorbeeld van ’n pakhanate-staat. Ander voorbeelde van pakhanate sluit in Noord-Korea, Hongarye, Oekraïne en Meksiko. So byvoorbeeld verwys Edgardo Buscaglia na die politieke stelsel in Meksiko as ’n “Mafiacracy” (*Die Zeit-Online*, 2011).

Bogenoemde state voldoen in ’n meerdere of mindere mate aan die kriteria wat vroeër vir pakhanate-state gestel is, naamlik staatsverswakking/-verandering; kriminele en politieke elite-vermenging, of die bestaan van bepaalde ooreenkomste op elite-vlak; die geleenthede wat bestaan binne ’n omgewing van vryhandel en internasionalisering; die aanwesigheid van patrimoniale en neopatrimoniale netwerke; en ’n komplekse internasionale orde waar kleiner vaartbelynde instellings en besluitneming meganismes word vir die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele (politiek). Waar staan Suid-Afrika in hierdie verband?

## Suid-Afrika as ’n pakhanate-staat?

Navorsing ten opsigte van die stand van die Suid-Afrikaanse demokrasie beklemtoon talle uitdagings wat in hierdie verband bestaan. Die Suid-Afrikaanse demokrasie voldoen nie in alle opsigte aan die vereistes soos hier bo uiteengesit ingevolge normatiewe regstaatlikheid nie. Benewens patrone van ’n verswakkende staat is daar ook duidelike tekortkominge ten opsigte van demokratiese kriteria, met inbegrip van konstitusionalisme, beperkte regering, die oppergesag van die reg en verantwoordbare regering.[17] In wese kom bogenoemde daarop neer dat die Suid-Afrikaanse staat ’n onvermoë openbaar om ’n openbare regsorde in die belang van alle burgers te kan handhaaf. Hierdie toedrag van sake is nie net ’n uitkoms van die swakstaatverskynsel en niegevestigde demokratiese praktyke nie, maar ook die prominensie van pakhanate-tendense soos hier bo beskryf, waarop daar vervolgens gekonsentreer gaan word. Kriteria, soos vroeër geïdentifiseer, sal op ’n sistematiese wyse op die Suid-Afrikaanse konteks van toepassing gemaak word. ’n Profielskets van die regerende ANC as politieke instelling is nietemin nodig voordat die toepassing gemaak kan word.

## Pakhanate-tendense – histories en kontemporêr-kontekstueel

### *Strafkampe en menseregte-oortredings*

Die periode voor 1994 is dikwels gekenmerk (ten regte ook) deur die misbruik van politieke mag en die miskenning van menseregte en wanpraktyke deur die destydse veiligheidsomgewing

[17] Die artikel, “Sal die Suid-Afrikaanse demokrasie die huidige krisis wat die bestel in die gesig staar oorleef?” (Duvenhage, 2023a:116-148) hanteer die krisis en uitdagings van die Suid-Afrikaanse demokrasie volledig met verwysing na bogenoemde komponente. Vir volledige besonderhede ten opsigte van hierdie perspektief word lesers na die betrokke artikel verwys.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

binne Suid-Afrika. *Amnestie Internasionaal* (1992:1-24) wys ook op die wanpraktyke waarvoor die ANC in hierdie tydperk verantwoordelik was en beskryf dit soos volg: "It shows too that this pattern of gross abuse was allowed to go unchecked for many years, not only by the ANC's leadership in exile but also by the governments of the African front-line states who allowed the ANC to set up bases and prisoners on their territory." Sake waarna verwys word sluit in ongekontroleerde gevangenisstraf, mishandeling, marteling en selfs teregstellings. Hoewel nie uitsluitlik nie, het hierdie misdade oorwegend in Angolese kampe soos Quatro, Viana en Pango voorgekom, waar die Veiligheidsdepartement (veral ná opstande in kampe) talle muiters voor 'n vuurpeloton tereggestel of doodgemartel het. Hierna is verwys as *Mkatashinga*.[18] Amnestie Internasionaal het optrede in hierdie verband teen die ANC en die verantwoordelikes versoek. Uiteindelik, ná die inwerkingstelling van die 1994/6-grondwet, het dit nooit plaasgevind nie en het die Waarheids- en Versoeningskommissie ook nie opgetree nie. Anders as wat soms voorgestel word, het die ANC allermins 'n skoon menseregterekord gehad en wanoptrede was wyd aan die orde. 'n Grondslag vir pakhanate-tendense is reeds in hierdie tyd gelê.

*Die wapenskandaal*

Kort ná die oorname van die ANC-regering in 1994 is daar besluit om die weermag te moderniseer en aan te pas by 'n veranderende vredesrol na aanleiding van 'n verdedigingshersieningsverslag. Die besluit om op te gradeer is in 1998 deur die kabinet en die parlement goedgekeur, en die aankoop van toerusting vir 'n geraamde R30 miljard, toegespits op die lugmag en vloot, is goedgekeur.[19] In die woorde van Sylvester en Seegers (2006:52): "... the strategic Arms Package (SAP) has been the largest public controversy of the post-Apartheid era" tot en met daardie tydstip, met senior ANC-leiers waaronder Zuma, Mbeki en Modise wat daarvan beskuldig is dat hulle persoonlike voordeel uit die kontrakte getrek het. Korrupsie en wanpraktyke het aan die lig gekom met die sogenaamde "De Lille-dossier", met aantygings teen onder meer Tony Yengeni, Schabir Shaik, Thabo Mbeki en Jacob Zuma (Anon, 2003). Teen die agtergrond van opbouende kritiek teen die hantering van die wapentransaksie en aantygings van korrupsie het die Seriti-kommissie van ondersoek na die wapenskandaal tot stand gekom.

Op inisiatief van die aktivis Terry Crawford Brown (in 'n petisie na die konstitusionele hof) word President Jacob Zuma gedwing om 'n kommissie van ondersoek na die wapenskandaal te inisieer. Die mandaat van die kommissie was om die motivering vir die aanvanklike wapenaankope te ondersoek; óf dit wat aangekoop is, behoorlik aangewend word; óf die beloofde werksgeleenthede hieruit gematerialiseer het soos vroeër in die vooruitsig gestel; óf politici hul posisies misbruik het en/of onregmatig uit die transaksie bevoordeel is, en óf bepaalde kontrakte opgeskort/gekanselleer moet word teen die agtergrond van korrupsie en wanpraktyke (*South African History Online*, 2014:1-2). In 2011 is regter Seriti van die

18 *Mkatashinga* is 'n Kibundu-woord wat verwys het na die optrede deur MK-soldate teen opstandelinge. Die opstande het as oorsaak gehad die algemene lewenstoestande in die kampe. In Pango, noord van Luanda, is opstandelinge aan bome vasgemaak, aangerand en doodgemaak. James Nkabinde, Ronald Msomi, Umbumbulu, Thembile, Hobo, Maheroo, Wandile Andale en Stopper Nyembezi is ter dood veroordeel en tereggestel (*Amnesty International*, 1992:6-7).

19 Die syfer is waarskynlik heelwat hoër as gevolg van onder meer 'n veranderende wisselkoers maar ook onvoldoende verslagdoening!


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

hooggeregshof aangestel om die kommissie te lei, ondersteun deur regters Legodi en Van der Merwe. Beide laasgenoemde lede het bedank voordat ondervragings begin het as gevolg van onregmatige politieke inmenging en druk en die nienavolging van prosesse en protokolle. Kort ná die aanvang van werksaamhede is die sekretaris van die kommissie, Mvuseni Ngubane, onder vreemde omstandighede oorlede. (Vuilspel is vermoed rakende wat as ’n “selfmoord” aangedui is.) Verdere bedankings het ook gevolg, geen kruisondervragings het plaasgevind nie, verrigtinge is telkens vertraag as gevolg van die een of ander oponthoud (die siekte van regter Seriti, infrastrukturele probleme, ens.), asook die ontydige terminering van kontrakte van personeel verbonde aan die kommissie (*South African History Online*, 2014:2-12). Talle rolspelers asook navorsers het ook gewys op die bestaan van ’n “tweede agenda” om die werksaamhede van die kommissie te ondermyn (Hlongwane, 2013). Bogenoemde toedrag van sake het die kommissie dus wanfunksioneel en tandeloos gelaat. Die bevindinge van die kommissie was dat niemand verantwoordbaar en/of aanspreeklik was vir enige van die genoemde aantygings nie en dat daar geen onbehoorlike inmenging, beïnvloeding, korrupsie of onregmatige bevoordeling ter sprake was nie (vergelyk Seriti, 2015).[20]

Verskeie instellings, waaronder Right2Know en Corruption Watch, het ernstig kapsie gemaak teen die besluit van die kommissie en ’n hofsaak teen die bevindinge van die Seriti-kommissie het gelei tot die bevinding van regter Dunstan Mlambo (van die Gautengse Afdeling van die hooggeregshof) om alle bevindinge van die Seriti-kommissie ter syde te stel. Sowat R140 miljoen later is geen van die groot rolspelers/begunstigdes verantwoordelik of aanspreeklik gehou nie. Talle vingers het gewys na die leierskap van die ANC en/of die bevoordeling van die organisasie self. Die skuldigbevindings van beide Schabir Shaik (tot 15 jaar gevonnis maar ontvang presidensiële kwytskelding) en Tony Yengeni (tot 5 jaar gevonnis maar ontvang ook presidensiële kwytskelding) was letterlik net die punt van die spreek-woordelike ysberg. Boonop is geen vonnis volledig uitgedien nie. Geen verdere optrede is geneem nie, en die saak het verdwyn in die moeras van staatskaping. Die Zondo-kommissie van ondersoek is van stapel gestuur.

### *Staatskaping en die Zondo-kommissie*

Staatskaping is ’n vorm van sistemiese korrupsie, endemies van aard, funksionerend binne staats- of semi-staatsinstellings waarin private en persoonlike belange (soms patrimoniaal of neopatrimoniaal van aard) onregmatige bevoordeling van private belange in die hand werk en waarin nasionale (algemene) belang nie vooropgestel word nie. Met transformasie as makro-beleidsuitgangspunt, verteenwoordigendheid as kernnorm, swart bemagtiging as uitgangspunt en kaderontplooiing as meganisme, is die politieke grondslag vir staatskaping gelê, soos bestuur deur die voorhoede-party (lees ANC) onder die leiding van Jacob Zuma.[21] Die uitkoms hiervan was sistemiese en endemiese korrupsie in staats- en semi-staatsinstellings wat daartoe gelei het dat talle politici en amptenare binne staatsverwante instellings van korrupsie beskuldig is. Dit het ingesluit die president van die land, kabinetslui, politici en amptenare. Doelbewuste staatsgefinansierde en/of -ondersteunde inisiatiewe van die Zuma-administrasie, soos die ontplooiing van kaders binne die nasionale vervolgingsgesag, Justisie, Polisie, Intelligensie en Korrektiewe Dienste, het begunstigdes en veral ANC-politici gevrywaar

[20] Tony Yengeni en Schabir Shaik is wel skuldig bevind en vir kleiner oortredings gevonnis waarna later verwys sal word.

[21] Vergelyk Duvenhage (2021:713-737) en Duane (2017) se interpretasie van staatskaping.

van vervolging.[22] Ná afloop van klagtes van Stanslaus Muyebe (Dominikaanse Orde van Suid-Afrika) en opposisieleier Mmusi Maimane het die Openbare Beskermer, Thuli Madonsela, in 2016 ’n ondersoek na staatskaping van stapel gestuur. Madonsela se kernaanbeveling was die aanstelling van ’n kommissie van ondersoek. Die Madonsela-verslag het Zuma, ander politici en staatsamptenare geïmpliseer in staatskaping wat volgens haar oordeel verder ondersoek moes word. Pogings van Zuma om die bevindings van die verslag om te keer in die hooggeregshof het misluk en hy was verplig om wel ’n kommissie van ondersoek aan te stel. Sodoende het die Zondo-kommissie tydens 2018 tot stand gekom. Intussen is Zuma as president deur Cyril Ramaphosa vervang en het die kommissie politieke steun gehad om dit die grootste ondersoek na korrupsie in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te maak.[23] Die mandaat van die kommissie was “(to) investigate matters of public and national interest concerning allegations of state capture, corruption and fraud” (PARI, 2022:1). Tydens die ondersoek het uitgebreide korrupsie en wanpraktyke aan die lig gekom by instellings soos Transnet; ESKOM; Denel; SABC; SAA; SAPS; Misdaadintelligensie; NPA; BOSASA; TESOURIE; PRASA; die Suid-Afrikaanse Inkomstediens; SSA; die metropole Johannesburg en Ekurhuleni; die president (Jacob Zuma); parlement; kaderontplooiings; die Estina-projek in die Vrystaat, en Optimum Steenkool (Zondo Commission, 2023 Final Reports; statecapture.org.za/site/information/reports.)[24] *Daily Maverick* het die waarde van die korrupsie soos verbandhoudend met staatskapingspraktyke op tussen R500 miljard en R1,5 triljoen gestel. Die kommissie self het die bedrag op R58 miljard gestel (PARI, 2022:5-6).[25] Die ondersoek het ook individue soos die Gupta-familie, vooraanstaande politici en sakemanne ingesluit. Dit was egter veral die bevindinge ten opsigte van die Staatsveiligheidsagentskap wat die diepte van staatsverrotting en -kaping blootgelê het.

Vanuit getuienis van die waarnemende Direkteur-Generaal, Loyiso Jafta, het dit na vore gekom dat sowat R8 miljard van die vaste beleggings van die Staatsveiligheidsagentskap (SVA/SAA) sonder verrekening verlore gegaan het, terwyl daar ook R125 miljard van die 2017/18-begroting verdwyn het. Verder het dit ook geblyk dat die SVA media-instellings misbruik het om die negatiewe beeld van Jacob Zuma teen te werk; die belange van die ANC

---

22 Verskeie publikasies met die tema van staatskaping het in hierdie tyd verskyn, waaronder Johnson (2015), Pauw (2017), Chipkin en Swilling (2018), en Myburg (2019). Hierdie navorsing kan geraadpleeg word ten einde die omvang, diepte en implikasies van staatskaping te bepaal.

23 Bykans vier jaar later, ná verskeie herskedulerings, is die verslag van die Zondo-kommissie (in vier dele) tussen Januarie en Junie 2022 aan president Ramaphosa oorhandig. Sowat 3 171 dagvaardings is beteken, 300 getuienisse aangehoor en 1,7 miljoen bladsye dokumentasie en getuienis is hanteer. (Public Affairs Research Institute (PARI), 2022:1-2).

24 Die Zondo-kommissie se verslae het die volgende as fokus gehad: Volume 2: (Transnet; Denel); volume 3 (Bosasa); volume 4: (Tesourie; Eskom; Vrystaat- en Noordwesregerings; Alexcor); Volume 5: (SSA; Misdaadintelligensie; SABC: Waterkloof; PRASA); volume 6: (Estina-projek; president Zuma; kaderontplooiing; die vloei van geld; Optimum Steenkool; bevindinge en aanbevelings.) (Zondo Commission. 2023. FinalReports.statecapture.org.za/site/information/reports).

25 Die bedrae wat bestee is aan kontrakte vir die genoemde instellings ooreenkomstig die bevindinge van die kommissie het ingesluit: TRANSNET (R41,18 miljard); ESKOM (R14,83 miljard); Ekurhuleni (R95,7 miljoen); Johannesburg (R74,8 miljoen); Tshwane (R59,26 miljoen); IDC (R250 miljoen); Vrystaat-regering (R441,04 miljoen); Noordwes-regering (R39,3 miljoen); Mpumalanga-regering (R6,5 miljoen); Denel (R256,37 miljoen); SABC (R62,73 miljoen); SAA & SA Express (R26,4 miljoen); SAFCOL (R6,62 miljoen); Dept. Water en Sanitasie (R5,92 miljoen); andere (R1,32 biljoen) (PARI, 2022:5-6).


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

as party te bevorder en opponerende faksies binne die ANC te ondermyn. Daar is miljoene rande in die persoonlike rekening van Jacob Zuma inbetaal; verkiesingsveldtogte van die ANC is gefinansier; opponerende burgerregtegroepe is ondermyn en daar is op hulle gespioeneer (Duvenhage, 2023a:116-148; Zondo Commission, 2022; PARI, 2022:1-6).

Die bevindinge van die kommissie was verreikend en was dat staatskaping wel op ’n uitgebreide skaal in SA voorgekom het. Hierdie toedrag van sake is beskou as ’n bedreiging vir die grondwet en die demokratiese bestel en word soos volg bewoord:

> State capture in the South African context evolved as a project by which a relatively small group of actors, together with their networks of collaborators inside and outside of the state, conspired systematically (criminally and in defiance of the constitution) to redirect sources from the state for their own gain ... (PARI, 2022:3).

Daar is verder bevind dat staatsinstellings en openbare entiteite doelbewus verswak is en/of “heraangewend” is om ander doeleindes (meestal private of persoonlike belange) te dien. Demokratiese prosesse en oorsigfunksies is ondermyn en kaderontplooiing was instrumenteel in hierdie verband. Hiervolgens word vermeld dat “to a large extent this occurred through strategic appointments and dismissals at public entities and a reorganization of procurement processes” (PARI, 2022:3-4). Korrupte leiers het veral ’n groot invloed op aanstellings (lees kaderontplooiings) gehad. Leiers wat direk met staatskaping verbind word en teen wie regsvervolging aanbeveel is, het ingesluit Dudu Myeni, Brian Molefe, Salim Essa, Eric Wood, Anoj Singh, Siyabonga Gama, Matshela Koko, Lucky Montana, Arthur Fraser, Jacob Zuma en Duduzane Zuma (PARI, 2022:6).

*Chancellor House*

Vernoem na die regsfirma waarvan Mandela en Tambo tydens die vyftigerjare vennote was, is die instelling in 2003 gestig met die doel om as die ANC se befondsingsarm te funksioneer. Die opkoop van aandele en/of oorname van maatskappye (Hitachi – Japan, Pfister – Switserland) het plaasgevind en staatskontrakte is aan firmas waarby Chancellor House ’n belang gehad het, toegeken. Sodoende het geld die weg na ANC-koffers asook ANC/regeringselites gevind (Vergelyk Castingssa, 2008:1-9; De Wet & Mataboge, 2015:1-3). Bogenoemde het in werklikheid beteken dat die regering as beide speler en skeidsregter opgetree het in die toekenning van kontrakte tot die voordeel van die regerende ANC as party. Met die bekendmaking deur die koerant *Mail & Guardian* (in 2006) ten opsigte van die rol wat Chancellor House in regeringsgeorkestreerde korrupsie gespeel het, is skokgolwe deur die politieke landskap gestuur. Met die toekenning van ’n Wêreldbank-lening van $3,75 miljard in April 2008 (vir die stabilisering van elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika, met inbegrip van die bou van die kragsentrales Medupi en Kusile) was die ANC gereed om finansiële voordeel vir die organisasie hieruit te kon beding (Jolobe, 2010:210-217; De Wet & Mataboge, 2015:1-3). Chancellor House is onder meer geïmpliseer in die R20 miljard Hitachi-transaksie vir die aankoop van ses stoomketels vir ESKOM, met gunslone vir die ANC asook kontrakte vir swartbemagtigingsinstellings, met inbegrip van die verryking van kaders. Hierdie korrupsie waarmee Chancellor House verbind is, het ook internasionale bande met internasionale maatskappye, en selfs die staat Rusland word hier geïmpliseer (Jolobe, 2010:201-217; Donnelly, 2014:1-5; De Wet & Mataboge, 2015:1-3). Hierdie onthulling in 2006 en die verdere ontbloting van wandade het tot groot omstredenheid en kontroversie gelei. ’n Samehang/-werking tussen politieke en kriminele elites, ’n duidelike kenmerk van ’n pakhanate-staat, was hier aan die orde.

In reaksie op bogenoemde het die ANC-regering egter enige verband met Chancellor House heftig ontken en ook enige ondersoeke in hierdie verband geweier of geblokkeer. Gedurende 2015 het die Amerikaanse regstelsel nietemin vir Hitachi (waarin Chancellor House aandele gehad het) skuldig bevind aan korrupsie binne Suid-Afrika, en die maatskappy het ’n boete van $19 miljoen as skulderkenning betaal. In hierdie verband het Zweli Mkize (destyds die tesourier-generaal van die ANC) soos volg gereageer:

> [I] categorically state that the organization was not involved, implicated or approached to answer anything relating to the charges brought against Hitachi. The ANC was further not involved in the transaction between Hitachi and Chancellor House, nor do we have any information on any impropriety relating to the award of the Medupi or Kusile [power station] contracts to Hitachi ... . (De Wet & Mataboge, 2015:2-3)

Geen verdere ondersoeke het hierop gevolg nie (*Mail & Guardian*, 2008:1-5). Later is die regerende party geforseer om wetgewing oor partybefondsing te aanvaar waarvolgens partye hul bron van inkomste moes verklaar onder die toesigrol van die Onafhanklike Verkiesingskommissie en die parlement (Jolobe, 2010:201-217; Donnelly, 2014:1-5).

*Sluipmoorde en die “kommersialisering van misdaad”*

Bruce (2013) het bevind dat daar tussen 1994 en 2013 sowat 450 sluipmoorde in KZN alleen uitgevoer is. Suttner (2013:1-2) verwys na die feit dat “assassinations have become a regularised way of deciding on leadership and access to wealth within the ANC and its allies”. Die episentrum van die sluipmoorde is KZN, gevolg deur Mpumalanga, en minder so in Gauteng, Noordwes en die Vrystaat. Shaw en Thomas (2016) verwys byvoorbeeld na sowat eenduisend sluipmoorde (of gepoogde sluipmoorde) wat tussen 2000 en 2015 uitgevoer is. Heelwat van diegene wat gedood is, was politici, raadslede of personeel met besluitnemingsmagte oor die toekenning van tenders. Kommerwekkend is dat die tendens van sluipmoorde aan die toeneem is, met 54 raadslede en 104 munisipale werkers wat tussen 2000 en 2024 op hierdie wyse gedood is (Mwareya, 2023:1-3). SALGA het boonop bevind dat 58% van raadslede wat gesterf het, die oortreders persoonlik geken het (Mwareya, 2023:2-3).

Die kommersialisering van politieke sluipmoorde is ’n algemene en uiters kommerwekkende verskynsel binne die Suid-Afrikaanse politieke konteks. ’n Verslag van *Global Initiative Against Transnational Crime* (2021) het vasgestel dat die betaling vir die uitvoering van ’n politieke sluipmoord enigiets tussen R 2 600-00 en R156 000 is, afhangende van die status en profiel van die persoon en die risiko’s daaraan verbonde (Mwarya, 2023:3-4). Oorsake vir sluipmoorde sluit in faksiegevegte binne partye, konflik binne ’n party, toekenning van tenders, fluitjieblasers teen korrupsie en finansiële voordeel in die een of ander opsig (Commins, 2024:1-2).

’n Kenmerkende patroon is dat die getal sluipmoorde in die algemeen geëskaleer het en besonder hoog is in die aanloop tot verkiesings. Die 131 sluipmoorde tydens 2023 word in verband gebring met onder meer georganiseerde misdaad, die taxibedryf, asook politieke en persoonlike redes – met laasgenoemde dikwels vir finansiële gewin. In die eerste vier maande in die aanloop tot die 2024-verkiesing is 35 sluipmoorde aangeteken, waarvan tien as polities gemotiveerd geklassifiseer kan word (Commins, 2024:1).

Teen die agtergrond van eskalerende sluipmoorde in KZN is die Moerane-kommissie in die lewe geroep, na aanleiding waarvan ’n dokument van 423 bladsye in September 2018 aan die KZN-wetgewer deur premier Willies Mchunu voorgelê is. Uit die verslag het die tekort-

kominge van die misdaadvervolgingstelsel aan die lig gekom, asook die oneffektiwiteit van die intelligensie- en ander veiligheidsomgewings (Singh, 2018:1-8).'n Belangrike bevinding was: "the recruitment of criminal elements by politicians to achieve political ends, resulting in a complex matrix of criminal and political association, [that] inevitably contributes to political murders" (Singh, 2018:4). Laasgenoemde, 'n tipiese eienskap van pakhanate-state, is op talle vlakke kenmerkend van die Suid-Afrikaanse politiek en samelewing. Nodeloos om daarop te wys dat die bevindinge van die Moerane-kommissie, soos die Seriti-kommissie, op weinig uitgeloop het betreffende suksesvolle implementering.

*Georganiseerde misdaad*

Georganiseerde misdaad is op sigself genome nie 'n eksklusiewe kenmerk van pakhanate-state nie. Wanneer georganiseerde misdaad egter die politieke omgewing impliseer (en die onderskeid tussen politieke en kriminele elite vervaag) tree die pakhanate-verskynsel wel na vore. Die verswakkende staattendens in Suid-Afrika, die prominensie van politieke rolspelers in misdaad en misdaadkartelle is nie onbekend nie en het sedert die demokratiese oorgang selfs meer prominent geraak (Motibi, Roelofse & Maluleke, 2015:1-8). In 'n navorsingsdokument van *Global Initiative* getiteld *Strategic organized crime risk assessment* (2022:1-216) word na die omvang, diepte en implikasies van verskeie vorme van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika verwys as "... a dark web: criminal ecosystem". Wat misdaad betref, val Suid-Afrika in die kategorie van state soos Italië, Meksiko, Somalië en Libië (Haffajee, 2022:1-3). Al hierdie state het duidelike pakhanate-kenmerke. Die genoemde verslag met betrekking tot Suid-Afrika beklemtoon dat:

> Organised crime is an existential threat to South Africa's democratic institutions, economy and people ... The recent mass shootings in taverns across the country or the horrific gang rapes in an illegal mining community on the West Rand; continual outbreaks of violence at taxi ranks; shop owners threatened at gunpoint; the assassination of whistle-blowers; ... are not as random as they may first appear ... . (Haffajee, 2022:1)

Ooreenkomstig hierdie verslag word misdaadtendense toegeskryf aan die samehang van drie sake, naamlik die groei in georganiseerde misdaad; elite-korrupsie (lees staatskaping); en die verbrokkeling van staatstrukture (die verswakkende staat). Interessant is dat daar nie 'n enkele misdaad bepaald uitgesonder kan word nie, maar dat misdadigheid uitgebreid manifesteer en ook eskaleer (Haffajee, 2022c:10).[26] Korrupsie en staatskaping word as afsonderlike misdaad in die dokument hanteer. Dit is teen hierdie agtergrond dat Suid-Afrika as 'n kriminele (misdaad-)staat beskou word (Duvenhage, 2023:1-32). Onlangs is daar ook bekend gemaak dat verskeie misdaadsindikate binne ESKOM werksaam is en ook in TRANSNET prominent is. Hierdie tendens hang nou saam met wat hier bo as neopatrimoniale tendense beskryf is en waar daar onder die leiding van politieke leiers op kriminele en Mafia-agtige wyses opgetree word.[27]

26 Die genoemde verslag (2022:1-210) beklemtoon misdaad ten opsigte van dwelmhandel; onwettige handel in wapens; omgewingsverwante misdade; georganiseerde roof en geweld; kubermisdaad; afpersing; mensehandel; ekonomiese en finansiële misdaad; ontvoerings, en onwettige mynbedrywighede, om die belangrikstes te noem.

27 Die verslag van die Zondo-kommissie waarna verwys is, en talle akademiese publikasies met inbegrip van die werk van Andre de Ruyter (2023), wat fokus op staatskaping en endemiese korrupsie beklemtoon hierdie punt en is reeds vroeër beredeneer.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

Georganiseerde misdaad en die eskalasie daarvan hang dikwels saam met die disfunksionele, korrupte en selfs ingeplofte strafregstelsels en politieke prosesse wat die oppergesag van die reg ondermyn. Hierdie is ’n tipiese eienskap van pakhanate en is ook prominent in Suid-Afrika. Die regskenner Lewellyn Curlewis (2022:12) verklaar in hierdie verband: “Over the last ten years or more the NPA has become better known for its failure to successfully prosecute than for doing its core job, particularly regarding high-profile criminal cases of corruption involving corporations, state officials and politicians”. Die gebruik van die sogenaamde Stalingrad-strategie deur toonaangewende politici, waaronder Jacob Zuma en Ace Magashule, asook die onvermoë van staatsinstellings om bevindings van kommissies van ondersoek te implementeer, dui op die direkte ondermyning van regsprosesse en die demokratiese waarde van die oppergesag van die reg. Net een polisiebeampte vir elke 450 000 mense; ’n gekaapte Nasionale Vervolgingsgesag; ’n intelligensie-omgewing wat soms as die instrument vir persoonlike/partybelang aangewend word; en ’n soms polities bevooroordeelde regbank is belangrike kenmerke van pakhanate en is ook prominent binne die Suid-Afrikaanse konteks.[28]

## Is Suid-Afrika ’n pakhanate-staat? – Evaluerende en samevattende perspektiewe

Uitgaande van die perspektief dat daar geen enkele prototipe vir ’n pakhanate-staat is nie (vergelyk Africa, 2023), moet laasgenoemde liefs ingevolge ’n spektrum van sterker/swakker en/of meer of minder pakhanate-tendense (Patrick, 2012) voorgehou word. Hierdie perspektief staan sentraal ten opsigte van die kategorisering van sodanige state, daarom word die kontekstualisering van state as uitgangspunt vir hierdie ontleding aanvaar. Suid-Afrika sal gevolglik beoordeel word op grond van die kriteria soos hier bo geïdentifiseer. Bepaalde gevolgtrekkings moet daarom ook kontekstueel verdiskonteer word. Op ’n beperkte wyse sal daar ook vergelykend na ander gevallestudies verwys word. Die verandering/hervorming van pakhanate-tendense binne die Suid-Afrikaanse staat sal ten slotte aan die orde kom.

### *Staatsverswakking en ondermyning van demokratiese waardes*

Patrone van staatsverswakking (Eunomix, 2020; Duvenhage, 2023c:1-32) tesame met die verswakking van demokratiese kenmerke (Duvenhage, 2023a:116-148) is ’n duidelik waarneembare patroon in die Suid-Afrikaanse politieke/staatkundige konteks. ’n Duidelike ondermyning van die regstaatidee en konstitusionalisme (vroeër voorgehou as normatiewe regstaatlikheid) is hier aan die orde. Hierdie is ook ’n patroon wat aanwesig is by die meeste gevallestudies waar staatsverswakking en/of de-demokratisering aan die orde is.[29] In hierdie opsig is die ondermyning van die oppergesag van die reg enersyds, en ’n oneffektiewe, niedoel-

---

[28] ’n Misdaadverslag van die burgerregtegroep Afriforum het bevind dat van die 1 402 plaasaanvalle tussen 2019 en 2022 daar slegs 66 skuldigbevindings was, en dat 95% van sake nooit opgelos is nie en dikwels glad nie eens aandag ontvang nie (Afriforum, 2023). Hierdie syfers is nie uniek aan net hierdie vorm van misdaad nie, maar manifesteer op die meeste ander terreine van misdaad. Dit blyk hieruit duidelik dat die strafregstelsel ernstige gebreke het en in sekere opsigte besig is om in duie te stort (sien ook Kinnaird, 2018; Versluis & De Lange, 2019; Malan, 2019). Wanoptrede en gebrekkige professionaliteit van die SAPD (soos aangedui in die 2022/3 jaarverslag) beklemtoon dat R108 miljard se siviele eise tans hangende is teen eersgenoemde. Dit is meer as die jaarlikse begroting van die SAPD (Strydom, 2023).

[29] Italië en Japan is moontlike uitsonderings hier, met Rusland wat die kenmerke van ’n sterk staat vertoon maar duidelik nie demokraties funksioneer nie.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

matige regstelsel andersyds, ’n prominente verskynsel in Suid-Afrika – veral gedurende staatskaping. Hierdie toedrag van sake in Suid-Afrika stem ooreen met Kayser-Brill (2018:2) se perspektief dat pakhanate-state gekenmerk word deur “... institutional collapse, by removing the foundations supporting the rule of law as an efficient judiciary ...”. In aansluiting hierby beklemtoon *The Organized Crime Index* (2023) dat Suid-Afrika sewende in die wêreld gelys is as een van die top Mafiastate – net onder Nigerië, Paraguay, Colombië, Mianmar en die Demokratiese Republiek van die Kongo (Vegter, 2023:1). Volgens hierdie verslag het die fase van staatskaping bygedra tot wat beskryf word as “pervasive criminal networks ... highly interconnected” (Vegter, 2023:4). In die woorde van Africa: “There is no doubt that there is a growing ecosystem of organized crime overwhelming the state and public life in the country”. Suid-Afrika voldoen dus in hierdie opsig aan die vereiste vir ’n pakhanate-staat, met die kwalifikasie dat aspekte van die demokrasie en die strafregstelsel steeds effektief is (soms selektief effektief) en dat daar pogings is om hierdie stelsels te herbou. Laasgenoemde kan stukrag verwerf met die uitslag van die 2024- nasionale verkiesing as gevolg waarvan koalisiepolitiek ANC-eenpartydominansie vervang het en die heropbou van instellings nou ’n skynbaar belangrike prioriteit is.

*Die samehang/-werking tussen kriminele en politieke elites*

Sullivan (2024:1-2) se verwysing na pakhanate-state as ’n “criminal enterprise”; Naim (2012:1) se beklemtoning van pakhanate-state waar “... government officials become integral players, if not the leaders of criminal enterprises, and the defense and promotion of those enterprises” as politieke prioriteit; en Africa (2023) en Vegter (2023) se toepassing hiervan op die Suid-Afrikaanse konteks, beklemtoon die geldigheid van hierdie aspek ten opsigte van laasgenoemde. Trouens, oorweldigende getuienis beklemtoon die geldigheid van bogenoemde as toepassing op die Suid-Afrikaanse konteks. Pakhanate-tendense is duidelik aangetoon in die kommissies van ondersoek se verslae (Seriti; Moerane); pogings om die werksaamhede van die kommissies op talle wyses te ondermyn of in die wiele te ry; asook die wyse waarop Chancellor House as frontmaatskappy van die ANC opgetree het. Dit was nietemin die bevindinge van die Zondo-kommissie na staatskaping wat die korrektheid hiervan bo alle redelike twyfel bevestig het. Nie net is politieke leierskap verbind aan kriminele individue nie, maar die institusionele samewerking (nasionaal en soms ook internasionaal) soos blootgelê deur ondersoeke, in besonder die Zondo-kommissie, beklemtoon hierdie aspek. Staatskaping, waarvan die momentum onder meer vanuit die Staatsveiligheidsagentskap gespruit het, bevestig ook hierdie patroon. Die samehang/-werking tussen politieke en kriminele elites binne ’n Suid-Afrikaanse konteks was ’n bewese feit, en sterk aanduidings bestaan dat dit vandag steeds voortduur. In hierdie opsig toon Suid-Afrika ’n duidelike en onbetwisbare eienskap van dít wat redelik algemeen by pakhanate-state aangetref word.

*Ekonomiese en handelsomstandighede*

Wanneer ’n vryemark-handelsomgewing enersyds en eskalerende kriminaliteit andersyds saam bestaan, bepaal hierdie samehang ’n stel omstandighede wat pakhanate-tendense bevorder. Suid-Afrika se historiese posisie as ’n handelsekonomie afhanklik van buitelandse investering enersyds, internasionale vryemark-omstandighede en verswakkende staattendense (’n onvermoë om spelreëls gesaghebbend toe te wys) andersyds, ondersteun die pakhanate-fenomeen. In hierdie verband verwys Africa (2023:4) na die bestaan van ’n “political economy

of crime", waar daar benewens die formele en informele ekonomiese orde ook 'n derde ekonomie, naamlik 'n misdaadgedrewe ekonomie bestaan. Die aard hiervan word soos volg beskryf:

> Even big, multinational companies may also covertly engage in illicit operations in spite of appearances. On the other hand, criminals often exploit vulnerable people where the state has failed to meet basic needs: they offer jobs, opportunities and income, a phenomenon seen not only in South Africa, but across the African continent. (Africa, 2023:4)

Die samehang en saambestaan hiervan met die aanwesigheid van polities-kriminele elites is 'n werklikheid wat nie ontken kan word nie. Verskeie verslae waaronder *The Organized Crime Index*; *Strategic Organized Crime Risk Assessment*, asook talle interne ondersoeke beklemtoon hierdie aspek. Ook in hierdie opsig kwalifiseer Suid-Afrika derhalwe ten opsigte van hierdie kriterium, soos dit verband hou met die vroeëre konseptualisering van 'n pakhanate-staat.

*Neopatrimoniale tendense*

Die aanwesigheid van sosiale strukture met magsbasisse onderskeidend van en soms konflikterend met dié van die staat is 'n faktor wat pakhanate-tendense bevorder. Neopatrimoniale tendense is prominent aanwesig binne die Suid-Afrikaanse politiek (vergelyk Duvenhage, 2007; 2023; Strydom, 2020), en ook ondermynend ten opsigte van demokratiese staatstrukture as gevolg hiervan. Die samegroeiing van tradisionele magsbasisse (patrimoniaal van aard) en rasioneel-wetlike instellings (lees gevestigde staatsinstellings) is prominent en stel 'n grondslag daar vir die misbruik van staatsinstellings vir politieke gewin. Laasgenoemde was prominent tydens veral die Zuma-era, maar ook daarna, soos bevind deur die Zondo-kommissie van ondersoek na staatskaping. Verskeie instellings op verskeie vlakke is geïmpliseer, met inbegrip van die SVA, die Nasionale Vervolgingsgesag, provinsiale leierskap, ensovoorts. Die aanwesigheid van parallelle strukture (soms regime-ondersteunend of -ondermynend) is ook duidelik waarneembaar binne die Suid-Afrikaanse konteks.[30]

Tot die mate wat neopatrimoniale tendense 'n grondslag daarstel vir pakhanate-tendense, kwalifiseer Suid-Afrika om as pakhanate-staat geïdentifiseer te word. Die inhegtenisname van Jacob Zuma in 2021 weens korrupsie en regsverydeling, die geweld wat hierop gevolg het waarin meer as 300 mense gedood is; ekonomiese sabotasie ter waarde van R50 miljard; met veiligheidsmagte waaronder die SVA en polisiedienste wat Zuma openlik ondersteun het, is 'n uiterste voorbeeld waarin neopatrimoniale tendense pakhanate-tendense bevorder het.[31] Ook ten opsigte van hierdie aspek val Suid-Afrika binne die breër kategorie van kriteria wat met pakhanate-state verbind word.

*Veranderende internasionale konteks*

Met die kompleksiteit en diversiteit van internasionale akteurs en die aanwesigheid van bepaalde konflikte kan ooreenkomste en vennootskappe met akteurs pakhanate-patrone

30 Vergelyk Duvenhage (2024) se identifisering van parallelle strukture; Matthee (2019) se *ANC se hibriede regime*; en Malan (2020) se onderskeid tussen "Konstitusie" en "konstitusie" om hierdie punt te motiveer.

31 Vergelyk Vhumbunu (2021:1-10); Cotterill (2021); Thamm (2021) en Harding (2021) vir besonderhede oor die aard, omvang en faktore wat tot die geweld in KZN aanleiding gegee het.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

bevorder en/of handhaaf. Dit hang saam met misdaadsindikate wat internasionaal optree, sowel as state wat hul skuldig maak aan menseregte-oortredings en/of misdade teen die mensdom. Misdaadverslae waarna vroeër verwys is, impliseer Suid-Afrika in hierdie verband, asook verhoudinge met state wat internasionale terreur bevorder. In Maart 2023 het die *Financial Action Task Force* (FATF) ’n internasionale finansiële waghondinstelling, Suid-Afrika op die sogenaamde gryslys geplaas weens onder meer geldwassery en die finansiering van terroriste-instellings. ’n Verslag getiteld *South African National Terrorism Financing Risk Assessment* (2024:1-8) bevestig ’n verband tussen internasionale misdaadsindikate en die finansiering van terroristeorganisasies met ’n hoë risikogradering in hierdie verband.[32] ’n Groot aantal kwessies moet aangepak word voordat Suid-Afrika van die lys verwyder sal word. Net beperkte vordering is tot dusver hiermee bereik (vergelyk Scott & South, 2024:1-12). Hoewel bogenoemde nie uitsluitlik Suid-Afrika in die kategorie van ’n pakhanate-staat plaas nie, is hierdie tendens, soos gelees in samehang met ander faktore, beslis kommerwekkend en ondersteunend tot die aanwesigheid van reeds geïdentifiseerde pakhanate, soos reeds aangedui. Samewerking met state soos China, Iran, Noord-Korea en Rusland en insidente soos byvoorbeeld die Lady R-episode, bevorder ’n negatiewe beeld van Suid-Afrika – veral ten opsigte van menseregte-kwessies en daarmee die land se beeld internasionaal.

*Toegang tot tegnologie*

As ’n toonaangewende tegnologiese omgewing in Suidelike Afrika (staatlik en niestaatlik), gekombineer met ’n verswakkende staat (beperkte tot swak kontrole), skep Suid-Afrika ’n ideale groeibodem vir pakhanate. Trouens, as ’n staat wat oor ’n kernvermoë beskik het, die vermoë gehad het om uraan te verryk, oor ’n gesofistikeerde militêre bedryf beskik het, ’n uiters gesofistikeerde bankstelsel het; en vrye toegang tot nuwe kommunikasietegnieke, is Suid-Afrika gesog vir misdaadsindikate en selfs terreurgroepe.[33] Gelees in samehang met bogenoemde faktore, skep dit weereens ’n gunstige groeibodem vir pakhanate-tendense, veral gelees in samehang met verswakkende staattendense en in besonder die inploffing van die strafregstelsel, asook Suid-Afrika se verbintenis tot terreurgroepe, met inbegrip van Hamas en Hezbollah.

## Gevolgtrekking

Suid-Afrika soos gemeet aan bostaande kriteria, kwalifiseer ongetwyfeld daarvoor om binne die breër raamwerk van die konsep as ’n pakhanate-staat voorgehou te word. Daar is nietemin ook faktore wat op die teendeel dui. Hiervan is ’n demokratiese grondwet (soms met beperkte toepassing); die heropbou van die strafregstelsel of pogings in hierdie verband; optredes of gepoogde optredes teen korrupsie; asook pogings om van die gryslys verwyder te word, ondersteunende getuienis. Wat nietemin duidelik is, is dat daar nog ’n pad van politieke, ekonomiese en maatskaplike hervorming geloop moet word om te voldoen aan die uitgespelde eis van normatiewe staatsregtelikheid en wat van ’n staat verwag moet word in hierdie verband.

---

32 Solomon, in sy werk *Jihad: A South African perspective* (2013), wys daarop dat talle terroriste-organisasies reeds dekades lank vanuit Suid-Afrika gefinansier word. Dit bied sterk getuienis in hierdie verband.

33 ISIS se teenwoordigheid in Suid-Afrika is reeds deur veiligheidsinstellings ondersoek en daar is in die media hieroor gerapporteer.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a7

Die verkiesing van 2024 en die totstandkoming van ’n Regering van Nasionale Eenheid met ’n verbintenis tot die oppergesag van die grondwet; die heropbou van veral die strafregstelsel; en ’n skynbare verbintenis om die bevindinge van die Zondo-kommissie te implementeer, is stappe in die regte rigting. Die konsolidasie van demokratiese waardes (soos beliggaam in die kriteria onderliggend aan normatiewe staatsregtelikheid) en die effektiewe funksionering van staatsinstellings is noodsaaklik vir die uitwissing van die pakhanate-fenomeen binne die Suid-Afrikaanse konteks.

## BIBLIOGRAFIE


Africa, S. 2023. Link between crime and politics in South Africa raises concerns about criminal gangs taking over. https://www.biznews.com/thought-leaders/2023/02/07/sa-Mafia-state.

Afriforum. 2023. Rural Injustice: The low prosecution rates for farm attacks and murders. https://afriforum.b-cdn.net/wp-content/uploads/2023/Rural-injustice-The-low-procecution-rates-for-farm-attacks-and-murders-September-2023.pdf (27 Julie 2024 geraadpleeg).

Ake, C. 1975. A definition of political stability. *Comparative Politics*, 7(2):271-83.

Alfano, V. 2015. State and Mafia, differences and similarities. *Studia Humana,* 4(1):1-12.

*Amnesty International*. 1992. South Africa – Torture, ill-treatment and executions in African National Congress camps. Amnesty International 2 December 1992. Al Index 53/27/92.

*ANC*. 2017. ANC National Policy Conference: Strategy and tactics of the African National Congress. Discussion document. https://www.anc1912.org.za/50th-national-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress (1 November geraadpleeg).

Andreas, P. 2012. Measuring the Mafia-state Menace: Are Government-backed Gangs a Grave New Threat? http://foreignaffairs.com/articles/137692/peter-andreas-moises-naim/measuring-the-Mafia-state-menace Foreign Affairs (July/August 2021) (25 Mei 2023 geraadpleeg).

Anon. 2003. “Probe Mbeki’s Role in Arms Deal - De Lille. http://www.armsdeal-deal-vpo.co.za/articles04/probe_mbeki.html Cape Times. 3 September 2003 (21 Desember 2021 geraadpleeg).

Anoniem. 2019. South Africa is one of the least safe countries in the world. Businesstech, 24 November. https://businesstech.co.za/news/lifestyle/355519/south-africa-is-one-of-the-least-safe-countries-in-the-world (30 Oktober 2023 geraadpleeg).

Baxter, J. 2020. Latest crime statistics for South Africa – increases in murder rate. *SA People News*, 31 Julie. https://www.sapeople.com/eish-south-african-stuff/latest-crime-statistics-for-south-africa-increase-in-murder-rate (1 November 2023 geraadpleeg).

BBC-Special Report. 1998. http://news.bbc.co.uk/2/hi/special_report/1998/03/98/russian_Mafia/the rise-and-rise-of-the-russian-Mafia/ (13 Junie 2024 geraadpleeg).

Biznews-editor. 2024. SA’s growing organized crime epidemic: is it becoming a “Mafia State”? https://www.biznews.com/thought-leaders/2023/02/07/sa-Mafia-state (23 April 2024 geraadpleeg).

Bloomberg. 2020. Advisory group puts a date to South Africa’s collapse. *Businesstech*, 10 September. https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date-to-south-africas-collapse (20 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bratton, M & N van de Walle. 1998. *Democratic experiments in Africa: Regime transformations in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press.

Bratva: The Emergence and Growth of the Russian Mafia. 2022. http://brewminate.com/bratva-the-emergence-and-growth-of-the-russian-Mafia/ (25 September 2022 geraadpleeg).

Beresford, A. 2015. Power, patronage, and gatekeeper politics in South Africa. *African Affairs*, 114(455):226-48. https://doi.org/10.1093/afraf/adu083 (30 November 2023 geraadpleeg).

Bruce, D. 2013. A provincial concern? Political killings in South Africa. *SA Crime Quarterly*. https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EJC142347 (1 November 2023 geraadpleeg).

Burger, P. 2023. South Africa has been greylisted for not stopping money laundering and terrorism funding. What it means. *The Conversation*, 26 Februarie. https://theconversation.com/ south-africa-has-been-grey-listed-for-not-stopping-money-laundering-and-terrorism-funding-what-it-means-200696 (1 November 2023 geraadpleeg).

BusinessLIVE. 2021. State Security Agency was politicised, Zondo commission told. *BusinessDay*, 26 Januarie. https://businesslive.co.za/bd/national/state-security-agency-was-politicised-zondo-commission-told (28 Januarie 2021 geraadpleeg).

Castingssa. 2008. ANC's Chancellor House fingered in secret R170 million deal. https://castingssa.com/ancs-chancellor-house-fingered-in-secret-r170-million-deal/ (3 Julie 2023 geraadpleeg).

Chipkin, I & M Swilling. 2018. *Shadow state: The politics of state capture.* Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand.

Chulov, M. 2021. "'Mob boss' Assad's dynasty tightens grip over husk of Syria" https://www.theguardian.com/world/2021/may/26/bashar-al-assad-dynasty-tightens-grip-over-husk-of-syria | (19 Junie 2024 geraadpleeg).

Commins, L. 2024. Surge in political assassinations sparks concern ahead of South Africa's May elections. https://mg.co.za/politics/2024-05-21-surge-in-political-assassinations-sparks-concern-ahead-of-south-africa-may-elections/ (9 Julie 2024 geraadpleeg).

Cotterill, J. 2021. South Africa counts the cost of its worst unrest since apartheid. https://www.ft.com/content/1b0badcd-2f81-42c8-ae09-796475540ccc (1 November 2023 geraadpleeg).

Crouse, G. 2023. Disturbing details behind "job bloodbath" data. *Daily Friend*, 28 Julie. https://dailyfriend.co.za/2023/07/08disturbing-details-behind-jobs-bloodbath-data (3 November 2023 geraadpleeg).

Curlewis, L. 2022. The South African criminal justice system: under siege. Referaat gelewer by die Universiteit van Pretoria ter afskeid van prof Koos Malan op 19 Augustus. Ongepubliseer.

*Daily Investor*. 2022. South Africa on the verge of collapse – economist. https://dailyinvestor.com/south-africa/5825/south-africa-on-the-verge-of-collapse-economist (6 November 2023 geraadpleeg).

Democratic Alliance. 2023. Track the consequences of Zondo's State Capture reports. https://www.da.org.za/statecaptureconsequences (17 Januarie 2023 geraadpleeg).

De Ruyter, A. 2023. *Truth to power: My three years inside Eskom*. Johannesburg: Penguin Books.

De Wet, P. 2016. SA justice system is battling. *Mail & Guardian*, 16 September. https://mg.co.za/article/2016-09-16-00-sas-justice-system-is-battling (1 November 2023 geraadpleeg).

De Wet, P. & Mataboge, M. 2015: Chancellor House: R266m for nine years of lies by ANC partner. https://mg.co.za/article/2015-09-29-chancellor-house-r266-million-for-lies-by-anc-partner/ (7 Julie 2024 geraadpleeg).

*Die Zeit*_online: Interview with Edgardo Buscaglia.2011. http://www.zeit.de/wirtschaft/2011-03/drogenstraat-mexiko-korruption Die Zeit_online: Interview with Edgardo Buscaglia.2011. http://www.zeit.de/wirtschaft/2011-03/drogenstraat-mexiko-korruption.

Donnelly, L. 2014. ANC: Banning party investment arms not the answer. https://mg.co.za/article/2014-03-27-anc-banning-party-investment-arms-not-the answer/ (7 Julie 2024 geraadpleeg).

*Drug trafficking Statistics Worldwide*. 2024. Drug trafficking statistics worldwide. https://www.wellbrookrecovery.com/post/drug-trafficking-statistics (15 Mei 2024 geraadpleeg).

Duane, EC. 2017. Corruption and state capture under two regimes in Guyana. ResearchGate. https://www.researchgate.net/publication/316608300_Corruption_and_State_Capture_under_two_Regimes_in_Guyana/link/59076cbc4585152d2e9c42ea/download (1 November 2023 geraadpleeg).

Du Toit, A. 2023. Russia could cost South Africa's car industry R435 billion and 112 000 jobs this week. TopAuto. https://topauto.co.za/news/81461/russia-could-cost-south-africas-car-industry-r435-billion-and-112000-jobs-this-week (26 Julie 2023 geraadpleeg).

Duvenhage, A. 1998. Die krisis van die nasiestaat. *Acta Academica*,31(3):1-35.

Duvenhage, A. 2005a. Politieke transformasie – 'n konseptuele oriëntasie en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta Academica*, 37(2):1-40.

Duvenhage, A. 2005b. The dynamism of political transformation in South Africa – a general assessment. *Communitas*, 10:1-19.

Duvenhage, A. 2007a. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: 'n strategiese ontleding en scenario-analise. Professorale intreerede. NWU (Potchefstroom).

Duvenhage, A. 2007b. Politieke transformasie as 'n ideologiese raamwerk – 'n beleidsanalise en perspektief. *Koers*, 72(3):19-41.

Duvenhage, A. 2007c. Die Suid-Afrikaanse politiek: 'n neo-patrimoniale logika? *Woord en Daad.* Herfs uitgawe: 17-22.

Duvenhage, A. 2020a. Suid-Afrika by 'n kantelpunt: 'n slegte-saak-scenario? *LitNet Akademies*, 17(3):241-68. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/12/LitNet_Akademies_17-3_Duvenhage_241-268.pdf.

Duvenhage, A. 2020b. Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomsperspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 56(3/4):137-62.

Duvenhage, A. 2021. Politieke transformasie in Suid-Afrika: implikasies vir die staat, die ekonomie en samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(3):713-37.

Duvenhage, A. 2022. The role of political parties in coalition building at the local government level. In Reddy e.a. (eds), 2022:187-214.

Duvenhage, A. 2023a. Sal die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie die huidige krisis wat die bestel in die gesig staar oorleef? *LitNet Akademies*, 20(1):116-48. https://www.litnet.co.za/wp-content/ uploads/2023/05/LitNet_Akademies_j20n1b5_Duvenhage.pdf.

Duvenhage, A. 2023b. Die 2024-verkiesing: is 'n Suid-Afrikaanse Lente op pad? *LitNet: Seminare & Essays*, 25 Oktober. https://www.litnet.co.za/die-2024-verkiesing-is-'n-suid-afrikaanse-lente-op-pad (24 Januarie 2024 geraadpleeg).

Duvenhage, A. 2023c. Patrone van onstabiliteit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – 'n tendens-ekstrapolasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):1-32.

Easton, D. 1965. *A systems analysis of political life*. New York: John Wiley & Sons.

*English-Old Turkish Dictionary*. 2023. "khagan in Old Turkish – English-Old Turkish Dictionary/Glosbe" https://glosbe.com/en/otk/khagan) (21 April 2023 geraadpleeg).

*Encyclopedia Britannica*. 2024.Yakuza. https://www.britannica.com/topic/yakuza (Geraadpleeg 15 Augustus 2024).

Erasmus, D & L Hlangu. 2021. Phoenix massacre: What really happened in the deadly collision of brutalized communities. *Daily Maverick*, 28 Julie. https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-07-28-phoenix-massacre-what-really-happened-in-the-deadly-collision-of-brutalised-communities (30 Oktober 2023 geraadpleeg).

*Eunomix*. 2020. South Africa heading towards becoming a failed state. *Al Jazeera*, 10 September. https://www.aljazeera.com/economy/2020/9/10/south-africa-heading-towards-becoming-a-failed-state-report (1 November 2023 geraadpleeg).

Geldenhuys, D. 1999. Staatsverval. *Politeia*, 18(2):37-56.

*Global Initiative Against Transnational Organized Crime*. 2022. Strategic organized crime risk assessment South Africa. https://www.scribd.com/document/595885595/GI-TOC-Strategic-Organized-Crime-Risk-Assessment-South-Africa (30 Oktober 2023 geraadpleeg).

Greffrath, WN. 2015. State dysfunction: The concept and its application to South Africa. PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit.

Gumede, W. 2021. We are going down, the Mexican way. *Sunday Times*, 21 Februarie, p. 2.

Gumede, W. 2022. South Africa's organized crime climbs to Italy's level, racing past Mexico, Somali and Libya. *Daily Maverick*, 21 September. https://dailymaverick.co.za/article/2022-09-21-south-africas-organised-crime-climbs-to-italys-levels-racing-past-mexico-somalia-and-libya (2 November 2022 geraadpleeg).

Harding, A. 2021. South Africa riots: The inside story of Durban's week of anarchy. *BBC News*. https://www.bbc.com/news/world-africa-57996373 (4 April 2023 geraadpleeg).

Heywood, A. 2002. *Politics*. 2de uitgawe. New York: Palgrave Foundations.

Hlongwane, S. 2013. Amid accusations of a double agenda, Arms Deal Commission loses senior investigator. https://www.dailymaverick.co.za/article/2013-01-18-amid-accusations-of-a-double-agenda-arms-deal-commision-loses-senior-investigator/ (27 Junie 2024 geraadpleeg).

Horne, W. 2022. Staal jou: Begroting wys "moeilike tye kom". *Beeld*, 27 Oktober, p. 2.

Huntington, SP. 1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.

Huntington, SP. 1991. *The third wave: Democratization in the late 20th century*. Oklahoma: University of Oklahoma Press.

Jackson, R. 1993. *Quasi-states: Sovereignty, international relations and the Third World*. Cambridge: Cambridge University Press.

Johnson, RW. 2015. *How long will South Africa survive? – the looming crisis*. Cape Town: Jonathan Ball.

Jolobe, Z. 2010. Financing the ANC: Chancellors House, ESKOM and the dilemmas of party finance reform. In Butler, A. (ed.). *Political funding and political change in South Africa and the global South*. Johannesburg: Jacana, pp.201-217.

Kayser-Bril, N. 2018. The emergence of the Mafia state. https://blog.nkb.fr/Mafia-state/ (23 April 2024 geraadpleeg).

Kinnaird, BA. 2018. The criminal justice system is broken and can't be fixed. *Psychology Today*, 2 Desember. https://www.psychologytoday.com/za/blog/the-hero-in-you/201812/the-criminal-justice-system-is-broken-and-cant-be-fixed (1 November 2023 geraadpleeg).

Letizia, P. 2016. *Oxford handbook of Italian Politics*. Oxford University Press, pp. 670-671.

Logan, C & S Nkomo. 2021. South Africa's turmoil is about more than Jacob Zuma. *The Washington Post*, 23 Julie. https://www.washingtonpost.com/politics/2021/07/23/south-africas-turmoil-is-about-more-than-jacob-zuma (1 November 2023 geraadpleeg).

MacIver, RM. 1966. *The modern state*. Oxford: Oxford University Press.

Majozi, P. 2023. SA's problem of lawlessness and disorder. *Politicsweb*, 10 Julie. https://www.politicsweb.co.za/opinion/south-africas-problem-of-lawlessness-and-disorder (1 November 2023 geraadpleeg).

*Mail & Guardian*. 2008. ANC 'not investigating' Chancellors House. https://mg.co.za/article/2008-02-25-anc-not-investigating-chancellor-house/ (7Julie 2024 geraadpleeg).

Malala, J. 2021. Justice Malala: Actually South Africa has a KZN problem. *BusinessLIVE*, 29 Julie. https://www.businesslive.co.za/fm/opinion/home-and-abroad/2021-07-29-justice-malala-actually-sa-has-a-kzn-problem (1 November 2023 geraadpleeg).

Malan, K. 2019. *There is no supreme constitution – a critique of statist-individualist constitutionalism*. Pretoria: African Sun Press.

Malan, K. 2023. The disintegration of the South African order. *Politicsweb*, 7 Januarie. https://www.politicsweb.co.za/opinion/the-disintegration-of-the-south-african-order (27 Julie 2023 geraadpleeg).

Matamba, R. 2023. The business of killing – Assassinations in South Africa. https://globalinitiative.net/analysis/assassinations-targeted-killings-south-africa (1 Desember 2023 geraadpleeg).

Matthee, H. 2019. South Africa's multipolar future and the ANC's hybrid regime (oorspronklike weergawe van navorser ontvang en in my besit).

May, C. 2017. Transnational Crime and the developing world. *Global financial Integrity*, pp.xi.

Mazrui, A. 1995. The blood of experience: the failed state and political collapse in Africa. *World Policy Journal*, 12(1):28-34.

*Merriam-Webster dictionary*. 2023. Definition of KHANATE. https://www.merriam-webster.com/dictionary/khanate www.merriam-webster.com. (21 April 2023 geraadpleeg).

Merten, M. 2019. State capture wipes out third of SA's R4,9 trillion GDP – never mind lost trust, confidence, opportunity. *Daily Maverick*, 1 Maart 2021. https://www.dailymaverick.co.za/article/2019-03-01-state-capture-wipes-out-third-of-sas-r4-9-trillion-gdp-never-mind-lost-trust-confidence-opportunity (18 Maart 2021 geraadpleeg).

Migdal, JS. 1988. *Strong societies and weak states: State-society relations and state capabilities in the third world*. Princeton: Princeton University Press.

Mothibi, KA, C Roelofse & AH Maluleke. 2015. Organized crime in South Africa since transition to democracy. *Sociology and Anthropology*, 3(12):1-8.

Mustaffa, M. 2023. Russia: The Mafia as the state. https://lowyinstitute.org/the-interpreter/russia-Mafia-state (24 Mei 2024 geraadpleeg).

Mwareya, R. 2023. South Africa: Councillors' political murders at crisis level as 2024 looms. https://www.theafrica.com/327261/south-africa-councillors'-political-murders-at-crisis-level-as-2024-looms/ (7 Julie 2024 geraadpleeg).

Myburg, P-L. 2019. *Gangster state – Unravelling Ace Magashule's web of capture*. Cape Town: Penguin.

Naim, M. 2012. Mafia states. https://carnegieendowment.org/2012/04/25Mafia-states-pub-4795 (22 September 2023 geraadpleeg).

Odendaal, N. 2017. South Africa continues on the path of deindustrialization. *Engineering News*, 5 Oktober. https://www.engineeringnews.co.za/article/south-africa-continues-on-path-of-deindustrialisation-2017-10-05 (1 November 2023 geraadpleeg).

Patrick, SM. 2012. Illicit networks and the rise of "Mafia States". https://www.cfr.org/blog/illicit-networks-and-rise-Mafia-states (23 April 2024 geraadpleeg).

Pauw, J. 2017. *The President's keepers: Those keeping Zuma in power and out of prison*. Kaapstad: Tafelberg.

*Public Affairs Research Institute* (PARI). 2022. The Zondo Commission: a bite-sized summary. https://pari.org.za/zondo pp. 1-6 (2 Julie 2024 geraadpleeg).

Romano, S. 1947. *The legal order*. Abingdon: Routledge.

Rotberg, R. 2002. The new state of nation-state failure. *The Washington Quarterly*, 25(3):85-96.

Scott, N, & South, K. 2024. South Africa's Greylisting: Regulatory authorities make progress on the Financial Action Task Force recommendations. https://www.werkmans.com/legal-updates-and-opinions/south-africa's-greylisting-regulatory-authorities-make-progress-on-the-finacial-action-task-force-recommendations/ (17 Julie 2024 geraadpleeg).

Seriti. W. 2015. Report of the Commission of inquiry into Allegations of Fraud, Corruption, Impropriety or Irregularity in the Strategic Defence Procurement Package. (https://www.gov.za/documents/arms-procurement-commission-report-21-april-0000). South African Government. (27Junie2024 geraadpleeg).

Shaw, M & K. Thomas. 2016. The commercialization of assassination: "Hits" and contract killing in South Africa, 2000-2015. *African Affairs*, 116(465):597-620. https://doi.org/10.1093/afraf/adw050.

Singh, K. 2018. KZN Premier releases Moerane Commission report into political killings. https://www.news24.com/news24/kzn-premier-releases-moerane-report-into-political-killings/ (8 Julie 2024 geraadpleeg).

Stern, K. 1984. *Das Staatsrecht der Bundesrepublik Deutschland*. Munchen. ISBN 3-46-09372-.

Solomon, H. 2013. *Jihad: A South African perspective*. Bloemfontein: Sun Media.

South African National Terrorism Financing Risk Assessment. 2024. https://www.fic.gov.za/wp-content/uploads/2024/06/National-risk-assessment-terrorist-finacing-national-risk-assessment-2024.pdf (31 Julie 2024 geraadpleeg).

Strategy and tactics. 2012. Strategy and tactics of the ANC. https://www.anc1912.org.za/50th-national-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress (1 November 2023 geraadpleeg).

Strydom, H. 2020. *The rise of the neopatrimonial state in South Africa*. Johannesburg: Nomos.

Sullivan, D. 2021. Mafia States and Kleptocracies. https://gijn.org/resource/organized-crime-chapter-9-Mafia-states-and-kleptocracies/ (10 Junie 2024 geraadpleeg).

Suttner, R. 2013. Government and tripartite alliance 'no pitch' at Marikana memorial. https://raymondsuttner.com/2013/08/18/raymond-suttner-government-and-tripartite-alliance-no-pitch-at-marikana-memorial/ (Geraadpleeg 3 September 2024)

Sylvester, J & Seegers, A. 2008. South Africa's strategic arms package: a critical analysis. *African Journal of military studies*, 36(1): 52-77. https://scientiamilitaria.journals.ac.za/pub/article/view/45 (28 Junie 2024 geraadpleeg).

Thamm, M. 2021. Days of Zondo: Secret billions poured into State Security Agency to sustain and protect "Zuma regime", claims acting DG Loyiso Jafta. *Daily Maverick*, 26 Januarie. https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-01-26-secret-billions-poured-into-state-security-agency-to-sustain-and-protect-zuma-regime-claims-acting-dg-loyiso-jafta (1 November 2023 geraadpleeg).

Tilly, C. 1985. War Making and State Making as organized crime (In: Evans, P. *et.al.*. *Bringing the State Back*. Cambridge: Cambridge University Press, pp.169-186.

Versluis, J-M & J de Lange. 2019. How law enforcement in SA has all but collapsed. *News24*, 21 Oktober. https://www.news24.com/citypress/news/rising-crime-low-prosecution-rates-how-law-enforcement-in-sa-has-all-but-collapsed-20191021 (1 November 2023 geraadpleeg).

UNODC. 2024. United Nations Office on Drugs and Crime. http://www.unodc.org/drug (26 Junie 2024 geraadpleeg).

Vegter, I. 2023. South Africa's alarming rise among top Mafia States: A looming threat to stability. https://www.biznews.com/rational-perspective/2023/10/03/south-africa's-alarming-rise-among-top-Mafia-states-a-looming-threat-to-stability (7 Julie 2024 geraadpleeg).

Vhumbunu, CH. 2021. The July 2021 protests and socio-political unrest in South Africa. *Accord*, 10 Desember. https://www.accord.org.za/conflict-trends/the-july-2021-protests-and-socio-political-unrest-in-south-africa (1 November 2023 geraadpleeg).

Weber, M. 1964. *The theory of social and economic organization*. New York: Free Press.

Zartman, W (ed.). 1995. *Collapsed states: The disintegration and restoration of legitimate authority*. Boulder: Lynne Reiner Publishers.

*Zondo Commission*. 2022. Final Reports. https://www.statecapture.org.za/site/information/reports (27 Julie 2024 geraadpleeg).

# Redakteursnota

Sakkie Spangenberg antwoord in die onderstaande bydrae op reaksies op die diskoers oor geloof en wetenskap in die Junie 2024-nommer, wat almal, op hul beurt, in die besonder gereageer het op sy (Spangenberg) se artikel in die Desember 2023-nommer.

Sonder om te probeer om die argumente en teenargumente in die huidige diskoers oor wetenskap en geloof op te som, stel Spangenberg sy eie siening teenoor die standpunte van Dreyer en Van der Walt, asook Stoker, in terme van enersyds ’n lees van die tersaaklike gedeeltes in Genesis “binne hulle historiese en kulturele kontekste” en andersyds ’n aanvaarding van die Nederlandse Geloofsbelydenis (en wel sonder inagneming van die tydgebondenheid van laasgenoemde dokument). Spangenberg aanvaar dus nóg Stoker se verwysing na die gedateerdheid van die bronne/dokumente-hipotese, nóg Dreyer en Van der Walt se verweer teen sy aanvanklike kritiek, naamlik dat hulle weens meer resente navorsing die dokument-hipotese verwerp en hulle siening grond op Bybelse uitsprake.

Dit gaan vir Spangenberg daarom dat teologie tans ’n tekswetenskap is, aangesien “dit gaan oor die lees en verstaan van antieke tekste”, met ander woorde, dat die Bybel “saamgestel is uit tekste wat in ’n wêreld ontstaan het wat radikaal van ons s’n verskil”. Om hierdie rede hou ook Naudé se voorstel vir ’n metaforologiese lees van die Bybel ook nie steek nie, want “Om a-histories oor die Christelike God, die Bybel en die wetenskap te filosofeer, dra nie veel by tot die gesprek oor die Christelike godsdiens en die wetenskap nie”.

Dit is duidelik dat die geloof-wetenskap-diskoers steeds baie belangstelling uitlok en dat daar ongetwyfeld nog ruimte is vir indringende bespreking van teenoorstaande bevindings en oortuigings. Om hierdie rede nooi die redaksie lesers weereens uit om te reageer op die debat en die tersaaklike kontensieuse kwessies wat daardeur te berde gebring word. Reaksies kan wissel vanaf ’n (kort) meningstuk tot ’n volwaardige navorsingsartikel. Ons beklemtoon weereens dat debat en diskoers oor enige en alle belangwekkende vraagstukke vanuit verskillende uitgangspunte verwelkom word.

**Ina Wolfaardt-Gräbe**
**Redakteur: Tydskrif vir Geesteswetenskappe**
September, 2024


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a8

# Repliek op die artikel van Henk Stoker, die reaksie van Johan Dreyer en Kobus van der Walt en die mening van Charl-Pierre Naudé

**Izak (Sakkie) Spangenberg**
Professor emeritus en navorsingsgenoot
Departement Bybelse en Antieke Studies
UNISA
E-mail: spangijj@iafrica.com

Henk Stoker se kritiek in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 64(2) op my artikel in *TGW* 63(4) het my aan die Jesus-spreuk in Lukas 6:41 laat dink: "Waarom sien jy die splinter in jou broer se oog raak, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?" Hy wys 'n aantal sogenaamde redenasiefoute uit wat ek in my artikel sou gemaak het, maar is blind vir sy eie redenasiefoute – asook vir dié wat Johan Dreyer, Kobus van der Walt en Rudi Denton in *TGW* 63(2) gemaak het. Voorts beskuldig hy my daarvan dat ek "sensuur op artikels wil toepas, wanneer dié artikels op grond van natuurwetenskaplike navorsing aandui dat die bevindinge in ooreenstemming is met dit wat 'n groot deel van die wêreldbevolking glo" (Stoker, 2024:359).

In my reaksie op die drie artikels van Dreyer en Van der Walt (2023a, 2023b, 2023c), asook die artikel van Dreyer, Van der Walt en Denton (2023) het ek nie 'n woord oor sensuur gerep nie. Ek het wél uitgewys dat daar ernstige vrae oor *die gehalte van die navorsing* geopper kan word. In my brief aan die Sondagkoerant *Rapport* (4 Februarie 2024) het ek wel die mening uitgespreek dat die artikels gediskwalifiseer behoort te word, maar dit was nie 'n pleidooi om sensuur nie.

Dit is duidelik dat die skrywers interdissiplinêre navorsing wou doen – hulle argumenteer immers dat Genesis 1–3 harmonieer met die Evolusionêre Biologie soos dit sedert Charles Darwin (19de eeu) ontwikkel het. 'n Mens verwag dus dat die skrywers op hoogte sou wees van die navorsingsbevindinge op die terrein van die moderne Bybelwetenskap en die moderne Evolusionêre Biologie. Om akademici wat gebreke in artikels uitwys daarvan te beskuldig dat hulle sensuur wil toepas, misken die aard van akademiese diskoers. Dit sal 'n kwade dag wees as akademici in Suid-Afrika nie meer ander se navorsing onder die loep mag neem en kritiek daarop mag lewer nie.

Wat is dan die "balk" wat Stoker miskyk? Volgens my mening sy aanvaarding van die *Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB)* wat in die 16de eeu opgestel is, sonder om in ag te neem dat dié belydenis tydgebonde is en die wetenskaplike kennis van daardie tyd weerspieël. Dit is vir hom (en die drie ander outeurs) só 'n belangrike dokument dat hulle hul navorsing daarop baseer en derhalwe Moses as die outeur van Genesis beskou – soos wat die *NGB* (artikel 4) dit voorhou. Dreyer en Van der Walt se verweer teen my kritiek dat hulle die Pentateug-navorsing sedert die Reformasie ignoreer, is dat hulle bloot die Bybel napraat (2024:355). Ek huldig egter die mening dat hulle Moses as die outeur van Genesis beskou omdat die *NGB* hom so beskryf (*NGB*, artikel 4). Aangesien hulle die Bybel so getrou napraat, ontstaan die vraag waarom hulle dan nie die Bybel en die *NGB* navolg en na Adam as die eerste mens verwys nie (1 Kor. 15:45,


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a9

Luk. 3:38; *NGB*, artikel 14 &15). Waarom wil hulle die wêreld daarvan oortuig dat Adam (van wie ons in Genesis 2–3 lees) nié die eerste mens was nié, maar dat daar pre-Adamitiese mense ("proto-mense") was en dat Moses ons in Genesis 1 daarvan vertel? Dit dui op 'n teenstrydigheid in die argumentvoering.

Samehangend hiermee kan Stoker (*cum sui*) se oortuiging dat die openbaring in die natuur nie die openbaring in die Skrif (en *vice versa*) kan weerspreek nie, na die *NGB* (artikel 2) teruggevoer word. Stoker verwoord dit só: "Die doel van die skrywers van die vier artikels was juis 'n kritiese vergelyking van die twee wyses waarop hulle glo God Hom openbaar" (2024:362). Stoker verwys in 'n voetnota pertinent na die *NGB* (artikel 2). In die opsomming van sy artikel stel hy dit nog skerper wanneer hy beweer dat die navorsers met die artikels "op grond van natuurwetenskaplike navorsing aandui dat die bevindinge in ooreenstemming is met dit wat 'n groot deel van die wêreldbevolking glo" (Stoker, 2024:359). Nou beroep hy hom nie meer op wat in die Bybel staan nie, maar op wat Christene dwarsoor die wêreld glo, want volgens Stoker (*cum sui*) is die Bybel en die leerstellings van Christelike godsdiens dieselfde konsep. Hy sinspeel hier op die bevindings van die "Pew Research Center" wat uit opnames die gevolgtrekking maak dat die meerderheid mense hulself as Christene beskou – weliswaar nie as gereformeerde Christene nie, maar dis vir Stoker van minder belang. Omdat die navorsingsbevindinge van die skrywers in ooreenstemming is met dit wat Christene wêreldwyd glo, is die skrywers van die *TGW*-artikels se navorsingsbevindinge bo verdenking. Dit bly 'n vraag hoe hierdie stelling van Stoker ooreenstem met sy vroeëre opmerking waarin hy 'n argument van my met die volgende woorde weerlê: "Buitendien bepaal wat die meerderheid glo nie die waarheid van 'n argument nie" (2024:364). Wanneer hý hom op die groot aantal mense (Christene) beroep, is sy argument goed en bo verdenking, maar wanneer ék daarop wys dat die meeste Bybelwetenskaplikes Moses nie meer as die outeur van Genesis beskou nie, is dit volgens hom 'n misleidende argument ("appeal to people") (Stoker, 2024:364).

Voortvloeiend uit Stoker (*cum sui*) se aanvaarding van die *NGB* (as 'n rigtinggewende dokument vir goeie Reformatoriese navorsing) is sy onwilligheid om in te sien dat navorsing op die terrein van die Bybelwetenskappe sedert die 16de eeu met rasse skrede gevorder het, vanweë die opkoms van die Rasionalisme, die Historiese kritiek en argeologiese ontdekkings in die Nabye Ooste. Hy blyk onkundig te wees ten opsigte van die jongste navorsing oor die godsdiens van Israel en daarom beskuldig hy my van inlegkunde wanneer ek daarop wys dat Genesis duidelik meer as een god veronderstel. Omdat die *NGB* (artikel 9) Genesis 1:26–27 interpreteer as dat hier sprake van die Drie-eenheid is, volg Stoker dit klakkeloos na, want in die *NGB* staan daar: "Wanneer God sê: Laat *Ons* mense maak na ons beeld, blyk dit daaruit dat daar meer as een Persoon in die Godheid is." Hendrik Bosman wat hierdie kwessie in sy artikel oor die *NGB* bespreek, maak die volgende kritiese opmerking hieroor: "Te midde van uiteenlopende interpretasies is die moderne eksegese dit eens dat daar nie in Genesis 1:26 en 3:22 van 'n regstreekse of onomwonde bewys van die Drie-eenheid sprake is nie" (1987:58). Teen die einde van die betrokke artikel kom hy tot die volgende gevolgtrekking (Bosman, 1987:67):

> Die *NGB* maak op 'n voorkritiese manier van die Ou Testament gebruik. Daar bestaan geen erkenning in die *NGB* vir die feit dat Skrifaanhaling of Skrifverwysing noodwendig op Skrifinterpretasie berus nie en dat dit derhalwe nie bloot as 'n herhaling van die Skrif beskou kan word nie. Hoewel die letterlike betekenis van die Ou Testament voorkeur geniet, funksioneer die Ou Testament dikwels as 'n spieël waarin sestiende-eeuse gereformeerde dogmatiek weerkaats word.

Die Israelitiese godsdiens was van die begin af politeïsties en vertoon duidelik ooreenkomste met die Kanaänitiese godsdiens (vgl. Ps. 29 en 82). “In earlier times Israelites and Judahites were polytheists like any other Canaanites and worshipped Yhwh as a god of weather and of fertility” (Stavrakopoulou & Barton, 2010:3). Hierdie godsdiens (Jahwisme) het eers later (tydens en ná die ballingskap) via henoteïsme en monolatrie tot ’n monoteïsme (Judaïsme) ontwikkel. Ná die argeologiese ontdekkings in 1947 by Ugarit aan die kus van Sirië, die ontdekking van die inskripsie by *Khirbet el-Qom* naby Hebron in 1967, asook die *Kuntillet ‘Ajrud*-inskripsie in die Negev in 1975/6, is dit duidelik dat die beeld wat die Ou Testamentiese boeke aan lesers voorhou rakende Israel se godsdiens, nie meer op sigwaarde aanvaar kan word nie. “The decipherment of the inscriptions and their subsequent discussion sparked new interest in the history of Israelite religion which was, in the wake of this discussion, increasingly judged to be Canaanite too” (Niehr, 2010:24).

Omdat hedendaagse Ou Testamentici tekste soos Genesis 1 en Genesis 2–3 binne hul historiese en kulturele kontekste lees en interpreteer, kom hulle tot ander gevolgtrekkings as die opstellers van die *NGB*, hedendaagse dogmatici en Christen-apologete oor wat die woorde “Laat Ons mense maak …” (Gen. 1:26) beteken. Die opstellers van die *NGB* het nie oor die huidige kennis beskik nie en hulle maak van *voorkritiese Skrifuitleg* gebruik. Voorts deel hulle die oortuiging dat Skrifaanhaling en -verwysing bloot herhalings van die gedagtes in die Bybel is. Dit is egter ’n oorvereenvoudigde siening. Ons het in die *NGB* reeds met interpretasies van tekste te doen. Die skrywers van die Bybel het in die eerste millennium v.C. geleef, die opstellers van die *NGB* het in die 16de eeu n.C. geleef, terwyl ons in die 21ste eeu leef. Hierdie historiese tydsverloop word glad nie deur Stoker (*cum sui*) verreken nie. Dit is dan waar Charl-Pierre Naudé se mening oor die debat “wetenskap en God” (2024:344-353) skipbreuk ly.

Om a-histories oor die Christelike God, die Bybel en die wetenskap te filosofeer, dra nie veel by tot die gesprek oor die Christelike godsdiens en die wetenskap nie. Die Christelike godsdiens bestaan nie van alle ewigheid af nie, maar het uit die vroeë Judaïsme van die Tweede Tempeltydperk (515 v.C.–70 n.C.) ontwikkel. Voorts het die ou Israeliete nie ’n Drie-eenheid geken nie. Die idee van ’n Drie-eenheid is ’n Grieks-filosofiese konstruk uit die vierde eeu n.C. deur middel waarvan die biskoppe aan Jesus goddelike status toegeken het. Nie alle Christene wat gedurende die eerste drie eeue n.C. geleef het, het só oor Jesus gedink en geskryf nie. “Pluriformiteit en diversiteit hebben het christendom vanaf het allereerste begin gekenmerkt,” skryf Luttikhuizen (2005:21).

Teologie is tans ’n tekswetenskap, want dit gaan oor die lees en verstaan van antieke tekste. Die wetenskaplike bestudering van die Bybel oor die afgelope vierhonderd jaar het navorsers se oë geopen vir die feit dat die Bybel saamgestel is uit tekste wat in ’n wêreld ontstaan het wat radikaal van ons s’n verskil. Volgens daardie skrywers het hulle in ’n drie-verdieping-heelal geleef waar die gode op die boonste verdieping, mense op die middel-verdieping en allerlei chaosmonsters in die waters onder die aarde (kelderverdieping) woon. Die *NGB* reflekteer nog hierdie verstaan van die kosmos.

Naudé doen ’n beroep dat ons nooit moet ophou “om God se bestaan te veronderstel nie” en vervolg dan met die woorde: “Deur so ’n veronderstelling hou ons juis die deure en vensters oop op die omringende onwetenheid waarna ek vir die doel van hierdie artikel met die woord *donkerte* verwys het” (Naudé, 2024:346). Anders as hy verkies ek om te sê: “Laat ons nie ophou om verhale te vertel nie, want sonder verhale is die lewe saai en dikwels onverstaanbaar”. Die wetenskaplike verhale wat in ons dag vertel word, is meevoerend en lewensverrykend – al tree ’n godkarakter nie daarin op nie. Hierdie verhale hoef nie met die Bybel of enige ander godsdienstige geskrif te harmonieer om betekenis of gesag te dra nie. In hulself het hierdie

verhale betekenis en gesag en verryk dit ons lewens omdat dit ons help om onsself en die wêreld om ons te verstaan.

Die bostaande skrywers kan die woorde van Lester Grabbe ('n Britse Ou Testamentikus) ter harte neem: "[W]e do violence to the Bible if we attempt to make it speak in pseudoscientific ways about modern science and technology. The Bible is not a scientific treatise and cannot offer that sort of information about the world" (2018:159).

## BIBLIOGRAFIE


Bosman, HL. 1987. Die gebruik van die Ou Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis. In Bosman, HL, Hofmeyr, JW, Scheffler, EH, Van Eeden, IJ & Van Niekerk, E. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis – Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika, pp. 53-69.

Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023a. Die ontstaan van lewe: "In die begin was die Woord daar." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):211-228.

Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023b. Die oorsprong van die mens: "Laat Ons mense maak." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):229-245.

Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023c. Boosheid van die mens: "Tot stof sal jy terugkeer." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):246-261.

Dreyer, J & Van der Walt, K, 2024. Kommentaar op Spangenberg, I. 2023. Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 64(2):354-356.

Dreyer, J, Van der Walt, K & Denton, R. 2023. Die oorsprong van alles: "Dit was aand en dit was oggend." *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(2):192-210.

Grabbe, LL. 2018. *Faith and Fossils: The Bible, Creation and Evolution*. Grand Rapids: Wiliam B. Eerdmans.

Luttikhuizen, GP. 2005. *De veelvormigheid en het vroegste christendom*. Budel: Damon.

Niehr, H. 2010. 'Israelite' Religion and 'Canaanite' Religion. In Stavrakopoulou, F & Barton, J. (ed.). *Religious Diversity in Ancient Israel and Judah*. London: T & T Clark, pp. 23-36.

Spangenberg, IJJ. 2023. Die Bybel, die Christelike geloof en die natuurwetenskappe. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):947-970.

Spangenberg, IJJ. 2024. Navorsers verswyg hoe naïef hulle in die Bybel glo. *Rapport Weekliks*, (4 Feb):12.

Stavrakopoulou, F & Barton, J. 2010. Introduction: Religious Diversity in Ancient Israel and Judah. In Stavrakopoulou, F & Barton, J (ed.). *Religious Diversity in Ancient Israel and Judah.* London: T & T Clark, pp. 1-8.

Stoker, H. 2024. (On)bevooroordeelde benaderings tot die bevindings van wetenskaplike ondersoek: 'n Reaksie op die geloof-wetenskap-diskoers. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 64(2):357-374.



doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a9

# Oor werkwoorde en taalgesag

Een van die hardnekkigste mites oor Afrikaanse sinsbou is "werkwoorde aan die einde van die sin". Dit is natuurlik so dat werkwoorde in Afrikaans in sekere sinskonstruksies verderaan in die sin staan as in Engels, byvoorbeeld ná die onderskikkende voegwoord *dat*:

They know **that** the elections **took place** last week.

Hulle weet **dat** die verkiesing verlede week **plaasgevind het**.

en nie –

Hulle weet **dat** die verkiesing ***het plaasgevind** verlede week.

Dit is waarskynlik hierdie idiomatiese plasing van werkwoorde in Afrikaanse sinne wat tot bogenoemde vuisreël van "werkwoord aan die einde van 'n sin" gelei het. Dié vuisreël is wel korrek en nuttig – maar ook nie. Dit is wel geldig in die meeste eenvoudige sinne soos bostaande, maar ons skryf tog nie altyd sulke kort, eenvoudige sinnetjies nie.

Terloops, die eerste sin van die paragrafie hier bo kon ewe goed gelui het: "Dit is waarskynlik hierdie idiomatiese plasing van werkwoorde in Afrikaanse sinne **wat gelei het** tot die vuisreël 'werkwoord aan die einde van 'n sin'", maar as die sinsdeel wat met *wat* (of een van sy maats soos *waarvan*, *wie se*, *waarop* of *waarvoor*) begin, relatief kort en eenvoudig is, verkies ek tog die werkwoord aan die einde.

Reeds in 1950 het een van ons vroeë Afrikaanse taalghoeroes, TH le Roux, in 'n artikel wat later in sy boek *Afrikaanse Taalstudies*[1] opgeneem is, geskryf:

> Dit word die laaste tyd by baie [Afrikaanssprekendes] gewoonte om, op papier, by bysin en nagestelde hoofsin die werkwoord ook daar op die end van die sin te plaas waar die natuurlike taal dit ten strengste verbied. Neem 'n sin soos die volgende: 'Groot moeilikheid is egter ondervind om genoeg beroepspelers, **wat** die hele dag vir repetisies beskikbaar sou wees, **te vind**.' Die natuurlike volgorde sou hier wees: 'Groot moeilikheid is egter ondervind om genoeg beroepspelers **te vind wat** die hele dag vir repetisies beskikbaar sou wees.' [my beklemtonings – JDM]

Hy voeg by dat sulke sinne nie net verwronge word nie, maar "meermale (ook) duister".

En hoe meer kompleks 'n sin word, hoe noodsaakliker word dit om die werkwoorde te plaas waar dit nie net idiomaties korrek is nie, maar vir die leser ook sinvol en verhelderend. Ek het by geleentheid die eerste drie sinne[2] hier onder aangeteken, en later ook D; dit behoort hierdie punt deeglik te illustreer. A, B, C en D is die sinne soos hulle in die betrokke publikasies verskyn het en waarin die vuisreël van "werkwoord aan die einde van die sin" streng toegepas is; die gevolg is dat daar amper van die leser verwag word om 'n soort legkaart te bou. In E,

1 Le Roux, TH. 1965. XIV Die werkwoord verkeerdelik altyd op die end van die sin. In *Afrikaanse Taalstudies*. Pretoria: JL van Schaik, pp. 263–270.

2 Ook opgeneem in McLachlan. 2013. Werkwoorde aan die einde van 'n sin. In *HAT Taal- en feitegids*. Kaapstad: Pearson South Africa, p. 128.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a10

F, G en H word voorgestel hoe die sinne verbeter kan word deur werkwoorde te verskuif (die vetdruk het ek hier telkens duidelikheidshalwe bygevoeg).

A. ’n Aanklaer kan ’n saak waarby ’n kind wat na bewering ’n misdryf in Bylae 1 **genoem**, **gepleeg het**, **betrokke is**, **afwend**.
B. Hierdie simbool dui aan dat ’n bondige stelling wat die hoofpunte wat in hierdie hoofstuk **bespreek is**, **saamvat**, **verstrek word**.
C. Die hof **moet versigtig wees** as hy ’n aansoek om ’n getuie namens ’n beskuldigde wat nie **verteenwoordig word** nie, **te roep**, **weier**.
D. Wanneer eiendom wat binne die gesamentlike boedel van gades wat binne gemeenskap van goed **getroud is**, **val**, **verkoop word**, **word** daardie beskikking geag in gelyke dele deur die gades gedoen te wees.

Met sulke sinne moet die leser omtrent kophou om die kloutjie by die oor te kry. Dit is baie natuurliker en baie verstaanbaarder om hulle soos volg aan te pas:

E. ’n Aanklaer kan ’n saak **afwend** waarby ’n kind **betrokke is** wat na bewering ’n misdryf **genoem** in Bylae 1, **gepleeg het**. *OF* ’n Aanklaer kan ’n saak **afwend** waarby ’n kind **betrokke is** wat na bewering ’n misdryf **gepleeg het** wat in Bylae 1 **genoem word**.
F. Hierdie simbool dui aan dat ’n bondige stelling **verstrek word** wat die hoofpunte **saamvat** wat in hierdie hoofstuk **bespreek is**.
G. Die hof moet **versigtig wees** as hy ’n aansoek **weier** om ’n getuie **te roep** namens ’n beskuldigde wat nie **verteenwoordig word** nie.
H. Wanneer eiendom **verkoop word** wat binne die gesamentlike boedel **val** van gades wat binne gemeenskap van goed **getroud is**, **word** daardie beskikking geag in gelyke dele deur die gades gedoen te wees.

Le Roux vertel dat hy ’n slag ’n manuskrip persklaar moes maak en dat die uitgewer by hom aangedring het om tog die werkwoorde aan sinseinde te plaas. Le Roux was natuurlik nie daarmee gediend nie. Toe hy vra op grond waarvan die uitgewer daardie vereiste stel, het dié hom geantwoord dat “die onderwysers” so besluit het. Le Roux se beswaar teen die dogmatiese benadering van die uitgewer was dat dit op ’n besluit berus het, en nie op waarneming van “die lewende, beskaafde taal” en dus van wat “deur die taaleie vereis word” nie. “Dit is,” sê hy, “dogmatiese, baserige taal in sy suiwerste: dit is doktrinêrisme *in optima forma*.”[3]

Uit bostaande leer Le Roux ons drie “lesse” wat vandag nog geld – selfs meer, as mens dink aan hoe Afrikaans uit vele oorde onder druk kom:

(1) Plaas die werkwoord in veral komplekse sinne waar hulle betekenisgewys sinvol maar steeds idiomaties korrek is.
(2) Taalkundiges dink nie taalreëls uit soos wat ’n owerheid wette, reëls of voorskrifte opstel nie. Die taalreëls is wetmatighede en reëlmatighede wat op “die lewende, beskaafde taal” berus.
(3) Die lewende taal, sê Le Roux, is “ons hoogste wetboek” wat nie verkrag moet word nie.

Afgesien daarvan dat die opeenstapeling van werkwoorde soos hier bo geïllustreer, die leser kan pootjie omdat hy of sy eers legkaart moet bou, bring dit ook die gevaar mee dat ’n skrywer per ongeluk ’n werkwoord met die uitskuiwery kan laat wegval, en dan kan die leser kwalik die legkaart voltooi. So ’n geval het ek onlangs uit ’n koerant aangeteken:

---

3 Le Roux, *op. cit*. p. 268.

> "Amerika se federale hooggeregshof het gister geskiedenis gemaak deur te beslis dat oudpresidente immuniteit teen vervolging vir sekere handelinge wat binne die verpligtinge van die amp geneem word."

Hierdie sin vertoon minstens twee probleme: (i) 'n verlore werkwoord en (ii) 'n ongewone werkwoord. Die verlore werkwoord is dalk "geniet", en die ongewone werkwoord is "[handelinge] ... geneem word". As ek daardie sin moes redigeer, sou dit waarskynlik minstens so gelyk het:

> "Amerika se federale hooggeregshof het gister geskiedenis gemaak deur te beslis dat oudpresidente immuniteit **geniet** teen vervolging vir sekere handelinge wat binne die verpligtinge van die amp **verrig** word."

*Tersyde*: In 1925 is Afrikaans by wet vir amptelike doeleindes in Suid-Afrika by "Hollands" inbegryp, en so het Afrikaans formeel 'n amptelike taal van ons land geword. Dit is terselfdertyd ook terugwerkend tot 31 Mei 1910 van krag gemaak. Volgende jaar word daardie belangrike gebeurtenis herdenk, want die erkenning van Afrikaans as 'n amptelike taal het gewis tot die ontwikkeling van Afrikaans bygedra. Maar wat help dit om 'n mylpaal soos dié te gedenk as huidige Afrikaanssprekendes nie hul ereplig nakom nie om wal te gooi daarteen dat Afrikaans toenemend net vertaalde Engels word, vol allerlei barbarismes is en krioel van Engelse woorde soos *chocolate*, *game*, *amazing*, *blessing*, *beautiful*, *memories*, *meeting*, *challenge*, *share* en 'n menigte ander doodgewone woorde wat doodgewone Afrikaanse ekwivalente het?

Sou Le Roux nog steeds sulke Afrikaans as "beskaafde taal" en "ons hoogste wetboek" wou of kon handhaaf?

**JD (Tom) McLachlan**
E-pos: tommcl@whalemail.co.za


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a10

# Verwildering

## 1. Seeslakke

Ek sien verwilderd:
’n oormoedhorde dopgediertes,
verorberend van uitgespoelde vissies.
Waarvandaan sou hulle so onverhoeds uit die vrugwaters van die aardse lewe voortkom?
Die skepping nou onveranderlik besmet?
God het alleen sy seën oor die oersee, woes en leeg, bedien,
maar alles nou verskrik.
Die dag kwyn oor die seewonings,
die son versink in die onrein skuim,
net die sekelmaan teen die nag,
wanneer die laaste glans van skeppingshoop verdwyn het,
met die mens se dwase doodsdaad.

## 2. Verwording

My oë soek deur wolke en golwe
wat dein en spoel
na die laaste kleurespel van lig.
Hemel en see
breek nou skuimend oor my.
Wee ons! hoor ek die geroep
van ons wat in die troebel skuim oorgegee word.

## 3. Woorde

Sou ons self in die see in swem,
sonder hoop.
Die lewe ontglip ons.
Alles prysgegee,
soos woorde van ’n verstote digter.
Soekend na ligter
denke
snakkende na die woorde,
en verlangend na ewige rus
terwyl die onrus in die gierende golwe leef.
Nee.
Iewers raap sterre soos engele ons op
hoop dat lig
deurbreek in die Môrester,
wonderbaar oor die stormsee,
en die suiwer Woord teruggee.


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a11

### 4. Verdrinking

’n Stem klink uit die verte op –
iemand in die dawerende see
kreet uit.
Op die strand,
’n redder, waagmoedig om die drenkeling te red,
maar die nagsee laat
gruwelik die doderyk opwel
tot Een die lewe gee tot heil van al ons drenkelinge.

### 5. Nag

Sterre, flikkerveegsels,
soos met ’n sagte hande oor ’n kind:
Die nag het ingeskuif oor die aand.
Die son is vroeër soos ’n kers gedoof.
Ek tas afgemat na iemand om my hand te vat,
alleen,
soos nog ’n vergetene in my land.
Die sterre word
verduister;
maar die Lig bly skyn die nag in.

**Pieter Verster**


doi.10.17159/2224-7912/2024/v64n3a11

# "Oorloë en gerugte van oorloë": Vraagstukke oor oorlog en vrede in die een-en-twintigste eeu

Een van die vernaamste lesse voortspruitend uit die oorlog in Oekraïne, één wat vir etlike dekades in Europa oënskynlik verbloem was, is die uiters tersaaklike waarneming, toegeskryf aan Trotsky, dat "ons mag dalk nie in oorlog belangstel nie, maar oorlog stel in ons belang". Vrese oor die moontlikheid van 'n (derde) wêreldoorlog kring uit, met verskeie streekskonflikte wat as kruitvat hiervoor kan dien. 'n Verbreding en verdieping in die oorlog tussen Rusland en Oekraïne, 'n waarskynlike Chinese inval van Taiwan en die moontlikheid van direkte Amerikaanse ingryping ter ondersteuning van laasgenoemde, en 'n ontluikende streekskonflik in die Midde-Ooste teen die agtergrond van die oorlog tussen Israel en Hamas – dié en dergelike konflikte skets die konteks van die hernieude skrikbeeld van 'n wêreldoorlog, één waarin die vernaamste strydende partye met kernwapens tot die stryd kan of sal toetree. Eweneens word daar gevrees dat konflikte binne verskeie lande (hetsy in Afrika of elders) kan verdiep en oor landsgrense uitbrei. Terreur, met inbegrip van die skrikbeeld van kernterreur en radiologiese terreur, woed voort, met verskeie nuwe dimensies en nuwe domeine (o.a., kuber), hoewel die gebruik van beproefde metodes steeds gedy. Die (oënskynlike) terugkeer na 'n wêreld van internasionale oorlog, intra-staatlike konflik, en nuwe en ou vorme van terreur speel af teen die agtergrond van ingrypende tegnologiese veranderinge met die militêre aanwending van kunsmatige intelligensie as die voorbeeld by uitstek. Diepgaande tegnologiese veranderinge ontsluit die moontlikheid van nuwe vorme van oorlogvoering en, volgens sommige kenners, verhoog die waarskynlikheid van (kern)oorlog met rasse skrede. Ongelukkig, soos die vermaarde krygshistorikus Victor Davis Hanson vermeld, gaan diepgaande tegnologiese verandering nie met 'n diepgaande verandering in die menslike aard gepaard nie, 'n gevolgtrekking wat as wekroep moet dien vir 'n herbesinning van die oorsake van, enersyds, die algemene probleem van oorlog in die geskiedenis en toekoms van die internasionale politiek en, andersyds, die spesifieke oorsake van spesifieke oorloë.

Bykomend tot die aspekte wat hier bo belig is, het hierdie beoogde temanommer van *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* ten doel om die volgende te ondersoek:

- Kontinuïteit en verandering in die voorkoms en/of uitvoering van oorlog (breedweg beskou);
- Die terugkeer van militêre kompetisie tussen die grootmoondhede en die moontlikheid van 'n toename in die voorkoms van oorlog, met inbegrip van die vraag na die waarskynlikheid van 'n derde wêreldoorlog;
- Streekskonflikte as moontlike kruitvat vir 'n derde wêreldoorlog en/of die voorkoms van en redes vir proksie-oorloë;
- Nuwe vorme, domeine, masjinerie, metodes, taktiek en strategie van oorlogvoering (met inbegrip van terreur), sowel as oorlogvoering in die sogenaamde "grys sone" ("gray zone");
- Hoe sien die toekoms van die oorlog in Oekraïne en dié tussen Israel en Hamas daar uit?;

- Die oorsake van oorlog (in die algemeen *en* in die besonder) en moontlike oplossings (bv., die demokratiese/liberale vredesteorie) vir die weerbarstige probleem van oorlog; en,
- Die skrikbeeld van kernoorlog, kernterreur en radiologiese terreur.

Belangstellendes moet voor of op **30 Oktober 2024** hul belangstelling in die temanommer aandui deur óf Dr. Eben Coetzee (Coetzeee2@ufs.ac.za), Prof. Theo Neethling (NeethlingTG@ufs.ac.za) óf Prof. Ina Wolfaardt-Gräbe (publikasies@akademie.co.za) te verwittig. Die sperdatum vir die inhandiging van artikels is **30 April 2025**. Artikels moet in Afrikaans aangebied word. Navrae kan aan Dr. Eben Coetzee (Coetzeee2@ufs.ac.za; Tel: (051) 401 2688) gerig word.

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin ’n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien ’n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelegde manuskripte:

- Stuur **’n elektroniese kopie** aan publikasies@akademie.co.za. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met ’n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur ’n **erkende taalversorger** geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000** en **10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van ’n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en ’n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van ’n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus ’n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. ’n Opsomming in ’n ander taal as Afrikaans moet ’n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet ’n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

**Opskrifte** in die *Tydskrif* lyk soos volg:

**1.** **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is ’n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.

*1.1* *Opskrifte* is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

*1.1.1* *Subopskrifte* is kursief; daar is ’n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genommer word indien ’n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

***Figuur 3:*** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien ’n opskrif of onderskrif ’n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná ’n dubbelpunt en begin dit met ’n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord *’n*.

**Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.**

**Aanhalings en verwysings**

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in ’n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

*Voorbeelde:*

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in ’n boek:** Verhoef, G. 2012. ’n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans***:**

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Bronverwysings in die teks:*

Volgens Swan (1996:45) …

OF: … … (Swan, 1996:45) …

OF: … … (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

**Bladgeld**

Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen om bladgeld. Die *Tydskrif* is nasionaal geakkrediteer en opgeneem in internasionale indekse. Navorsingsartikels gepubliseer in die *Tydskrif* kwalifiseer dus vir staatsubsidies.

**Outeursreg**

Outeur(s) behou outeursreg in ’n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

# Guidelines for authors

The *Journal of Humanities*/*Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive two complimentary copies of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Contributions are to be submitted electronically by email to publikasies@akademie.co.za. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations** or **graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

**Headings** in the *Journal* are styled as follows:

**1.** **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1* *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.

*1.1.1* *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

**Table headings** are styled as follows**:**

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

***Figure 3:*** *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

**All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.**

**Quotations and references**

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

*Examples:*

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective.* London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
  Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). http://www.edu.learning.html [14 October 2004].

*In Afrikaans:*

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, http://www.akademie.co.za [14 Oktober 2004].

*Citations in the text:*

According to Swan (1996:45) …
OR: … ... (Swan, 1996:45) ...
OR: … … (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

**Page fees:**

A fee of R300 per printed page (+VAT) is charged to help cover printing costs. It is the responsibility of the author to apply for payment of these fees by his/her university/research institution. The *Journal* has been accredited nationally and is included in international indices. Research articles/papers published in the *Journal* therefore qualify for government subsidies.

**Copyright:**

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).

Tydskrif vir
# Geesteswetenskappe
Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sfere te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

This title is now indexed in Scopus
refine your research
SCOPUS

*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

**VOORBLADFOTO:**
Engelenburghuis: Gister en vandag